

Agenda

van die 74^{ste} Algemene Kerkvergadering
6-10 Oktober 2025

NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA



GEBRUIKERSGIDS

- * Klik op enige punt in die inhoudsopgawe, bylaes, lysste van beskrywingspunte, grafieke en tabelle om na daardie deel van die agenda te spring.
- * Onderaan elke bladsy van die bylae sal u 'n pyltjie vind om mee terug te keer na die spesifieke punt in die agenda toe.
- * Die afkortings se korrekte betekenis kan gesien word deur u rekenaarmuis oor die woord te skuif (moenie daarop klik nie).

INHOUDSOPGAWE

GEBRUIKERSGIDS	i
INHOUDSOPGAWE	i
BYLAES	v
TABELLE	ix
SIMBOLIEK VAN GRAFIKA	xiii

DEEL 1: AMPTELIKE OPENING

REGISTRASIE	2
1. AMPTELIKE OPENING: MAANDAG 6 OKTOBER 2025 OM 14:00	2
1.1 OPENINGSREDE	2
1.2 VERWELKOMING	2
1.3 BEDANKINGS.....	2

DEEL 2: KONSTITUERING

2. BESPREKING VAN DIE TEOLOGIESE INHOUD VAN DIE OPENINGSREDE (ORDINANSIE 4.4.4 (v))	4
3. SAMESTELLING EN KONSTITUERING	4
3.1 GELOOFSBRIEWE.....	4
3.2 VERKIESING VAN 'N VOORSITTER EN SKRIBA	4
3.3 VERKIESING VAN PREDIKANTSLEDE VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV ...	5
3.3.1 VERKIESING VAN DIE KERKRAADSLEDE VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV.....	5
3.4 GOEDKEURING VAN DIE REGLEMENT VAN ORDE	5
3.4.1 OPROEP	5
3.4.2 AGENDA.....	5
3.4.3 KOMMISSIES WAT TYDENS DIE VERGADERING FUNKSIONEER	6
3.4.3.1 Kommissie vir geloofsbriewe: Dr WC van Wyk en ds JF van der Merwe	6
3.4.3.2 Ordekommissie	6
3.4.3.3 Formuleringskommissie	7
3.4.4 STEMPROSEDURE.....	7
3.4.5 PROJEKSIESPAN	8
3.4.6 NOTULEHOUE EN NOTULE	8
3.4.7 BESPREKINGS EN SPREEKBEURTE	8
3.4.7.1 Spreekbeurte.....	8
3.4.7.2 Orde rondom besprekings	9

3.4.7.3	Ter inligting	9
3.4.8	MOSIES	10
3.4.9	BEHANDELING VAN VERSLAE	10
3.4.10	AANTEKEN VAN TEENSTEM	10
3.4.11	KLEREDRAG	10
3.4.12	AGENDA VOLG AAN DIE HAND VAN DIE KERKORDE VAN DIE NHKA	10
3.5	SITTINGSURE	11
3.6	GROETEBOODSKAPPE	11
3.6.1	GEKA	11
3.6.2	ELCSA (CAPE CHURCH)	13
3.7	MOSIES (tot op datum waarop die agenda uitgestuur is)	14
3.7.1	PERSONALIA	15
3.8	TERMYNVERSLAG VAN DIE UITTREDENDE KOMMISSIE VAN DIE AKV	23
3.8.1	DANKWOORD	23
3.8.2	HOE KAN ONS HELP?	24
3.8.3	MODERAMEN	24
3.8.4	FINANSIES	25
3.8.5	KERKWEES	26
3.8.5.1	69ste AKV (2010)	26
3.8.5.2	70ste AKV (2013)	26
3.8.5.3	71ste AKV (2016)	27
3.8.5.4	72ste AKV (2019)	27
3.8.5.5	73ste AKV (2022)	27
3.8.6	TEOLOGIESE OPLEIDING	27
3.8.7	HERDENKING VAN HISTORIESE GEBEURE	28
3.8.8	BELYDENIS	28
3.8.8.1	Interne konflik	29
3.8.8.2	Staat van Belydenis	29
3.8.8.3	Eksterne konflik	29
3.8.8.4	Teologiese diversiteit	29
3.8.8.5	Postmodernisme	29
3.8.8.6	Wetenskap	29
3.8.9	SLOT	30

DEEL 3: BEHANDELING VAN VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE

1. BELYDENIS EN KERK

1.1	VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET BELYDENIS EN KERK VERBAND HOU	32
-----	--	----

2. KERK, RINGE EN GEMEENTES

2.1	VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERK, RINGE EN GEMEENTES VERBAND HOU	42
2.1.1	BESKRYWINGSPUNTE INSAKE ALTERNATIEWE BEDIENING	43
2.1.2	SGB	48

3. BESONDERE AMPTE EN AMPSDRAERS

3.1	VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET BESONDERE AMPTE EN AMPSDRAERS VERBAND HOU	48
3.1.1	KURATORIUM VIR TEOLOGIESE OPLEIDING	55
3.2	PREDIKANTE	58
3.1.1.1	Verkieping van lede van die Kuratorium	62

3.2	DOSENTEVERGADERING.....	63
3.3	HTK.....	63
3.4	SRT.....	63
3.4.1	INVENTARIS VAN TEOLOGIESE STUDIESTUKKE.....	63
4.	VERGADERINGS VAN DIE AMPTE	
4.1	VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET VERGADERINGS VAN DIE AMPTE VERBAND HOU.....	63
4.1.1	KOMMISSIE VAN DIE ADV	65
4.1.2	GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT: TOEKOMSTIGE FUNKSIONERING VAN DIE DIAKONAAT IN KERKLIKE VERBAND	66
5.	DIE EREDIENS	
5.1	VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIE EREDIENS VERBAND HOU.....	72
6.	GEESTELIKE VORMING EN KERKLIKE ONDERRIG	
6.1	VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET GEESTELIKE VORMING EN KERKLIKE ONDERRIG VERBAND HOU.....	74
7.	MISSIONALE BEDIENING	
7.1	VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET MISSIONALE BEDIENING VERBAND HOU.....	75
7.1.1	KERKLIKE KOMMUNIKASIE	76
7.1.2	BSA.....	76
7.1.3	DOSENTEVERGADERING: GENADEDOD	76
8.	KERKLIKE DISSIPLINE	
8.1	VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERKLIKE DISSIPLINE VERBAND HOU.....	77
8.2	TUGKOMITEE	78
8.2.1	VERSLAG	78
8.2.2	VERKIESING VAN DIE TUGKOMITEE.....	79
9.	KERKLIKE GOEDERE	
9.1	VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERKLIKE GOEDERE VERBAND HOU.....	80
9.2	RAAD VAN FINANSIES	81
9.2.1	INLEIDEND	81
9.2.2	RAAD VAN FINANSIES	81
9.2.2.1	Beskrywingspunt: Verkiesing van sekundi vir die Raad van Finansies	81
9.2.2.2	Samestelling	83
9.2.2.3	Komitees van die Raad van Finansies	84
(i)	ORK	84
(ii)	NHKA se nakoming: Verslag aan die 74ste AKV – Dr FJ Labuschagne	85
(a)	NHKA nakoming en algehele korporatiewe beheer	86
(iii)	Beleggingskomitee	87
9.2.3	SLOTOPMERKINGS.....	88

9.3	BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE RAAD VAN FINANSIES	88
9.3.1	ALTERNATIEWE BASIS TEN OPSIGTE VAN SINODALE OFFERGAWES	88
9.3.2	INTENSIONELE BEGELEIDING VAN GEMEENTES WAT FINANSIEEL KWESBAAR IS	91
9.3.3	EMERITI – HULP MET MEDIESE UITGAWES	93
9.3.4	KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 4.6.1 (iv)	94
9.3.5	KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 4.6.4.1 (i)(f)(g)	95
9.3.6	KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 9.2.2.1 (i)(c)	96
9.3.7	KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 9.2.2.3 (v)	96
9.3.8	AANWENDING VAN BOGEMIDDELDE RENTES IN DIE KERKGELD VIR KERKWERKSTELSEL	97
9.3.9	ONDERSOEK NA VERSORGINGSVOORDEEL	99
9.4	FINANSIËLE STATE: 28 FEBRUARIE 2025	100
9.4.1	STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT)	100
9.4.2	STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (INKOMSTESTAAT)	101
9.5	BEGROTING 2026/2027	102
9.5.1	INLEIDING	102
9.5.2	AANBIEDING VAN DIE BEGROTING	103
9.5.2.1	Viering	104
9.5.2.2	Gemeenskap	104
9.5.2.3	Diens	105
9.5.2.4	Getuienis	105
9.5.3	KURATORIUM	105
9.5.3.1	Teologiese Opleiding: Fakulteit Teologie en Religie, UP	105
9.5.3.2	HTK	106
(i)	Studenteadministrasie	107
(ii)	HTK	107
(iii)	SRT	107
9.5.4	ONDERSTEUNING: MRCC	108
9.5.5	STRATEGIESE GROEIBEDIENING	108
9.5.6	ADV	108
9.5.7	AFDELING KERKLIKE KOMMUNIKASIE	109
9.5.8	KOMMISSIE VAN DIE AKV	110
9.5.9	KOSTE VAN SENTRALISERING	110
9.5.9.1	Administrasie	111
(i)	Bankkoste	111
(ii)	IT: Toerusting en lisensies	112
(iii)	Konsultasiekoste, kursus- en ledegelde	112
(iv)	Motorkoste	112
(v)	Ouditeursvergoeding	112
(vi)	Personeelkoste	112
(vii)	Telefoon en posgeld	113
(viii)	Verhaling van administrasiekoste	113
9.5.10	EIENDOM EN GEBOUE	113
9.5.11	OPSOMMENDE BEGROTING	114
9.6	AFTREEBEPLANNING	115
9.7	SINODALE EIENDOMME	116
9.7.1	NH GEMEENTE DERDEPOORT (SINODALE KANTOOR)	116
9.7.2	ERFENISSTIGTING	117
9.7.3	GEMEENTE WONDERBOOMPOORT	117
9.7.4	GEMEENTE PHILADELPHIA	117
9.7.5	PLAAS KLIPDRIFT: HAMMANSKRAAL	117
9.7.5.1	Dinokeng Big Five-wildtuin	118
9.7.5.2	Butterfly for Change	118
9.8	GEMEENTELIKE AANGELEENTHEDE	118

9.8.6	INLEIDING	118
9.8.7	INTERNE OUDIT – KONTROLEFUNKSIE	119
9.8.8	SAAMGESTELDE GEMEENTELIKE FINANSIËLE STATE.....	119
9.8.8.1	Inleidend	119
9.8.8.2	Saamgestelde staat van omvattende inkomste	119
(i)	Staat van omvattende inkomste in perspektief	121
(a)	Offergawes tot standplaaskoste	121
(b)	Offergawes tot inkomste.....	121
(c)	Fondsinsamelings	122
(d)	Die staat van omvattende inkomste.....	122
9.8.8.3	Saamgestelde staat van finansiële posisie	122
9.9	BESTUURSFORUM – SANLAM SAMBREELFONDS.....	124
9.10	FINALE GOEDKEURING VAN DIE BEGROTING.....	125

10. KERKORDE

10.1	VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIE KERKORDE VERBAND HOU	125
10.2	RAAD VIR KERKREGTELIKE ADVIES.....	128
10.2.1	VERSLAG	128
10.2.2	VERKIESING VAN DIE RAAD VIR KERKREGTELIKE ADVIES	128

DEEL 4: AFSLUITING

DANKBETUIGINGS	130
FORMELE AFSLUITING	130

BYLAES

	<i>Agenda</i>	<i>Bylae</i>
BYLAE A Ring van Swellendam: Eietydse getuienis	38	131
BYLAE B Kommissie van die AKV: Uitverkiesingsleer	40	133
BYLAE C SGB: Verslag	48	167
BYLAE D Kuratorium: Verslag.....	55	191
BYLAE E Dosentevergadering: Verslag	63	196
BYLAE F HTK: Verslag.....	63	204
BYLAE G SRT: Verslag.....	63	224
BYLAE H Inventaris van teologiese studiestukke	63	229
BYLAE I Kommissie van die ADV: Verslag	65	231
BYLAE J Komitee vir Diakonaat: Verslag	66	237
BYLAE K Afdeling Kerklike Kommunikasie: Verslag	76	249
BYLAE L BSA: Verslag.....	76	254

BYLAE M Dosentevergadering: Genadedood: Studiestuk	76	260
BYLAE N Litigasiekomitee: Verslag	77	287
BYLAE O Tugkomitee: Verslag	78	294
BYLAE P Raad vir Kerkregtelike Advies: Verslag.....	128	296
BESKRYWINGSPUNTE		
BESKRYWINGSPUNT 1: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
GELOOFSVERKLARING 2025		35
BESKRYWINGSPUNT 2: RING VAN SWELLENDAM		
EIETDSE GETUIENIS		37
BESKRYWINGSPUNT 3: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
UITVERKIESINGSLEER		38
BESKRYWINGSPUNT 4: RING VAN CHRISSIESMEER		
ORDINANSIE 1.3: VERANDERING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE		40
BESKRYWINGSPUNT 5: RING VAN CHRISSIESMEER		
KOMMISSIE OM DIE BELYDENISSE EN BELYDENISSKRIFTE TE BESTUDEER EN, WAAR NODIG, NUUT TE VERTAAL		41
BESKRYWINGSPUNT 6: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
ATTESTAAT		42
BESKRYWINGSPUNT 7: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
DIE NAAM VAN DIE KERK IN ENGELSE KORRESPONDENSIE EN KONTRAKTE		42
BESKRYWINGSPUNT 8: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
KOLLEKTIEWE VERSUS SELFSTANDIGE VERSTAAN VAN KERKWEES		43
BESKRYWINGSPUNT 9: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
STRUKTURELE VORME		44
BESKRYWINGSPUNT 10: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
ORDINANSIE 2.7: SAMEWERKING VAN GEMEENTES		45
BESKRYWINGSPUNT 11: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
EIETDSE BEDIENINGE.....		45
BESKRYWINGSPUNT 12: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
HANTERING VAN NIE-LEWENSVATBARE GEMEENTES		47
BESKRYWINGSPUNT 13: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
BEFONDSING VAN BEDIENINGE.....		48
BESKRYWINGSPUNT 14: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
AFTREEOUDERDOM VAN PREDIKANTE (65 JAAR)		48
BESKRYWINGSPUNT 15: KOMMISSIE VAN DIE AKV		
OUDERLINGE AS MEDEWERKERS IN DIE BEDIENING		50

BESKRYWINGSPUNT 16: RING VAN LOSBERG	
GEFOKUSDE TOERUSTING VIR EMERITI	54
BESKRYWINGSPUNT 17: RING VAN WES-KAAPLAND	
VERLOFREGLEMENT VIR PREDIKANTE	55
BESKRYWINGSPUNT 18: KURATORIUM	
VERKORTING VAN STUDIEJARE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING.....	55
BESKRYWINGSPUNT 19: KURATORIUM	
KERKORDEWYSIGINGS.....	58
BESKRYWINGSPUNT 20: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
VBO VIR PREDIKANTE	60
BESKRYWINGSPUNT 21: GEMEENTE DELAREYVILLE (ONDERSTEUN DEUR DIE RING VAN MAQUASSI)	
DIE PROSES VAN DIE VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE IN 'N GEMEENTE	63
BESKRYWINGSPUNT 22: RING VAN OOS-KAAPLAND	
VERKIESING VAN OUDERLINGE AS VOORSITTER EN SKRIBA VAN RINGSVERGADERINGS	64
BESKRYWINGSPUNT 23: RING VAN ROODEPOORT	
WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.2.3 (xii) MET BETREKKING TOT DIE VERKIESING VAN DIE LEDE VAN DIE RINGSVERGADERING OP DIE RINGSKOMMISSIE	64
BESKRYWINGSPUNT 24: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
DIENTERMYN VAN OUDERLINGE OP DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV	65
BESKRYWINGSPUNT 25: KOMMISSIE VAN DIE ADV	
KINDERBESKERMING	66
BESKRYWINGSPUNT 26: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT	
KOMITEE VIR DIAKONAAT	66
BESKRYWINGSPUNT 27: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT	
WYSIGING VAN ORDEREËLS 4.5 EN 9.2	67
BESKRYWINGSPUNT 28: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT	
WYSIGING VAN ORDINANSIES VAN DIE KERKORDE TEN EINDE 'N VERANDERDE STRUKTUUR VIR DIE DIAKONAAT OP SINODALE VLAK MOONTLIK TE MAAK	68
BESKRYWINGSPUNT 29: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
KERKMUSIEK.....	72
BESKRYWINGSPUNT 30: GEMEENTE SETLAARS (ONDERSTEUN DEUR DIE RING VAN OOS-KAAPLAND)	
OPNAMES VAN ORRELBEGELEIDING/GEMEENTESANG VAN PSALMS EN GESANGE.....	73
BESKRYWINGSPUNT 31: RINGE VAN MAGALIES EN PRETORIA	
WEERHOUDING VAN KINDERS AAN DIE SAKRAMENT VAN DIE NAGMAAL	74

BESKRYWINGSPUNT 32: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
KATEGESEMATERIAAL	74
BESKRYWINGSPUNT 33: RING VAN ZEERUST	
DIE BELANG VAN GELOFTEDAG	75
BESKRYWINGSPUNT 34: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
VEROORDELING VAN ALLE AKSIES WAT TOT VERDEELDHEID IN GEMEENSKAPPE LEI.....	75
BESKRYWINGSPUNT 35: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
LITIGASIE	77
BESKRYWINGSPUNT 36: RING VAN KROKODILRIVIER	
LITIGASIE	77
BESKRYWINGSPUNT 37: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
SAMESTELLING VAN DIE TUGKOMITEE	78
BESKRYWINGSPUNT 38: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
BESTUURSFORUM VAN DIE SANLAM SAMBREELFONDS.....	80
BESKRYWINGSPUNT 39: RAAD VAN FINANSIES	
VERKIES SEKUNDI TOT DIE RAAD VAN FINANSIES	81
BESKRYWINGSPUNT 40: RAAD VAN FINANSIES	
GEWYSIGDE FINANSIËLE MODEL VIR DIE VOLHOUBARE BEDIENING VAN GEMEENTES VAN DIE NHKA.....	88
BESKRYWINGSPUNT 41: RAAD VAN FINANSIES	
INTENSIONELE BEGELEIDING VAN GEMEENTES WAT OPERASIONEEL EN FINANSIEEL KWESBAAR IS	91
BESKRYWINGSPUNT 42: RAAD VAN FINANSIES	
EMERITI – HULP MET MEDIËSE UITGAWES	93
BESKRYWINGSPUNT 43: RAAD VAN FINANSIES	
WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.6.1 (iv) en (v)	94
BESKRYWINGSPUNT 44: RAAD VAN FINANSIES	
WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.6.4.1 (i)(f)	95
BESKRYWINGSPUNT 45: RAAD VAN FINANSIES	
WYSIGING VAN ORDINANSIE 9.2.2.1 (i)(c).....	96
BESKRYWINGSPUNT 46: RAAD VAN FINANSIES	
WYSIGING VAN ORDINANSIE 9.2.2.3 (v).....	96
BESKRYWINGSPUNT 47: RAAD VAN FINANSIES	
AANWENDING VAN BOGEMIDDELDE RENTES IN DIE KERKGELD VIR KERKWERKSTELSEL	97
BESKRYWINGSPUNT 48: RAAD VAN FINANSIES	
ONDERSOEK EN IMPLEMENTERING VAN GEWYSIGDE PENSIOENBYDRAEMODEL..	99

BESKRYWINGSPUNT 49: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.4.4 (xvi)	125
BESKRYWINGSPUNT 50: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
VOLGORDE VAN ONDERAFDELINGS VAN ORDINANSIE 2.5.2	126
BESKRYWINGSPUNT 51: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
ORDINANSIE 3.2.5 (i): ORDENING EN BEVESTIGING VAN PREDIKANTE.....	126
BESKRYWINGSPUNT 52: KOMMISSIE VAN DIE AKV	
SAMESMELTING VAN GEMEENTES	127
GRAFIEKE	
GRAFIEK 1	Debiteure: Sinodale offergawe 101
GRAFIEK 2	Verhouding tussen totale inkomste en uitgawes..... 101
GRAFIEK 3	Bydrae van lynitems tot totale inkomste 102
GRAFIEK 4	Die uitgaweverdeling tot die finansiële state..... 102
GRAFIEK 5	Begroting - Strategiese koers 103
GRAFIEK 6	Missiestelling..... 104
GRAFIEK 7	Saamgestelde inkomste en uitgawes 120
GRAFIEK 8	Inkomstesamestelling..... 120
GRAFIEK 9	Finansiële surplus/(tekort)..... 122
GRAFIEK 10	Likiditeit en solvensieratio 123
GRAFIEK 11	Omsetratio 124
GRAFIEK 12	NCL-SA-navorsing 178
GRAFIEK 13	Aantal predikante VBO-krediete ontvang. 222
GRAFIEK 14	Aantal VBO-krediete per jaar uitgereik. 222
GRAFIEK 15	Gemiddelde VBO-punt per predikant..... 222
TABELLE	
TABEL 1	Finansiële oorlewing van gemeentes 25
TABEL 2	Kapitaal van beleggings teenoor die bedrae wat aan ringskommissies, gemeentes, NHSV-takke en NWO's verskuldig is 87
TABEL 3	Verhouding tussen sinodale offergawe en volhoubaarheidsgawe 90
TABEL 4	Missiestelling: Viering..... 104

TABEL 5	Missiestelling: Gemeenskap.....	105
TABEL 6	Missiestelling: Diens.....	105
TABEL 7	Missiestelling: Getuienis.....	105
TABEL 8	Begroting: Teologiese opleiding	105
TABEL 9	Dosente en vakgebied	106
TABEL 10	Begroting: HTK	106
TABEL 11	Begroting: MRCC	108
TABEL 12	Begroting: Strategiese Groeibediening.....	108
TABEL 13	Begroting: ADV	109
TABEL 14	Begroting: Afdeling Kommunikasie.....	109
TABEL 15	Begroting: Kommissie van die AKV	110
TABEL 16	Begroting: Administrasie	111
TABEL 17	Koste aan bedryf van geboue	114
TABEL 18	Opsommende begroting.....	114
TABEL 19	Inkomstestaat: Verhoudings.....	121
TABEL 20	Saamgestelde staat van finansiële posisie	123
TABEL 21	Die Bestuursforum	124
TABEL 22	Bekwaamhede van 'n predikant	170
TABEL 23	CLS-SA 2025 gemeenterigting.....	180
TABEL 24	CLS-SA: Sterkpunte/kernkwaliteite met betrekking tot die NHKA, 2019 teenoor 2024.....	181
TABEL 25	Hervormde dosente aan UP asook aan die HTK.....	197
TABEL 26	Studente wat in verslagperiode teologie (BDiv) aan UP studeer het.....	197
TABEL 27	Modules wat aan studente by UP aangebied word.....	198
TABEL 28	TKB-kurrikulum volgens vierdeling	207
TABEL 29	TKB-2023: Eerste kwartaal	207
TABEL 30	TKB-2023: Tweede kwartaal	207
TABEL 31	TKB-2023: Derde kwartaal	208

TABEL 32	TKB-2023: Vierde kwartaal	208
TABEL 33	TKB-2024: Eerste kwartaal	208
TABEL 34	TKB-2024: Tweede kwartaal	209
TABEL 35	TKB-2024: Derde kwartaal	209
TABEL 36	TKB-2024: Vierde kwartaal	210
TABEL 37	TKB-2025: Kurrikulum	210
TABEL 38	TKB-2025: Eerste kwartaal	211
TABEL 39	TKB-2025: Tweede kwartaal	211
TABEL 40	TKB-2025: Derde kwartaal	211
TABEL 41	TKB-2025: Vierde kwartaal	212
TABEL 42	VBO-krediettoekenning per jaar	221
TABEL 43	Barmhartigheidsoffers	234
TABEL 44	Inventaris en spektrum van kommunikasiekanale, wie dit monitor en die teikengehore	250
TABEL 45	Wie is verantwoordelik vir digitale en gedrukte media, en teikengehore .	250
TABEL 46	Volledige Bybels beskikbaar	256
TABEL 47	BSA: Bydraes uit die NHKA	257
TABEL 48	BSA inkomste	258
TABEL 49	BSA uitgawes.....	258

Simboliek

van grafika



SIMBOLIEK VAN GRAFIKA

- Die 1700 jaar herdenking van die eerste ekumeniese vergadering van Nicea, asook die 74ste AKV wat plaasvind 201 jaar na die eerste AKV in Suid-Afrika plaasgevind het.



Hoe die Geloofsbelydenis van Nicea verwerk is tot simboliek

- Omdat ons die verloop van tyd wil uitbeeld (ook soos in die 2025 *Almanak* en *Bybelse Dagboek*), kan daar vier hoofaspekte of verwysings wees van die Geloofsbelydenis van Nicea wat verbind kan word met die **verlede**, **hede**, **toekoms**, en die uiteindelijke **uitkoms** van die Christelike geloof. Elke tydperk word deur middel van grafika uitgebeeld, en hierdie grafika word ook aan die Liturgiese jaar en kleure gekoppel.


VERLEDE

- Die geloofsbelydenis verwys na die skepping van die hemel en die aarde deur die almagtige Vader. Dit erken die oorsprong van alle sienlike en onsienlike dinge, wat die verlede en die begin van alles simboliseer. **(AGENDA – met grafika (groen) van die skepping)**



HEDE

- Die geloofsbelydenis beklemtoon die huidige geloof in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, wat neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees, en mens geword het. Dit sluit ook sy kruisiging, lyding, en begrafnis in, wat die huidige geloof en verlossing deur Jesus simboliseer. **(NOTULE – met grafika (donkerrooi) van die kruisiging, lyding, ensovoorts)**



TOEKOMS

- Die geloofsbelydenis voorspel die wederkoms van Jesus Christus met heerlikheid om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het. Dit simboliseer die toekomstige verwagting van Jesus se koningsheerskappy en die oordeel van die lewendes en die dooies.

(BESLUIBUNDEL – met grafika (geel/goud) van wederkoms, heerskappy, oordeel, koninkryk)



NHKA | NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA



UITKOMS

- Die geloofsbelydenis sluit af met die verwagting van die opstanding van die ontslapenes en die lewe van die toekomstige eeu. Dit simboliseer die uiteindelijke uitkoms van die Christelike geloof, wat ewige lewe en opstanding insluit.

(KERKORDE – met grafika (wit, swart, geel) van opstanding, lewe en ewigheid)



NHKA | NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA



Amptelike

Opening

OPENING



REGISTRASIE

- * Daar sal op Sondag 5 Oktober 2025 vanaf 16:00 tot 19:00 'n informele kuiergeleentheid plaasvind by die Hervormde Kerk se gemeente Midstream Familielkerk vir diegene wat reeds in Pretoria is, en afgevaardigdes kan ook tydens dié geleentheid registreer.
- * Die registrasie gaan voort op Maandag 6 Oktober 2025 vanaf 09:00 tot 12:00. Persone wat nie teen 12:00 geregistreer het nie, sal nie as stemgeregtigde afgevaardigdes kan sitting neem nie, en sal die vergadering slegs as waarnemers kan bywoon.
- * Vanaf 13:40 neem afgevaardigdes hulle plekke in die kerk vir die amptelike opening in. Die amptelike opening begin om 14:00.
- * Alle dienaars van die Woord dra 'n toga by die openingsgeleentheid.

---oOo---

1. **AMPTELIKE OPENING: MAANDAG 6 OKTOBER 2025 OM 14:00**

1.1 **OPENINGSREDE**

Prof WA Dreyer.

Skriflesing: Markus 1: 14 en 15.

1.2 **VERWELKOMING**

Prof WA Dreyer.

1.3 **BEDANKINGS**

Prof WA Dreyer.

---oOo---

Konstituering



2. **BESPREKING VAN DIE TEOLOGIESE INHOUD VAN DIE OPENINGSREDE (ORDINANSIE 4.4.4 (v))**

Die vergadering bespreek die teologiese inhoud van die openingsrede van prof WA Dreyer onder leiding van die visevoorsitter van die uittredende Kommissie van die AKV, ds L Geel.

3. **SAMESTELLING EN KONSTITUERING**

3.1 **GELOOFSBRIEWE**

- * Afgevaardigdes ontvang op Maandag 6 Oktober 2025 om 15:30 'n lys via WhatsApp met die name van persone wat op Sondag 5 Oktober en Maandag 6 Oktober 2025 geregistreer het. Persone wat nie teen 12:00 geregistreer het nie, sal nie as stemgeregtigde afgevaardigdes kan sitting neem nie, en sal die vergadering slegs as waarnemers kan bywoon.
- * Die besware teen geloofsbriewe, indien enige, word behandel.
- * Die vergadering word volgens Ordinansies 4.4.1 en 4.4.2 wettig saamgestel uit die volgende:

3.1.1 Predikante wat per beroepsbrief werksaam is in 'n gemeentelike werkrumte.

3.1.2 Een kerkraadslid afgevaardig deur elke kerkraad.

3.1.3 Twee afgevaardigde diakens van die Kommissie van die [ADV](#), emeriti, beroepafwagende predikante en proponente, almal met spreekreg.

3.1.4 Die Raad vir Kerkregtelike Advies, met spreekreg.

3.2 **VERKIESING VAN 'N VOORSITTER EN SKRIBA**

In terme van Ordinasie 4.4.4 (vii)(a) kies die vergadering uit die aanwesige predikante 'n voorsitter en skriba.

Die volgende ordinansies word in ag geneem:

Ordinasie 4.4.4 (viii) wat soos volg lui:

Die Algemene Kerkvergadering sien toe dat van die ses predikantslede op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering minstens twee gemeentepredikante is.

Ordinasie 4.4.4 (vii) wat soos volg lui:

Die Algemene Kerkvergadering kies tydens die vergadering, met inagneming van die beginsel dat geen ampsdraer vir langer as drie opeenvolgende termyne op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verkies word nie, en nie meer as twee termyne dieselfde opdrag uitvoer nie.

Ordinasie 4.4.4 (x) wat soos volg lui:

Die nuutverkose Kommissie begin hulle werksaamhede na afhandeling van die agenda, voor die formele afsluiting van die vergadering.

3.3 VERKIESING VAN PREDIKANTSLEDE VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die vergadering word versoek om sowel rotasie as kontinuïteit in ag te neem by die verkiesing van die Kommissie van die AKV. Die primuslede van die Kommissie van die AKV word met volstrekte meerderheid verkies, maar die sekunduslede slegs met meerderheidstem.

In terme van Ordinansie 4.4.4 (vii)(a) kies die vergadering uit die aanwesige predikante

- * 'n visevoorsitter en viseskriba
- * twee verdere lede
- * 'n sekunduslid vir elke predikantslid.

Ds JF van der Merwe is nie weer verkiesbaar nie. Van al die diensdoende predikante wat per beroepsbrief aan 'n werkruimte gekoppel is, is slegs dr WC van Wyk, sekretaris van die Kommissie van die AKV, nie verkiesbaar nie.

3.3.1 VERKIESING VAN DIE KERKRAADSLEDE VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Volgens Ordinansie 4.4.4 (vii)(b) word uit die aanwesige kerkraadslede

- * nege lede
- * nege sekundi wat om die beurt gebruik kan word, verkies.

Oudle Faan Beeslaar, Daniel Esterhuizen, Joël Fourie, Simon Kotzé, Dries le Roux, André Pieterse en Johan van Heerden is nie weer verkiesbaar nie. Soos in die verlede, beveel die uittrede Kommissie van die AKV aan dat die kerkraadslede eers later in die vergadering, sodra hulle meer bekend geraak het, verkies word.

3.4 GOEDKEURING VAN DIE REGLEMENT VAN ORDE

3.4.1 OPROEP

Die oproep van die 74ste sitting van die AKV is deur die Kommissie van die AKV hanteer volgens die Kerkorde (Ordinansies 4.4 en 4.6.2).

3.4.2 AGENDA

Ordinansie 4.4.3:

Die Algemene Kerkvergadering

- (i) *neem bindende besluite namens alle gemeentes, ampsdraers en lidmate*
- (ii) *neem besluite oor die leer en belydenis, liturgie en vasstelling, en uitvoering van die Kerkorde*
- (iii) *tree op as bykomende vergadering wanneer 'n beroep gedoen word teen 'n bevinding van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.*
- * Die Kommissie van die AKV het, met die oog op sinvolle besprekings, beskrywingspunte in die agenda opgeneem. Beskrywingspunte kan ondersteun word deur memoranda, studiestukke, voorstelle en versoekskrifte, en word ingedien kragtens Ordinansie 4.4.4 (iii) deur

- (a) *die Kommissie van die AKV*
- (b) *ringsvergaderings*
- (c) *die Predikantevergadering*
- (d) *die Algemene Diakensvergadering*
- (e) *rade van die Kerk*
- (f) *dienaars van die Woord, kerkrade en kerkraadslede deur die ringsvergadering in wie se werkkring hulle val*

* Volgens Ordinansie 4.2.3 (xix) reël die ringsvergadering watter afgevaardigde 'n beskrywingspunt wat opgeneem is in die agenda, tydens die AKV sal toelig en motiveer. Indien daar geen aanduiding gegee word wie die toeligting sal doen nie, word die skriba van die betrokke vergadering, raad, kommissie of komitee opgeroep om dit te doen of reëlins in dié verband te tref. Indien 'n beskrywingspunt deur 'n raad, kommissie of komitee in die agenda opgeneem word, wys die betrokke raad, kommissie of komitee self 'n afgevaardigde aan wat die beskrywingspunt sal toelig en motiveer.

* Die agenda wat vooraf beskikbaar gestel is, word as gelese beskou.

3.4.3 KOMMISSIES WAT TYDENS DIE VERGADERING FUNKSIONEER

Die Kommissie van die AKV het voorlopig kommissies benoem om bepaalde take voor en tydens die vergadering te hanteer. Die vergadering sal versoek word om te besluit oor die benoemings.

3.4.3.1 **Kommissie vir geloofsbriewe: Dr WC van Wyk en ds JF van der Merwe**

Die skribaat gaan die geloofsbriewe voor die aanvang van die AKV na en stel 'n presensielys saam. 'n Verslag oor geloofsbriewe wat nie in orde is nie, word aan die vergadering voorgehou. Die vergadering besluit daaroor.

3.4.3.2 **Ordekommissie**

- * Oudl Faan Beeslaar (sameroeper)
- * Oudl Daniel Esterhuizen
- * Oudl Joël Fourie
- * Oudl Simon Kotzé
- * Oudl Dries le Roux
- * Oudl Fred Paynter
- * Oudl André Pieterse
- * Oudl Johan van Heerden
- * Oudl Petro van Niekerk.

Die ouderlingslede van die uittredende Kommissie word benoem om as Ordekommissie op te tree. Nuutverkose kerkraadslede sal deur die loop van die vergadering met dié taak behulpsaam wees.

Die Ordekommissie ontvang en oorweeg skriftelike, gemotiveerde verskonings vir tydelike afwesigheid uit die vergadering, en sien toe dat die sittingsure stiptelik

gehandhaaf word. Die Ordekommissie ontvang skriftelike verskonings van afgevaardigdes wat die vergadering permanent verlaat, en behoorlik getekende geloofsbriewe vir sekundi wat hul plekke op die vergadering inneem.

Afgevaardigdes word dringend versoek om die vergadering stiptelik en getrou by te woon, en slegs in uiterste noodsituasies verskoning aan te teken.

Vorms waarop verskoning vir afwesigheid aangeteken word, is by die Ordekommissie beskikbaar.

3.4.3.3 **Formuleringskommissie**

- * Dr A Botha
- * Dr DJ du Toit
- * Dr PJ Jacobs
- * Dr GJ Malan (sameroeper)
- * Dr GCJ Nel
- * Ds JD Steinmann
- * Dr JH van Staden.

Die Formuleringskommissie ontvang voorstelle en amendemente op beskrywingspunte wat in die agenda opgeneem is, en sien toe dat die bewoording van voorstelle wat tydens die vergadering gemaak mag word, korrek is en nie in stryd is met enige besluit van die AKV of die Kerkorde nie.

Die Raad vir Kerkregtelike Advies bied ondersteuning aan die Formuleringskommissie.

3.4.4 **STEMPROSEDURE**

Di M Delport, P Rossouw en JM van Staden (sameroeper) koördineer die stemproses saam met die konsultante wat deur die NHKA gekontrakteer is. Slimfone word gebruik, behalwe in gevalle waar dit nie moontlik is nie. In sulke gevalle moet die betrokke afgevaardigdes voor die aanvang van die vergadering die nodige reëlins met die skriba en komitee van stemtellers tref.

Die vergadering word versoek om sowel rotasie as kontinuïteit in ag te neem by die verkiesing van die Kommissie van die AKV en al die ander statutêre rade. Die primuslede van die Kommissie van die AKV en die Kuratorium word met volstrekte meerderheid verkies, maar die sekunduslede slegs met meerderheidstem.

Tydens besprekings van beskrywingspunte mag die voorsitter na sy of haar oordeel die vergadering versoek om by wyse van 'n kleurkaart aan te dui of hulle positief of negatief voel oor die beskrywingspunt en die motivering daarvoor. Wanneer daar 'n duidelike meerderheid van die vergadering vir of teen 'n beskrywingspunt is, mag die voorsitter vra of iemand uit die minderheid nogtans die behoefte het om die saak te bespreek en die standpunt te motiveer, en of die minderheid tevrede is om met die meerderheidsmening akkoord te gaan. Dit word gedoen om die verloop van verrigtinge vlot te laat verloop sonder om onnodige tyd te spandeer aan sake waaroor daar breë konsensus bestaan. Dit is nie bedoel om enige standpunt te onderdruk nie, en enigiemand wat wel die minderheidstandpunt wil stel, sal steeds die geleentheid kry.

By die verkiesing van die Tugkomitee moet daar verseker word dat kontinuïteit behoue bly. Derhalwe word die vergadering versoek om kragtens Ordinasie 4.4.4

(xii)(e) alle nominasies van predikante, kerkraadslede en kundiges *met motivering* aan die AKV voor te lê.

3.4.5 PROJEKSIESPAN

Die volgende projeksiespan word gebruik:

- * Ds LK Erasmus
- * Ds I Hartmann
- * Ds HJ Labuschagne
- * Ds S Oxton (sameroeper)
- * Ds LJ van der Linde
- * Ds CP van der Walt.

3.4.6 NOTULEHOUEERS EN NOTULE

Die sekretaris: Kommissie van die AKV, dr WC van Wyk, die skriba en viseskriba.

Die notule word soos volg beskikbaar gestel tydens die oggend teepouse, en sal daaglik net na middagete vir goedkeuring gestel word:

Datum	Notule
Woensdag 8 Oktober	Openingsgeleentheid, middagsitting van 6 Oktober, oggend- en middagsitting van 7 Oktober.
Donderdag 9 Oktober	Oggend- en middagsitting van 8 Oktober.
Vrydag 10 Oktober	Oggend- en middagsitting van 9 Oktober.

Die notule sal daaglik elektronies op die webblad van die 74ste AKV geplaas word en as gelese beskou word wanneer dit ter vergadering vir korrektheid voorgehou word. ***Alle lede van die vergadering is verantwoordelik vir die korrektheid van die notule.***

Slegs inhoudelike regstellings aan die notule sal ter vergadering gedoen word. Afgevaardigdes word versoek om ***spelfoute en redaksionele regstellings skriftelik by die notulehouers in te handig.***

Die notulehouers sorg vir die opneem van alle besluite en handeling van die vergadering in die notule, en die notule word binne ses maande na afloop van die sitting deur die Kommissie van die AKV gefinaliseer en elektronies versprei (Ordinansie 4.4.4 (xiv)).

Binne ses maande na die AKV, op koste van die gemeentes, word een gedrukte kopie van die Kerkorde aan elke kerkraad en predikant gestuur. Die besluitebundel word slegs elektronies versprei.

3.4.7 BESPREKINGS EN SPREEKBEURTE

3.4.7.1 Spreekbeurte

'n Lid van die vergadering wat 'n spreekbeurt oor 'n bepaalde saak in die agenda verlang, rig die versoek vooraf mondeling, skriftelik of by wyse van 'n WhatsApp

aan die Formuleringskommissie. Die sprekerslys sal, wanneer die bepaalde saak aan die orde gestel word vir bespreking, op die elektroniese inligtingskerm verskyn, waarna die besprekingslys gesluit word. Die voorsitter ken die spreekbeurt toe in die volgorde van die sprekerslys. Die tydsduur van 'n spreekbeurt is beperk tot vyf minute, maar mag, met toestemming van die vergadering, gewysig word. Geen lid van die vergadering is geregtig op meer as een spreekbeurt oor 'n bepaalde saak nie, behalwe wanneer al die sprekers op die lys hulle beurt gehad het en daar nog tyd vir bespreking toegeken is. Die voorsitter beslis of die bespreking beëindig word en of daar 'n tweede spreekbeurt toegeken word.

3.4.7.2 Orde rondom besprekings

- (i) Die voorsitter het die taak om sprekers by die punt onder behandeling te bepaal, te sorg dat sprekers nie argumente wat reeds geopper is, herhaal nie, en persone wat dreigemente uiter of die argument op 'n persoonlike vlak voer, tot orde te roep. Wanneer 'n spreker afdwaal, of argumente herhaal, of dreigemente uiter, of *ad hominem* argumenteer, sal die voorsitter sy of haar aandag daarop vestig. As hy of sy na vermaning daarin bly volhard, sal die voorsitter hom of haar die woord ontnem.
- (ii) Enige lid van die vergadering kan op 'n punt van orde die aandag van die voorsitter daarop vestig dat die voorsitter of 'n spreker nie volgens die Reglement van Orde of algemene vergaderingsprosedures handel nie, waarna die voorsitter die saak verder reël.
- (iii) Die voorsteller van 'n beskrywingspunt of van 'n amendement op 'n beskrywingspunt het die reg om direk voordat daar tot die finale stemming oorgegaan word, repliek te lewer.

3.4.7.3 Ter inligting

- (i) Beskrywingspunte: 'n Beskrywingspunt is 'n voorstel wat via die ringsvergadering of Kommissie van die AKV in die agenda opgeneem is vir besluitneming.
- (ii) Voorstelle: Geen nuwe sake kan tydens die vergadering aan die orde gestel word nie. Slegs voorstelle wat verband hou met beskrywingspunte wat reeds in die agenda opgeneem is, kan ter tafel geneem word.
- (iii) Amendement: 'n Amendement op 'n beskrywingspunt is 'n voorstel wat nie die wesenlike inhoud van die beskrywingspunt affekteer nie, maar die bedoeling het om die beskrywingspunt te wysig.

Tydens die bespreking van 'n beskrywingspunt op die agenda kan lede van die vergadering amendemente op beskrywingspunte by die Formuleringskommissie indien. Dit moet skriftelik geskied en moet deur die voorsteller en 'n sekondant onderteken wees.

Na ontvangs van 'n amendement word dit eerste gestel. Indien dit nie aanvaar word nie, verval dit, en die beskrywingspunt in die agenda geld en word voorgehou vir besluit. Indien die amendement aanvaar word, word dit die nuwe geamendeerde beskrywingspunt wat die beskrywingspunt in die agenda vervang. Indien 'n beskrywingspunt finansiële implikasies het, moet dit aan die vergadering uitgewys word.

- (iv) Indien 'n beskrywingspunt, voorstel of amendement finansiële implikasies het wat nie in die begroting van die Raad van Finansies verreken is nie, moet dit aan die vergadering uitgewys word.

3.4.8 MOSIES

- 3.4.8.1 Slegs ordemosies wat die orde en gang van die vergadering raak, mag ingedien word. Ordemosies word volgens die diskresie van die voorsitter hanteer.

- 3.4.8.2 Mosies van meeewing en waardering mag gedurende die vergadering ingedien word.

3.4.9 BEHANDELING VAN VERSLAE

- 3.4.9.1 By die behandeling van verslae stel die voorsitter eers die verslag vir bespreking en daarna die beskrywingspunte wat daarop betrekking het vir besluit. Wanneer veranderings in die verslag voorgestel word, stel die voorsitter eers die aanbevelings en daarna die gewysigde verslag.

- 3.4.9.2 'n Verslag wat so afgehandel is, kan nie weer behandel word nie. Wanneer 'n lid van die vergadering van mening is dat enige besluit hersien moet word, kan die lid tydens die sitting van die vergadering 'n skriftelike versoek om hersiening inhandig, medeonderteken deur 'n ander lid van die vergadering. By ontvangs van so 'n versoek lê die voorsitter dit aan die vergadering voor. Die voorsteller ontvang die geleentheid om die versoek toe te lig, en een spreker wat beswaar wil maak, ontvang ook 'n spreekbeurt. Die tydsduur is in elke geval beperk tot vyf minute. Daarna stem die vergadering oor die versoek. Indien twee derdes van die vergadering hom ten gunste van die versoek verklaar, word die saak opnuut behandel. Hierdie reëling geld nie in die geval van 'n buitengewone AKV nie.

3.4.10 AANTEKEN VAN TEENSTEM

'n Teenstem van enige lid van die vergadering teen 'n besluit word aangeteken by die skribaats so gou moontlik nadat die stemming oor die betrokke saak afgehandel is. 'n Teenstem word sonder bespreking in die notule opgeneem.

3.4.11 KLEREDRAG

Kleredrag moet nie afbreuk doen aan die waardigheid van die vergadering nie. By die amptelike opening Maandagmiddag dra alle dienaars van die Woord 'n toga.

3.4.12 AGENDA VOLG AAN DIE HAND VAN DIE KERKORDE VAN DIE NHKA

Die agenda is aan die hand van die Kerkorde se indeling ingerig, maar wil ook uitdrukking gee aan die Kerk se roeping en werk soos dit verwoord is in die visie en missie van die Kerk, naamlik

Visie

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld.

Missie

Om werklik Kerk van Christus te wees deur te fokus op

- * viering
- * gemeenskap
- * diens
- * getuienis.

Daarom wil die NHKA as gemeenskap van gelowiges ons geloof in Jesus Christus in woord en lied vier, ons medemensse dien en van die verlossing in Christus getuig.

Op hierdie weg sal ons deurgaans die volgende waardes handhaaf:

- * Nederigheid in ons lewe voor God.
- * Nugterheid in ons omgang met die Woord.
- * Menslikheid in ons verhoudings met mekaar en ander mense.

Dit wil ons nastreef deur

- * gehoorsame uitlewing van die Woord
- * deurleefde en eietydse prediking
- * entoesiastiese uitdra van die evangelie
- * visioenêre leierskap op alle terreine
- * liefdevolle ondersteuning van alle mense in nood
- * op die uniekheid van Christus en sy Kerk te fokus.

Die Reglement van Orde word deur die uittredende Kommissie van die AKV voorgelê vir goedkeuring.

3.5 SITTINGSURE

Die volgende sittingsure word aanbeveel:

Oggendsitting	08:30 tot 12:30	-	met teepouse 10:30 tot 11:00
Toekennings	12:30 tot 13:00		
Middagsitting	14:00 tot 18:00	-	met teepouse 16:00 tot 16:30
Afsluiting	18:00 tot 18:15.		

Die middagsitting op Maandag 6 Oktober 2025 begin om 14:00 in die kerkgebou van die Doxa Deo Gemeente Midstream.

Die vergadering bepaal die sittingsure.

3.6 GROETEBOODSKAPPE

Groeteboodske van kerke word skriftelik in die agenda van die AKV opgeneem vir kennisname van die vergadering. Kerke wat uitgenooi word, dui aan wie namens die kerkgenootskap die vergadering bywoon.

3.6.1 GEKA

Ds Gawie van der Merwe, die skriba

*Dit is 'n voorreg om namens die **GEKA** die groete oor te dra aan ons broers en susters in die NHKA.*

Met dié boodskap wil ons uitdrukking gee aan die band tussen die [GEKA](#) en die NHKA. Ons deel nie net 'n gemeenskaplike taal, kultuur en geskiedenis nie, maar ook 'n roeping en belydenis en deesdae ook leraars met di WA Botha en PS Dreyer wat leraars in Bunbury gemeente is. (Ds D Bester – ook uit NHKA geleedere - is werksaam in Brisbane, maar het nog nie 'n beroep gekry nie.)

Ons groet julle met die woorde uit Romeine 1: 7: “Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!” Mag julle vergadering deurtrek wees van hierdie genade en vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Dankie vir die uitnodiging om die 2025 vergadering van die NHKA as waarnemer by te woon. Ongelukkig sal ons dit nie in persoon kan doen nie, maar glo dat hierdie boodskap van groete wel ons teenwoordigheid in gees sal bevestig.

Ons vertel graag wat die Here, sedert ons laaste groeteboodskap, in die [GEKA](#) gedoen het.

In die afgelope ongeveer twee jaar kon daar aan drie leraars predikantsbevoegdheid gegee word. Ds Ashton Watts is die eerste leraar in die [GEKA](#), wat as gemeenteseun uit eie geleedere sy studies as predikant voltooi het en as voltydse leraar bevestig is. Ons is opgewonde dat ds Freek Terblanche hom by die [GEKA](#) aangesluit het vanuit die Afrikaanse Christenkerk in Nieu Seeland. Ds Peter Malan – beroep uit Suid Afrika – het ook in die afgelope 18 maande as leraar in Perth gevestig. Verder het die eerste leraar van die [GEKA](#) in September 2024 geëmeriteer. Ds James Walters het vir 15 jaar in een van die Perth gemeentes van die [GEKA](#) gedien.

Die werksaamhede van die [GEKA](#) het verder uitgebrei met twee nuwe punte wat in Queensland tot stand gekom het. Dit bring die totale aantal punte waar die [GEKA](#) Afrikaanssprekendes bedien op 15 te staan. Daar is reeds gesprekke vir verdere punte.

Behalwe vir die bediening aan Afrikaanssprekende gelowiges is daar twee gemeentes wat gelyklopende Engelse bedieninge het. Die gemeentes is ook betrokke by verskeie uitreikaksies in Australië, Namibië, Suid Afrika en Bali. Saam met die [GKKI](#) in Bali was ons betrokke by die bou van nege kerke, plant van twee gemeentes, ondersteuning en versorging van plaaslike [GKKI](#) leraars, ondersteuning van kinders en leraaropleiding. Daar is twee gereelde uitreikbesoeke per jaar met potensiaal vir meer.

Soos die omgewing en wêreld om ons verander, word die kerk ook gekonfronteer met nuwe uitdagings wat ons noop om nuut te dink oor kerkwees en die bediening.

Die COVID-pandemie het kerke en gemeentes geforseer om gebruik te maak van elektroniese en sosiale media platforms om lidmate met die Woord te bedien en kontak te behou. Gemeente en landsgrense beperk nie meer betrokkenheid by gemeentes nie. Uitsendings van gemeente-eredienste word oor die wêreld gevolg. Dit bring nie net geleenthede nie, maar ook uitdagings. Die aantal lidmate wat bereik word, word nou nie meer bepaal deur die aantal mense wat die erediens bywoon nie, maar ook dié wat later aanlyn na die opnames kyk. In sommige gevalle is dit tot vyf keer meer as die aantal mense wat in persoon by die erediens is.

Ons is bewus van 'n groeiende stroom nuwe immigrante wat na Australië verhuis, nie net uit Suid Afrika nie, maar ook uit ander wêrelddele. Dit maak ons bediening

in 'n sekere sin anders as die kerke in Suid-Afrika, maar terselfdertyd 'n groot uitdaging. Anders as 20 jaar gelede is die Afrikaanse Kerk nie meer die eerste stop vir nuwe immigrante vir inligting en netwerke nie. Sosiale media en groepe bied aan nuwe immigrante nou al die inligting en kontakte. Nuwe immigrantgelowiges wat eredienste bywoon is dus ernstig oor hulle geloof en word gewoonlik lidmate van die gemeente. Dit verminder die belewenis van 'n deurgangskerk soos vroeër, maar dit ontnem gemeentes ook die eerste kontak met nuwe immigrante en geleentheid om na hulle uit te reik. As gemeentes met die nuwe immigrante kontak wil hê, beteken dit dat daar na hulle gesoek moet word. Dinge soos die jaarlikse basaar en ander sosiale geleenthede is baie keer 'n goeie trekpleister en eerste kontak vir baie mense wat later lidmate raak.

Ons bede vir die NHKA bly, soos vir die ander susterkerke, dat julle 'n geloofsgemeenskap sal wees waardeur die Here Sy lig sal laat skyn, wat deure sal oop maak om die evangelie aan 'n verlore wêreld wat in nood is te bring.

Genade en vrede van God ons Vader, Jesus Christus onse Here en die Heilige Gees word u toegebid.

3.6.2 **ELCSA (CAPE CHURCH)**

Biskop Gilbert Filter

*I bring you greetings from the members of the **ELCSA** (Cape Church). Our thoughts and prayers are with this Assembly. May the Lord guide the deliberations and decision taken to benefit of His people who serve in and through the local church.*

In our tradition, we have a Watchword for the year. For 2025 it is taken from St Paul's first letter to the Thessalonians. Paul says: "Test everything; hold on to the good." (1 Thessalonians 5: 21). We pray that it will give us courage to be bold, seeking new ways of serving as the Body of Christ.

The apostle Paul addressed this letter to the congregation in Thessalonica. People from various countries lived in the wealthy harbour city, bringing different languages, lifestyles, cultures, philosophies and religions. That was both beneficial and challenging for society, as people were spoiled for choice, but also had a need to protect their own values and beliefs.

Testing is not about my own judgment but about aligning actions and beliefs with the life and teachings of Jesus Christ. Dr Martin Luther reminded us that the Word of God is the ultimate standard against which all doctrines, teachings, and practices must be measured. Therefore, knowing the Word of God, we have a truthful standard to measure against. Yes, all testing must be grounded in Scripture.

We live in a country which is challenged by the presence of many foreigners, migrants and refugees who desperately seek to find a home away from home. Poverty, unemployment, a lack of housing, just to mention a few social challenges affect our people to live a dignified life. These and many more challenges call on us to find ways to be church with and for the people.

It is by grace that we are God's people. It is through Him that we love and care. This we do by hosting strangers and by being hosted by strangers. By reaching out and welcoming strangers, we experience changed tables. But reality is that this unsettles us, but the new and changed enriches our being the Body of Christ

here and now. May this Assembly encourage and empower you to be His body here and now.

*The **ELCSA** (Cape Church) gathered for its synod on 18 to 21 September 2025 at St Martini Lutheran Church in Cape Town. Our topic was "Liturgy and Life". We deliberated on the connection between liturgy and life. Liturgy is how we publicly worship God, our Gottesdienst. But it is not first and foremost about us serving God; it is the Triune God serving us.*

May your General Church Assembly be a blessing to all.

3.7 **MOSIES (tot op datum waarop die agenda uitgestuur is)**

'n Mosie van roubeklag met die afsterwe van dienaars van die Woord, ampsdraers en lidmate wat sedert die 73ste AKV oorlede is, word deur die voorsitter gestel.

Daar word kennis geneem van die afsterwe van die volgende predikante:

2022

- * Ds MCE Botes
- * Ds DS Smit.

2023

- * Ds HJ Jansen van Rensburg
- * Ds LJ Meyer
- * Ds MJJ Redelinghuys
- * Prof LJS Steenkamp
- * Ds SJ Swanepoel
- * Ds AV van Staden
- * Ds WPF van Wyk.

2024

- * Ds H Aucamp
- * Ds JJC du Plooy
- * Ds MJ Fouché
- * Ds PJJ Kotzé
- * Ds T Snyman
- * Prof AG van Aarde
- * Ds JH van Staden.

2025

- * Ds TF Joubert
- * Dr WC Kloppers
- * Ds JH Prinsloo
- * Dr WA Strydom.

Daar word kennis geneem van die afsterwe van die volgende bekende figure in die Kerk:

2023

- * Mev Callie Engelbrecht, weduwee van wyle ds JJ Engelbrecht.
- * Mev Martie Hattingh, voorheen getroud met wyle ds FJH Buitendag.

- * Diak Sarie Herbst, diaken van Gemeente Lichtenburg.
- * Ds Andreas Kleynhans, voorheen predikant van die NHKA.
- * Ds Klaas Koning, voormalige predikant van die NHKA.
- * Raadslid Casper McDonald, lidmaat van Gemeente Rooihuiskraal.
- * Mev Ria Naudé, weduwee van wyle ds MJ Naudé.
- * Mev Eunice Smit, weduwee van wyle ds CJ Smit.
- * Mev Elsa Swanepoel, weduwee van wyle ds SJ Swanepoel.
- * Mev Joekie van der Westhuizen, eggenote van prof HG van der Westhuizen, voormalige predikant van die NHKA.
- * Oudl Hennie Willemse, lid van die Tugkomitee.

2024

- * Mnr Johannes Greyling, voormalige predikant van die NHKA.
- * Mev Rina Oosthuizen, werksaam by die Ouditafdeling.
- * Prof Adriaan Pont, voormalige predikant van die NHKA.
- * Mev Lucia Prinsloo, eggenote van ds Dappie Prinsloo wat vroeër predikant in die NHKA was, en ma van ds A Jansen van Rensburg.
- * Mev Babs Redelinghuys, weduwee van wyle ds MJJ Redelinghuys.
- * Mnr Boy Skosana, werknemer van die Sinodale Dienssentrum.
- * Oudl Frits Smit, jare lange lid van die Raad van Finansies en Kommissie van die AKV.
- * Mev Annetjie van Schalkwyk, weduwee van wyle ds JG du Plessis.

2025

- * Mev Marie Bloem, weduwee van wyle ds GN Bloem.
- * Ds GBM Madlala, emerituspredikant van die [MRCC](#) en pa van ds Oscar Madlala.
- * Mev Anthea Malan, voormalige werknemer van die Sinodale Dienssentrum.
- * Mev Corrie Meyer, weduwee van wyle ds LJ Meyer.
- * Mnr Jurie Wessels, voormalige werknemer van die Sinodale Dienssentrum.

3.7.1 PERSONALIA

Die volgende predikante en bekende kerkfigure het besondere prestasies behaal:

2022

- * Prof J Beyers is aangestel as adjunkdekaan in die Fakulteit Teologie en Religie by [UP](#).
- * Prof J Buitendag het by die *Fuller Theological Seminary* se Pasadena-kampus in Genève 'n lesing gelewer oor 'n ekoteologie wat wetenskaplik gefundeer en Bybelsgebaseer is.
- * Prof AB Geyser-Fouché het die *Dean's Merit Award* vir uitnemende navorsing ontvang.
- * Prof T van Wyk het die *Dean's Merit Award* vir uitmuntende onderrig ontvang.

2023

- * Dr JP Bester het die Gevorderde Kortkursus in Bestuurstrategie van die [NWU](#) se Sakeskool geslaag.
- * Prof CJ Beukes, voormalige predikant van die NHKA, het die Jacques van der Elst-prys ontvang vir die beste artikel wat in 'n bepaalde jaar in die *Tydskrif Vir Geesteswetenskappe* verskyn het.

- * Prof J Buitendag het die CLF-Elise Tempelhoff-toekenning vir omgewingsbewing en -geregtigheid ontvang.
- * Prof Y Dreyer het erelidmaatskap ontvang van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Dit word toegeken aan lede vir hul jarelange akademiese bydraes nadat hulle afgetree het.
- * Prof PJ Jordaan is verkies tot president van die [LXXSA](#). Die [LXXSA](#) is 'n internasionale vereniging wat jaarliks konferensies oor die studie van die Septuaginta hou. Prof Jordaan is 'n vertaler van sekere Deuterokanonieke boeke van die 2020 Afrikaanse Bybelvertaling en het as promotor opgetree vir verskeie doktorsale kandidate op hierdie boeke.
- * Prof Christina Landman ([VGKSA](#)) het erelidmaatskap ontvang van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Dit word toegeken aan lede vir hul jarelange akademiese bydraes nadat hulle afgetree het.
- * Ds DJD Taljard het die Gevorderde Kortkursus in Bestuurstrategie van die [NWU](#) se Sakeskool geslaag.
- * Prof E van Eck, voormalige predikant van die NHKA, is aangestel as rektor van *Knox College* in Toronto, Kanada.
- * Prof T van Wyk het die Romeense Parlement op uitnodiging toegesprek binne die breë tema van menseregte. Sy is ook as *senior fellow* by [IPSEC](#), wat by *Harvard Divinity School* (VSA) geleë is, benoem.

2024

- * Prof RA Denton is aangestel as medeprofessor in Praktiese Teologie aan [NWU](#).
- * Prof WA Dreyer se boek oor die geskiedenis van die Hervormde Kerk van 1824 tot 2024 het verskyn.
- * Dr A Janse van Rensburg is tydelik-deeltyds aangestel in die pos in die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Fakulteit Teologie en Religie aan [UP](#).
- * Dr RJ Jones het sy tweede PhD-graad aan [NWU](#) verwerf, dié keer in Kerkreg.
- * Dr RC Kok-Pretorius het haar PhD-graad in Semitiese Tale aan [UP](#) verwerf.
- * Prof T van Wyk het die MPhil in Besigheidsbestuur (Opsie: Verantwoordelike Leierskap) aan die [ALLI](#) by [UP](#) met lof geslaag. Vanweë die navorsing vir haar graad wat sy oor vroueleierskap gedoen het ('n stuk van haar navorsing het op die kerk en die NHKA gefokus), het [UP](#) haar genader om die hoofkoördineerder te wees van die ontwikkeling van [UP](#) se *Women Leadership Programme*.

2025

- * Dr CD du Toit het sy doktorsgraad in Nuwe Testament aan die Vrije Universiteit Amsterdam verwerf.
- * Prof AB Geyser-Fouché is bevorder tot volle professor by [UP](#).
- * Mnr Neels Jackson het 'n Kanseliersmedalje van [UP](#) ontvang.
- * Dr A Janse van Rensburg is voltyds aangestel as dosent in die Departement Sistematiese en Historiese Teologie aan [UP](#).
- * Prof Christina Landman ([VGKSA](#)) het 'n eredoktorsgraad van [UP](#) ontvang.
- * Ds Oscar Madlala van die [MRCC](#) het sy meestersgraad in strategiese kommunikasie aan [UJ](#) voltooi.
- * Dr Jack Seala Montja van die [MRCC](#) het sy PhD (in Sendingwetenskap) ontvang.
- * Dr CB Prinsloo het sy doktorsgraad in Historiese Teologie verwerf.
- * Dr MJ Slabbert het sy doktorsgraad in Nuwe Testament verwerf.

- * Ds JF van der Merwe is verkies as voorsitter van [VONKK](#).
- * Dr JR van Niekerk is voltyds aangestel as dosent in die Departement Nuwe Testament en Verwante Literatuur aan [UP](#).
- * Prof T van Wyk is bevorder tot die pos van departementshoof van die Departement Sistematiese en Historiese Teologie by [UP](#).

Die volgende predikante het 25 jaar in die bediening gevier:

2023

- * Ds AJ Hattingh
- * Ds W Olivier
- * Ds PJ Roets
- * Ds A Thomas
- * Ds JBJ van Deventer
- * Ds JA Young.

2024

- * Ds JA Jansen van Rensburg
- * Dr RJ Jones.

2025

- * Ds D Schmidt
- * Ds JM van Staden.

Die volgende predikante het 50 jaar in die bediening gevier:

2023

- * Prof LJS Steenkamp
- * Dr JA van Biljon.

2024

- * Dr HJ Botes
- * Ds JJH Engelbrecht
- * Ds JPJ Fourie
- * Ds JS Naudé
- * Ds WH Swart
- * Dr BJ van Wyk.

2025

- * Ds APJ Beukes
- * Dr PB Boshoff
- * Ds TH Janse van Nieuwenhuizen
- * Ds JB Schutte
- * Ds EJ Smit
- * Ds GJW van der Merwe
- * Dr JC van der Merwe
- * Ds J van Immerzeel.

Die volgende predikante het 60 jaar in die bediening gevier:

2024

- * Dr DJC van Wyk.

2025

- * Ds HN Botha
- * Ds LJJ Nell.

Die volgende predikante het 65 jaar in die bediening gevier:

2024

- * Ds GC van Staden.

2025

- * Prof JH Koekemoer.

Die volgende predikante het van lewenstaat verander:

2023

- * Ds PWAN Bester
- * Ds K Claassen.

2025

- * Dr WJ Jansen van Nieuwenhuizen.

Die volgende predikante het beroepe na ander kerke ontvang:

2023

- * Ds PS Dreyer ([GEKA](#))
- * Ds J Marx ([NGK](#))
- * Ds M Potgieter ([PCC](#))
- * Prof E van Eck ([PCC](#)).

2024

- * Ds BE Janse van Rensburg ([NGK](#))
- * Ds L Janse van Rensburg ([NGK](#))
- * Ds G van der Merwe ([ACK](#))
- * Ds M van Niekerk ([NGK](#)).

2025

- * Ds M Oosthuizen ([NGK](#)).

Die volgende predikante het toegetree tot die bediening:

2022

- * Ds L de Beer

- * Ds L Janse van Rensburg
- * Ds W Lötter-Matthee.

2023

- * Dr CD du Toit
- * Ds A McClintock
- * Ds DA van Rooyen.

2024

- * Ds JA Benadie
- * Ds D Cockeran
- * Ds I Hartmann
- * Ds T Maartens
- * Prop A van Deventer.

2025

- * Prop LJ Venter.

Die volgende predikante, predikanteweduwees en bekende kerkfigure het siekte ervaar, operasies ondergaan of was in ongelukke betrokke:

2022

- * Dr FJ Labuschagne het 'n operasie ondergaan.

2023

- * Mev Kitty Botha, weduwee van wyle ds TJ Botha, het haar femur gebreek en moes 'n operasie ondergaan.
- * Ds CJ de Bruin het 'n ligte hartaanval gehad.
- * Ds JPJ Fourie het gesondheidsprobleme ondervind.
- * Ds L Geel (sr) is met prostaatkanker gediagnoseer.
- * Ds TH Janse van Nieuwenhuizen het 'n driedubbele hartomleiding ondergaan.
- * Oudl Fred Paynter het ernstige voetbeserings opgedoen.
- * Ds PS Swanepoel het malaria opgedoen en is in die intensiewesorgeenheid van 'n hospitaal opgeneem.
- * Ds GPJ Stoltz het longontsteking opgedoen.
- * Prof IWC van Wyk se milt is weens kanker verwyder.
- * Mnr Kobus Viljoen, voorheen administrateur van die NHKA, het 'n knieervanging ondergaan, maar die prostese moes verwyder word omdat hy 'n kiem in die been opgetel het. Die knieervanging is voortgesit, maar daar het komplikasies ingetree en hy is weer gehospitaliseer.
- * Ds JF Wilson is in die hospitaal opgeneem met 'n hoë infeksietelling.

2024

- * Prof J Buitendag het 'n nekoperasie ondergaan.
- * Ds J de Beer is met nierprobleme gediagnoseer.
- * Ds CJ de Bruin het 'n galblaasoperasie ondergaan.
- * Ds L Geel (sr) het bestraling ontvang.
- * Ds JHH Jacobs is gehospitaliseer na 'n spinnekopbyt.
- * Ds HF la Grange het 'n opehartoperasie ondergaan.

- * Mev Jienie Oberholzer, weduwee van wyle prof JP Oberholzer, het gezondheidsprobleme ondervind.
- * Ds GPJ Stoltz en sy gesin was in 'n erge motorongeluk betrokke.
- * Oudl Anton Valks het gezondheidsprobleme ondervind.
- * Ds GJW van der Merwe het 'n operasie ondergaan.
- * Dr PJ van Staden het 'n knieervanging ondergaan.
- * Mnr Kobus Viljoen, voorheen administrateur van die NHKA, se knieoperasie kon weer nie plaasvind nie. Hy het 'n spierooringplanting op sy knie ondergaan.
- * Ds JF Wilson het verswak en is permanent in 'n rolstoel.

2025

- * Dr JP Bester het 'n knieervanging ondergaan.
- * Dr DJ du Toit het 'n kraniotomie ondergaan.
- * Mev Beatrix Kruger, weduwee van wyle ds PJ Kruger, was vir 'n tyd in 'n versorgingseenheid opgeneem.
- * Mev Edith Malan, weduwee van wyle ds MD Malan, is gehospitaliseer om vir infeksie behandel te word.
- * Ds EJ Smit het 'n hartomleiding ondergaan.
- * Dr AG Ungerer het 'n hartomleiding ondergaan.
- * Dr DJC van Wyk (sr) en sy vrou, Frieda, is albei siek.
- * Mnr Kobus Viljoen, voorheen administrateur van die NHKA, het 'n operasie ondergaan waartydens sy knieprostese vervang is.

Die volgende predikante, predikanteweduwees en bekende kerkfigure het geliefdes aan die dood afgestaan:

2022

- * Oudl Faan Beeslaar se broer.
- * Ds J Dippenaar se broer.
- * Ds MJ Fouché se broer.
- * Ds MS Kidson se oupa.
- * Ds PJO Pretorius se vrou.
- * Ds FH Ras se ma.
- * Wyle ds DS Smit se broer.
- * Mev Karin Steenekamp, visevoorsitter van die NHSV-Hoofbestuur, se seun.
- * Oudl Johan van Heerden se pa.

2023

- * Ds P Buitendag se vrou.
- * Ds JJH Engelbrecht se vrou.
- * Ds PS Esterhuizen se broer.
- * Ds MJ Fouché se ma.
- * Mev Wilna Gates, voorsitter van die [ADV](#), se man en ma.
- * Ds A Kloppers se ma.
- * Ds HF la Grange se pa.
- * Ds IM Lombard se pa.
- * Ds HF Louw se broer.
- * Ds HP Meyer se vrou.
- * Dr DJC van Wyk (sr) se skoonseun.
- * Ds GF van Wyk se skoonma.
- * Ds PF Viljoen se broer.

2024

- * Ds AJ Pienaar se ma.
- * Ds GS Botha se suster.
- * Dr AC Botma se pa.
- * Wyle ds WCM de Beer se broer.
- * Prof MJ du P Beukes se skoonsuster.
- * Mev Alta Buys, weduwee van wyle ds JH van Heerden, se man.
- * Wyle dr WJ Coetzer se ma.
- * Dr GC Lindeque se pa.
- * Ds M Meyer se ma.
- * Dr CB Prinsloo se broer.
- * Dr MJ Slabbert se pa.
- * Dr AG Ungerer se skoonpa, suster en neef.
- * Ds JF van der Merwe se skoonpa.
- * Ds CJ van Wyk se skoonma.
- * Oudl Gert van Wyk, voorsitter van die [ORK](#), se broer.
- * Proff IWC en Neltjie van Wyk se seun.

2025

- * Ds HN Botha se vrou.
- * Ds TL Botha se ma.
- * Prof JD Gericke se vrou.
- * Ds A Oberholzer se pa.
- * Dr C Pretorius se ma.
- * Ds JH Prinsloo se broer.
- * Dr PL Steenkamp se broer.
- * Dr P van Staden se vrou.
- * Prof T van Wyk se ma.

Die volgende heuglike gebeurtenisse word vermeld:

2022

- * Mev Mari-lizé en prof Johann Beukes se dogter het ses onderskeidings in Graad 12 behaal.
- * Ds CJ en mev Janeke de Bruin se dogter het vyf onderskeidings in Graad 12 behaal en sy was Hoërskool Wonderboom se toppresterder.
- * Ds J en mnr Alwyn Fourie het 'n babadogter ryker word.
- * Ds DS en mev Jeanett Jacobs het 'n kleindogter ryker geword.
- * Ds EM en mnr Wilhelm Jansen het 'n babaseun ryker geword.
- * Di JT Manders en JM Bevol-Manders se dogter het ses onderskeidings in Graad 12 behaal.
- * Ds AJ Pienaar het verloof geraak.
- * Dr WC en mev Susan van Wyk het 'n kleindogter ryker geword.

2023

- * Dr JP Bester het 'n kleinseun ryker geword.
- * Ds AC en mnr Neels Boshoff het 'n babadogter ryker geword.
- * Ds W Dykema se vrou het haar LLB-grad behaal.
- * Mnr Johan en mev Clarika Hattingh se seun is as onderhoofseun (akademies) en hoofseun van die koor van Afrikaans Hoër Seunskool aangewys. Hy het ook die Blou Bulle se Cravenweekspan gehaal.

- * Di HN en A Kloppers se twee seuns is twee weke uitmekaar in die huwelik bevestig.
- * Ds AJ Pienaar is in die huwelik bevestig.
- * Ds A en mnr Francois Pottas het 'n babaseun ryker geword.
- * Dr MJ en mev Hanlie Slabbert se seun het die SA Skaakkampioenskappe (Blitz) in sy ouderdomsgroep (onder 12) gewen.
- * Mev Erika en wyle dr WA Strydom het 'n kleinseun ryker geword.
- * Ds RL van der Westhuizen is in die huwelik bevestig.
- * Mev Alta van Heerden, weduwee van wyle ds JH van Heerden, is in die huwelik bevestig.
- * Ds PA van Jaarsveld is in die huwelik bevestig.
- * Dr WC en mev Susan Wyk het 'n kleinseun ryker geword.

2024

- * Prof J en mev Natasha Beyers se seun het verloof geraak.
- * Ds GS en mev Retha Botha het 'n kleinseun ryker geword.
- * Ds M en mnr Stephen Calder het 'n baba ryker geword.
- * Ds TF en mev Christina Dreyer het 'n kleinkind ryker geword.
- * Ds Y en mnr Morné de Lange het 'n babaseun ryker geword.
- * Dr CD du Toit is in die huwelik bevestig.
- * Ds PS en mev Sonja Esterhuizen het 'n kleinkind ryker geword.
- * Ds JPJ en mev Marita Fourie, en ds JLJ en mev Annette Smit het 'n kleindogter ryker geword.
- * Ds HS en mev Trudie Joubert het 'n kleindogter ryker geword.
- * Dr FJ en mev Mariëtte Labuschagne se dogter is in die huwelik bevestig.
- * Ds L en mnr Edu Lemmer het 'n babaseun ryker geword.
- * Ds N en mnr Matt Loftus het 'n babadogter ryker geword.
- * Ds W en mnr George Lötter-Matthee het 'n babaseun ryker geword.
- * Ds FJ en mev Lia Redelinghuys het 'n tweeling (kleinseuns) ryker geword.
- * Mev Annatjie en wyle ds GC Senekal het 'n kleindogter ryker geword.
- * Di BJ en M van der Walt se seun is in die huwelik bevestig.

2025

- * Prof JH en mev Anne Barkhuizen het hul 60ste huweliksherenking gevier.
- * Ds D Cockeran en prop A McClintock is in die huwelik bevestig.
- * Ds CJ en mev Janeke de Bruin se dogter het haar MSc in Veeartsenykunde verwerf.
- * Ds WA en mev Hananja Dreyer het 'n babaseun ryker geword.
- * Prof WA en mev Gerda Dreyer het twee kleinkinders ryker geword.
- * Ds W en mev Lelanie Dykema het 'n babaseun ryker geword.
- * Ds RP en mev Nadine Janse van Rensburg het 'n babaseun ryker geword.
- * Di HN en A Kloppers het 'n kleindogter ryker geword.
- * Mev Beatrix Kruger, weduwee van wyle ds PJ Kruger, se kleindogter het haar eie rekord in die paralimpiese spele verbeter.
- * Di JT Manders en JM Bevol-Manders se seun het sy PGDAS (nagraadse diploma in rekeningkunde) verwerf.
- * Dr C en mev Frieda Pretorius se dogter is in die huwelik bevestig.
- * Mev Christa en wyle ds WJ Steyn se kleindogter het Springbokkleure in golf verwerf.
- * Dr WC en mev Susan van Wyk het 'n kleindogter ryker geword.

Die volgende predikante en bekende kerkfigure het leed ervaar:

2022

- * Ds JP du Preez se seun het 'n noue ontkoming gehad toe hy van gryprowers weggejaag en in 'n ander voertuig vasgejaag het.

2023

- * Ds HP van den Berg se vrou het 'n hartomleidingsoperasie ondergaan.

2024

- * Ds JM Bevolo-Manders se ma het baie verswak.
- * Dr SM de Beer se pa het gesondheidsprobleme ondervind.
- * Oudl André Pieterse se vrou het 'n voetoperasie ondergaan.
- * Ds GSC Scheepers se vrou het 'n knieervanging ondergaan.
- * Ds WH Steyn se broer het 'n fratsongeluk gehad deurdat hy onder 'n trekker se wiel beland het en bekken- en ander breuke opgedoen het.
- * Dr JC van der Merwe se vrou het 'n heupvervangingsoperasie ondergaan.
- * Oudl Gert van Wyk, voorsitter van die [ORK](#), se ma het 'n beroerte gehad.

2025

- * Ds J de Beer se vrou het ligamente in haar voet geskeur en sy skoonpa het 'n beroerte gehad.
- * Oudl André Pieterse se broer het 'n hartaanval gehad.
- * Ds WM Shaw se dogtertjie, Sofia (3), het 'n hartoperasie ondergaan.
- * Mev Erika en wyle dr WA Strydom se dogter ontvang bestraling vir kanker wat na haar brein versprei het.

3.8 **TERMYNVERSLAG VAN DIE UITTREDENDE KOMMISSIE VAN DIE AKV**

3.8.1 **DANKWOORD**

Tydens die 73ste AKV (2022) is die volgende predikante tot die Kommissie van die AKV verkies: Prof WA Dreyer (voorsitter), di JF van der Merwe (skriba), L Geel (sr) (visevoorsitter) en JM Bevolo-Manders (viseskriba), dr SM de Beer en prof RA Denton.

Die volgende ouderlinge is tot die Kommissie van die AKV verkies: Oudle Faan Beeslaar, Daniel Esterhuizen, Joël Fourie, Simon Kotzé, Dries le Roux, Fred Paynter, André Pieterse, Johan van Heerden en Petro van Niekerk.

Administratief is die werksaamhede van die Kommissie ondersteun deur die sekretaris, dr WC van Wyk, en mev Karen Breedt, asook die personeel van die Sinodale Dienssentrum onder leiding van mnr Johan Hattingh.

Die Kommissie se werksaamhede is ook ondersteun deur die [SGB](#) onder leiding van dr FJ Labuschagne.

Die werksaamhede van die Kommissie is verder ondersteun deur verskillende komitees verantwoordelik vir die eksaminering van die proponente, kerklike kommunikasie, ekumene en skakeling met die owerheid.

Die Kommissie en Moderamen het maandeliks vergader en het aan al die opdragte van die 73ste AKV aandag gegee, en grootliks afgehandel.

Elke lid van die Kommissie, Moderamen, komitees en sinodale personeel word van harte bedank vir waardevolle insette, vriendelikheid en professionaliteit; asook elkeen se toewyding en diensbaarheid ter wille van die Hervormde Kerk en die Koninkryk van God.

3.8.2 HOE KAN ONS HELP?

Tydens die bosberaad van die Kommissie van die AKV wat aan die begin van 2023 plaasgevind het, is daar grondig besin oor die rol van die Kommissie. In beginsel is die opdrag van die Kommissie om

- * opdragte en besluite van die AKV uit te voer.
- * strategies leiding te gee aan die Kerk.
- * gemeentelike prosesse te fasiliteer.
- * 'n omgewing van hoop te skep.
- * profetiese getuigenis teenoor die samelewing te lewer.

Alle handelinge van die Kommissie moet aan die vereistes van die Kerkorde voldoen.

Die Kommissie het ook besin oor die eietydse uitdagings waarmee die Kerk gekonfronteer word. Dit het geblyk dat daar kommer bestaan oor

- * die tekort aan predikante.
- * teologiese opleiding.
- * min teologiese studente.
- * verlies aan lidmate.
- * finansiële druk op gemeentes.
- * funksionering van klein gemeentes.
- * vertrouensverhouding tussen die Kommissie, predikante en gemeentes.
- * liturgiese vernuwing.
- * nuwe bedieningsmoontlikhede.
- * jongmense in die Hervormde Kerk.

Tydens die bosberaad is besluit om die Kommissie in drie klusters te verdeel om onderskeidelik aan gemeentelike bediening, teologiese opleiding, asook finansies en administrasie aandag te gee.

Die bosberaad het as uitgangspunt gestel: *Hoe kan ons help?* Daarmee is die Kommissie, asook die Sinodale Dienssentrum, se fokus verskuif van beheer en kontrole na dienslewering. Daar is doelbewus aandag gegee om die sinodale aktiwiteite in terme van dienslewering te struktureer. Die bedoeling was om deur middel van toepaslike intervensies dit vir predikante en gemeentes makliker te maak om in 'n komplekse finansiële en regulatoriese omgewing, volhoubaar Kerk te wees. Dit is moontlik gemaak deur die integrasie van finansiële en administratiewe stelsels deur middel van die intra- en ekstrasnet.

3.8.3 MODERAMEN

Vanweë die omvang van die werk en uitdagings waarmee die Kommissie daaglik gekonfronteer word, het die Kommissie die werksaamhede tussen die Kommissie en die Moderamen verdeel. As uitgangspunt geld die beginsel dat die Moderamen verantwoordelik is vir die welstand van predikante en gemeentes.

Vanweë die kompleksiteit, sensitiwiteit en vertroulikheid van baie gesprekke, is die SGB en die Welstandsprogram tot stand gebring om die Moderamen se werksaamhede te ondersteun. Dit vind plaas deur middel van besoeke aan predikante en gemeentes, vertroulike gesprekke, en ondersteunende en multi-professionele dienste wat deur die SGB en die Welstandsprogram gelewer word.

Tydens die verslagperiode is daar met tientalle predikante en gemeentes gehandel. Prosesse ten opsigte van beroepe, samesmelting van gemeentes, samewerkende bediening en ontbinding van gemeentes is gefasiliteer.

Die SGB lewer elke maand volledig verslag aan die Moderamen, waarna verdere besluite en opdragte volg. Elke kwartaal dien die verslag weer voor die Kommissie van die AKV en word, waar nodig, predikante en/of gemeentes na die Kommissie opgeroep vir gesprek.

Die Hervormde Kerk is uniek in Suid-Afrika in terme van die omvang, professionaliteit en kwaliteit van die fasilitering, begeleiding en dienste wat deur die Moderamen en die SGB gelewer word.

3.8.4 FINANSIES

Daar is heelwat aandag gegee aan die finansiële welstand van gemeentes asook die Kerk in sinodale verband. Die Kommissie is diep bewus van die finansiële druk waaronder gemeentes verkeer. Die opdrag om te kyk na alternatiewe befondsingsmodelle (byvoorbeeld *sweeping*), insameling van sinodale offergawes en aanwending van bates het deurlopend aandag gekry, en sal aan die 74ste AKV voorgelê word.

Dit is 'n bron van groot dankbaarheid dat gemeentes van die Hervormde Kerk, ten spyte van die COVID-pandemie en finansiële druk waaronder talle lidmate verkeer, asook die daling in lidmaatgetalle, daarin kon slaag om finansiëel te oorleef. Dit blyk uit die onderstaande tabel:

TABEL 1: Finansiële oorlewing van gemeentes

	28 FEBRUARIE 2021	28 FEBRUARIE 2022	28 FEBRUARIE 2023
INKOMSTES			
Offergawes	155 057 830	157 771 115	146 349 421
Deurkollekties	13 771 654	15 039 644	19 647 872
Fondsinsamelings	23 633 491	29 612 977	35 258 834
Rente ontvang	8 617 568	9 905 074	12 940 979
Erflatings en skenkings	9 922 635	12 232 441	12 527 640
Ander inkomste	45 108 304	53 858 701	49 379 707
Totaal inkomste	256 111 482	278 419 951	276 104 453
UITGAWES			
Kerklike publikasies	989 199	1 199 114	524 887
Woordverkondiging	117 459 005	126 264 868	119 268 861
Barmhartigheid	2 222 830	1 807 865	2 947 124
Sinodale en rings-offergawes	23 430 654	22 830 062	22 690 107
Instandhouding	14 671 499	19 305 012	23 151 656
Admin – salarisse en lone	43 966 640	48 914 045	48 775 042

Ander bedryfsuitgawe	47 130 173	45 906 084	47 584 811
Totale uitgawes	249 870 000	266 227 047	264 942 488
Surplus	6 241 482	12 192 902	11 161 965

Gemeentes van die Hervormde Kerk het ook tans sowat R248 000 000 op belegging. Daarvan is 'n groot gedeelte op belegging in die Kerkgeld vir Kerkwerkfonds. Dit beteken dat daar tans jaarliks sowat R500 miljoen tot beskikking van gemeentes is om hulle dienswerk te lewer. Dit bring uiteraard mee dat deeglike ouditering van gemeentelike finansies uiters noodsaaklik is.

Die uitgesproke standpunt van die Kommissie van die AKV is dat daar 'n substansiële sinodale belegging opgebou moet word sodat die opbrengs vanuit beleggings kan help om die sinodale uitgawes te befonds, en dat die gemeentes nie die volle verantwoordelikheid daarvoor dra nie. Daarom word gemeentes wat ontbind aangemoedig om die opbrengs van die verkoop van geboue aan die Raad van Finansies oor te dra. Die strategie het daartoe bygedra dat die sinodale fondse tot meer as R50 miljoen gegroei het, en dit hou reeds die moontlikheid in om die verhoging van sinodale offergawes te beperk.

Ons is diep dankbaar vir die offerbereidheid van lidmate, die rentmeesterskap van kerkrade en veral dat God mildelik voorsien in die behoeftes van die Kerk, al weet ons dat daar gemeentes en predikante is wat vanweë spesifieke omstandighede swaar kry. Dit maak ons verantwoordelikheid om mekaar se laste te dra soveel groter.

3.8.5 KERKWEES

Sedert 1995, reeds 30 jaar gelede, het die Hervormde Kerk begin met 'n proses van introspeksie oor ons verstaan van kerkwees. Dit het konkreet gestalte gevind in die aanvaarding van die nuwe Kerkorde in 1997, waar (onder andere) Artikel III weggelaat is. Dit het ook gestalte gevind in 'n nuwe sendingbeleid, ekumeniese skakeling, liturgiese vernuwing, 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, Diensboek, Liedboek, liturgiese formuliere en [VONKK](#).

Verskeie AKV's het oor kerkwees besin en belangrike besluite geneem:

3.8.5.1 69ste AKV (2010)

Die AKV neem besluite oor die missionale en diakonale aspekte van kerkwees:

- * Ekklesiologiese kontoere vir die herskrywing van die Kerkorde (die Kerk as volk van God, huisgesin van die Vader, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees).

3.8.5.2 70ste AKV (2013)

Die verslag van die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat het gedien en gehandel oor

- * bediening in klein gemeentes.
- * rol van predikant.
- * begeleiding van predikante (kampe/retraite/toerusting).
- * brugbediening.

3.8.5.3 71ste AKV (2016)

Die AKV het gehandel oor

- * die Kerkspieël-onderzoek.
- * besluite oor kerkwees in die toekoms, gerig op die gemeenskap.
- * kerkwees in die voetspore van Christus, met nuwe korporatiewe identiteit van die voetewassing.

3.8.5.4 72ste AKV (2019)

Die AKV het besluite geneem oor

- * die Ring van Potchefstroom – Kerkwees in die toekoms.
- * sinergie en konsolidasie van gemeentes en ringe.
- * die afhandeling van Kerkordewysigings, insluitend die verwydering van die term *volkskerk*.

3.8.5.5 73ste AKV (2022)

Daar is besluite geneem oor kerkwees in die toekoms, insluitend

- * netwerkbediening.
- * samewerkende bediening met kerke in die buiteland.
- * samewerkende bediening met kerke in Suid-Afrika.
- * internetbediening.
- * pioniersbediening.
- * predikante met bedieningsbevoegdheid.
- * ouderlinge met bedieningsbevoegdheid.
- * andersoortige gemeentes.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar oor 'n lang tyd indringend oor kerkwees gehandel is, en dit het reeds 'n beduidende invloed op die karakter en roepingsbesef van die Hervormde Kerk uitgeoefen. Die Kommissie het in die afgelope termyn deurlopend, in terme van die besluite van die AKV, gemeentes begelei om kerk van die Here te wees en in die plaaslike gemeenskappe diensbaar te wees.

Dit het onder andere meegebring dat ringe en gemeentes gekonsolideer het, wat groter effektiwiteit en moontlikhede vir bediening geskep het.

3.8.6 TEOLOGIESE OPLEIDING

Een van die uitdagings waarmee die Kommissie van die AKV, die Kuratorium en Dosentevergadering die afgelope 30 jaar geworstel het, is teologiese opleiding. Dit het dikwels tot konflik gelei, soos blyk uit die kerkskeuring wat in 2010, nadat die AKV se besluit oor apartheid, aan die gang gekom het.

Die gesprek kan soos volg opgesom word:

- * Samesmelting van Fakulteit Teologie Afdeling A en B.
- * 2000 – [HTK](#) gevestig om eie teologiese aard en praktykvorming te verseker.
- * 2004 – Uitbreiding van die [HTK](#) goedgekeur.
- * 2010 – Vestig [THT](#).
- * 2019 – Skillspro/Nederskills opleiding van ouderlinge as pastorale hulp.
- * 2019 – Vestig [SRT](#).

- * 2020 – Verkoop HTS.
- * 2024 – Sewe dosente by HTK asook nuwe aanstellings by UP.

Die Kommissie is dankbaar om te rapporteer dat 'n lang en moeilike gesprek oor teologiese opleiding in die afgelope termyn, in 'n goeie gees verloop het. Daarvoor moet die Kuratorium bedank word, wat met verskillende rolspelers indringende gesprekke gevoer het en 'n voorstel geformuleer het wat by die 74ste AKV sal dien. Dit maak voorsiening vir beide akademiese opleiding aan 'n universiteit, en kerklike opleiding aan die HTK. Ons bedede is dat dit groot vrug sal meebring.

Dit is ook met groot dank dat die Kommissie kan bekend maak dat 'n lidmaat van die Kerk sowat R12 miljoen aan die Teologiese Opleidingsfonds van die Kerk in 'n testament nagelaat het. Die opbrengs van die bestaande beleggings van die Teologiese Opleidingsfonds en hierdie bemaking (in totaal sowat R25 miljoen) sal bydra tot die volhoubare befondsing van teologiese opleiding.

3.8.7 HERDENKING VAN HISTORIESE GEBEURE

Die Hervormde Kerk was bevoorreg om die afgelope tyd aan verskeie herdenkings van historiese gebeure deel te neem:

- * Die 200-jarige herdenking van die eerste AKV (1824 tot 2024).
- * Die 100-jarige herdenking van die Kerk se sending, saam met die MRCC (1924 tot 2024).
- * Die 80-jarige herdenking van die ingebruikneming van die eerste Afrikaanse liedboek (1944 tot 2024).
- * Die 1 700-jarige herdenking van die Belydenis van Nicea (325 tot 2025).
- * Die 100-jarige herdenking van Afrikaans as amptelike taal (1925 tot 2025), en ook die 90-jarige herdenking van die Bybel in Afrikaans (1933 tot 2023).

In dié tyd het verskeie gemeentes hulle eeufeste gevier. Die Hervormde Kerk is reeds vir eeue in Suidelike-Afrika gevestig, geroep om die evangelie van Jesus Christus aan die mense van hierdie kontinent te verkondig. Ons is dankbaar teenoor die Here vir sy sorg en seën oor eeue heen.

Verskeie konferensies en publikasies het aan hierdie sake aandag gegee, en sal ook tydens die AKV in uitstallings te sien wees.

3.8.8 BELYDENIS

Die 72ste AKV (2019) het soos volg besluit:

Die vergadering besluit, in lyn met 'n aanbeveling van die Dosentevergadering wat reeds in 2001 gemaak is, dat die wenslikheid van 'n eietydse kerke belydenisskrif verder ondersoek word om ons verstaan van die evangelie eietyds te verwoord.

Daar is die afgelope tyd heelwat gesprek gevoer oor die Kerk se belydenis, onder andere oor die uitverkiesingsleer, 'n uiteensetting van die Belydenis van Nicea en die Twaalf Artikels (wat in proses is), die Barmen-verklaring asook 'n eietydse belydenis.

Terwyl die Kommissie baie dankbaar is oor die gesprek oor die belydenis, weet ons dat die behoefte aan 'n eietydse belydenis in bepaalde konkrete omstandighede gebore is:

3.8.8.1 **Interne konflik**

In 1995 het 'n groep ampsdraers en lidmate van die Hervormde Kerk, wat later bekend geword het as die *steedsHervormers*, 'n *Eietydse Getuienis op Hervormingsondag* gepubliseer. In die dokument is 'n *vrk in die pad* aangedui. Die *Getuienis* is geskryf in die vorm van 'n belydenis. Die *Getuienis* handel onder andere oor uiteenlopende teologiese benaderings, asook verskille ten opsigte van die belydenisskrifte. Van die belydenisskrifte word gesê: *Ons is besorg en bedroef oor die verdraagsaamheid ten opsigte van uitsprake dat die belydenisskrifte nie ewig-geldende waarhede verwoord nie* (Getuienis 1995: 7).

3.8.8.2 **Staat van Belydenis**

Met die daaropvolgende AKV's was die interpretasie van en binding aan die belydenisskrifte telkens ter sprake. Uiteindelik het die spanning uitgeloop op kerkskeuring en die Hervormde Kerk is in 'n staat van belydenis geplaas. Die *Staat van Belydenis*, wat deur alle predikante van die GHG onderteken moet word, funksioneer vir die GHG in baie opsigte soos 'n eietydse, kerkeie belydenisskrif.

3.8.8.3 **Eksterne konflik**

Belydenisskrifte ontstaan normaalweg in tye van konflik en verandering. Dit was die geval tydens die kerkhervorming, maar ook in die 20ste eeu. In Suid-Afrika, te midde van politieke konflik en verandering, het die Belydenis van Belhar tot stand gekom. Die Hervormde Kerk het die politieke spanning eerstehands ervaar. Die versugting na stabiliteit en geloofsekerhede kan ook manifesteer in die behoefte aan 'n eietydse, kerkeie belydenisskrif.

3.8.8.4 **Teologiese diversiteit**

Hervormde teologie het deur die loop van die geskiedenis nooit in homogene sisteemdenke verval nie. Hervormde teologie is nie *streng gereformeerde* nie, maar eerder *reformatories* met waardering vir uiteenlopende stemme in die reformatoriese tradisie. In die Hervormde Kerk is daar ruimte vir konfessionele teologie, kritiese teologie, filosofiese teologie, en so meer. Te midde van diversiteit het misverstande ontstaan, en beskuldigings van teologiese vrysinnigheid. Veral navorsing oor die historiese Jesus het in die spervuur gekom, en nogmaals die aandrang op 'n eietydse, kerkeie belydenisskrif laat opvlam.

3.8.8.5 **Postmodernisme**

Die veranderinge wat postmodernisme meegebring het, laat baie mense voel dat daar geen vasstaande waarhede is nie; waarheid is relatief tot persoonlike menings en oortuigings. Sosiale en morele waardes verander voortdurend. Dokumente soos belydenisskrifte, wat *geloofswaarhede* artikuleer, word met suspisie bejeën. Vanselfsprekend is daar die verwagting dat 'n eietydse belydenisskrif 'n apologetiese funksie kan vervul om teenoor die tydsgees iets van die Christelike geloof te verwoord.

3.8.8.6 **Wetenskap**

Sedert die Kopernikaanse Rewolusie het verskeie industriële rewolusies plaasgevind. Ons beleef tans 4IR en 5IR. In die proses word godsdiens in die

algemeen en die uniekheid van die Christendom bevraagteken. God is vervang met lugversorging, tegnologie, rekenaars en algemene menslike sedelikheid. Die era waarin ons leef maak dit vir mense moeilik om die geloofstaal en Bybelse denkbeelde te verstaan. Vir baie mense maak die Bybel gewoon nie meer sin nie, omdat hulle nie die woorde verstaan nie. 'n Belydenisskrif wat dit in berekening sou bring, kan help om die Christelike geloof weer relevant te maak.

Die Kommissie van die AKV moes oor tyd heen die onstuimige waters van teologiese verskille en vrae oor Skrifbeskouing en die belydenis navigeer. Tydens die 74ste AKV sal beskrywingspunte dien wat moontlik kan bydra tot groter rustigheid en kerkeenheid. Ons bedes dat die Hervormde Kerk eendragtig sal bely en sal getuig van die geloof wat in ons leef.

3.8.9 SLOT

Uiteraard is hierdie oorsig oor die werksaamhede van die Kommissie uiters beperk. Daar kan nog heelwat gesê word oor die Hervormde Kerk se verhouding en verband met ander kerke wat dramaties verbeter het; asook die dienswerk van predikante en lidmate, en die enorme bydrae van gemeentes en die Kerk ten opsigte van barmhartigheid.

Ten slotte: Dankie aan elkeen wat vir die Kommissie van die AKV voorbidding doen, en vir elke ampsdraer en lidmaat wat met toewyding die Here dien.

Ons dank God vir sy genade, vir gawes, en vir geleenthede om die evangelie van Jesus Christus te verkondig, en om kerk te wees.

Vir bespreking en besluit.

Behandeling

van Verslae en Beskrywingspunte



DE
3

1. BELYDENIS EN KERK

1.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET BELYDENIS EN KERK VERBAND HOU

GELOOFSVERKLARING 2025

VERANTWOORDING

Die NHKA wil met *Geloofsverklaring 2025* teenoor ons medegelowiges, die mense van Suid-Afrika en die owerheid getuig van die hoop wat in ons leef.

Die Kerk kan nie swyg nie. Die oomblik van waarheid het aangebreek. Ons getuig dat die Koninkryk van God 'n werklikheid is. Ons roep elkeen in hierdie land op om die evangelie te glo en hulle tot God te bekeer (Markus 1: 15).

Die Kerk wil met *Geloofsverklaring 2025* ons diepe besorgdheid en bekommernis verwoord, veral ten opsigte van die volgende sake:

- * Ons is diep bekommerd oor die groeiende ekologiese krisis;
- * Ons is diep bekommerd oor die oorloë wat in verskillende kontinente woed en dreig om wêreldwyd te eskaleer;
- * Ons is diep bekommerd oor toenemende geweldsmisdaad in Suid-Afrika, veral teenoor vroue en kinders, ook op plase en in arm gemeenskappe;
- * Ons is diep bekommerd oor toenemende armoede en werkloosheid in Suid-Afrika en die res van die wêreld;
- * Ons is diep bekommerd oor korrupsie en wanbestuur in staatsinstellings wat die lewenskwaliteit en werksgeleenthede van die burgers van Suid-Afrika bedreig;
- * Ons is diep bekommerd oor dwaalleer wat deur sogenaamde godsdienstige leiers en kerke verkondig word, die misbruik van die evangelie ter wille van selfverryking, politieke invloed en kerke se legitimering van politieke ideologie;
- * Ons is diep bekommerd oor teologiese denke wat bydra tot die sekularisering van die samelewing, wat gelowiges verwar en die bestaan van God betwyfel.

GELOOFSVERKLARING

Die NHKA verklaar

STELLING 1: DIE WOORD VAN GOD

Jesus Christus, volgens die Heilige Skrif, is die unieke Woord van God na wie ons luister, by wie ons leer, aan wie ons gehoorsaamheid verskuldig is en op wie ons in lewe en sterwe vertrou.

Daar is geen ander bron vir die geloof en verkondiging buite en benewens die Woord van God nie.

Johannes 14: 6 en 7: Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.”

Johannes 10: 1: Dít verseker Ek julle: Wie nie deur die hek in die skaapkraal ingaan nie maar van 'n ander kant af inklim, is 'n dief en 'n rower.

Johannes 10: 9: Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uit gaan en weiding kry.

STELLING 2: GOD SE KONINKRYK

In en deur Jesus Christus maak God aanspraak op ons hele lewe.

In en deur Jesus Christus ervaar ons 'n vreugdevolle bevryding van die bande waarmee die wêreld ons bind, sodat ons in vryheid diensbaar kan wees aan God, aan mekaar en God se mense.

In en deur Jesus Christus skenk God uit louter genade aan ons vergifnis, en maak God ons deel van sy Koninkryk.

Daar is geen deel van ons lewe wat nie onder die heerskappy van Jesus Christus staan nie.

1 Korintiërs 1: 30: Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing.

STELLING 3: DIE KERK

Die Kerk is 'n gemeenskap van gelowiges, afgesonder vir diens aan God en mekaar.

As Kerk en kinders van God is ons mekaar se broers en susters in die geloof, en versorg ons mekaar in liefde.

Ons getuig met ons kerkwees dat die Kerk aan Christus alleen behoort.

Die Heilige Gees help ons om gelowig en gehoorsaam aan God te leef, in verwagting van die wederkoms.

Efesiërs 4: 15 en 16: Ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

STELLING 4: ROEPING VAN DIE KERK

God het die Kerk geroep en opdrag gegee om die werk van Christus voort te sit.

Die Kerk doen dit deur God se genade met Woord, lied en sakrament te vier; teenoor alle mense te getuig dat Jesus Christus die Here en die enigste hoop vir die wêreld is; en in liefde aan ons naaste diensbaar te wees.

Matteus 28: 19 en 20: Jesus het gesê: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

2 Timoteus 2: 9: Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boei soos 'n misdadiger, maar die woord van God kan nie geboei word nie.

STELLING 5: KERKREGERING

Jesus Christus is Hoof en Heer van die Kerk. As Here is Hy deur die Heilige Gees, die Woord en sakramente handelend teenwoordig in die Kerk.

Geen kerkleier of kerklike vergadering beskik oor buitengewone mag of bevoegdheid nie.

Die algemene priesterskap van die gelowiges impliseer dat die verkondiging van die evangelie 'n opdrag is wat aan die hele gemeente toevertrou is.

Matteus. 20: 25 tot 27: Jesus roep hulle toe nader en sê: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees.

STELLING 6: DIE OWERHEID

Owerhede is 'n gawe van God om te sorg vir geregtigheid en vrede in 'n gebroke wêreld, waarin die Kerk ook leef. Die Kerk erken met dankbaarheid dat hierdie gawe van God orde skep.

Die Kerk getuig teenoor die owerheid van God se heerskappy, van God se gebod en God se geregtigheid, sowel as die verantwoordelikhede van owerheid en onderdaan.

Die Kerk mag nie 'n instrument in die hande van die owerheid word, of die moraal van die samelewing ten dienste van menslike doelstellings aanneem nie. Geen wêreldbeskouing, politieke oortuigings of ideologie is bepalend vir die inhoud van die Kerk se verkondiging nie.

Geen owerheid het absolute seggenskap oor sy onderdane nie, en die owerheid is nie allesbepalend vir mense se geluk en welstand nie.

Ons vertrou op God, wat alle dinge in stand hou.

1 Petrus 2: 17: Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser.

VERBUM DEI MANET IN AETERNUM

BESKRYWINGSPUNT 1: KOMMISSIE VAN DIE AKV**GELOOFSVERKLARING 2025**

In die lig van die AKV se besluite van 2001, 2019 en 2022 oor die wenslikheid van 'n eietydse belydenis, aanvaar die 74ste AKV (2025) van die NHKA *Geloofsverklaring 2025* as riglyn vir

- * die Kerk se getuienis in die wêreld.
- * die Kerk se getuienis teenoor die owerheid.
- * die Kerk se roeping en dienswerk.
- * die Kerk se besluite en kerkordelike reëlins.
- * die Kerk se teologiese arbeid.

Die 74ste AKV besin oor die gebruik van *Geloofsverklaring 2025* in en deur die NHKA.

Die AKV se bede is dat *Geloofsverklaring 2025* die eenheid in die geloof en onderlinge liefde in die Kerk sal bevorder.

Motivering:

Die 72ste AKV (2019) het soos volg besluit:

Die vergadering besluit, in lyn met 'n aanbeveling van die Dosentevergadering wat reeds in 2001 gemaak is, dat die wenslikheid van 'n eietydse kerke belydenisskrif verder ondersoek word om ons verstaan van die evangelie eietyds te verwoord.

Die 73ste AKV (2022) het soos volg besluit:

Die 73ste AKV gee opdrag dat die Barmen-verklaring wat in 1934 in Duitsland tot stand gekom het, in Afrikaans vertaal word vir verdere oorweging, gesien die traumatiese en verwoestende omstandighede in Suid-Afrika. Grootse korrupsie, staatskaping, armoede en geweld roep die Kerk op om profetiese getuienis te lewer, en nie verder te swyg nie. 'n Aangepaste weergawe van die Barmen-verklaring kan hierin behulpsaam wees.

Daar moet onderskeid getref word tussen belydenis, belydenisskrifte, geloofsverklaring en getuienis:

- * Die term *belydenis* verwys na die ekumeniese belydenis soos dit deur die vroeë kerk verwoord is in die *Twaalf Artikels*, die *Belydenis van Nicea* en die *Belydenis volgens Athanasius* en opgeneem is in die *Diensboek van die NHKA*.
- * Die term *belydenisskrifte* verwys na die belydenisskrifte wat tydens die Kerkhervorming ontstaan het en die reformatoriese geloof verwoord. Van die talle belydenisskrifte wat in die 16de eeu ontstaan het, het die Kerk die Drie Formuliere van Enigheid (te wete die [NGB](#), [HK](#) en die [DL](#)) as normatief aanvaar en in die *Diensboek* opgeneem.

- * Die term *geloofsverklaring* bevat elemente van belydenis, maar staan nie op dieselfde vlak as die Kerk se belydenis of belydenisskrifte nie. Dit dien as openbare verklaring en beginselstandpunt van die Kerk in 'n tyd van kerklike, teologiese en/of sosio-politieke krisis.
- * Die term *getuienis* verwys na die Kerk se getuienis teenoor die owerheid en die samelewing ten opsigte van 'n spesifieke saak. Dit moet onderskei word van die algemene gebruik van die term *getuienis*, waarmee bedoel word dat die Kerk in die wêreld getuig van die evangelie van Jesus Christus.

Geloofsverklaring 2025 is beïnvloed deur die *Barmen-verklaring* wat die [EKD](#) op 29 en 30 Mei 1934 aanvaar het. Die [EKD](#) is 'n federasie van onafhanklike kerke, hoofsaaklik Luthers en Gereformeerd. Onder leiding van Martin Niemöller en Dietrich Bonhoeffer het die kerke in Barmen vergader om 'n geloofsverklaring op te stel. Die *Barmen-verklaring* is aanvaar, met die doel om die teologiese beginsels uit te spel wat as rigtingwyser sou dien in baie moeilike kerklike, teologiese en sosio-politieke omstandighede.

Die historiese agtergrond van die *Barmen-verklaring* is die opkoms van Fascisme in Europa voor die Tweede Wêreldoorlog. Fascistiese regerings in Duitsland, Italië, Spanje en Japan het politieke mag gesentraliseer, etniese minderhede onderdruk en gepoog om deur wetgewing beheer oor elke faset van die samelewing uit te oefen. Dit het die persoonlike vryheid van die landsburgers vernietig, en mense in vrees laat lewe. Politieke leiers het hulleself verryk en staatsinstellings soos die regbank en die polisie misbruik om hulleself teen vervolging te vrywaar en politieke teenstanders te elimineer. Politieke leiers het ook gepoog om die kerk te kaap en te misbruik om hulle ideologie en politieke agenda te bevorder. Dit het die vryheid, roeping en dienswerk van die kerk ingeperk en die reputasie van die kerk ernstige skade aangedoen.

Kerklik-teologies was die *Barmen-verklaring* 'n getuienis teen die liberale teologie wat nie net die Woord van God op losse skroewe gestel het nie, maar ook die kerk gedienstig aan Fascistiese ideologie en politiek gestel het.

Die *Barmen-verklaring* is aanvanklik deur Karl Barth (vanuit die Gereformeerde tradisie) asook Thomas Breit en Hans Asmussen (vanuit die Lutherse tradisie) opgestel. Dit moes die kerke help om in vryheid en met dapperheid teenoor die owerheid en die samelewing te getuig van Jesus Christus, en die hoop wat die evangelie aan elkeen bied.

Geloofsverklaring 2025 kan die Hervormde Kerk help om eietyds en teologies verantwoordelik teenoor die Suid-Afrikaanse owerheid en die samelewing te getuig. Die 74ste AKV kan, indien *Geloofsverklaring 2025* aanvaar word, oorweeg om dit

- * as herderlike skrywe te versprei.
- * in die openbare pers bekend te maak.
- * aan die President van Suid-Afrika beskikbaar te stel.
- * in kategeese en Bybelstudie te benut.
- * in die *Diensboek van die NHKA* op te neem.

Prof WA Dreyer stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 2: RING VAN SWELLENDAM**EIETDSE GETUIENIS**

Die ringsvergadering van Swellendam neem kennis van die beskrywingspunt van die Kommissie van die AKV ten opsigte van die *Geloofsverklaring 2025* wat steun op die vertaalde Barmen-verklaring as historiese dokument. Gemeente Outeniqua is van mening dat die sake wat Barmen aanspreek steeds relevant is vir die hedendaagse samelewing, maar dit verwoord nie meer die Kerk se eietydse teologiese verstaan van die Koninkryk van God nie.

Die ringsvergadering besluit om die AKV te versoek om onverwyld te begin met die opstel van 'n geloofsverklaring wat die eietydse getuienis van die Kerk sal verwoord in eenvoudige, moderne taal. Hierdie geloofsverklaring inkorporeer en word opgestel op grond van die huidige bedieningsvelde van die Kerk, te wete:

- * Viering
- * Gemeenskap
- * Diens
- * Getuienis.

Hierdie verklaring moet vanuit 'n koninkryksperspektief die getuieniskarakter van die Kerk omskryf in 'n samelewing wat ontaard. Elke stelling word uit die Woord gefundeer om die positiewe krag daarvan te bevestig.

Motivering:

Die Kerk se eietydse geloofsbelewenis en spiritualiteit behoort nou 'n sterk getuieniskarakter oor Jesus Christus as Woord van God, geset in eietydse taal, aan te neem. Die polemiese karakter van so 'n verklaring kan steeds in ondertoon figureer.

Die jonger geslagte in die Kerk erken en hou steeds in hulle geloofsdene vas aan die bekende van veral die Heidelbergse en Apostoliese, maar wil in die taal van vandag kan getuienis lewer van die koninkryks- en verhoudingskarakter van hulle geloofsbelewenis. Die Kerk behoort in 'n eietydse dokument hierdie brug te slaan.

Die hedendaagse samelewing word oorweldig deur massas inligting deur 'n al hoe effektiewer digitale medium wat toenemend as normatief aanvaar word. Hierdie medium en die gebruikers daarvan word die meester van die gebruik/misbruik van voorheen aanvaarde norme, selfs dié van die Christendom, om nuwe norme te vestig.

Die lidmate van die Kerk vind dit al hoe moeiliker om hulle geloofsbelewenis en opdrag in hierdie tye te kan verwoord.

Ons versoek die AKV om te besluit om indringend aandag te gee aan 'n eietydse verklaring wat bou op ons vorige belydenisskrifte en belydenisse, maar dan in eietydse taalgebruik wat die getuieniskarakter van die Kerk sal laat hoor.

VERGELYK BYLAE A: Ring van Swellendam: Eietydse getuienis.



Ds PJ Jacobs, die voorsitter van die Ring van Swellendam, stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 3: KOMMISSIE VAN DIE AKV

UITVERKIESINGSLEER

1. Die 74ste AKV neem met dank kennis van die studiestukke oor uitverkiesing wat in die huidige en resente AKV's se agendas opgeneem is.
2. Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om die studiemateriaal wat in die agenda van die AKV opgeneem word te benut as toerusting vir ampsdraers en lidmate.
3. Die Dordtse Leerreëls (DL) moet, soos enige ander belydenisskrif, as 'n historiese dokument beskou word. As menslike woorde oor God moet dit kontekstueel en met verantwoordelikheid geïnterpreteer word.
4. Die 74ste AKV (2025) besluit oor die gebruik van die eietydse verstaan van uitverkiesing, soos hieronder verwoord, in die Hervormde Kerk.
5. Ten opsigte van uitverkiesing bely ons hier en nou, en met groot vreugde, die volgende:
 - * Die bron van uitverkiesing is God self, en God se onverstaanbare genade en liefde vir sondige mense (Efesiërs 1: 3; Efesiërs 1: 6; Efesiërs 1: 12; Johannes 3: 16).
 - * Uitverkiesing lei ons tot lofprysing oor die heil wat in Christus aanbreek het (Efesiërs 1: 6).
 - * Uitverkiesing begin met God se besluit en keuse om vir die mens God te wees (Genesis 1: 26; Eksodus 3: 6 tot 8; Jeremia 30: 22). Saam met die Vader en die Heilige Gees, het God die Seun gekies om vir ons God te wees.
 - * Aan die kruis is Jesus Christus die mens wat deur God verlaat en verwerp is, om as mens God se straf op die mens se sonde te dra (Efesiërs 1: 7; 1 Timoteus 2: 3 en 4).
 - * Aan die kruis is Jesus Christus tegelykertyd die mens wat uitverkies is, in en deur wie die mens met God versoen is (Lukas 23: 35; 1 Petrus 2: 4; 2 Korintiërs 5: 19).
 - * Jesus Christus is plaasvervangend en tegelykertyd die mens wat deur God verwerp is en deur God uitverkies is.
 - * God se keuse vir die mens en Christus se verlossingswerk hef nie die mens se verantwoordelikheid op om vir God te kies nie (Deuteronomium 30: 19).

- * Christus is God se *ja* vir alle mense. Geloof in Christus is die mens se *ja* vir God. Deur geloof word Christus se dood en opstanding vir ons 'n werklikheid en is ons deel van God se uitverkore volk. Daarom kan ons net van uitverkiesing in Christus praat (Efesiërs 1: 4).
- * Uitverkiesing gaan nie net om individuele gelowiges nie, maar om die gemeenskap van gelowiges. God se voorneme om vir Hom 'n kerk te vergader (Efesiërs 1: 11), laat ons beseef wat genade is en dat die kerk vir God belangrik is.
- * As gemeenskap van gelowiges en uitverkore volk van God (Efesiërs 1: 11; Efesiërs 1: 13; Kolossense 3: 12) is die kerk van Christus geroep om die evangelie aan alle mense te verkondig, in die vaste oortuiging dat Jesus Christus vir alle mense gesterf het, en in die hoop dat mense deur die verkondiging en die werking van die Heilige Gees tot geloof sal kom (Efesiërs 1: 13 en 14).
- * Dié mense wat hulle verset teen die werking van die Heilige Gees en in ongeloof volhard, staan as gevolg van hulle sonde en ongeloof steeds onder die oordeel van God (Efesiërs 2: 1 tot 3).
- * Die Hervormde Kerk verstaan haarself as deel van die uitverkore volk van God wat in gehoorsaamheid aan God heilig en onberispelik (Efesiërs 1: 4) in God se teenwoordigheid wil leef, en daaglik met barmhartige woorde en daade wil getuig van God se liefde en genade wat in en deur Jesus Christus ons erfdeel is (Efesiërs 1: 18).
- * As Kerk verstaan ons dat ons uitverkies is om diensbaar te wees. As volk van God getuig ons van God se Koninkryk (1 Petrus 2: 9) en heerskappy wat met Christus se koms in hierdie wêreld sigbaar geword het; bid ons dat God se Koninkryk sal kom en roep ons mense tot geloof en bekering (Markus 1: 15). Ons liefde vir God en ons naaste roep elkeen op om die evangelie aan almal te verkondig, dissipels van mense te maak en barmhartigheid aan alle mense te bewys.

Motivering:

Die meegaande studiestukke dien as motivering, maar opsommend kan die volgende gestel word:

- * Uitverkiesing gaan wesenlik om God se besluit om God te wees, vir die mens God te wees en handelend met die mens besig te wees.
- * Uitverkiesing berus nie op 'n arbitrêre keuse van God vir of teen bepaalde individue nie, maar moet eerder verstaan word as 'n uitnodiging aan alle mense om in verhouding met God te leef, in en deur Jesus Christus.
- * 'n Bybelse verstaan van uitverkiesing gaan in die eerste plek om uitverkiesing in Christus.

- * Deur geloof kan ons in 'n nuwe verhouding met God leef; kan ons in die wêreld as sy volk leef, die evangelie verkondig en getuig van God se Koninkryk.
- * Die frase *in Christus* is meer as net 'n teologiese term; dit is 'n lewenstyl en 'n identiteit. Dit definieer hoe Christene hulself sien en hoe hulle met die wêreld omgaan. Deur *in Christus* te leef, ervaar gelowiges 'n diep verbintenis met God, met mekaar en hulself – 'n verbintenis wat ons bemagtig om as God se mense in 'n gebroke wêreld te leef.
- * Hiervolgens moet die kerk Christus se opdrag in Matteus 28: 19 en 20, om uit te gaan en dissipels te maak, met groter erns en toewyding aanpak. Hierdie siening beklemtoon die genade van God en tegelykertyd die verantwoordelikheid van mense om daarop te reageer, asook die kerk se verantwoordelikheid om die evangelie daadwerklik te verkondig.
- * Danksy God se keuse vir ons en omdat ons met Christus een is in sy dood en opstanding, kan ons met hoop en vreugde leef en maak dit ons bereid om in die voetspore van Christus te volg.
- * Bybelse gegewens oor uitverkiesing kan soos volg opgesom word:
 - ** Jesus Christus is reeds voor die skepping bestem om tegelykertyd die uitverkore en verwerpte mens te wees, wat vergewing van sondes en versoening tussen God en mens bewerkstellig het.
 - ** Individuele gelowiges word in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor God te wees.
 - ** Kollektief word mense die uitverkore volk van God. Onder die ou verbond was Israel God se uitverkore volk, en in die nuwe verbond is die kerk van Christus God se uitverkore volk.
 - ** Die uitverkorenes ontvang deur die Heilige Gees 'n verskeidenheid van gawes ter wille van dienswerk in God se koninkryk en die kerk van Christus.
 - ** Uitverkiesing gaan nie net om individuele redding nie, maar ook om diensbaarheid in God se Koninkryk. Die meeste voorbeelde van uitverkiesing deur God in die Bybel was mense wat vir 'n spesifieke taak of dienswerk geroep is, soos rigters, priesters, konings, profete, apostels, en so meer.

VERGELYK BYLAE B: Kommissie van die AKV: Uitverkiesingsleer.



Prof WA Dreyer stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 4: RING VAN CHRISSIESMEER

ORDINANSIE 1.3: VERANDERING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE

Ordinansie 1.3 van die Kerkorde bepaal:

1.3.1 Die kerk verander nie die tekste van die belydenisse en belydenisskrifte nie.

1.3.2 Die belydenisse en belydenisskrifte word voortdurend ondersoek en bestudeer in die lig van die normatiwiteit (gesag) van die Skrif.

In aansluiting hierby besluit die AKV om die vertaling van die belydenisskrifte in oorleg met kerke waarmee ons ekumeniese bande het, opnuut te ondersoek en aan te pak.

Motivering:

Alhoewel die Bybel se *teks* nie verander word nie, word die teks gereeld *vertaal*. In Afrikaans het ons reeds vier verskillende amptelike Bybelvertalings. Hierdie meerdere vertalings hou rekening met die ontwikkeling van die Afrikaanse taal sowel as die ontwikkeling in die wetenskap van vertaling. Die betrokke ordinansie behoort so ook ruimte te laat vir die belydenisse en belydenisskrifte om soortgelyke studie en deurlopende ondersoek te geniet.

Dr FJ Boshoff, die skriba van die Ring van Chrissiesmeer, stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 5: RING VAN CHRISSIESMEER

KOMMISSIE OM DIE BELYDENISSE EN BELYDENISSKRIFTE TE BESTUDEER EN, WAAR NODIG, NUUT TE VERTAAL

Die AKV stel 'n kommissie saam om die belydenisse en belydenisskrifte te bestudeer en, waar nodig, nuut te vertaal.

Motivering:

- * Die nuut-vertaling van die Apostolicum as geheel is 'n opdrag wat reeds 'n geruime tyd ontstaan. In die agenda van die 63ste AKV van 1993 is daar reeds sprake van hierdie opdrag. In vorige agendas, tot ten minste 1983, is daar telkens navrae oor bepaalde artikels wat hierdie opdrag aanspreek.
- * In opdrag van die AKV van die NHKA word 'n *Handleiding vir die belydenisgroep* in 2018 geskryf deur die werkgroep van SENTIK met dr Hannes Beukes as samesteller en hoofredakteur met die titel: *Die Here gaan saam met my: Belydenisgroep, Aanbieder*. Hoofstuk twee van hierdie handleiding hanteer die geloofsbelydenisse en belydenisskrifte waarin die kerkisante onderrig word oor, onder andere, die Apostoliese Geloofsbelydenis: *Die geloofsbelydenisse wat ons in die kerk het, is dus mensewoorde wat kort en kernagtig saamvat wat die Bybel ons leer oor die drie-enige God en sy verhouding met ons. Onthou dus, dit is mensewoorde. Daarom kan daar foute daarin wees. Die geloofsbelydenisse moet dus voortdurend aan die Bybel getoets word of dit reg is.* (Beukes, 2018: 27).

Uit hierdie uittreksel, wat die Kerk aan haar kerkisante ook leer, word die Kerk opgeroep om krities te bly kyk na die belydenisse. Op bladsy 26 word hierdie uittreksel ook gemotiveer deur die stelling: *Wanneer ek wil sê wat ek glo, moet ek die regte woorde gebruik, want anders weet ander mense nie presies wat ek bedoel nie.* Om eg te bly aan die Bybels-Reformatoriese teologie van die NHKA is dit juis nodig dat die Kerk minstens die belydenisse en belydenisskrifte voortdurend bestudeer en, indien nodig, ook hervertaal.

Dr FJ Boshoff, die skriba van die Ring van Chrissiesmeer, stel die beskrywingspunt.

2. KERK, RINGE EN GEMEENTES

2.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERK, RINGE EN GEMEENTES VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 6: KOMMISSIE VAN DIE AKV

ATTESTAAT

Die term *attestaat* word konsekwent in die Kerkorde vervang deur die term *bewys van lidmaatskap*.

Motivering:

'n Attestaat is in der waarheid 'n getuigskrif met besonderhede oor die leer en lewe van 'n lidmaat. 'n Bewys van lidmaatskap, daarteenoor, staaf bloot dat die betrokke persoon vanaf 'n sekere datum tot op 'n sekere datum lidmaat van 'n gemeente was en dat sy of haar naam in die gemeente se lidmaatregister opgeneem is. In 'n artikel in *Die Hervormer* het die Kerkargivaris, mnr Nándor Sarkady, reeds in 2011 daarop gewys dat die twee terme eintlik heel verskillende betekenis het, maar in die kerklike praktyk met mekaar vervloei het. Verder het prof AD Pont reeds in 1983 in 'n memorandum uitgewys dat 'n attestaat wat meer as ses maande oud is, eintlik van geen waarde is nie.

Die 64ste AKV het reeds in 1995 besluit om afstand te doen van attestate, aangesien dit as 'n *lomp en omslagtige werkswyse* uitgewys is. Indien 'n kerkraad wel om een of ander rede getuienis oor 'n lidmaat van 'n ander kerkraad wil aanvra, kan hulle dit spesifiek so aanvra.

Die bedoeling van die beskrywingspunt is dus bloot om 'n ou besluit van die Kerk nou kerkordelik te implementeer.

Kommentaar deur die Raad vir Kerkregtelike Advies:

Die Raad vir Kerkregtelik Advies is van mening dat die term attestaat nie verwyder word en vervang word met bewys van lidmaatskap nie. Daar is 'n wesenlike verskil tussen hierdie twee terme.

Dr WC van Wyk stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 7: KOMMISSIE VAN DIE AKV

DIE NAAM VAN DIE KERK IN ENGELSE KORRESPONDENSIE EN KONTRAKTE

Die 74ste AKV besluit om die Afrikaanse naam vir die Kerk (*Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*) ook in Engelse korrespondensie en kontrakte te gebruik, saam met die akroniem NHKA.

Motivering:

Die 68ste AKV het in 2007 die vertaling van die Kerk se naam in Engels as *Netherdutch Reformed Church of Africa* goedgekeur en geregistreer. In die praktyk het dit egter geblyk dat hierdie vertaling van die Kerk se naam enersyds onbekend en andersyds verwarrend is (veral met verskillende denominasies in die NGK-familie). Boonop lyk die Engelse akroniem (NRCA) heeltemal anders as die Afrikaanse akroniem (NHKA) wat sedert 2017 prominent in die nuwe korporatiewe identiteit (en dus alle korrespondensie) van die Kerk is.

Sedert die Kerk se hertoetreding tot die ekumeniese wêreld in SA en internasionaal die afgelope dekade, is die Afrikaanse naam en akroniem by voorkeur om die bostaande redes gebruik en gevolglik nou al goed bekend.

Hoewel die goedgekeurde Engelse vertaling van die Kerk se naam steeds ter verduideliking in sekere korrespondensie gebruik kan word, is dit beter om in amptelike korrespondensie, kontrakte en die registrasie van eiendomme konsekwent die Afrikaanse naam van die Kerk te gebruik om enige moontlike misverstande te voorkom.

Dr WC van Wyk stel die beskrywingspunt.

2.1.1

BESKRYWINGSPUNTE INSAKE ALTERNATIEWE BEDIENING**BESKRYWINGSPUNT 8: KOMMISSIE VAN DIE AKV****KOLLEKTIEWE VERSUS SELFSTANDIGE VERSTAAN VAN KERKWEES**

1. Die gemeente is die plaaslike verskyningsvorm van die Kerk (Ordereël 2).
2. Elke gemeente is tegelykertyd telkens deel van 'n ring en sinodaal deel van die NHKA (Ordinansie 2.1.1).
3. Die AKV erken dus die gemeente se reg tot besluit oor die bediening op daardie plek, maar bevestig ook dat ons as gemeentes van die NHKA onlosmaaklik aan mekaar verbind is en vir mekaar medeverantwoordelikheid neem. Ons dra mekaar se laste en vier mekaar se suksesse.
4. Die AKV erken die realiteit dat gemeentes as gevolg van verskeie faktore 'n verskil in aanslag in bediening sal hê, en skep vir mekaar ruimte daarvoor (Ordinansie 4.1.2 (vi)).
5. Hierdie eenheid in verskeidenheid noodsaak goeie en openlike kommunikasie tussen gemeentes in ringsverband en tussen ringe onderling.
6. Alhoewel gemeentes bereid moet wees om mekaar te laste te dra, erken die AKV die groterwordende realiteit dat daar beperkte bronne vir huidige en toekomstige bediening in gemeentes bestaan – 'n realiteit wat ook onbeperkte hulpverlening nie volhoubaar maak nie.
7. Die AKV bevestig dat bates van gemeentes nooit los gesien kan word van die groter kerkverband waarbinne die bates gerealiseer is nie.

- 8. Daarom handel gemeentes met hulle eiendom altyd volgens die kerkordelike voorskrifte en in belang van die Kerk.**

Motivering:

Ons kerkwees en gemeentewees moet gebeur in die spanningsveld van kollektiewe én selfstandige denke oor kerkwees. Gemeentes is aan mekaar verbonde soos wat die Kerkorde uitdruk, maar tegelyk is elke gemeente verantwoordelik vir die volhoubare bediening in daardie gemeente. Aangesien die kontekste van gemeentes dramaties verskil, vra die verskillende omstandighede 'n openheid vir verskille in bediening en bedieningstyl. Die finansiële realiteite van gemeentes het die gevolg dat onderlinge hulpverlening (hoe noodsaaklik en Bybels dit is) egter nie onbepaald kan voortduur nie. Tog is dit noodsaaklik dat gemeentes met mekaar en met hul bates bly handel volgens die onderling-ooreengekome werkswyse – die Kerkorde en besluite van die Kerk.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 9: KOMMISSIE VAN DIE AKV

STRUKTURELE VORME

- 1. Die Kerk aanvaar dat daar reeds 'n velerlei strukturele vorme bestaan wat kerkordelik gereël word wat vir gemeentes moontlikhede bied om die gemeente te struktureer (Ordinansies 2.7 en 2.8).**
- 2. Nuwe tendense in bediening en nuwe kontekste waarbinne 'n gemeente moet kerk wees, maak dit egter noodsaaklik dat daar ook bykomende moontlikhede geskep moet word. Geen lys van opsies sal ooit finaal afgesluit wees nie.**
- 3. Waar gemeentes uitdagings ten opsigte van voortgesette bediening beleef en die *status quo* nie langer in die gemeente gehandhaaf kan word nie, of waar die ringskommissie van oordeel is dat die *status quo* onvolhoubaar is, word die alternatiewe strukturele vorme met die implikasies van elke vorm aan die kerkraad en gemeente verduidelik (veral deur die werksaamhede van die **SGB**).**
- 4. Die Kommissie van die AKV word versoek om, na oorleg met die Raad vir Kerkregtelike Advies, waar en indien nodig, wysigings aan die Kerkorde aan te bring om ruimte te maak vir alternatiewe vorme van kerkwees.**
- 5. Die AKV verstaan dat strukturele wysiging meestal slegs langer oorlewing van 'n gemeente kan bewerk, maar dat dit nie noodwendig missionale groei in die gemeente se bedieningsvoetspoor tot gevolg sal hê nie.**

Motivering:

Die huidige Kerkorde bied reeds 'n hele aantal strukturele moontlikhede vir hoe 'n gemeente kan funksioneer en sy bediening kan organiseer – ook in samewerking

met ander gemeentes en kerke. In die afgelope jare het daar egter nuwe moontlikhede na vore gekom (onder andere as gevolg van die moontlikhede wat tegnologie vir bediening skep). Die Kerkorde moet in dié opsig nie beperkend wees nie, maar die ruimte bied om op kreatiewe maniere die gemeente se bediening te organiseer, en in die proses moontlikhede bied vir 'n verskeidenheid van vorme van samewerking tussen gemeentes en denominasies. Gemeentes moet egter altyd die beperkinge van die strukturele vorm van die gemeente verstaan. 'n Nuwe struktuur kan dalk oorlewingstyd vir 'n gemeente koop, maar dis uiteindelik bediening wat toekoms moontlikhede en groei kan oopsluit.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 10: KOMMISSIE VAN DIE AKV

ORDINANSIE 2.7: SAMEWERKING VAN GEMEENTES

Ordereël 2.7.1 word gewysig om voorsiening te maak vir meerdere redes wat formele samewerking tussen gemeentes wenslik kan maak.

Die bestaande formulering lui:

2.7.1 Twee of meer gemeentes kan saamwerk om 'n predikant te beroep.

Hierdie formulering word soos volg verander:

2.7.1 Twee of meer gemeentes kan saamwerk ter wille van effektiewe bediening.

Motivering:

Daar is talle redes waarom dit dikwels wenslik is dat twee of meer gemeentes formeel met mekaar sal saamwerk. In sommige gevalle kan samewerking dit moontlik maak om 'n predikant te beroep. In ander gevalle kan dit bloot wees om meer effektief te funksioneer, byvoorbeeld om goeie administrasie en verantwoordelike finansiële bestuur moontlik te maak of om kostes te bespaar. Samewerking hou nie in alle gevalle in dat 'n predikant beroep word nie.

'n Wysiging aan die huidige formulering van die Kerkorde moedig samewerking tussen gemeentes aan waar dit tot meer effektiewe bediening lei, en nie slegs wanneer gemeentes saam 'n predikant wil beroep nie. Die voorgestelde formulering voorkom ook die misverstand dat ons 'n *domineeskerk* is en bevestig dat 'n gemeente se bestaan gerig is op die bediening van die evangelie. Hiervoor aanvaar die volle gemeente en kerkraad verantwoordelikheid.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 11: KOMMISSIE VAN DIE AKV

EIETDSE BEDIENINGE

- 1. Alle gemeentelike bedieninge behoort ook 'n missionale dimensie te hê. Die beklemtoning van die missionale dimensie van elke**

gemeentelike bediening maak gemeentes se oë en harte oop vir hoe hulle in die gemeenskap werksaam kan wees en 'n voetspoor kan laat.

- 2. Gemeentes word aangemoedig om op grond van hulle eie konteks een of meer innoverende bediening/e te identifiseer waarop hulle kan fokus om in die gemeenskap 'n verskil te maak.**
- 3. Enige bestaande lys van moontlike innoverende bedieninge in en vanuit 'n gemeente word uitgebrei deur die Kommissie van die AKV soos omstandighede verander en geleenthede na vore kom.**
- 4. Die Kommissie van die AKV identifiseer persone wat reeds in sodanige innoverende bedieninge werksaam is om as hulp te dien vir gemeentes wat ook daardie bediening sou wou uitbou.**

Motivering:

Oor die afgelope paar dekades is gepoog om 'n missionale gerigtheid in die NHKA te vestig en te laat floreer. Gemeentes moet besef dat elke bediening ook 'n missionale dimensie behoort te hê – selfs al is dit nie die primêre intensie nie. Hoe dit egter in elke gemeente gestalte gaan kry, sal deur die konteks in en om die gemeente bepaal word. Gemeentes moet daarom luister na hulle gemeenskap om ook te ontdek hoe hulle 'n effektiewe bedieningsvoetspoor in die gemeenskap kan vestig. Daarom is innoverende moontlikhede van bediening vir die gemeentes 'n belangrike hulpmiddel in hulle besluite om hulle gemeenskap te raak.

'n Voorlopige lys van sulke bedieninge sou die volgende kon insluit:

- * Opwipbediening (*pop-up*-bediening) – 'n bediening waar daar op 'n meer informele manier uitgereik word na mense wat hulself nie noodwendig tuisvind in 'n gestruktureerde vorm van kerkwees nie.
- * Digitale bediening – 'n bediening waar verskillende digitale vorme en platforms gebruik word om die evangelie te verkondig.
- * Gesinsbediening – 'n bediening wat sterk fokus op die ondersteuning en toerusting van ouers en huisgesinne, wat tegelyk ook fokus op verskillende lewensfases waarin persone hulle bevind.
- * Heelheidsbediening – 'n bediening wat sterk fokus op die heelheid van die totale mens (liggaam, siel en gees) en die hulpverlening met die hantering en verwerking van stukkendheid wat in ons gemeenskappe te vind is.
- * Bediening in 'n konteks van diversiteit – 'n gerigtheid op mense van verskillende kulture en tale om aan hulle die evangelie van Jesus Christus te bring.
- * Ekologiese bediening – die kweek van 'n omgewingsbewustheid in en om die gemeente om op so manier ekologies sensitief te leef.
- * Gemeenskapsbetrokkenheid – 'n gerigtheid op die welsyn van die gemeenskap deur betrokke te wees by projekte wat die breër gemeenskap opbou.

- * Gebruik van kerkgebou as veeldoelige ruimte – die gebruik van verskillende geleenthede om die vaste eiendom van die gemeente tot die welwese van die gemeenskap waarbinne die kerk staan, aan te wend.
- * Ensovoorts.

Meeste van hierdie bedieninge word reeds in 'n aantal gemeentes in die praktyk beoefen. Predikante en ander leiersfigure in sulke gemeentes kan ander gemeentes behulpsaam wees met die vestiging van sodanige bediening in hulle eie kontekste.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 12: KOMMISSIE VAN DIE AKV

HANTERING VAN NIE-LEWENSVATBARE GEMEENTES

1. Die AKV aanvaar dat klein, middelslag en groot gemeentes in die Hervormde Kerk bestaansreg het.
2. Die Kerk aanvaar egter ook die uitgangspunt dat dit nie nodig of selfs wenslik is dat alle gemeentes van die NHKA moet/kan bly voortbestaan nie. Daar is eenvoudig tans te veel gemeentes vir die lidmaattal van die NHKA.
3. Samewerking met gemeentes van ander kerke in dieselfde reformatoriese tradisie word aangemoedig (soos reeds in vorige AKV's besluit: Besluit 99 van 71ste AKV).
4. By samesmelting val die vaste bates van een van die twee gemeentes die Kerk (sinodaal) toe. Die ringskommissie mag 'n versoek rig aan die Kommissie van die AKV om die bates of die opbrengs daarvan plaaslik aan te wend.
5. Indien dit blyk dat 'n gemeente as gevolg van gebrekkige hulpbronne en kundigheid nie langer in staat is om self die prosesse in die gemeente te bestuur nie, kan die Kommissie van die AKV in samewerking met die ringskommissie so 'n gemeente tydelik onder voogdyskap plaas om die nodige administratiewe- en bestuursprosesse te laat plaasvind.

Motivering:

Nie alle gemeentes van die NHKA lyk dieselfde nie – ook nie wat getalle, kapasiteit of finansies aanbetref nie. Daar moet ruimte wees ook vir hierdie verskeidenheid.

Tog is die realiteit dat die NHKA nie die huidige aantal gemeentes kan bly dra nie. Dis 'n noodwendigheid dat daar gemeentes gaan wees wat in die afsienbare toekoms nie langer as selfstandige gemeentes kan bly voortbestaan nie.

Daarom moet daar na alle werkbare opsies van samewerking/samesmelting met ander gemeentes of kerke gekyk word.

In die geval waar daar eiendom is wat verkoop word, moet daardie bate van die NHKA die Kerk in die breë bly dien en befonds. Dit kan egter die geval wees dat die plaaslike bediening uit daardie opbrengs befonds moet word. Daarom kan die

ringskommissie sodanige versoek aan die Kommissie van die AKV voorlê vir oorweging.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 13: KOMMISSIE VAN DIE AKV

BEFONDSING VAN BEDIENINGE

Die Kommissie van die AKV kry die opdrag om persone te identifiseer waar innoverende bedieninge reeds plaasvind wat die voetspoor van gemeentes uitbou. Indien nuwe bedieninge geïdentifiseer word, word ook kundige persone daarvoor aangewys. Hierdie bedieninge en die uitrol daarvan ook by ander gemeentes wat so sou besluit, word befonds vanuit die opbrengs van die bates wat deur samesmelting en ontbinding van nie-lewensvatbare gemeentes bekom is.

Lidmate word aangemoedig om ook testamentêre bemakings aan die Kerk na te laat vir die befondsing van die Kerk se bediening.

Motivering:

Om innoverende bedieninge te vestig vra kundigheid wat tot 'n sekere mate reeds in gemeentes bestaan, maar dit vra ook 'n finansiële inset wat nie altyd binne die vermoë van 'n gemeente is nie. Vir enige kans om groei in die Kerk se voetspoor te bewerk, is dit egter nodig om daardie bedieninge te befonds. Daarom behoort daardie bedieninge sinodaal befonds te word vanuit die opbrengs van die verkoop van eiendom wat nie plaaslik gebruik word nie. Op so 'n manier help 'n gemeente wat nie meer selfstandig kon voortbestaan nie die Kerk as geheel om steeds 'n voetspoor in ons wêreld te laat. Lidmate word aangemoedig om ook testamentêre bemakings aan die Kerk na te laat vir die befondsing van die Kerk se bediening.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

2.1.2 **SGB**

VERGELYK BYLAE C: **SGB Verslag.**



Vir bespreking en besluit.

---oOo---

3. BESONDERE AMPTE EN AMPSDRAERS

3.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET BESONDERE AMPTE EN AMPSDRAERS VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 14: KOMMISSIE VAN DIE AKV

AFTREEOUDERDOM VAN PREDIKANTE (65 JAAR)

1. Die *status quo* vir emeritaat op ouderdom 65 word behou.

- 2. Predikante mag na 65 steeds in gemeentes dienswerk verrig mits die betrokke predikant 'n voorgeskrewe sertifikaat van gesondheid (fisies, emosioneel, intellektueel) kan voorlê.**
- 3. Alle diensdoende predikante moet – ook ná emeritaat – jaarliks aan die vereistes van **VBO** voldoen.**
- 4. 'n Predikant kan ná emeritaat steeds lid van die Pensioenfonds bly mits hy of sy 'n werknemersbydrae van 7.5% of meer betaal en sonder dat dit enige verpligting vir 'n sinodale werkgewersbydrae op die Kerk plaas.**

Motivering:

Effektiewe bediening is vir die Kerk belangrik. Om soveel gemeentes moontlik sinvol te bedien, is opdrag gegee om ondersoek te doen na die moontlikheid van uitgestelde aftrede van ouderdom 65 tot ouderdom 70. Die moontlikheid van uitgestelde aftrede is ter sprake aangesien die getal diensdoende predikante steeds daal.

Boonop is daar heelwat predikante wat nie genoegsame aftreevoorsiening het om na emeritaat finansiële selfstandig te wees en bly nie. Om verskeie redes is baie predikante se pensioen nie genoeg om in hulle behoeftes te voorsien nie en is hulle dus gretig om na emeritaat aan te hou werk.

In die Kommissie se ondersoek is verskeie rolspelers oor die moontlike implikasies geraadpleeg. Die reëls van die Sanlam Sambreelfonds, insette van die Raad van Finansies asook die **SGB** en Welstandsprogram verdien aandag. Die saak van koste van voortgesette diens na emeritaat (of in pensioenfondstaal: uitgestelde aftrede) is ondersoek om te bepaal wat die gevolge daarvan kan wees op die individu asook die groep. Werkgewersbydraes tot die NHKA Pensioenfonds binne die Sanlam Sambreelfonds word tans befonds op 'n kollektiewe model waarvolgens alle gemeentes 'n bedrag per belydende lidmaat bydra, ongeag die hoeveelheid predikante wat die gemeente het of die aard van die predikant se diens in die gemeente (voltyds of deeltjyds). Dus, hoe groter die poel van deelnemende predikante, hoe meer geld moet namens werkgewers (gemeentes) oorbetal word. Indien die Kerk sinodaal moet voortgaan om werkgewersbydraes te betaal vir predikante wat na emeritaat voortgaan om in gemeentes te werk en as lede van die pensioenfonds aanbly, sal dit noodwendig die koste in die kollektiewe model verhoog en sal die verhoging per belydende lidmaat waarskynlik ook verhoog.

Wat ook in gedagte gehou moet word, is dat gemeentes by 'n predikant se emeritaat – veral na langtermynbediening in dieselfde gemeente – kan nodig hê dat daar vernuwing in denke kom, dalk ook in die uitvoering van die gemeente se bedieningsplan, en dat nuwe mense moontlik geaktiveer moet word om daarby betrokke te raak. Deur 'n nuwe predikant te beroep (in sommige gevalle 'n jong predikant) kan 'n gemeente dikwels nuwe inisiatiewe aanpak en sodoende volhoubare bediening in die gemeente bevorder. Hiermee word die waarde van die bediening voorafgaande aan 'n predikant se emeritaat hoegenaamd nie onderskat nie, maar word daar bloot gewys op die risiko dat 'n gevestigde en geïkoneerde bedieningspatroon wat sonder meer voortgesit word, die gemeente se groei en vooruitgang kan belemmer. Trouens, dit is die rede waarom dit standaardpraktyk is in groot maatskappye om die hoofuitvoerende beampte telkens na 'n aantal jare te vervang.

Sanlam Sambreelfonds en Raad van Finansies

Die normale aftreeouderdom van predikante is 65 en kan slegs deur 'n besluit van die AKV gewysig word.

Daar is reeds gewys op die redes waarom talle gemeentes hulle predikant na emeritaat weer beroep om die gemeente vir nog 'n paar jaar te bedien. Wanneer dit gebeur, betaal die gemeente slegs 'n ooreengekome traktament aan die predikant. Aangesien die Kerk kollektief verantwoordelikheid aanvaar vir die werkgewersbydraes tot die pensioenfonds, hou die gemeente aan om aan die Kerk sinodaal 'n vaste bydrae per lidmaat oor te betaal, hoewel die geëmeriteerde predikant geen voordeel daaruit trek nie. Volgens die huidige reëls van die pensioenfonds kan 'n predikant na emeritaat slegs lid van die pensioenfonds bly (*uitgestelde aftrede*) indien daar steeds maandeliks 'n werknemersbydrae én 'n werkgewersbydrae namens die predikant tot die fonds gemaak word.

Die beskrywingspunt stel voor dat die pensioenfonds se reëls gewysig word om voorsiening te maak vir die moontlike **uitgestelde aftrede van lede in die pensioenfonds**, mits die gemagtigde werkgewer dit goedkeur en sonder dat die gemagtigde werkgewer verplig word om ook 'n werkgewersbydrae te maak. Dit sal vir predikante wat na emeritaat steeds met dienswerk voortgaan en vir aftrede wil aanhou spaar, die geleentheid skep om lid van die pensioenfonds te bly – maar sonder dat die NHKA kollektief verantwoordelik is vir werkgewersbydraes wat die sinodale las vir gemeentes verder sal verswaar. Hoewel predikante dus na emeritaat kan aanbly as lid van die pensioenfonds, sal die NHKA kollektief slegs instaan vir werkgewersbydraes totdat predikante emeriteer (op die gewone ouderdom van 65, of met vervroegde emeritaat om watter rede ook al).

'n **Nuwe kategorie D** moet hiervoor in die spesiale reëls van die NHKA en verwante werkgewers se pensioenfonds geskep word om voorsiening te maak vir predikante wat na emeritaat as lede van die pensioenfonds wil aanbly. Dit is slegs moontlik indien die emeritus 'n werknemersbydrae van minstens 7.5% van sy of haar versorgingsvoordeel tot die pensioenfonds bydra. Predikante kan hierbenewens wel, soos in die verlede, vrywillige *ad hoc* bydraes tot hulle pensioenfonds maak.

Die beskrywingspunt affekteer dus nie die gewone ouderdom van emeritaat (65 jaar) nie. Na emeritaat vind die beroepsproses steeds in oorleg met die ringskommissie plaas, en is die goedkeuring van 'n beroep na 'n gemeente onderhewig aan goedkeuring van die Kommissie van die AKV. Die NHKA maak geen werkgewersbydraes namens predikante wat geëmeriteer het op ouderdom 65 of wat vervroegde emeritaat geneem het nie. Daar is ook geen groepsrisikodekking vir predikante wat na emeritaat as lid van die pensioenfonds wil aanbly nie. 'n Predikant wat na emeritaat in die pensioenfonds wil aanbly en in eie reg ook die risikodekking wil voortsit, moet binne 30 dae na emeritaat self die nodige reëlings met die onderskrywers van die risikodekking tref en moet self die premies vanuit hul eie bankrekening betaal.

Ds L Geel stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 15: KOMMISSIE VAN DIE AKV

OUERLINGE AS MEDEWERKERS IN DIE BEDIENING

1. **Gevorderde opleiding en bedieningsvaardighede word aan**

ouderlinge gebied om die bediening in plaaslike gemeentes, en veral in vakante werkruimtes, te ondersteun.

- 2. Ouderlinge word toegerus om nuwe modelle van kerkwees in vakante werkruimtes te ondersteun.**
- 3. Die gevorderde opleiding is spesifiek gerig op die werkopdrag van die ouderling soos vervat in Ordinansie 3.4.**
- 4. Die kerkraad doen in 'n tydperk van vakantskap by die plaaslike ringskommissie aansoek dat ouderlingsdienste onder toesig van die konsulent en die ring plaasvind.**
- 5. Die konsulent bly steeds vir die bediening van sakramente en die lei van kerkraadsvergaderings verantwoordelik.**
- 6. Voortgesette opleiding van ouderlinge geskied via die [HTK](#), [SGB](#), en Nederskills/Skillspro om ouderlinge toe te rus vir hul dienswerk.**

Motivering:

Die tekort aan predikante sowel as die hoë persentasie vakante werkruimtes, plaas toenemend druk op die werklading van predikante en die bediening van gemeentes.

Die beskrywingspunt het ten doel om die ouderling se gawes en funksies meer spesifiek te definieer vir interim omstandighede en aktief aan te wend, en nie om die amp hiërargies te orden nie.

Die beskrywingspunt het verder ten doel om gevorderde opleiding en bedieningsvaardighede te struktureer.

Die ring bepaal die behoeftes in ringsverband, en hou saam met die konsulent en in oorleg met die plaaslike kerkraad toesig oor die bedieningsaktiwiteite wat volgens die goedgekeurde bedieningsplan en begroting gebeur.

Ringe sowel as gemeentes kan na aanleiding van bepaalde behoeftes en uitdagings in 'n bepaalde ring of gemeente, preekvergunning met die oog op leesdienste aanbeveel. Ouderlinge het nie buite die konteks (jurisdiksie) van sy of haar ring bevoegdheid om leesdienste te hou nie.

Ouderlinge funksioneer steeds binne hulle verantwoordelikheid volgens Ordinansie 3.4:

Ouderlinge

- 3.4.1 *doen hulle dienswerk in ooreenstemming met die beloftes afgelê by bevestiging en die gemeentelike bedieningsplan***
- 3.4.2 *bestudeer gereeld die Bybel en dink na oor die aard en inhoud van die geloof aan die hand van die belydenisskrifte en die kerklike literatuur om hulle taak behoorlik te kan verrig***
- 3.4.3 *dra saam met die predikante medeverantwoordelikheid vir die bediening van die Woord en sakramente***

- 3.4.4 *rus die gemeente toe vir pastorale en missionale bediening*
- 3.4.5 *besoek die gesinne, lidmate en ampsdraers in die wyke in ooreenstemming met die gemeentelike bedieningsplan, waartydens die Bybel gelees, gebed en 'n kerklike gesprek gevoer word*
- 3.4.6 *besoek saam met die predikant die gesinne en lidmate in ooreenstemming met die gemeentelike bedieningsplan*
- 3.4.7 *besoek en ondersteun die gesinne en lidmate wat in beproewing verkeer of probleme ondervind, indien nodig, saam met die diaken of predikant*
- 3.4.8 *besoek nuwe intrekkers*
- 3.4.9 *spoor die kinders van hulle wyke aan en sorg dat hulle die eredienste en die gemeentelike aktiwiteite bywoon*
- 3.4.10 *gee self ook kategrese waar nodig*
- 3.4.11 *bevorder die opvoeding van die kinders van die Kerk*
- 3.4.12 *sorg vir die voortgesette toerusting van lidmate, en moedig hulle aan om by die dienswerk van die gemeente betrokke te raak*
- 3.4.13 *evangeliseer kerkvervreemdes en kerkloses*
- 3.4.14 *lei lees- en begrafnisdienste indien nodig*
- 3.4.15 *is medeverantwoordelik vir die ordelike bestaan van die gemeente*
- 3.4.16 *is saam met die diakens verantwoordelik vir die insameling van offergawes*
- 3.4.17 *doen konsistoriegebede en neem deel aan die liturgie soos in die Diensboek uiteengesit*
- 3.4.18 *stel 'n voorbeeld aan die gemeente deur self*
- (i) *eredienste getrou by te woon en deel te neem aan die sakramente*
- (ii) *huisgodsdienste te hou, die Woord van God ywerig te bestudeer en daarvolgens te lewe*
- (iii) *kerkraads- en gemeentevergaderings, en gemeentelike byeenkomste by te woon.*

MEDEWERKERS IN DIE BEDIENING	
INGESLUIT	UITGESLUIT
Ouderlinge	* Bediening van die sakramente soos bepaal deur die Kerkorde.
* doen hulle dienswerk in ooreenstemming met die beloftes afgelê by bevestiging en die gemeentelike bedieningsplan.	
* bestudeer gereeld die Bybel.	* Afneem van die

* dink na oor die aard en inhoud van die geloof aan die hand van die belydenisskrifte en die kerklike literatuur om hulle taak behoorlik te kan verrig. * dra saam met die predikante medeverantwoordelikheid vir die bediening van die Woord en sakramente. * rus die gemeente toe vir pastorale en missionêre bediening. * besoek die gesinne, lidmate en ampsdraers in die wyke in ooreenstemming met die gemeentelike bedieningsplan, waartydens die Bybel gelees, gebed en 'n kerklike gesprek gevoer word. * besoek saam met die predikant die gesinne en lidmate in ooreenstemming met die gemeentelike bedieningsplan. * besoek en ondersteun die gesinne en lidmate wat in beproewing verkeer of probleme ondervind, indien nodig, saam met die diaken of predikant. * besoek nuwe intrekkers. * spoor die kinders van hulle wyke aan en sorg dat hulle die eredienste en die gemeentelike aktiwiteite bywoon. * gee self ook kategese waar nodig. * bevorder die opvoeding van die kinders van die Kerk. * sorg vir die voortgesette toerusting van lidmate, en moedig hulle aan om by die dienswerk van die gemeente betrokke te raak. * evangeliseer kerkvervreemdes en kerkloses. * lei lees- en begrafnisdienste indien nodig. * is medeverantwoordelik vir die ordelike bestaan van die gemeente. * is saam met die diakens verantwoordelik vir die insameling van offergawes. * doen konsistoriegebede en neem deel aan die liturgie soos in die Diensboek uiteengesit. * stel 'n voorbeeld aan die gemeente deur self ** eredienste getrou by te woon en deel te neem aan die sakramente. ** huisgodsdienste te hou, die Woord van God	openbare belydenis van geloof. * Bevestiging van ampsdraers. * Bevestiging van huwelike.
---	--

	ywerig te bestudeer en daarvolgens te lewe.	
**	kerkraads- en gemeentevergaderings, en gemeentelike byeenkomste by te woon.	

Sinergie en groter samewerking onder gemeentes bied inderdaad bepaalde oplossings, maar oorbrug nie noodwendig die afstande tussen gemeentes nie. Die platteland stel in die besonder verskeie uitdagings in dié verband.

Gevorderde opleiding en toerusting geskied verder via die [HTK](#), [SGB](#) en Nederskills. Ouderlinge word op grond van laasgenoemde in staat gestel om spesialisfunksies kragtens die bediening te doen wat ook Woordverkondiging insluit. Diplomastudente wat by Nederskills afstudeer het, het verskeie praktiese geleenthede waargeneem waartydens Woordverkondiging gedoen is, en is behoorlik geëvalueer.

Ouderlinge beoefen dikwels ander beroepe, en gevolglik geskied die dienswerk van die ouderling ondersteunend en in oorleg met die plaaslike kerkraad, en is ook nie van vergoeding afhanklik nie.

Dr FJ Labuschagne en oudl Faan Beeslaar stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 16: RING VAN LOSBERG

GEFOKUSDE TOERUSTING VIR EMERITI

'n Onderzoek word gedoen na die gefokusde toerusting vir emeriti, met die oog op emeritusbediening van gemeentes.

Motivering:

- * Die AKV spreek met opregte dankbaarheid sy waardering uit vir die toegewyde diens wat ons emeriti oor baie jare in die gemeentes gelewer het en steeds lewer. Hulle wysheid en ervaring is 'n onskatbare bate vir ons Kerk.
- * Ons erken egter dat die konteks waarin ons gemeentes vandag funksioneer, merkbaar verskil van die verlede. Die uitdagings rakende missionale groei, effektiewe kommunikasie, en selfs die bestuur van materiële hulpbronne vereis dikwels gespesialiseerde kennis en benaderings. Terwyl die fundamentele roeping van die predikant onveranderd bly, het die klem en die benodigde vaardighede vir spesifieke bedieningstake ontwikkel.
- * Die vergadering stel voor dat die [SGB](#) 'n moontlike toerusting/diplomakursus aanbied wat 'n rol kan speel in die toerusting en die opgradering van vaardighede van emeriti wat aktief in gemeentes wil bly dien.
- * Hierdie toerusting kan fokus op die ontwikkeling van kort, doelgerigte modules of begeleidingssessies wat emeriti kan help om insigte te verkry en vaardighede te ontwikkel in die hedendaagse tendense en benaderings tot byvoorbeeld missionale werk, gemeenskapsbetrokkenheid, sosiale mediabedieninge of selfs basiese beginsels van batebestuur, waar dit relevant is vir hulle spesifieke bedieningstaak.

- * Die doel is nie om die waardevolle diens van emeriti te bevraagteken nie, maar eerder om 'n pragmatiese benadering te vind wat hulle in staat stel om hul gawes en ervaring op só 'n wyse aan te wend wat optimaal aansluit by die huidige en toekomstige behoeftes van gemeentelike bedieninge. Dit kan ook help om enige gevoel van ontoereikendheid wat mag ontstaan in die lig van nuwe uitdagings, te verlig.

Dr JP Bester, die voorsitter van die Ring van Losberg, stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 17: RING VAN WES-KAAPLAND

VERLOFREGLEMENT VIR PREDIKANTE

Die Verlofreglement vir Predikante bepaal by punt 3, Kraamverlof: Vir die vier maande kraamverlof is die predikant geregtig op 50% van haar totale vergoeding, uitgesluit reistoelaes, in die lig daarvan dat die predikant ook geregtig is om kraamvoordele van die Werkloosheidsversekeringsfonds te eis.

Die vergadering versoek die Kommissie van die AKV dat hierdie saak binne een jaar ondersoek word ten einde die reglement te hersien sodat die predikante beter ondersteuning, versorging en finansiële vergoeding tydens kraamverlof ontvang.

Motivering:

Die huidige reglement bepaal dat die predikant se inkomste verhoog kan word deur Werkloosheidsversekering te eis. Tans is dit 'n baie moeilike en uiters moeisame proses om van die Werkloosheidsversekering te eis, en is dit onbillik om te verwag dat predikante daarvan afhanklik moet wees vir hul versorging tydens kraamverlof.

Ds L Lemmer, die skriba van die Ring van Wes-Kaapland, stel die beskrywingspunt.

3.1.1 KURATORIUM VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

VERGELYK BYLAE D: Kuratorium: Verslag.

Vir bespreking en besluit.

BESKRYWINGSPUNT 18: KURATORIUM

VERKORTING VAN STUDIEJARE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

Na aanleiding van die versoek deur verskeie vergaderings om ondersoek in te stel na 'n verkorte teologiese opleiding, stel die Kuratorium die volgende beskrywingspunt voor:

1. Die AKV besluit dat teologiestudente van die Kerk minstens 'n vierjarige kwalifikasie in teologie verwerf; met Grieks en Hebreeus op minstens tweedejaarsvlak; asook die voorgeskrewe aantal voorgraadse modules aan die **HTK**.
2. Die AKV gee opdrag dat die **HTK** 'n beroepsgerigte Lisensiaat in Teologie ontwikkel wat as voorvereiste gestel word om as predikant van die NHKA georden te word.
3. Die AKV verwag van teologiestudente wat toegelaat is tot die Lisensiaat, dat hulle vir die tydperk van lisensiaat in 'n gemeente werk onder toesig van 'n mentorpredikant.
4. Teologiestudente is beroepbaar ná afhandeling van die Lisensiaat in Teologie en die dienstydperk in 'n gemeente.
5. Die **HTK** kry opdrag om studente tydens hul voorgraadse studies grondig voor te berei vir bediening in gemeentes.
6. Wysigings word in Ordinansie 3.2.1 van die Kerkorde gemaak om soos volg te lees:

Opleiding en vorming van predikante:

Voornemende predikante van die Kerk word in goedgekeurde kursusse aan 'n universiteit of 'n tersiêre instelling wat deur die Kuratorium goedgekeur word, opgelei, in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege.

Die Kuratorium het in die afgelope termyn deeglik ondersoek ingestel na alternatiewe moontlikhede vir teologiese opleiding (vergelyk Beskrywingspunt 27 van die 73ste AKV). Die volgende moontlikhede is ondersoek:

- * Akkreditasie van die **HTK** as opleidingsinstansie.
- * Akademia as teologiese opleidingsinstansie.
- * Nederskills (Skillspro) as opleidingsinstansie.
- * Buitelandse universiteite en/of opleidingsinstansies.

Nie een van die genoemde moontlikhede het tot op datum 'n beter alternatief gebied as die kontrak wat die Hervormde Kerk met **UP** nie¹. Nadat die kontrak deeglik bestudeer is, is tot die slotsom gekom dat dit selfs meer moontlikhede inhou vir die NHKA as wat tot op datum ontgin is. Dit mag wees dat daar in die toekoms nuwe moontlikhede na vore kom, waarna die Kuratorium deeglik ondersoek kan instel na daardie alternatiewe.

Derhalwe het die Kuratorium se fokus verskuif na die versoek om ondersoek te doen na die verkorting van teologiese opleiding. Besluit 48 van die 72ste AKV het reeds opdrag hiervoor gegee:

Die Kommissie van die AKV, in oorleg met die Kuratorium en die dosente, ondersoek die moontlikheid van verkorting van die studiejare van teologiestudente.

¹ Meer besonderhede oor hierdie moontlikhede is beskikbaar in die Kuratoriumverslag in die agenda (vergelyk bl [192](#)).

Die verslag van die Kuratorium wat gedien het by die 73ste AKV het aangedui dat daardie opdrag nie uitvoerbaar was nie, maar in die vooruitsig gestel is vir die volgende termyn:

Die Kuratorium en die dosente het die moontlikheid van verkorting van die studiejare van teologiestudente ondersoek, maar kan in die huidige stadium nie die studiejare verander nie. Die Kuratorium het versoek dat die bespreking van die verkorting van die studiejare van teologiestudente by die scenario-beplanning gevoeg word met die oog op die toekoms van teologiese opleiding.

Tydens 'n Kuratoriumdag wat gehou is op 1 Augustus 2023, waarby lede van die Kommissie van die AKV en Dosentevergadering teenwoordig was, is verskeie aangeleenthede bespreek wat teologiese opleiding raak. Na hierdie gesprek, asook 'n buitengewone Kuratoriumvergadering gehou op 29 Augustus 2023, is die volgende voorstel na die Kommissie van die AKV deurgestuur:

Die Kuratorium stel voor dat 'n ondersoek begin word waar teologiese opleiding meer bekostigbaar word, met die minimum akademiese kwalifikasie van 'n [BDiv](#)-graad en voorgeskrewe modules by die [HTK](#).

Tydens 'n gesamentlike werkswinkel oor Teologiese Opleiding tussen die Kommissie van die AKV, die Kuratorium en Dosentevergadering, is die Kuratorium versoek om 'n beskrywingspunt vir die AKV voor te berei wat die moontlikheid daarstel dat teologiestudente 'n verpligte vier jaar opleiding ontvang aan 'n erkende universiteit, met 'n minimumvereiste van Grieks en Hebreeus op tweedejaarsvlak, en dan 'n beroepsgerigte opleiding aan die [HTK](#).

Motivering:

Met *vierjarige kwalifikasie in teologie* word bedoel 'n [NQF](#) vlak 8-kwalifikasie wat 480 krediete insluit. 'n Vierjarige kwalifikasie is gelykstaande aan 'n Honneursgraad in Teologie. Studente wat 'n akademiese loopbaan oorweeg of verdere studie wil doen, kan vir 'n [MTh](#)-graad inskryf.

Die Fakulteit Teologie en Religie aan [UP](#) bly, vanweë die lang geskiedenis wat daar tussen die NHKA en [UP](#) bestaan, asook die feit dat die [HTK](#) hier gesetel is, die voorkeuropleidingsinstansie van die NHKA. Teologiestudente gaan waarskynlik in die toekoms al meer opsies hê van instansies waar teologiese opleiding aangebied word. Die Kuratorium word gevra om kriteria daar te stel wat potensiële tersiêre opleidingsinstansies deeglik kan beoordeel. Dit bly vir die Kuratorium belangrik dat studente Bybels-Reformatoriese opleiding ontvang in die teologie.

Die begrip *Lisensiaat* (Latyn: *licentia docendi*) het 'n lang kerklike geskiedenis as 'n vorm van bevoegdheidsverklaring, veral waar kerklike vorming apart van akademiese kwalifikasies erken word. In verskeie kerklike tradisies, soos die *Church of Scotland*, die *United Church of Canada*, en die Gereformeerde Teologiese Kollege in Kampen, Nederland, word 'n *Licentiate in Theology* of soortgelyke term steeds gebruik om te erken dat 'n kandidaat hul kerkspesifieke opleiding voltooi het en tot die bediening toegelaat kan word – sonder dat dit 'n formele, geakkrediteerde kwalifikasie hoef te wees.

Die duur van die Lisensiaat in Teologie is minstens twee jaar.

Tydens die Lisensiaatstydperk word van kandidate verwag om alle verantwoordelikhede van 'n predikant na te kom, soos uiteengesit in die Kerkorde, met uitsondering van die bediening van die sakramente.

Dr JM van Staden stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 19: KURATORIUM

KERKORDEWYSIGINGS

Die volgende Kerkordelike wysigings word deur die Kuratorium aan die 74ste AKV voorgelê vir goedkeuring en implementering (die veranderinge word onderstreep):

3.2 PREDIKANTE

3.2.1.1 Kuratorium

Die Kuratorium hou opsig oor die teologiese opleiding van die Kerk.

(i) *Samestelling*

Die Kuratorium bestaan uit

- (a)** sewe lede waarvan ten minste vyf predikante moet wees
- (b)** die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege, 'n dosent van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria en 'n dosent van die Hervormde Teologiese Kollege met spreekreg
- (c)** so ver moontlik word drie lede van die Kuratorium herkies ter wille van kontinuïteit

(ii) *Werkopdrag*

Die Kuratorium

benoem, in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dosente in die teologie soos bepaal deur die Kerkorde

- (b)** fasiliteer die aanstelling van teologiesdosente aan die Hervormde Teologiese Kollege asook ander opleidingsinstansies, ooreenkomstig die bepalinge van die Kerkorde en ooreenkomste van die betrokke instansies
- (c)** sien toe dat studente van die Kerk wat tot die opleiding toegelaat word, aan die vereistes voldoen
- (d)** hou opsig oor die onderrig deur teologiesdosente en oor die vordering en gedrag van teologiestudente van die Kerk
- (e)** adviseer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die vergoeding van teologiesdosente van die Kerk

- | | |
|-------|--|
| (f) | adviseer die Raad van Finansies oor finansiële hulp aan studente van die Kerk |
| (g) | lewer na afloop van die akademiese jaar verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering |
| (h) | lewer verslag aan die gewone Algemene Kerkvergadering |
| (i) | adviseer die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die benoeming van lede vir die Proponentseksamenkommissie |
| (ix) | dien 'n naamlys van kandidate wat aan die vereistes vir die proponentseksamen van die Kerk voldoen by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in. |
| (iii) | <p>Werkwyse</p> <p>Die Kuratorium</p> <p>benoem by die eerste sitting 'n voorsitter en visevoorsitter uit die verkose lede</p> |
| (b) | benoem 'n dagbestuur bestaande uit die voorsitter, visevoorsitter en sekretaris. |
| (c) | bepaal die orde waarvolgens gewerk word en vergader minstens twee keer per jaar |
| (d) | kan sonder die adviserende lede vergader indien omstandighede dit vereis. |

Motivering:

* **Ordinansie 3.2.1.1 (i)(b)**

Sedert die 73ste AKV is daar tydelik-deeltydse dosente by die [HTK](#) aangestel. Hierdie uitbreiding in die Kerkorde maak voorsiening dat een dosent van die [HTK](#) ook sitting neem op die Kuratorium.

* **Ordinansie 3.2.1.1 (i)(c)**

Die Kuratorium het in die afgelope termyn verskeie uitdagings in die gesig gestaar vanweë 'n gebrek aan kontinuïteit en institusionele geheue. Hierdie beskrywingspunt het ten doel om kontinuïteit te verseker en institusionele geheue behoue te laat bly.

* **Ordinansie 3.2.1.1 (ii)(b)**

Hierdie kerkordelike verandering het ten doel om alle aanstellings van dosente, hetsy by openbare universiteite, die [HTK](#) of ander opleidingsinstansies, deur die Kuratorium te laat fasiliteer.

Dr JM van Staden stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 20: KOMMISSIE VAN DIE AKV**VBO VIR PREDIKANTE**

1. Alle diensdoende, nie-diensdoende en beroepafwagtende predikante, proponente en diensdoende emeriti moet jaarliks **VBO** deurloop en aan hulle kerkraad daaroor verslag doen. Kerkrade kan self by die **HTK** bevestig wat hulle predikant se **VBO**-status is.
2. Ringsvergaderings moet jaarliks die besonderhede oor predikante in die ring se voortgesette bedieningsopleiding en hulle **VBO**-status kontroleer en in die ringskommissie se verslag aan die ringsvergadering voorlê.
3. Die **HTK** hou 'n lys van geakkrediteerde predikante (wat die vereiste hoeveelheid krediete het en wie se **VBO**-status dus op datum is) op die ektranet beskikbaar.
4. Kerkrade wat oorweeg om te beroep, moet die **VBO**-status van die predikante wat hulle oorweeg om te beroep, nagaan en bevestig dat hulle **VBO**-status op datum is. Die verklaring wat 'n predikant aflê wanneer hy of sy 'n beroep aanvaar, word uitgebrei om voorsiening te maak vir die onderneming dat die predikant jaarliks aan die vereistes vir **VBO** sal voldoen.
5. Die Moderamen kan predikante wie se **VBO**-status nie op datum is nie, oproep vir gesprek onder die opsig.

Motivering:*** Vorige besluite van die AKV**

Die Hervormde Kerk verwag al vanaf die eeuwending van predikante om getrou **VTT** te deurloop. Besluite van die 68ste AKV (2007), 70ste AKV (2013) en 71ste AKV (2016) het bevestig dat die bywoning van die jaarlikse **VTT**-kursus verpligtend is vir alle diensdoende predikante, en dat kerkrade moet toesien dat die predikant die **VTT**-kursus bywoon. Die **HTK** bestuur reeds jare lank 'n puntestelsel waarvolgens predikante ook krediete ontvang vir verdere teologiese toerusting op verskillende maniere (deur byvoorbeeld artikels en boeke te lees of skryf, of deur ander kursusse en verwante opleidingsprogramme te deurloop).

Desnieteenstaande is daar 'n groot aantal predikante wat nie die jaarlikse **VTT** bywoon nie en ook op geen ander manier blyke gee dat hulle hulself verder toerus vir hulle ampswerk nie.

*** Steeds veranderende eise van die bediening**

Dalende lidmaattalle en demografiese verskuiwings van mense bring mee dat talle gemeentes hulle bedieningsplanne moet aanpas. In sommige gevalle beteken dit dat gemeentes nie in die afsienbare toekoms hul eie predikant sal hê nie. Dit kan gemeentes daartoe bring om samewerkingsooreenkomste met ander gemeentes te sluit of om met

nabygeleë gemeentes saam te smelt. Dit stel onmiddellik nuwe eise aan almal betrokke.

Die tekort aan predikante plaas al meer verantwoordelikhede op kerkraadslede en lidmate. Toerusting vir ouderlinge en funksionariesse (soos skribas, kassiere, administratiewe beamptes, ensovoorts) word onontbeerlik om te verseker dat die gemeente se dienswerk en pastoraat vrugbaar kan voortgaan terwyl deur die nodige finansiële administrasie ondersteun word.

In sommige gevalle word die vaste oorhoofse uitgawes verbonde aan kerklike eiendomme 'n las. Dit kan gemeentes noop om die eiendomme te verkoop, of om dit te verhuur, of om dit veeldoelig in te rig en deur die loop van die week vir ander doeleindes beskikbaar te stel. Uiteraard vra dit aanpassings aan die bekende manier van kerkwees.

Die kultuur van ons samelewing het oor die laaste paar dekades ingrypend verander. 'n Groot deel van die gemeenskap is nie meer lidmate van 'n tradisionele hoofstroomkerk nie. Baie mense verkies 'n losse assosiasie met 'n kerk eerder as vaste lidmaatskap met bewyse van lidmaatskap, maandelikse offergawes en betrokkenheid by gemeentelike strukture, hoewel hulle steeds gelowig is en met die kerk wil assosieer. Veral jonger mense leef in 'n virtuele werklikheid waar hulle kontak met ander mense eerder via elektroniese toerusting plaasvind as in fisiese byeenkomste met groot getalle ander mense. Die beskikbaarheid van regstreekse stroming maak dit selfs vir verafgeleë klein gemeentes moontlik om deel te hê aan eredienste, Bybelstudies en toerustingsgeleenthede in groot gemeentes ver vandaan.

Groter integrasie van die totale bevolking en groeiende armoede bring elke gemeente toenemend voor die vraag: Wat is ons roeping te midde van die nood om ons? Dit word onontbeerlik vir elke gemeente om hulle missionale roeping uit te leef – maar hoe?

Predikante moet toegerus word om hulle bediening in hierdie veranderende omstandighede aan te pas, en om die lidmate en ampsdraers van hulle gemeentes toe te rus vir nuwe uitdagings.

*

Etiese Kode

Tydens legitimasie en die ondertekening van die proponentsformule onderneem predikante onder meer om hulle aan die Etiese Kode van die Kerk te hou. Predikante se ampsbevoegdheid bevestig dat die NHKA so 'n persoon as predikant erken, en dit dra by tot die reputasie van die NHKA in die gemeenskap.

Die Etiese Kode vir predikante wil die goeie reputasie van die Kerk en ampsdraers beskerm, en verseker dat predikante in hul ampsbediening deurgaans aan hoë standaarde van professionele bevoegdheid en aanvaarde morele en etiese optrede sal voldoen. Dit strook met die beginsel van verantwoordbaarheid dat predikante verantwoording sal doen aan God, die NHKA en hul medemens vir hul roeping en werk as predikante. Dit sluit predikante se Woordverkondiging, pastorale werk, openbare optrede, die bestuur van die gemeente en wetsnakoming in.

Dit spreek vanself dat getroue **VBO** noodsaaklik is om op die hoogte te bly

van ontwikkelings op verskillende terreine. Bywoning van die jaarlikse VTT en ander beroepverwante toerusting is dus 'n etiese imperatief om predikante in staat stel om hul verantwoordelikhede na te kom.

*** Voortgesette professionele toerusting is verpligtend in alle professies**

VPO is van kritieke belang vir organisasies en hul lede, soos die HPCSA (medici en sielkundiges), COMENSA (afrigters en mentors), ECSA (ingenieurs), ACRP (Christelike beraders), CPSC, en Suid-Afrikaanse prokureurs, aangesien dit voortdurende bevoegdheid, professionele groei en voldoening aan etiese standaarde in vinnig ontwikkelende industrieë verseker. VPO stel professionele persone in staat om op hoogte te bly van nuwe wette, regulasies, tegnologieë en beste praktyke, wat lei tot verbeterde dienskwaliteit, openbare vertroue en professionele aanspreeklikheid. Vir regulatoriese liggame soos hierdie is VPO noodsaaklik om hoë standaarde van kundigheid, etiese gedrag en voortdurende verbetering te handhaaf, wat uiteindelik die publiek beskerm en verseker dat professionele persone relevant, ingelig en bekwaam bly in hul onderskeie velde.

Die Hervormde Kerk behoort VBO te omarm om te verseker dat ons predikante wat as leiers, geestelikes en spirituele beraders dien, steeds toegerus, ingelig en effektief bly in die bediening van hul gemeentes en gemeenskappe. In 'n voortdurend veranderende wêreld help VBO predikante om op die hoogte te bly met ontwikkelinge in die teologie, pastorale sorgtegnieke, etiese oorwegings en die wetlike vereistes wat hul bediening beïnvloed. Dit verbeter ook hul vermoë om geestesgesondheid, berading, leierskap en sosiale uitdagings aan te spreek, wat verseker dat hulle relevante, deernisvolle en ingeligte leiding bied. Deur voortdurende leer te bevorder, versterk die Hervormde Kerk haar predikante se geloofwaardigheid, verseker die Kerk professionele pastorale sorg, en handhaaf die Kerk hoë etiese en professionele standaarde, wat uiteindelik die geestelike en sosiale impak van hul bediening verhoog.

Dr WC van Wyk stel die beskrywingspunt.

3.1.1.1 Verkiesing van lede van die Kuratorium

Die vergadering word versoek om sowel rotasie as kontinuïteit in ag te neem by die verkiesing van die statutêre rade. Die Kuratorium word met volstrekte meerderheid verkies.

Ordinansie 4.4.4 (xii)(a) verwys:

Die Algemene Kerkvergadering

(xii) *kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie*

(a) *sewe persone, van wie minstens vyf predikante is, om te dien op die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding.*

Vir bespreking en besluit.

3.2 DOSENTEVERGADERING

VERGELYK BYLAE E: Dosentevergadering: Verslag.



Vir bespreking en besluit.

3.3 HTK

VERGELYK BYLAE F: HTK: Verslag.



Vir bespreking en besluit.

3.4 SRT

VERGELYK BYLAE G: SRT: Verslag.



Vir bespreking en besluit.

3.4.1 INVENTARIS VAN TEOLOGIESE STUDIESTUKKE

VERGELYK BYLAE H: Inventaris van teologiese studiestukke.



Vir bespreking en besluit.

---oOo---

4. VERGADERINGS VAN DIE AMPTE

4.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET VERGADERINGS VAN DIE AMPTE VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 21: GEMEENTE DELAREYVILLE (ONDERSTEUN DEUR DIE RING VAN MAQUASSI)

DIE PROSES VAN DIE VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE IN 'N GEMEENTE

Daar word in 'n erediens afgekondig dat die gemeente 'n lidmaat moet nomineer om as 'n kerkraadslid verkies te word. Die kerkraad behandel die nominasies en verkies 'n persoon met 'n konsistoriebesluit of op 'n kerkraadsvergadering. Die persoon se naam word dan vir twee weke in die erediens afgekondig en hy of sy word daarna bevestig.

Motivering:

Die proses om 'n kerkraadslid in 'n gemeente te verkies is te omslagtig en neem te lank.

Die gemeentevergadering word uitgeskakel by die proses omrede gemeentevergaderings ver uitmekaar is en sommige gemeentes net twee gemeentevergaderings per jaar het.

Hierdie werkswyse sal dit moontlik maak vir gemeentes om makliker en vinniger kerkraadslede te verkies en bevestig. Daar sal dan nie wyke in die gemeente wees wat vir maande sonder die nodige kerkraadslid hoef te wees nie, en die dienswerk van die ampte kan vinniger voortgaan.

Ds M Bacon stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 22: RING VAN OOS-KAAPLAND

VERKIESING VAN OUDERLINGE AS VOORSITTER EN SKRIBA VAN RINGSVERGADERINGS

Ordereël 4.2.3 (x) word gewysig sodat ouderlinge ook as skriba of voorsitter van 'n ring kan optree.

Motivering:

Die praktiese implikasie van die vereiste dat 'n predikant ringsvoorsitter of -skriba moet wees, maak dit onmoontlik om die rotasiebeginsel toe te pas. In kleiner ringe soos dié van Oos-Kaapland vul predikante soms vir jare aanmekaar dieselfde posisies aangesien daar net nie ander predikante beskikbaar is nie.

Die motivering gaan uit van die veronderstelling dat die ouderlinge 'n toenemend groter rol in die bediening van die evangelie aan mense moet speel. In baie kleiner gemeentes gebeur dit dan ook gereeld dat ouderlinge eredienste behartig en dat hulle hierdie taak uitstekend verrig.

Ds D Schmidt, die skriba van die Ring van Oos-Kaapland, stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 23: RING VAN ROODEPOORT

WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.2.3 (xii) MET BETREKKING TOT DIE VERKIESING VAN DIE LEDE VAN DIE RINGSVERGADERING OP DIE RINGSKOMMISSIE

Kies tydens die sitting een kerkraadslid uit elke gemeente (in stede van vier kerkraadslede) om saam met die voorsitter en skriba die ringskommissie te vorm, met inagneming van die beginsel dat 'n ouderling of diaken nie meer as drie jaar na mekaar gekies sal word nie.

Motivering:

- * Deur 'n kerkraadslid uit elke gemeente te verkies, word al die gemeentes in 'n betrokke ring op 'n deurlopende basis op die ringskommissie verteenwoordig.
- * Sodoende kan die ringskommissie beter op hoogte gehou word van verwickelinge in al die gemeentes.

- * Dit bevorder effektiewe kommunikasie na al die gemeentes, asook vroegtydige optrede deur die ringskommissie indien nodig.
- * Indien elke gemeente 'n kerkraadslid het wat op die kommissie dien, behoort gemeentes voortaan nie uitgesluit te voel wat die werksaamhede van die ringskommissie betref nie.
- * Die werkslading van die ringskommissie kan ook meer effektief verdeel word tussen meer lede.

Dr GCJ Nel, die skriba van die Ring van Roodepoort, stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 24: KOMMISSIE VAN DIE AKV

DIENSTERMYN VAN OUDERLINGE OP DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV

Die AKV gee uitsluitel oor die beginsel of ouderlinge twee of drie termyne agtereenvolgens op die Kommissie van die AKV kan dien. Ouderlinge wat tydens 'n dienstermyн verhuis en in die nuwe gemeente weer as ouderlinge verkies word, gaan voort met hul dienswerk op die Kommissie van die AKV.

Motivering:

Die Kommissie van die AKV oordeel dat Ordinansies 4.4.4 (vii) en 4.6.1 (ii) vatbaar is vir verskillende interpretasies oor die hoeveelheid termyne wat 'n ouderling agtereenvolgens op die Kommissie van die AKV kan dien.

Die Kommissie van die AKV oordeel dat dieselfde beginsel vir predikante sowel as ouderlinge behoort te geld, en dat ouderlinge dus hoogstens drie termyne agtereenvolgens op die Kommissie van die AKV kan dien.

Die Kommissie versoek die Raad vir Kerkregtelike Advies om Ordinansies 4.4.4 (vii) en 4.6.1 (ii) in die volgende Kerkorde só te verwoord dat dit enige moontlike verwarring voorkom.

Die amp van predikant word nie onderbreek wanneer die predikant van gemeente verwissel nie. Hoekom moet die amp van die ouderling onderbreek word? Indien 'n ouderlingslid van die gemeente verhuis maar steeds op die Kommissie dien, kan dit wel gebeur dat daar twee ouderlinge uit dieselfde gemeente op die Kommissie dien. Dit is seker nie in beginsel 'n probleem nie, aangesien die ouderlinge nie hulle gemeente op die AKV of Kommissie verteenwoordig nie, maar die amp.

Dr WC van Wyk stel die beskrywingspunt.

4.1.1 KOMMISSIE VAN DIE [ADV](#)

VERGELYK BYLAE I: Kommissie van die [ADV](#): Verslag.

Vir bespreking en besluit.



BESKRYWINGSPUNT 25: KOMMISSIE VAN DIE ADV**KINDERBESKERMING**

Die NHKA stel onomwonde dat die Christelike kerk 'n roeping het om op te staan en in te staan vir die regte van weeskinders en ander kinders wat deur die maatskaplike prosesse, soos bepaal in die Kinderwet, beskerm moet word. Alle pogings om die beste belang van hierdie kinders ondergeskik te stel aan politieke mag en ideologieë, moet in die sterkste moontlike taal verwerp word. Die NHKA moet hierdie saak ook deur die ekumeniese liggame waaraan ons behoort, verder voer.

Die NHKA se eie gemeentes moet opgeroep word om die omvang van maatskaplike probleme te besef, en betrokke te wees deur missionale diakonaat. Die barmhartigheidswerk deur gelowiges en gemeentes sal opnuut aandag moet kry om onder andere kinderbeskerming en kinderversorging te laat geskied. Dit moet deel uitmaak van die diakonaat se strategie vir die toekoms.

Motivering:

Sien bl [235](#).

Ds GPJ Stoltz, die sekretaris van die Kommissie van die ADV, stel die beskrywingspunt.

- 4.1.2 GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT: TOEKOMSTIGE FUNKSIONERING VAN DIE DIAKONAAT IN KERKLIKE VERBAND

VERGELYK BYLAE J: Komitee vir Diakonaat: Verslag.



Vir bespreking en besluit.

BESKRYWINGSPUNT 26: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT**KOMITEE VIR DIAKONAAT**

1. Die werk van die diakonaat word ingefaseer by die AKV. Gevolglik moet Ordereëls 4 en 9 gewysig word om verwysings na die [ADV](#) uit te haal. Verder word die werkopdrag van die [ADV](#) geïnkorporeer in die werkopdrag van die Kommissie van die AKV.
2. Die werkopdrag van die [ADV](#) word opgeneem deur die AKV, en die Kommissie van die AKV benoem 'n *Komitee vir Diakonaat* om die opdrag uit te voer en te organiseer.
3. Die samestelling van die Kommissie van die AKV word gewysig om sewe ouderlinge en twee diakens in te sluit.

4. Die Komitee vir Diakonaat word soos volg saamgestel:
 - * Die twee verkose diakens van die Kommissie van die AKV.
 - * Een predikantslid van die Kommissie van die AKV.
 - * Die sekretaris: Diakonaat (voorheen sekretaris van die **ADV**).
 - * Die Kommissie van die AKV kan hoogstens drie verdere persone benoem vir die Komitee vir Diakonaat. Die persone wat aangewys word om op hierdie komitee te dien, moet die beste persone wees om uitvoering te gee aan die opdrag van die komitee.
 - * Die komitee kan verteenwoordigers van die **NWO's** en ander lede met adviserende stem koöpteer.
5. Die Kommissie van die AKV delegeer spesifieke sake met betrekking tot barmhartigheidswerk en sinodale diakonale fondse aan die Komitee vir Diakonaat, met afhandelingsbevoegdheid.
6. Die Komitee vir Diakonaat doen verslag aan en maak aanbevelings aan die Kommissie van die AKV.
7. Die Kommissie van die AKV benoem lede van die Komitee vir Diakonaat en ander persone in hulle persoonlike hoedanigheid as lede van die volgende maatskappye sonder winsbejag:
 - * Die Kinderhuise van die NHKA.
 - * Rata Maatskaplike Dienste.
 - * Plesion.

Die diens as lede van die maatskappye word verder gereël deur die Aktes van Oprigting van die onderskeie maatskappye.

BESKRYWINGSPUNT 27: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT

WYSIGING VAN ORDEREËLS 4.5 EN 9.2

- 1.1 Ordereël 4.5 word gewysig deur punt (iii) wat tans na die **ADV** verwys, uit te laat. Die Ordereël sal dan soos volg lees:

4.5 Bykomende vergaderings wat deur afgevaardigdes van die ampte gevorm word, is die

- (i) Ringsvergadering
- (ii) Algemene Kerkvergadering

- 1.2 Dienooreenkomstig word die verwysing na die **ADV** ook uitgelaat by Ordereël 9.2 (v) sodat die Ordereël soos volg lees:

9.2 Toesig berus by die

- (i) Gemeentevergadering
- (ii) Kerkraadsvergadering
- (iii) Ringsvergadering
- (iv) Algemene Kerkvergadering
- (v) Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Motivering:

Dit is vir die barmhartigheidswerk in die Kerk belangrik dat diakens ook op die Kommissie van die AKV sal dien. Deur *ten minste twee diakens* in te voeg beteken dit dat daar selfs meer diakens gekies kan word om op die Kommissie te dien.

Dr MJ Jansen van Rensburg stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 28: GESAMENTLIKE KOMITEE VIR DIE HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT

WYSIGING VAN ORDINANSIES VAN DIE KERKORDE TEN EINDE 'N VERANDERDE STRUKTUUR VIR DIE DIAKONAAT OP SINODALE VLAK MOONTLIK TE MAAK

KOMITEE VIR DIAKONAAT

Die Komitee vir Diakonaat is 'n komitee van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat in opdrag van die Kommissie van die Algemene Vergadering die kollektiewe barmhartigheidswerk van die Kerk koördineer.

1. Ordinansie 4.7.1 word gewysig om soos volg te lees:

SAMESTELLING

Die Komitee vir Diakonaat word soos volg deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering saamgestel uit

- (i) twee diakens, verkieslik diakens wat op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dien
- (ii) een predikantslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
- (iii) eie Sekretaris: Diakonaat
- (iv) hoogstens drie ander lede benoem deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
- (v) Die Komitee kan verteenwoordigers van die **NWO's** en ander lede koöpteer met adviserende stem

2. Ordinansie 4.7.2 word gewysig om soos volg te lees:

WERKOPDRAG

Die Komitee vir Diakonaat

- (i) **onderneem studiewerk en besin oor barmhartigheidsdiens**
 - (ii) **beplan en bevorder die barmhartigheidswerk in en deur die Kerk**
 - (iii) **adviseer die Algemene Kerkvergadering, ringsvergaderings en enige ander vergadering van die ampte of liggame oor barmhartigheidswerk, gee riglyne vir die bevordering van barmhartigheidswerk en rus ringe, gemeentes en gelowiges daarvoor toe**
 - (iv) **benoem werkgroepe en subkomitees om spesifieke take te verrig**
 - (v) **skakel, waar nodig, met owerheidsliggame oor barmhartigheidswerk**
 - (vi) **behandel die verslae van die onderskeie organisasies sonder winsoogmerk by wie die Kerk betrokke is**
 - (vii) **neem kennis van die behoeftes van die organisasies sonder winsoogmerk wat hulp van die Kerk versoek en maak voorstelle aan kerklike liggame oor bydraes vir die diens van barmhartigheid of oor ander maniere waarop die Kerk bystand kan verleen**
 - (viii) **neem in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluite oor sinodale diakonale fondse**
 - (ix) **doen deurlopend verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.**
3. **Ordinansies 4.7.3, 4.8, 4.9 en 4.10 word in geheel geskrap. Enkele punte daaruit is reeds by die voorstel ter wysiging van Ordinansie 4.7 opgeneem.**
 4. **Ordinansie 4.2.1 (f) word gewysig om soos volg te lees:**

'n verteenwoordiger van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging met spreekreg.
 5. **Ordinansie 4.2.1 word gewysig deur paragraaf (g) by te voeg:**

(g) 'n verteenwoordiger van die Komitee vir Diakonaat met spreekreg
 6. **Ordinansie 4.2.2 (xxviii) word gewysig om soos volg te lees:**

behandel die mededelings van die Komitee vir Diakonaat
 7. **Ordinansie 4.2.2 (xxxi) word gewysig om soos volg te lees:**

vaardig persone af na toerustingsgeleenthede wat deur die Komitee vir Diakonaat gereël word

8. **Ordinansie 4.2.2 (xxxii) word gewysig om soos volg te lees:**

doen verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor barmhartigheidsdiens in die ring
9. **Ordinansie 4.2.2 (xxxiii) word gewysig om soos volg te lees:**

skakel, waar nodig, met owerheidsliggame oor barmhartigheidswerk, in oorleg met die Komitee vir Diakonaat
10. **Ordinansie 4.2.3 (xix) word gewysig om soos volg te lees:**

reël watter afgevaardigde uit die ring 'n memorandum, studiestuk, voorstel, versoekskrif of beskrywingspunt wat vir deursending aanvaar is, tydens die Algemene Kerkvergadering sal toelig en motiveer
11. **Ordinansie 4.4.2 word gewysig om soos volg te lees:**

Emeriti, beroepafwagtende predikante en proponente, en lede van die Raad vir Kerkregtelike Advies, almal met spreekreg.
12. **Ordinansie 4.4.4 (iii) (d) word geskrap.**
13. **Ordinansie 4.4.4 (vii) (b) word gewysig om soos volg te lees:**

uit die aanwesige kerkraadslede

* nege lede, waarvan sewe ouderlinge en twee diakens moet wees

* nege sekundi, waarvan sewe ouderlinge en twee diakens moet wees, wat om die beurt gebruik kan word
14. **Ordinansie 4.4.4 (xvii) word geskrap.**
15. **Ordinansie 4.6.1 (iv) kan gewysig word om soos volg te lees:**

Die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
16. **Ordinansie 4.6.1 (v) word bygevoeg om soos volg te lees (en die verdere nommers skuif elk een aan):**

Die sekretaris vir diakonaat met spreekreg.
17. **Ordinansie 4.6.2 (viii) word gewysig om soos volg te lees:**

gee leiding aan en hou opsig en toesig oor ringsvergaderings, rade, komitees en werkgroepe
18. **Ordinansie 4.6.2 (xvi) word gewysig om soos volg te lees:**

benoem 'n Proponentseksamenkommissie in oorleg met die Kuratorium, een lid van die Kommissie van die Algemene

Kerkvergadering vir die Raad van Finansies, en benoem 'n Komitee vir Diakonaat

19. Ordinansie 4.6.2 (xxii) word gewysig om soos volg te lees:

benoem persone wat in persoonlike hoedanigheid as lede van die maatskappye sonder winsoogmerk by wie die Kerk betrokke is, dien

20. Ordinansie 8.1.1.3 word gewysig om soos volg te lees:

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hou opsig oor predikante, die lede van vergaderings van ampte op ringsvlak, en lede van rade en komitees van die Algemene Kerkvergadering.

21. Ordinansie 8.1.3.6 word gewysig om soos volg te lees:

'n Beswaarskrif teen lede van rade en komitees van die Algemene Kerkvergadering, en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingedien en afgehandel.

22. Ordinansie 8.3 (iii) word gewysig om soos volg te lees:

die Tugkomitee oor predikante, lede van vergaderings van die ampte in die ring, lede van vergaderings van die rade van die Algemene Kerkvergadering en lede van die rade en komitees van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

23. Ordinansie 8.9.3 word gewysig om soos volg te lees:

'n Predikant, lede van vergaderings van die ampte van 'n ring, vergaderings van rade van die Algemene Kerkvergadering of lede van rade of komitees van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat deur die Tugkomitee skuldig bevind is, kan 'n beroep op die Sekunduskommissie van die Algemene Kerkvergadering doen om die bevinding van die Tugkomitee te heroorweeg.

25. Ordinansie 9.1.1.5 word geskrap.

25. Ordinansie 9.1.1.6 word gewysig om soos volg te lees:

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ten opsigte van sinodale belange en kollektiewe barmhartigheidswerk indien die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie.

26. Ordinansie 9.2.1.1 (v) word gewysig om soos volg te lees:

adviseer, indien nodig, kerkraadsvergaderings, ringsvergaderings, die Komitee vir Diakonaat, die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging en die Algemene Kerkvergadering oor finansiële aangeleenthede.

27. Die volgende dokument kan verwyder word vanuit die Kerkorde:

* **Geloofsbrief Algemene Diakensvergadering.**

Motivering:

Dit is vir die barmhartigheidswerk in die Kerk belangrik dat diakens ook op die Kommissie van die AKV sal dien. Deur *ten minste twee diakens* in te voeg beteken dat daar selfs meer diakens gekies kan word om op die Kommissie te dien.

Dr MJ Jansen van Rensburg stel die beskrywingspunt.

---oOo---

5. DIE EREDIENS

5.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIE EREDIENS VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 29: KOMMISSIE VAN DIE AKV

KERKMUSIEK

1. Die NHKA betuig dank teenoor die **VONKK**-werkgroep en Bybel-Media vir die afhandeling van die opdrag van die 72ste AKV om PowerPoints te vervaardig waar al die strofes van 'n lied met notasie vertoon kan word.
2. Die Kerk keur die voortgesette werk aan die kerklied goed, en versoek dat die uitbou van die kerklied in gemeentes en ringe sal plaasvind.
3. Gemeentes en lidmate neem kennis dat Bybel-Media 'n herdruk van die Liedboek gedoen het en dat 'n harde kopie van die Liedboek weer vir aankoop beskikbaar is.
4. Gemeentes word daarop gewys dat elke gemeente wat liedere (Liedboek of **VONKK**) projekteer, uitsaai of versprei jaarliks 'n Kerkmusieklicensie by Bybel-Media moet uitneem. Hierdie gekonsolideerde lisensie verseker dat gemeentes aan alle kopieregvereistes vir die Liedboek en **VONKK**-liedere voldoen, en dat die liedere met vrymoedigheid gebruik kan word. 'n CCLI-lisensie is SLEGS nodig indien Flam-liedere ook gebruik sou word.
5. Gemeentes neem kennis dat die kopiereglisensie hulle ook toegang gee tot professioneel opgeneemde orrelbegeleidings wat vir begeleiding van gemeentesang gebruik kan word waar daar 'n orrelis nie beskikbaar is nie.
6. Waar predikante en orreliste opmerk dat 'n leemte bestaan in 'n sekere rubriek, kan hulle met lede van die **VONKK**-werkgroep kontak maak sodat daar aan die uitbreiding van die rubriek gewerk kan word.

Motivering:

Die NHKA speel 'n beduidende rol in die werksaamhede van die **VONKK**-werkgroep. Tans is daar ongeveer 600 **VONKK**-liedere beskikbaar. Daar sal na elke nuwe toevoeging tot die korpus van liedere 'n nuusbrieff met inligting oor die

liedere aan ingetekende gemeentes gestuur word. Vir al 600 liedere is daar nou PowerPoints van al die strofes met die notasie (soos wat by die eerste strofe beskikbaar was).

Gemeentes wat op die Kerkmusieklisensie ingeteken is (www.missio.co.za) het vir tien gebruikers toegang tot al die bladmusiek (melodielyn, orrelbegeleiding en musikale verrykings), klankgrepe, PowerPoints in beide formate (4:3 en 16:9) asook opgeneemde orrelbegeleiding van elke lied vir gemeentesang.

Ds JF van der Merwe stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 30: GEMEENTE SETLAARS (ONDERSTEUN DEUR DIE RING VAN OOS-KAAPLAND)

OPNAMES VAN ORRELBEGELEIDING/GEMEENTESANG VAN PSALMS EN GESANGE

Die betrokke komitee van die AKV word versoek om oorweging te skenk aan die daarstelling van 'n stel opnames van

1. slegs orrelbegeleiding van die Psalms en Gesange soos vervat in die Liedboek van die Kerk; of
2. orrelbegeleiding plus gemeentesang van die Psalms en Gesange, soos vervat in die Liedboek van die Kerk.

Gemeente Setlaars het beide metodes op die proef gestel en gevind dat opnames van orrelbegeleiding plus gemeentesang die doeltreffendste in klein gemeentes werk.

Motivering:

- * Dit is vanselfsprekend dat sang 'n uiters belangrike komponent van die erediens is.
- * As gevolg van die tekort aan orreliste (veral in plattelandse gemeentes), kan daar nie behoorlik uiting aan hierdie wesenlike deel van die erediens gegee word nie.
- * Om hierdie struikelblok die hoof te bied, maak sommige gemeentes hoofsaaklik gebruik van die stel begeleidende CD's van die Liedboek wat in Desember 2006 deur die Kommissie vir die Erediens van die NGK in die OVS in samewerking met Bybel-Media uitgereik is.
- * Alhoewel 'n aantal van hierdie opnames nuttig gebruik kan word, is die tempo van die meerderheid liedere te vinnig (veral vir ouer lidmate) met die gevolg dat dit nie gebruik kan word nie.
- * As gevolg van bepalings en regulasies betreffende kopiereg, is dit 'n risiko om van gemeentesang tydens erediens wat op YouTube en ander platforms beskikbaar is, af te laai en te gebruik.

Die afgevaardigde van Gemeente Setlaars stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 31: RINGE VAN MAGALIES EN PRETORIA**WEERHOUDING VAN KINDERS AAN DIE SAKRAMENT VAN DIE NAGMAAL**

Die Ringe van Magalies en Pretoria versoek die AKV om nie langer kinders van die Nagmaal te weerhou nie. Kerkrade word versoek om met verantwoordelikheid te bepaal hoe kinders in hul gemeente by die sakrament van die Nagmaal betrek gaan word.

Motivering:

Moontlike gevolge van die toepassing (positief en negatief):

Tydens die AKV's van 1998 en 2022 het afgevaardigdes toegegee dat daar geen skriftuurlike gronde is om kinders van die Nagmaal te weerhou nie. Al die studiestukke en menings het dit ook bevestig (beskikbaar by <https://nhka.org/amptelik/algemene-kerkvergadering-akv/>).

Slegs onsekerheid oor **hoe** kinders geakkommodeer moet word, lei daartoe dat kinders steeds van die Nagmaal weerhou word. Aangesien al hierdie studiestukke en menings op die Kerk se webtuiste beskikbaar is, is verdere studie en argumente oorbodig, en behoort ons gewoon in gehoorsaamheid aan God op te tree deur kinders nie van die Nagmaal te weerhou nie.

Ds GS de Beer stel die beskrywingspunt.

---oOo---

6. **GEESTELIKE VORMING EN KERKLIKE ONDERRIG**

6.1 **VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET GEESTELIKE VORMING EN KERKLIKE ONDERRIG VERBAND HOU**

BESKRYWINGSPUNT 32: KOMMISSIE VAN DIE AKV**KATEGESMATERIAAL**

Die kerkraad bepaal volgens Ordinansie 4.1.2 (xii) die tyd en plek van kategeese, wys kategete aan en hou opsig oor alle gestaltes van geestelike vorming en kerklike onderrig.

Kategeese gee uitdrukking aan die Hervormde Kerk se belydenisse en Bybels-Reformatoriese inslag, maar die AKV is nie verder voorskriftelik ten opsigte van die kategesemateriaal wat 'n gemeente gebruik nie.

Motivering:

Kerklike onderrig en die geestelike vorming van die gelowige geskied direk onder die opsig van die plaaslike kerkraad, en derhalwe is ons van mening dat die Kerk nie verder voorskriftelik ten opsigte van materiaal wat as alternatief tot die materiaal wat deur die NHKA ontwikkel is, moet wees nie.

Sien <https://nhka.org/hulpbronne-gemeentes/> vir beskikbare kategesemateriaal.

Ds R Hopley stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 33: RING VAN ZEERUST

DIE BELANG VAN GELOFTEDAG

Gegewe die belang van die Gelofte in ons kerkvolk se lewe, die groeiende belangstelling in Geloftedag die afgelope jare, en die feit dat die leemte maklik gevul kan word, word die volgende beskrywingspunt gestel:

1. Wanneer die Kerk se kategesemateriaal hersien word, word 'n gedeelte gewy aan Geloftedag.
2. Indien daar nie beplan word om die kategesemateriaal in die nabye toekoms te hersien nie, word daar opdrag gegee om 'n publikasie daar te stel oor die Gelofte, Bloedrivier en die herdenking daarvan. Hierdie publikasie word dan spesifiek gemik op kinders.
3. Die heruitgawe of hersiening van *Die Gelofte van 1838* word beplan sodat die belangrike teologiese en historiese insigte daarin vervat weer aan die breër Kerk beskikbaar gestel kan word.
4. Die 16de Desember word in die *Bybelse Dagboek* herdenk en die skrywer van daardie dagstukkies word deur die redaksie gevra om te reflekteer oor die Gelofte.

Motivering:

Die Ring van Zeerust het die groot leemte besef in ons Kerk se herdenking van Geloftedag. Alhoewel meeste gemeentes groot moeite doen met die herdenking van Geloftedag, word daar bitter min aandag aan Geloftedag geskenk in die Kerk se amptelike publikasies. Die laaste keer wat opdrag gegee is om navorsing te doen oor die Gelofte is in 1988 toe *Die Gelofte van 1838* verskyn het onder redaksie van prof AD Pont by SENTIK. Daar word vandag egter geen aandag aan Geloftedag gegee nie, nie in die Kerk se kategesemateriaal nie, en ook word die dag nie herdenk in die *Bybelse Dagboek* nie.

Ds WA Dreyer, die skriba van die Ring van Zeerust, stel die beskrywingspunt.

---oOo---

7. MISSIONALE BEDIENING

7.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET MISSIONALE BEDIENING VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 34: KOMMISSIE VAN DIE AKV

VEROORDELING VAN ALLE AKSIES WAT TOT VERDEELDHEID IN GEMEENSAPPE LEI

Die AKV besluit dat die NHKA alle vorme van geweld, oorlog en

oorlogsmisdade, aanhitsing tot geweld en aksies veroordeel wat tot verdeeldheid in gemeenskappe plaaslik en wêreldwyd lei.

Motivering:

Die NHKA bevestig ons instemming tot verantwoordbaarheid en sosiale geregtigheid. Ons is verbind tot die waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Ons bevestig die Bybelse opdrag om ons naaste (Levitikus 19: 18) asook ons vyande lief te hê (Lukas 6: 27). Die Kerk is bewus van talle gewapende konflikte regoor die wêreld (onder andere in Gasa, Oekraïne, en Soedan) waartydens vergrype van menseregte plaasvind, volksmoord gepleeg word, asook gevalle van onverdraagsaamheid teenoor geloofs- en kultuurgemeenskappe. Dit is die kerk se taak om volke op te roep tot vrede en verdraagsaamheid aangesien die kerk haarself beywer vir geregtigheid, waardigheid en vrede binne die Koninkryk van God. Die kerk kies nie kant in enige gewapende stryd nie, maar veroordeel alle aksies wat lei tot geweld en aanhitsing tot oorlog. Die Kerk is ontsteld oor die verlies van talle lewens (onder andere van vrouens, kinders, siekes en bejaardes, die mees weerloses in die samelewing) in oorloggeteisterde gebiede.

Hierdie beskrywingspunt het ten doel om die AKV uit te nooi tot debat en bepeinsing oor die verskynsel van oorlog. Die bepeinsing sal slegs sinvol wees indien dit oorgaan tot aksie. Die Kommissie van die AKV kan besin oor die mees gepaste aksie wat voortvloei uit hierdie besluit.

Prof J Beyers stel die beskrywingspunt.

7.1.1 KERKLIKE KOMMUNIKASIE

VERGELYK BYLAE K: Afdeling Kerklike Kommunikasie: Verslag.



Vir bespreking en besluit.

7.1.2 BSA

VERGELYK BYLAE L: BSA: Verslag.



Vir bespreking en kennisname.

7.1.3 DOSENTEVERGADERING: GENADEDOD

VERGELYK BYLAE M: Dosentevergadering: Genadedood: Studiestuk.



Vir bespreking en besluit.

---oOo---

8. KERKLIKE DISSIPLINE

8.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERKLIKE DISSIPLINE VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 35: KOMMISSIE VAN DIE AKV

LITIGASIE

1. Die 74ste AKV aanvaar die verslag van die Litigasiekomitee en die Kommissie van die AKV oor die litigasieprosesse waarby die Kerk betrokke is, en bekragtig die optrede van die Litigasiekomitee en die Kommissie van die AKV.
2. Die AKV ondersteun die werk van die Litigasiekomitee om die Kommissie van die AKV by te staan, en gee opdrag dat dit voortgesit moet word.
3. Die AKV besluit om voort te gaan met die litigasie. Daar moet deurgaans gepoog word om 'n billike skikking te bereik. Mediasie en arbitrasie bly 'n moontlikheid.

Motivering:

VERGELYK BYLAE N: Litigasiekomitee: Verslag.



BESKRYWINGSPUNT 36: RING VAN KROKODILRIVIER

LITIGASIE

Na aanleiding van meer as 14 jaar wat reeds verloop het en reuse regskostes aangegaan deur die Kerk, besin die vergadering opnuut oor die wenslikheid om voort te gaan met litigasie in die saak met die Geloofsbond.

Ten spyte van die kompleksiteit van die saak, besluit die AKV dat voortgesette gesprek die verkose weg is en dat gepoog word om ten alle koste weg te beweeg van verdere litigasie.

Motivering:

Litigasie in 'n wêreldhof is nie vir die Kerk 'n ligtelike saak nie en is nie die voorkeur Bybelse weg nie. Dus vra ons as Ring van Krokodilrivier dat ons die hof probeer vermy.

Ons is daarvan oortuig dat herhalende gesprekvoering met die Geloofsbond daartoe kan lei dat die geskille oor die staat van belydenis en die beginsel dat 'n gemeente nie sy bande met die Kerk kan verbreek en beslag lê op eiendomme, sonder enige aanspreeklikheid of konsekwensies nie, bygelê kan word.

Indien litigasie onvermydelik is, moet dit met geloofsootmoed gedoen word.

Ds HJ Celliers, die skriba van die Ring van Krokodilrivier, stel die beskrywingspunt.

8.2 TUGKOMITEE

8.2.1 VERSLAG

VERGELYK BYLAE O: Tugkomitee: Verslag.



Vir bespreking en besluit.

BESKRYWINGSPUNT 37: KOMMISSIE VAN DIE AKV

SAMESTELLING VAN DIE TUGKOMITEE

1. Ordinansie 4.4.4(xii)(e) word gewysig om die huidige formulering te verbeter en buigsaamheid in die samestelling van die Tugkomitee te verseker.

Ordinansie 4.4.4(xii)(e) lees tans soos volg:

[Die Algemene Kerkvergadering]

(xii) kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie

(e) sewe persone vir die Tugkomitee bestaande uit drie predikante, en twee ouderlinge of regsgeleerdes uit skriftelik gemotiveerde voorstelle ingedien voor of tydens die verloop van die vergadering. Indien enige van hierdie persone nie langer op die Tugkomitee kan dien nie, benoem die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n plaasvervanger.

Die ordinansie word soos volg aangepas:

[Die Algemene Kerkvergadering]

(xii) kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie

(e) sewe persone van wie minstens drie predikante en twee regsgeleerdes is, asook twee sekonduslede, uit skriftelik gemotiveerde voorstelle ingedien voor of tydens die verloop van die vergadering. Indien enige van hierdie persone nie tydens die termyn langer op die Tugkomitee kan dien nie, benoem die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n plaasvervanger.

2. Ordinansie 8.9.3 word aangepas om die Sekunduskommissie van die AKV as appèlliggaam vir die Tugkomitee aan te wys:

8.9.3 'n Predikant, lede van vergaderings van die ampte van 'n ring, vergaderings van rade van die Algemene Kerkvergadering of lede van rade of komitees van die Kommissie van die Algemene

Kerkvergadering wat deur die Tugkomitee skuldig bevind is, kan 'n beroep op die Sekunduskommissie van die Algemene Kerkvergadering doen om die bevinding van die Tugkomitee te heroorweeg.

Motivering:

Die bestaande formulering in die Kerkorde is gebrekkig. Verder het dit uit ervaring geblyk dat dit by geleentheid dringend nodig mag wees om sekunduslede by die werksaamhede van die Tugkomitee te betrek, en dat die Tugkomitee nie onder sulke omstandighede eers kan wag totdat die Kommissie van die AKV iemand aanwys om 'n plaasvervanger aan te wys nie. Indien die sekundi reeds op die AKV aangewys word, kan hulle op kort kennisgewing by die ondersoek van 'n klag betrek word indien een of twee van die primuslede nie beskikbaar is nie.

Verder word die Kerkorde in **Ordinansie 8.9 Beroep op 'n bykomende vergadering** gewysig om eerder die Sekunduslede van die Kommissie van die AKV as appèlliggaam teen 'n beslissing van die Tugkomitee te gebruik. Dit het in die verlede gebeur dat die Kommissie van die AKV by die proses van opsig en tug betrokke was voordat 'n formele klag by die Tugkomitee ingedien is, en dan kan die Kommissie van die AKV uiteraard nie self as appèlliggaam dien nie omdat hulle vorige betrokkenheid hul objektiwiteit sou kon beïnvloed. Deur hierdie rol aan die Sekunduskommissie (wat ook deur die AKV verkies is) toe te wys, word besware dat die appèlliggaam self bevooroordeel sou kon wees, ondervang.

Dr WC van Wyk stel die beskrywingspunte.

8.2.2 VERKIESING VAN DIE TUGKOMITEE

By die verkiesing van die Tugkomitee moet daar verseker word dat kontinuïteit behoue bly. Derhalwe word die vergadering versoek om kragtens Ordinansie 4.4.4 (xii)(e) alle nominasies van predikante, kerkraadslede en kundiges *met motivering* aan die AKV voor te lê.

Ordinansie 4.4.4 (xii)(e) verwys (in sy huidige formulering):

Die Algemene Kerkvergadering

- (xii) kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie*
- (e) sewe persone vir die Tugkomitee bestaande uit drie predikante, en twee ouderlinge of regsgeleerdes uit skriftelik gemotiveerde voorstelle ingedien voor of tydens die verloop van die vergadering. Indien enige van hierdie persone nie langer op die Tugkomitee kan dien nie, benoem die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n plaasvervanger.*

Vir bespreking en besluit.

---oOo---

9. KERKLIKE GOEDERE

9.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET KERKLIKE GOEDERE VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 38: KOMMISSIE VAN DIE AKV

BESTUURSFORUM VAN DIE SANLAM SAMBREELFONDS

Ordinansie 4.4.4(xii)(b) word uit die Kerkorde verwyder.

Die ordinansie handel oor die werkwyse van die AKV en stel dat die AKV persone aanwys wat op die Bestuursraad van die Kerk se Pensioenfonds dien. Die ordinansie lees tans soos volg:

[Die Algemene Kerkvergadering]

(xii) kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie

(b) drie persone en twee sekundi, soos vereis deur die reëls van die Kerk se pensioenfonds, op die Bestuursraad wat die Kerk se pensioenfonds behartig as werkgewersverteenwoordigers

Die Algemene Kerkvergadering verleen aan die Kommissie van die AKV die mandaat om namens die beherende werkgewer, die NHKA, ná konsultasie met die ander deelnemende werkgewers, werkgewersverteenwoordigers op die Bestuursforum aan te wys.

Motivering:

Die Kerk se Pensioenfonds is nie meer 'n onafhanklike pensioenfonds nie, maar is opgeneem in die SANLAM Sambreelfonds met hulle eie Raad van Trustees. Daar is nou 'n addisionele entiteit genaamd die Bestuursforum wat 'n baie afgeskaalde verantwoordelikheid het. Die Bestuursforum is wesenlik 'n advies- en kommunikasieliggaam tussen die lede van die Fonds, die Sambreelfonds en die werkgewers.

Die Bestuursforum word saamgestel met gelyke verteenwoordiging deur die lede en die beherende werkgewer. Die verkiesing van die lede geskied op elektroniese wyse onder beheer van die konsultante, terwyl die werkgewersverteenwoordigers na konsultasie tussen die deelnemende werkgewers deur die beherende werkgewer, die NHKA, aangewys word. Hierdie proses word in die dokumentasie van die Fonds geboekstaaf sodra die Bestuursforum se samestelling deur die werkgewers goedgekeur is.

Alle sake van die Sambreelfonds word geregleer deur pensioenfondswetgewing, die [FSCA](#) se beleid, die reëls van die Fonds en die Raad van Trustees.

Dr WC van Wyk rig die beskrywingspunt.

9.2 RAAD VAN FINANSIES

9.2.1 INLEIDEND

- * Die missie van die Sinodale Dienssentrum is effektiewe dienslewering, terwyl die voortsetting van gesonde finansiële bestuur deurlopend aandag geniet. Soos dit blyk uit hierdie verslag, is daar steeds baie sake en dienste wat namens en aan gemeentes gelewer word. Dit bly uitdagend om al die dienste met die ooreengekome beperkte middele te bekostig. Om hierdie uitdaging aan te spreek, is die Sinodale Dienssentrum voortdurend besig om ekonomiese, doeltreffende en effektiewe bestuur te implementeer en te handhaaf.
- * Benewens die aard van die aktiwiteite, speel die plaaslike en internasionale ekonomiese gebeure 'n beduidende rol in die uitvoering van die beplande opdragte en take. Die groot korrelasie tussen besteebare inkomste van lidmate en bekostiging van gemeente- en kerkwees (sinodaal) was bevestigend. Dit word weerspieël in die bestuur van debiteure gedurende die tydperk, wat al meer aandag geniet aangesien die Raad van Finansies bekommerd is oor die risiko's en die impak op die res van die Kerk. Die Moderamen en Kommissie van die AKV moes noodgedwonge ook betrokke raak aangesien sommige gemeentes se finansiële uitdagings groter is as die beperkte mandaat van die Raad van Finansies.
- * Die Raad is deeglik en ook empaties bewus dat gemeentes van tyd tot tyd kontantvloei-uitdagings beleef en sukkel om hul verpligtinge na te kom. Die Bestuurskomitee, in oorleg met die Raad van Finansies, het heelwat gemeentes oor die korttermyn ondersteun by wyse van hulp vanuit die Ondersteuningsfonds.
- * Beide die Raad van Finansies en Kommissie van die AKV besef dat hierdie ondersteuning tydelik van aard is. Waar gemeentes hulp nodig is, is die **SGB** genader om sekere gemeentes by te staan om hulle aktiwiteite te bevestig en hulle begrotings meer veerkragtig te kry.
- * Tydens die periode onder oorsig is waargeneem dat sommige ringe begin konsolideer ter ondersteuning van die beginsel van ekonomieë van skaal. Daar is ook waargeneem dat ekonomiese- en gepaardgaande geografiese verskuiwings gemeentes op 'n natuurlike wyse bring tot by konsolidering/samewerking ten einde weer ekonomies selfstandige gemeentes te kan wees.

9.2.2 RAAD VAN FINANSIES

9.2.2.1 **Beskrywingspunt: Verkiesing van sekundi vir die Raad van Finansies**

BESKRYWINGSPUNT 39: RAAD VAN FINANSIES

VERKIES SEKUNDI TOT DIE RAAD VAN FINANSIES

Ordinansie 9.2.2.1 van die Kerkorde verwys na die samestelling van die Raad van Finansies en word soos volg uitgebrei:

Ordinansie 9.2.2.1(d) word toegevoeg:

Die Raad word saamgestel uit (...)

- (d) twee sekundi vir die lede van die Raad van Finansies, verkies tydens die AKV, wat sitting neem wanneer 'n verkose lid 'n vergadering nie kan bywoon nie of wanneer 'n vakature ontstaan

Motivering:

Die Raad is 'n statutêre vergadering en besluite wat geneem word is bindend en uitvoerend binne die mandaat en werkopdrag soos dit in die Kerkorde vervat is.

Die Raad hou die name en kort CV van 'n klompie persone voor voordat vyf lede vir die Raad van Finansies verkies word. Vanuit die CV's is dit waarneembaar dat die NHKA geseënd is met professionele en kundige persone wat diensbaar en bereid is om 'n bydrae te maak tot die Kerk en spesifiek by die Raad van Finansies.

Tans maak Ordinansie 9.2.2.1(ii) daarvoor voorsiening dat 'n vakature wat op die Raad van Finansies ontstaan, deur 'n benoeming van die Kommissie van die AKV gevul kan word. So 'n benoeming neem egter tyd, en dit maak ook nie voorsiening vir die moontlikheid dat lede van die Raad van Finansies weens ander verpligtings nie 'n vergadering van die Raad kan bywoon nie.

Die Raad van Finansies beleef uitdagings omdat die lede wat in professionele werksomgewings werkzaam is, dit soms moeilik vind om alle Raadsvergaderings by te woon. Aangesien die Raad van Finansies 'n besluitnemende vergadering is, is dit noodsaaklik dat daar telkens 'n kworum teenwoordig moet wees. Indien 'n kworum nie tydens 'n vergadering teenwoordig is nie, het die vergadering geen besluitnemingsbevoegdheid nie, en dan moet vergaderings herskeduleer word. Die herskedulering van 'n vergadering bring direkte koste mee vir die lede wat wel vir die vergadering opgedaag het, en daar is 'n dubbele koste vir die NHKA om 'n tweede vergadering te skeduleer.

Die byvoeging van twee sekundi wat na elke vergadering ook uitgenooi word, verhoog die moontlikheid dat daar telkens 'n kworum sal wees, en dra ook by ter verbreding van die kennis en poel van beskikbare mense wat in die Kerk dien.

Gevolgtrekking:

Die Raad speel 'n deurslaggewende rol in die NHKA se funksionering met besluite wat bindend en uitvoerend is binne die Kerkorde se mandaat. Die verkiesingsproses verseker dat kundige en toegewyde lede tot die Raad van Finansies verkies word, wat die Kerk met hul professionele vaardighede dien. Die uitdaging word beleef dat werksverpligtinge soms deelname aan vergaderings in die wiele ry, en dit beperk die bereiking van 'n kworum in vergaderings. Gebrek aan 'n kworum lei tot herskedulering van vergaderings, wat nie net logistieke en finansiële implikasies vir die Kerk het nie, maar ook vir die betrokkenes. Dit is dus belangrik om oplossings te vind wat die uitdagings kan verminder en die doeltreffendheid van die besluitnemingsprosesse verbeter. Daarom word voorgestel dat twee sekundi bykomend tot die Raad van Finansies verkies word.

Oudl Hannes Combrink stel die beskrywingspunt.

9.2.2.2 Samestelling

- * Ingevolge Ordinansie 9.2.2.1 (i)(a) het die 73ste AKV die volgende persone as lede van die Raad van Finansies (die Raad) verkies:
 - ** Oudl Hannes Combrink
 - ** Oudl Paul Vorster
 - ** Oudl Gert van Wyk
 - ** Ds IJ Vogel
 - ** Ds LH Miller.
- * Ingevolge Ordinansie 9.2.2.1 (i)(b) het die Kommissie van die AKV oudl Fred Paynter aangewys om die Kommissie op die Raad te verteenwoordig.
- * Die Raad het tydens hulle eerste vergadering oudle Hannes Combrink en Paul Vorster onderskeidelik as voorsitter en visevoorsitter verkies.
- * Die Raad speel 'n uiters belangrike rol in die beheer en bestuur van die finansies en risiko's van die sinodale aktiwiteite en die breër Kerk, gemeentes en ringe ingesluit.
- * Die werksvelde is gespesialiseerd en daarom is dit wenslik dat lidmate met relevante opleiding, kennis, ervaring en ook passie vir die Kerk tot die Raad verkies sal word. Kennis van finansiële en begrotingsbestuur, algemene bestuur, risikobestuur, beleggingsbestuur, besigheidsbestuur, nakoming, ouditering en aanverwante dissiplines asook die NHKA sal van groot waarde wees vir lede van die Raad van Finansies.
- * Afgevaardigdes word versoek om elke kandidaat wat u voorstel te oorweeg in terme van bogenoemde, sowel as aspekte soos positiewe menseverhoudings en ingesteldheid, alvorens u 'n finale besluit neem.
- * Die Raad van Finansies het op hulle vergadering van 23 Mei 2025 besluit om die volgende lidmate en predikante, in geen besondere volgorde, aan die AKV, in terme van Ordinansie 9.2.1.1, vir oorweging voor te hou:
 - ** Oudl Fred Paynter (sr) – Besigheidsman en huidige lid van die Kommissie van die AKV en aangewese lid van die Raad.
 - ** Oudl Paul Vorster – Besigheidsman en huidige visevoorsitter op die Raad van Finansies en voormalige lid van die Kommissie van die AKV.
 - ** Oudl Hannes Combrink – Voormalige ouditeur, besigheidsproseskundige, projekbestuur, belastingpraktisyn, rekenaarstelseldienste bestuurs- en ouditering, pensioenfondstrustee, aftreebeplanningspesialis, huidige voorsitter van die Raad van Finansies en betrokke op Raad van Finansies sedert 1998.
 - ** Oudl Gert van Wyk – Voormalige ouditeur, risikobestuurspesialis, nakomingsbestuurspesialis, voorsitter van die [ORK](#) en betrokke op Raad van Finansies sedert 1998.
 - ** Oudl Herman Kriel – Praktiserende advokaat, voormalige lid van die Kommissie van die AKV, lid van die Tugkomitee en huidige lid van die [ORK](#).
 - ** Oudl Gerhard Kruger – Beleggingspesialis, finansiële analis en huidige lid van die Beleggingskomitee.
 - ** Oudl Fred Paynter (jr) – Beleggingspesialis, finansiële analis en huidige lid van die Beleggingskomitee.

- ** Ds IJ Vogel – Predikant in Rooihuiskraal, omvattende besigheidservaring, huidige lid van die Raad van Finansies en voorsitter van die Beleggingskomitee.
- ** Ds S Oxtan – Predikant in Wapadrant, en sterk administratief, finansiële en nakomingsgeoriënteerd.
- ** Ds CEC Hertzog – Predikant in Middelburg-Noord, voormalige lid van die Kommissie van die AKV en voormalige lid en voorsitter van die Raad van Finansies.

VERKIESING VAN RAAD VAN FINANSIES

- 1. In terme van Ordinsie 9.2.2.1(i) kies die vergadering uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie, vyf lede vir die Raad van Finansies.**
- 2. Lede van die Kommissie van die AKV is nie verkiesbaar nie (Ordinsie 4.4.4 (xiii)).**

9.2.2.3 Komitees van die Raad van Finansies

Die ondergenoemde subkomitees het gedurende die verslagjaar die Raad ondersteun om uitvoering aan sy opdrag te gee:

(i) ORK

Die ORK het 'n omvattende en geïntegreerde mandaat wat toesig hou oor interne beheer, interne en eksterne ouditering, risikobestuur, belasting, korporatiewe beheer, IT, volhoubaarheid en wetlike nakoming. Die komitee hersien en evalueer die doeltreffendheid van interne beheermaatreëls, keur die mandaat en ouditbeplanning van die Ouditafdeling goed en verseker voldoende aanspreeklikheid met betrekking tot bevindings. Dit maak ook aanbevelings oor die aanstelling en onafhanklikheid van die eksterne ouditeure en monitor die kwaliteit van finansiële verslagdoening. Die komitee maak aanbevelings aan die Raad van Finansies rakende die goedkeuring van die finansiële state.

Verder hou die komitee toesig oor risikobestuurstrategieë en -raamwerke, en beoordeel die implementering daarvan op sinodale en gemeentevlak. Dit ondersteun ook goeie korporatiewe bestuur, monitor kritieke inligtingstegnologie- en stelselrisiko's, evalueer volhoubaarheidsinligting, en verseker voldoening aan toepaslike wette en regulasies. Die komitee rapporteer kwartaalliks aan die Raad van Finansies. Die komitee hersien jaarliks hulle mandaat en prestasie om te verseker dat pligte effektief uitgevoer word. Gedurende die verslagtydperk is aan al hierdie aspekte aandag geskenk.

Wat nakoming van wette en regulasies betref, stel nuwe wetgewing en regulasies toenemend vereistes aan instellings, wat hoër vlakke van kundigheid verg om na te kom. Die ORK verskaf leiding aan die Kerk op hierdie gebied. Een van die belangrike nakomingsaksies gedurende die jaar, was die identifisering van wette wat direk en/of indirek op die Kerk van toepassing is. Hierdie wette is deur dr FJ Labuschagne in teologiese terme opgesom en volgens prioriteit gerangskik. Die verslag van die nakomingsbeampte, sowel as die volledige lys van toepaslike wette, word verder bespreek.

Die komitee, onder voorsitterskap van oudl Gert van Wyk, word bedank vir hul nougesette en toegewyde werk en die leiding wat gegee word.

(ii) **NHKA se nakoming: Verslag aan die 74ste AKV – Dr FJ Labuschagne**

Dit is om verskeie redes my voorreg om hierdie verslag aan die 74ste AKV voor te hou. Mnr Johan Hattingh sal vanaf Vrydag 10 Oktober 2025 as nuwe Hoofnakomingsbeampte van die NHKA ageer. Die volgende span sal vanaf die vermelde datum sinodaal vir nakoming verantwoordelikheid aanvaar:

- * NHKA: Hoofnakomingsbeampte: Mnr Johan Hattingh.
- * Interne nakomingsbeamptes: Mnre Gerhard Pieters en Pieter Maree.
- * Aanmeldingspunt vir teistering: Dr FJ Labuschagne.

Die NHKA beskou sigself as 'n etiese organisasie wat vanuit hierdie perspektief verantwoordelik en gedissiplineerd rekening hou met verskeie wette, regulasies en bepalings wat op die Kerk betrekking het. Die NHKA handhaaf in elke werkkring hoë etiese standaarde. Die **ORK** handel in oorleg met die Raad van Finansies met sake wat op nakoming en veral nie-nakoming van wetgewing betrekking het.

Voortgesette toerusting en begeleiding van elke persoon wat op een of ander wyse by nakoming betrokke is, vind op gereelde basis plaas. Die Nakomingsbeleid en -raamwerk is behoorlik uitgewerk en binne die konteks van kerkwees gevestig.

NHK NAKOMING

72ste AKV
Nakomingsbeleid

73ste AKV
Nakomingsraamwerk

74ste AKV
Implementering

Die Nakomingsbeleid van die NHKA kan soos volg saamgevat word:

Die NHKA erken sy aanspreeklikheid teenoor alle belanghebbendes wat onder die wetlike en regulerende vereistes van toepassing op sy werksaamhede ressorteer, en is verbind tot hoë standaarde van integriteit en billike hantering in die uitvoering van sy werksaamhede. Die Kerk is daartoe verbind om te voldoen aan sowel die gees as die letter van toepaslike vereistes, en om altyd met die nodige vaardigheid, sorg en toewyding te handel. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dra die finale aanspreeklikheid teenoor sy belanghebbendes om toesig oor die nakomingsvereistes te hou.

Die NHKA Nakomingsraamwerk het ten doel om struktuur daar te stel wat monitering van nakoming op verskillende vlakke van kerkwees reël. Die raamwerk illustreer dus dat monitering op verskillende vlakke van kerkwees plaasvind. Konstante monitering het gerusstelling tot gevolg.

Die 74ste AKV bevestig die funksie en belangrikheid van nakoming as meganisme tot die bestuur van risiko's en ander sake wat op regulering betrekking het. Die fase wat nou volg en verder uitgebou moet word, is behoorlike implementering en die vestiging van 'n gesonde nakomingskultuur. Die volgende twee ordinansies word in dié verband vermeld:

- * Ordinansie 4.1.3 (viii): *Die kerkraad wys 'n lidmaat aan wat as nakomingsbeampte van die gemeente met sake handel wat op nakoming betrekking het.*
- * Ordinansie 4.2.3 (xviii): *Die ringskommissie wys 'n lidmaat aan wat as nakomingsbeampte van die ring met sake handel wat op nakoming betrekking het.*

Die implementeringsfase van nakoming binne werkrumtes van die NHKA is na afloop van die 74ste AKV die een saak waaroor die **ORK** ernstig moet besin. 'n Duidelike strategie in dié verband sal nodig wees. Sekulêre wette mag nie die gees van kerkwees bedreig of kompromitteer nie. Vergaderings van ampte, ampsdraers en lidmate neem besluite allereers op grond van die Skrif, in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk, getrou aan die Kerkorde en met inagneming van die gebruike van die Kerk (reg van usansie).

(a) NHKA nakoming en algehele korporatiewe beheer

Alle organisasies het toepaslike wette, reëls, kodes en standaarde waaraan hulle lede moet voldoen. 'n Gesonde en behoorlike voldoeningskultuur is een van gedeelde waardes, oortuigings, aannames en gedrag dat alle besigheid bedryf moet word in ooreenstemming met bovermelde wette, reëls, kodes en standaarde. 'n Voldoeningskultuur word aangemoedig deur effektiewe leierskap, die daarstelling van die toepaslike strukture en prosesse, onderrig en voortgesette opleiding, konstruktiewe kommunikasie en voldoende meting. Nakomingsbeamptes het boweal ten doel om hulle gerusstelingsrol te vervul.

'n Lys van toepaslike wetgewing het dus primêr ten doel om 'n bepaalde bewussyn te vestig wat gesonde en verantwoordelike nakoming stimuleer. Die wette wat spesifiek op die NHKA van toepassing is, word konstant geprioritiseer en met predikante, gemeentes en ringskommissies gekommunikeer. Sekere wette is direk op werkrumtes van die Kerk van toepassing terwyl ander weer indirek van toepassing is. Die lys van wetgewing en implikasies sal vanuit die kantoor van die Nakomingsbeampte soos nodig gekommunikeer word, asook enige aspekte wat gefokusde aandag verg.

Hoe ons risiko's binne die Kerk bestuur: Direkte versus indirekte impak

Risiko's word vanuit 'n nakomingsperspektief in terme van 'n gebeurtenis, die oorsaak daarvan en die impak/gevolg daarvan omskryf. Gebeure wat die lewe van die plaaslike gemeente moontlik mag beïnvloed word verder in vier kategorieë verdeel:

- * Ekstreem (katastrofies): Erge organisatoriese ontwigting; groot finansiële verliese en ernstige openbare reputasieskade.
- * Hoog: Gedeeltelike ontwigting van die besigheidsomgewing; fisiese beserings; finansiële verliese; reputasieskade ten opsigte van spesifieke belanghebbendes.

- * Die ontwrigting van die gemeente is matig terwyl hulle met hulle funksionering kan voortgaan; matige finansiële verliese; openbare reputasieskade wat tot openbare verleentheid mag lei.
- * Laag: Geringe finansiële verliese en ontwrigting met betrekking tot die daaglikse werkverrigting van die gemeente.
- * Die Ouditafdeling handel dikwels met geskenke wat predikante ontvang. Die waarde van die geskenk wat 'n predikant ontvang is 'n saak waarmee die plaaslike kerkraad onder nakoming moet handel. Alle geskenke met 'n waarde van byvoorbeeld meer as R500 moet aan die kerkraad openbaar gemaak word. Is die kerkraad se geskenkebeleid in plek en word die dokumente by elke vergadering van die kerkraad beskikbaar gestel vir ondertekening na afloop van elke lid/predikant se verklaring?

(iii)

Beleggingskomitee

Die Beleggingskomitee, onder voorsitterskap van ds IJ Vogel, het 'n besondere termyn agter die rug. Die verkiesing in 2024 en die samestelling van die Regering van Nasionale Eenheid het daartoe aanleiding gegee dat die Suid-Afrikaanse markte aanvanklik positief gereageer het. Hiermee saam het die druk op inflasie in 2024 en 2025 begin daal. Dit het die Reserwebank in staat gestel om rentekoerse te verlaag. Maar die een se brood is die ander se dood, en die daling in rentekoerse is nie gunstig vir kontantbeleggers nie.

Met die verkiesing van pres Donald Trump in 2024 en die tarieffoorlog wat daarmee gepaardgegaan het, het die markte wêreldwyd verswak. Gelukkig was die verswakking in Suid-Afrika van korte duur en ten tyde van die skryf van die verslag is die [JEB](#) op rekordvlakke en die Rand aansienlik sterker, veral teenoor die [VSA](#)-geldeenheid.

Die nougesette voldoening aan die beleggingstrategie deur die komitee het daartoe bygedra dat die beleggings binne die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel goed presteer het, veral in die 2023/2024 en 2024/2025 finansiële jaar. Gedurende die finansiële jare het die groei in beleggings daartoe bygedra dat agterskotrentes aan beleggers wat in die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel belê het, bygevoeg kon word.

Die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel bestuur die surplusfondse van gemeentes en ander kerklike instansies. Die kapitaal van die beleggings teenoor die bedrae wat aan ringskommissies, gemeentes, [NHSV](#)-takke en [NWO's](#) verskuldig is, was soos volg:

TABEL 2: Kapitaal van beleggings teenoor die bedrae wat aan ringskommissies, gemeentes, [NHSV](#)-takke en [NWO's](#) verskuldig is

	28 FEBRUARIE 2023	29 FEBRUARIE 2024	28 FEBRUARIE 2025
Beleggings	158 408 931	159 962 216	181 573 176
Verpligtinge	146 064 745	155 788 673	174 145 022
Befondingsvlak	105.61%	102.68%	104.27%

Die Beleggingskomitee bestuur ook die Fonds vir Sinodale Dienslewering wat tydens die 71ste AKV in 2016 daargestel is. Die uiteindelijke doel van die Fonds vir Sinodale Dienslewering is om verligting aan gemeentes te bring ten einde die dienste van die Sinodale Dienssentrum gedeeltelik of ten volle te bekostig. Die saldo van die Fonds vir Sinodale Dienslewering was op 28 Februarie 2025 R51 miljoen. Die geld word op verskeie platforms en in verskeie portefeuljes belê.

Die Beleggingskomitee het in 2021 'n beleggingsbeleid opgestel wat ook aan gemeentes leiding gee oor verantwoordelike beleggings. Gemeentes word aangeraai om die beginsels van die beleid te volg, veral wanneer daar besluit word om beleggings buite die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel te oorweeg. Hierdie beleid is op die ektranet of op aanvraag beskikbaar.

9.2.3 SLOTOPMERKINGS

Die bekende gesegde dat verandering die enigste konstante is, word dag na dag 'n groter werklikheid. Dit vra van die Kerk meer aanpasbaarheid as waaraan ons gewoond is, 'n vermoë om vinnig te reageer op geleenthede, en ook om gebruike, tradisies en dienste wat onnodige kostes tot gevolg het, onder 'n vergrootglas te plaas en te heroorweeg.

Die finansiële verslae wat by die vorige paar AKV's gelewer is, is beslis nie die lekkerste leesstof nie. Dit bly 'n werklikheid dat gemeentes onder finansiële druk verkeer. Daar is gelukkig ook 'n ander werklikheid aan die ontwikkel, en dit is dat gemeentes meer en meer bereid is om hulle bediening te evalueer, daarop te verbeter, te konsolideer en positiewe aanpassings te maak. Daar is heelwat suksesverhale wat oorvertel kan word.

9.3 BESKRYWINGSPUNTE VAN DIE RAAD VAN FINANSIES

Die Raad het in die afgelope termyn die opdragte vanuit die 73ste AKV bestuur en vanuit die werkopdrag soos vervat in die Kerkorde, die ondergenoemde beskrywingspunte opgestel vir oorweging.

9.3.1 ALTERNATIEWE BASIS TEN OPSIGTE VAN SINODALE OFFERGAWES

BESKRYWINGSPUNT 40: RAAD VAN FINANSIES

GEWYSIGDE FINANSIËLE MODEL VIR DIE VOLHOUBARE BEDIENING VAN GEMEENTES VAN DIE NHKA

Die basis waarop sinodale offergawes (begrip word met die aanvaarding van die beskrywingspunt vervang met *volhoubaarheidsgawe*) bereken word, word vanaf 1 Maart 2026 nie meer gebaseer op lidmaatgetalle nie, maar primêr op die volgende veranderlikes:

- * **Bruto inkomste.**
- * **Netto surplus/tekort.**
- * **Bedryfskapitaal.**

Die volhoubaarheidsmodel het primêr ten doel om vanuit 'n gees van kollektiewe verantwoordelikheid al die gemeentes 'n billike kans te bied om dienste wat deur die Sinodale Dienssentrum gelewer word, volhoubaar te finansier.

Motivering:

Verskeie pogings is by AKV's aangewend om die basis waarop sinodale offergawes bereken word, so billik en regverdig moontlik en in die beste belang van al die lidmate, gemeentes en die Kerk te hou. Elke gemeente het unieke omstandighede en gevolglik is die basis van die berekening van sodanige bydrae

'n komplekse aangeleentheid. 'n Gemeente is die plaaslike gestaltegewing van die Kerk. Die Kerk ontvang (ingevolge Ordereël 9) deur die goedheid van God die stoflike middele om sy roeping uit te voer.

Om die groter belang van die NHKA te bevorder en die voetspoor van die Kerk oraloor te behou, is *saamwees* (gees van kollektiwiteit) vanuit 'n organisatoriese perspektief en verskeie handeling wat met die unieke funksionering van die Kerk en die volhoubaarheid van gemeentes verband hou, die beter plek vir elke lidmaat van die NHKA.

Die NHKA het benewens die bedryfskoste wat op die lewe van elke gemeente inspeel, ook organisatoriese verantwoordelikhede wat sinodaal uitgevoer word. Met die Fonds vir Sinodale Dienslewering het die NHKA reeds pogings begin aanwend om gemeentes van hulp te wees om vry van sinodale koste (dus met 'n verlaagde finansiële impak) met die bediening voort te gaan. Die eenheid van die Kerk en die kollektiewe basis waarbinne kerkwees uitspeel, is en bly egter vir die NHKA 'n ononderhandelbare werklikheid.

Kollektiwiteit is die vertrekpunt en basis vir enige gesprek oor die bekostiging van ooreengekome sinodale dienste. Dit steun op die werklikheid dat die middele wat die Kerk (NHKA) deur die genade en voorsienigheid van God ontvang om haar roeping uit te voer, in die lig van bepaalde demografiese en ekonomiese realiteite in verskillende vorme en hoeveelhede in bepaalde gemeentes uitmond. Die fokus met hierdie gewysigde finansiële model het van lidmaattal verskuif na verskeie finansiële veranderlikes en ander wesenlike elemente van gemeenteweese wat die volhoubaarheid van 'n gemeente beïnvloed.

Die Raad het op 3 Februarie 2025 'n werkswinkel gehou waarheen lede van die Kommissie van die AKV sowel as ander belangstellendes uitgenooi is. Die werkswinkel het met sinodale dienste en die koste van kerkweese gehandel. Die Raad het konsensus dat die huidige basis van berekening (finansiële model van die NHKA) wat alleen op belydende lidmate gebaseer is, nie volhoubaar is nie. Gemeentes en lidmate is ook oortuig dat hierdie basis van berekening die model onregverdig maak en 'n groot aantal gemeentes onbillik finansiëel blootstel.

- * Demografiese werklikhede in Suid-Afrika (die diep verandering in en van sosiale gemeenskappe; die migrasie van mense en die ekonomiese realiteite wat hieruit voortspruit) impakteer die lewe van elke gemeente in die Kerk. Gemeentes in gebiede met meer uitdagende ekonomiese werklikhede word tans op dieselfde basis getakseer as gemeentes wat in gebiede geleë is waar die *per capita* inkomste per lidmaat veel meer is.
- * Die werklikheid is verder dat verskeie lidmate in talle gemeentes geen offergawe tot gemeenteweese bydra nie.

Hier word egter gekwalifiseer dat enige finansiële model sy inherente tekortkominge gaan hê en dat daar gevolglik ook teenkanting teen die voorgestelde model sal wees, veral waar kerkrade gemeentesentries oor die saak dink en nie die groter geheel en voortbestaan van die NHKA verdiskonteer nie.

'n Gegewe model wat verligting vir Gemeente A meebring, mag die kostestruktuur van Gemeente B op sy beurt weer verhoog. Enige finansieringsmodel het ten doel om te voldoen aan al die verwagtinge en vereistes wat op sinodale strukture geplaas word om bepaalde dienste en ondersteuning aan predikante, lidmate, ringe en gemeentes te verskaf.

Om gemeentes vry te stel van sinodale offergawes moet 'n finansiële model nog ontwerp word om dit te finansier. Ten spyte van groot ideale en bepaalde besluite met betrekking tot die Fonds vir Sinodale Dienslewering wat saamgestel is uit die verkoop van die Dirk van der Hoffgebou en ander eiendomme, blyk die teiken om met kostes gelyk te breek nog ver in die toekoms. Om die sinodale dienste sonder enige koste aan gemeentes te voorsien, word 'n bedrag van ± R400 miljoen in die Fonds vir Sinodale Dienslewering benodig. Tans beloop die Fonds vir Sinodale Dienslewering ongeveer R51 miljoen.

Na oorweging van verskeie modelle stel die Raad van Finansies met hierdie beskrywingspunt 'n model voor wat op die finansiële vermoë en kapasiteit van gemeentes gerig is en nie op lidmaattal nie. Daar is egter verskeie uitdagings wat vanuit hierdie perspektief verreken moet word:

- * Beskikbaarheid van die mees resente gemeentelike finansiële resultate: Dit is ontstellend om te verneem dat slegs 50% van gemeentes se finansiële resultate tot aan die einde van Februarie 2024 beskikbaar is.
- * Onvermoë om sinodale verpligtinge (uitstaande debiteure) te delg.
- * Volhoubaarheid van gemeentes, nie net finansieel nie, maar ook in terme van lidmate en bediening.
- * Gebruik van tegnologiese hulpmiddels soos behoorlike rekeningkundige stelsels, die ektranet en die salarisburo.
- * Erkenning aan gemeentes in gebiede met 'n baie lae *per capita* (huishoudelike) inkomste.
- * Sonder om in die meganiese werking van die model in te gaan, is die volgende beginsels oorweeg en speel dit tot 'n mindere of meerdere mate in op die berekening van sinodale offergawes:

TABEL 3: Verhouding tussen sinodale offergawe en volhoubaarheidsgawe

SINODALE OFFERGAWE (STATUS QUO)	VOLHOUBAARHEIDSGAWE
Lidmaattal	Totale inkomste van die gemeente.
	Netto aangepaste surplus/tekort (sinodale offergawes en waardevermindering uitgesluit).
	Beskikbare bedryfskapitaal.
	Insentief word aan gemeentes toegeken wat aan sekere kriteria voldoen om die sinodale offergawes te verminder.
	Gemeentes wie se geouditeerde state nie by die Ouditafdeling ingedien is nie, het die risiko dat 'n negatiewe insentief toegepas word, wat die gemeente/s sal kan benadeel. Hierdie risiko sluit in 'n aanpassing van inkomste teen die huidige inflasiekoers.
	Beskikbaarheid van nuutste finansiële resultate (tans is dit 2024) – met ander woorde penalisasie as syfers nie beskikbaar is binne 12 maande na jaareinde nie, en groter penalisasie as die laaste syfers meer as 24 maande oud is.

Die beginsel van die volhoubaarheidsmodel dra die volgende gewigte:

- * Die verdeling van die geweegde gemiddeld is 80% van die oorskot/tekort en 20% van die bedryfskapitaal.
- * Die minimum bydrae wat 'n gemeente tot sinodale offergawes kan maak, beloop 3.5% van inkomste. 'n Plafon (maksimum) van 10% van inkomste is daargestel.

Die 10% van inkomste is in lyn met ander kerke in Suid-Afrika wat hulle sinodale offergawes op inkomstebasis bepaal.

Die volhoubaarheidsmodel toon tans aan dat 56% van die gemeentes minder sinodale offergawes gaan betaal as wat tans die geval is, en dus meer volhoubaar kan funksioneer. Die totale waarde van gemeentes wat in die volhoubaarheidsmodel meer gaan bydra, is R5 869 766 uit 'n totale begroting van R22 125 386. Dit is 27% van die totale begroting.

Die sukses van die model word bepaal deur die gesindheid van die gemeentes wat in 'n bevoorregte posisie is om ander se laste te help dra.

Gevolgtrekking:

- * Die Kerk moet op verantwoordelike wyse toesig en beheer oor sy hulpbronne en bates uitoefen.
- * Die basis van die model is nie gebaseer op lidmaatgetalle nie, maar op geouditeerde finansiële data, en 'n gees van kollektiwiteit en verantwoordelike en etiese bestuur, en behoorlike nakoming.
- * Na deeglike oorweging en die modellering van verskeie gemeentes se nuwe volhoubaarheidsoffergawe, word die model wat deur die beskrywingspunt voorgestel word as billik en regverdig beskou.
- * Die beskikbaarheid van akkurate en intydse finansiële data en die aktiewe bestuur van sinodale verpligtinge (skuld) is nodig om volhoubaarheid te bevorder.
- * Die voorgestelde beginsels vir die nuwe model beklemtoon die belangrikheid van intydse finansiële inligting en terugvoer, voldoende bedryfskapitaal, en realistiese verwagtinge met betrekking tot inkomste en uitgawes. Dit is duidelik dat 'n goed gestruktureerde en regverdige finansieringsmodel noodsaaklik is vir die voortbestaan en die funksionering van die Kerk en die lewering van bepaalde dienste vanuit die Sinodale Dienssentrum. Verdere samewerking en verfyning van hierdie model sal nodig wees om volhoubare oplossings te verseker.

Oudl Hannes Combrink stel die beskrywingspunt.

9.3.2 INTENSIONELE BEGELEIDING VAN GEMEENTES WAT FINANSIEEL KWESBAAR IS

BESKRYWINGSPUNT 41: RAAD VAN FINANSIES

INTENSIONELE BEGELEIDING VAN GEMEENTES WAT OPERASIONEEL EN FINANSIEEL KWESBAAR IS

Die beskrywingspunt het ten doel om gemeentes wat operasioneel en

finansieel kwesbaar is, te begelei om op 'n meer volhoubare basis 'n plan daar te stel om die bediening te verseker. Die voetspoor van elke gemeente oraloos is vir die NHKA van groot belang. Die NHKA het in die lig van verskeie finansiële en administratiewe risiko's ook nodig om meer proaktief te handel met gemeentes wat nie hulle bedryfsverantwoordelikhede nakom nie.

Motivering:

Operasionele hulpverlening (sakeredding) is proaktiewe handelinge wat op die bedryf en funksionering van die gemeente gerig is. Die finansiële en administratiewe opboufase word in bepaalde omstandighede onderneem, veral wanneer 'n gemeente finansiële stres ondervind. Die hulpverlening het primêr ten doel om gesonde gemeentebestuur te stimuleer en te bevorder, eerder as om reaktief en vanuit 'n posisie van oorlewing met sake te handel. Hierdie hulpverlening bring geen addisionele koste mee nie, aangesien al die vaardighede reeds binne die Sinodale Dienssentrum gevestig is.

Operasionele hulpverlening het ook ten doel om asemhalingsruimte te skep om die finansiële en operasionele verantwoordelikhede van die gemeente behoorlik te struktureer.

Die volgende aksies is aanduidend daarvan dat operasionele hulpverlening nodig is:

- * Langtermyn finansiële probleme: Die gemeente toon 'n onvermoë om sy krediteure en bedryfsverantwoordelikhede na te kom en algeheel solvent te wees.
- * Regstappe deur krediteure: Krediteure dreig met regstappe weens wanbetaling en/of -prestasie.
- * Besluit van kerkraad: Die kerkraad en/of ringskommissie raak bewus van die werklikheid dat 'n bepaalde gemeente die bediening nie binne die kerklike ooreenkoms in dié verband ten volle laat realiseer nie, en dat die gemeente as entiteit nie sonder die nodige en professionele hulpverlening en ingryping volhoubaar is nie.
- * Ekonomiese faktore: Eksterne faktore soos drastiese demografiese veranderinge; migrasie; marktoestande; regulasieveranderinge of skielike ekonomiese insinking beïnvloed die bedryf van die gemeente nadelig.

Stappe wat met operasionele hulpverlening verband hou:

1. Aansoek om operasionele hulpverlening: Die kerkraad dien 'n aansoek by die Bestuurskomitee in om intensioneel begelei te word.
2. Aanstelling van 'n hulpverlener: 'n Persoon of instansie wat die nodige professionele kundigheid het, word aangestel om die kerkraad en ringskommissie by te staan in die aktiewe bestuur van die betrokke gemeente se finansies en ander operasionele aangeleenthede.
3. Assessering van die gemeente: Die hulpverlener ondersoek die gemeente se finansiële posisie en evalueer die bediening in geheel, en bepaal die beste strategie vir die opbou en herstel van die gemeente.

4. Ontwikkeling van 'n bedieningsplan en -begroting wat op operasionele hulpverlening betrekking het: 'n Gedetailleerde plan word opgestel om die gemeente se sake en skuld te herstruktureer en die nodige operasionele veranderinge aan te bring.
5. Onderhandelinge en goedkeuring deur krediteure: Die voorgestelde hulpverlening word aan al die krediteure en ander betrokkenes voorgehou vir instemming.
6. Implementering van die plan: Die gemeente funksioneer volgens die plan om finansiële stabiliteit en die nodige herstrukturering te verseker.
7. Uitkoms van die proses: Die gemeente kan óf herstel en voortgaan met sy bediening óf, indien die plan misluk, tot ontbinding begelei word.

Operasionele hulpverlening is 'n belangrike meganisme om proaktief te handel met gemeentes wat finansiële kwesbaar is. Intensionele begeleiding het tot gevolg dat die voetspoor van die Kerk nie om finansiële redes op bepaalde plekke in gedrang kom, en die bediening en werksgeleenthede gevolglik gekompromitteer word nie. Deur die operasionele hulpverlening word 'n nuwe strategie vir volhoubare groei ontwikkel.

Oudl Hannes Combrink stel die beskrywingspunt.

9.3.3 EMERITI – HULP MET MEDIESE UITGAWES

BESKRYWINGSPUNT 42: RAAD VAN FINANSIES

EMERITI – HULP MET MEDIESE UITGAWES

1. Die NHKA besluit om die hulp aan emeriti ten opsigte van hulle mediese koste uit te faseer.
2. Die NHKA besluit dat daar geen subsidie aan sekere emeriti en/of hulle gades betaalbaar is nie:
 - * Gades van predikante wat in diens (<65) afgesterf het en waar die gades die begunstigdes op die Pensioenfonds en Lewensdekkingspolis was.
 - * Predikante wat voltyds in ander beroepe gestaan het en dus slegs deelyds dienste as predikant gelewer het.
 - * Persone wat om eie redes kies om vroeg te emeriteer/af te tree, behalwe waar dit verband hou met predikante wat dit doen om die gemeentes wat finansiële swaarkry ter wille te wees.
 - * Persone wat na aftrede op 65 steeds 50% of meer volledig in diens/beroep is in 'n gemeente totdat hulle uiteindelik ten volle aftree.
3. Die NHKA besluit dat in uitsonderlike gevalle waar emeriti baie sukkel om finansiële te oorleef, sodanige emeriti kan aansoek doen vir bykomende hulp met die nodige bewyse.

4. **Die huidige bedrag aan hulp word nie verder jaarliks verhoog nie.**
5. **Predikante/personeel wat vir die eerste keer na 1 Januarie 2026 diens aanvaar in die NHKA en/of gemeentes van die Kerk, sal nie by emeritaat/afrede kwalifiseer vir enige hulp nie.**

Motivering:

Die AKV het deur die loop van verskeie vergaderings besluit om emeriti wat finansiële sukkel, by te staan met die koste van hulle mediese fonds. Die omvang van die hulp is oor die jare per besluit en/of begroting aangepas. Daar het egter ook verskeie jare verbygegaan waarin geen verhogings toegestaan is nie. Lewers in die tydperk is die hulp ook aan afgetrede personeel van die Sinodale Dienssentrum uitgebrei. Tans beloop die koste van die hulp (2024/2025 jaar) ongeveer R175 000 per maand (R2.1m per jaar).

Die Raad het gedurende November 2024 'n berekening laat doen om die verpligting op die Kerk te kwantifiseer. Die berekening is slegs gedoen op die huidige persone wat voordeel trek uit die stelsel en sluit dus enige persoon uit wat na 31 Oktober 2024 sou aftree/emeriteer. 'n Uitsers konserwatiewe berekening dui op 'n verpligting van ongeveer R23m. Die berekening is gebaseer op 'n jaarlikse verhoging van 7% in die individuele hulpbedrag en het ook die gemiddelde lewensverwachting per lid verdiskonteer. 'n Meer realistiese verpligting wat ook mediese inflasie in ag neem, sal waarskynlik ongeveer R40m beloop. As persone wat na 31 Oktober 2024 aftree of moet aftree ook bygereken word, styg die verpligting verder.

Met die dalende tendens in lidmate is die situasie nie volhoubaar nie en sal gemeentes se sinodale offergawe in die toekoms al hoe meer moet styg. Die heffing vir hierdie doel beloop in die 2025/2026-boekjaar reeds R34.50 per belydende lidmaat per jaar.

Gevolgtrekking:

Die finansiële ondersteuning aan emeriti en afgetrede personeel vir mediese fondsbydraes is oor die jare aangepas, maar die toenemende koste en dalende lidmaattendens stel die Kerk voor 'n groot uitdaging. Die berekening van toekomstige verpligtinge dui daarop dat die huidige model nie volhoubaar is nie, veral met mediese inflasie en die potensiële toename in begunstigdes. Sonder 'n strategie vir volhoubare finansiering sal die heffingsbedrag noodwendig moet verhoog, wat 'n groter las op lidmate plaas. Dit is dus noodsaaklik dat alternatiewe oplossings oorweeg word om hierdie steun voort te sit sonder om die finansiële stabiliteit van die Kerk te benadeel.

Oudl Hannes Combrink stel die beskrywingspunt.

9.3.4 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 4.6.1 (iv)

BESKRYWINGSPUNT 43: RAAD VAN FINANSIES

WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.6.1 (iv) en (v)

Ordinansie 4.6.1 (iv) van die Kerkorde verwys na die samestelling van die Kommissie van die AKV en subparagraaf (iv) word soos volg gewysig, met die byvoeging van 'n nuwe subparagraaf (v):

- (iv) Die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met spreekreg.
- (v) Die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum met spreekreg.

Motivering:

Die pos van die algemene sekretaris is deur die Kommissie van die AKV by hul vergadering van 15 en 16 Oktober 2020 ontbondel. Die werkopdrag van die algemene sekretaris is verdeel tussen die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum, die sekretaris van die Kommissie van die AKV en die hoof van die [SGB](#).

Die pos en posbeskrywing van die bedryfshoof is op 1 Maart 2021 deur die Kommissie van die AKV goedgekeur. Met die aanvaarding van die pos word die posbenaming van die algemene sekretaris in die Kerkorde diensooreenkomstig gewysig.

Oudl Hannes Combrink stel die beskrywingspunt.

9.3.5 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 4.6.4.1 (i)(f)(g)

BESKRYWINGSPUNT 44: RAAD VAN FINANSIES

WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.6.4.1 (i)(f)

Ordinansie 4.6.4.1 (i) (f) van die Kerkorde verwys na die samestelling van die Moderamen en word soos volg gewysig, met die byvoeging van 'n nuwe subparagraaf (g):

- (i) Die Moderamen bestaan uit
- (f) Die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met spreekreg
- (g) Die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum met spreekreg.

Motivering:

Die pos van die algemene sekretaris is deur die Kommissie van die AKV by hul vergadering van 15 en 16 Oktober 2020 ontbondel. Die werkopdrag van die algemene sekretaris is verdeel tussen die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum, die sekretaris van die Kommissie van die AKV en die hoof van die [SGB](#).

Die pos en posbeskrywing van die bedryfshoof is op 1 Maart 2021 deur die Kommissie van die AKV goedgekeur. Met die aanvaarding van die pos word die posbenaming van die algemene sekretaris in die Kerkorde diensooreenkomstig gewysig.

Oudl Hannes Combrink stel die beskrywingspunt.

9.3.6 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 9.2.2.1 (i)(c)

BESKRYWINGSPUNT 45: RAAD VAN FINANSIES**WYSIGING VAN ORDINANSIE 9.2.2.1 (i)(c)**

Ordinansie 9.2.2.1 (i)(c) van die Kerkorde verwys na die samestelling van die Raad van Finansies en word soos volg gewysig:

- (ii) Die Raad bestaan uit**
- (c) Die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum met adviserende stem.**

Motivering:

Die pos van die algemene sekretaris is deur die Kommissie van die AKV by hul vergadering van 15 en 16 Oktober 2020 ontbondel. Die werkopdrag van die algemene sekretaris is verdeel tussen die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum, die sekretaris van die Kommissie van die AKV en die hoof van die [SGB](#).

Die pos en posbeskrywing van die bedryfshoof is op 1 Maart 2021 deur die Kommissie van die AKV goedgekeur. Met die aanvaarding van die pos word die posbenaming van die algemene sekretaris in die Kerkorde dienoreenkomstig gewysig.

Oudl Hannes Combrink stel die beskrywingspunt.

9.3.7 KERKORDELIKE WYSIGINGS – ORDINANSIE 9.2.2.3 (v)

BESKRYWINGSPUNT 46: RAAD VAN FINANSIES**WYSIGING VAN ORDINANSIE 9.2.2.3 (v)**

Ordinansie 9.2.2.3 (v) van die Kerkorde verwys na die werkswyse van die Raad van Finansies en word soos volg gewysig:

Die Raad

- (iii) kies 'n dagbestuur bestaande uit die voorsitter, die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum en minstens twee ander lede om spoedeisende sake te hanteer en/of die agenda vir die algemene vergadering te finaliseer.**

Motivering:

Die pos van die algemene sekretaris is deur die Kommissie van die AKV by hul vergadering van 15 en 16 Oktober 2020 ontbondel. Die werkopdrag van die algemene sekretaris is verdeel tussen die bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum, die sekretaris van die Kommissie van die AKV en die hoof van die [SGB](#).

Die pos en posbeskrywing van die bedryfshoof is op 1 Maart 2021 deur die Kommissie van die AKV goedgekeur. Met die aanvaarding van die pos word die posbenaming van die algemene sekretaris in die Kerkorde diensooreenkomstig gewysig.

Oudl Hannes Combrink stel die beskrywingspunt.

9.3.8 AANWENDING VAN BOGEMIDDELDE RENTES IN DIE KERKGELD VIR KERKWERKSTELSEL

BESKRYWINGSPUNT 47: RAAD VAN FINANSIES

AANWENDING VAN BOGEMIDDELDE RENTES IN DIE KERKGELD VIR KERKWERKSTELSEL

Die Raad kry opdrag om vanuit die surplusse in die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel jaarliks, na verrekening van die voorgestelde reserwevlak van tussen 0.5% en 1.5%, tot en met 50% van die uitprestasie van die stelsel bo die gemiddelde daggeldkoers van ABSA bank, oor te plaas na die Fonds vir Sinodale Dienslewering en die Ondersteuningsfonds ten einde Woordverkondiging in gemeentes nou en later te ondersteun.

Sodanige verdeling word gedoen in oorleg met die Kommissie van die AKV.

Hulp vanuit die Ondersteuningsfonds kan slegs oorweeg word nadat die Kommissie van die AKV tevrede is dat alle ander kerklike prosesse behoorlik verreken is.

Motivering:

By die 71ste AKV het Beskrywingspunt 91 gedien wat die skep van die Fonds vir Sinodale Dienslewering ten doel gehad het.

Die doelwit van die Fonds is om voldoende kapitaal op te bou sodat die dienste wat sinodaal vir die NHKA gelewer word, iewers in die toekoms vanuit renteopbrengste van die fonds bekostig kan word. Die beskrywingspunt het verwag dat daar na 20 jaar ongeveer R300m in die fonds kan wees, en dan sal die renteopbrengs in daardie jaar ongeveer R30m beloop. Dit sou die Fonds in staat stel om nagenoeg 50% van die koste van noodsaaklike sinodale dienste te bekostig.

Die beskrywingspunt het verder geargumenteer dat daar na tien jaar ongeveer R100m in die fonds sal wees indien almal saamwerk en 'n gedeelte van surplusopbrengste op beleggings aan die fonds sal skenk. Die realiteit is dat die fonds, na nege jaar, nagenoeg R50m sterk is en amper geen gemeente het vrywillig enige bydrae ingevolge die besluit gemaak nie.

'n Deel van die beskrywingspunt wat ook aanvaar is, is dat daar vanuit die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel tot en met 1% van die opbrengs geneem kan word om die fonds te versterk, op voorwaarde dat die opbrengs wat aan die beleggers betaal word, steeds gelyk aan of beter moet wees as heersende geldmarkfondse.

Dit word egter deurlopend moeiliker vir baie gemeentes om hulle plaaslike bediening én die koste van sinodale dienslewering te bekostig. Die jaarlikse vermindering in lidmaattal maak die uitdaging nie makliker nie. Al hoe meer gemeentes klop by die Raad van Finansies en Kommissie van die AKV aan om finansiële hulp, en ander planne word gemaak om die bediening aan die gang te hou. Die Raad se ander beskrywingspunt om 'n alternatiewe volhoubaarheidsoffergawemodel daar te stel, behoort verligting te bring vir gemeentes wat werklik sukkel (sien bl [88](#)).

Ten einde verder in die onmiddellike nood van gemeentes behulpsaam te wees, moet die Ondersteuningsfonds ook versterk word, want dit is die bron waaruit daar tans in nood gehelp kan word. Die sinodale bydrae tot die Ondersteuningsfonds het reeds stelselmatig gesneeu om die druk van sinodale offergawes op gemeentes te verlig en omrede daar historiese surplusse in die stelsel was, wat nou ongelukkig amper uitgeput is.

Die voorstel is dat daar tot die mate wat die opbrengskoers op die stelsel die gemiddelde daggeldkoers van ABSA uitpresteer, sodanige uitprestasie om die helfte gedeel word met die belegger en die twee fondse, die Fonds vir Sinodale Dienslewering en Ondersteuningsfonds. Die Raad word gemagtig om in oorleg met die Kommissie van die AKV die verhouding tussen die twee fondse van tyd tot tyd te bepaal, sodat die langtermyn doelwitte steeds gehandhaaf word, maar die onmiddellike hulp aan gemeentes wat sukkel om finansiëel te oorleef, ook verleen kan word nadat die Kommissie van die AKV in samewerking met die [SGB](#) oortuig is dat alle ander strategieë uitgeput is.

Dit is ook belangrik om die integriteit en volhoubare sukses van die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel te verseker, en daarom moet die huidige beleid om reserwes van tussen 0.5% en 1.5% te handhaaf, gerespekteer word.

Gevolgtrekking:

Die NHKA droom dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld. Gemeentes en lidmate is geroepe om hierdie hoop te beliggaam. Die Raad van Finansies het in opdrag van die AKV gehandel en die afgelope nege jaar alle pogings aangewend om die doelwitte wat met die Fonds vir Sinodale Dienslewering en die Ondersteuningsfonds gestel is, te bereik. Die Kerk het nodig om die hart van minder volhoubare gemeentes te hoor en hulle bedieninge finansiëel te ondersteun. Die NHKA mag homself nie *doodspaar* nie...

Die voorstel tot die aanwending van die beskikbare surplus ten gunste van gemeentelike ondersteuning is in lyn met die Kerk se missiestelling en finansiële verantwoordelikheid. Indien die surplusse doelgerig en strategies geïnkorporeer word, kan gemeentes beter voorsien in hul noodsaaklike bedieninge. Die voorgestelde strukture vir rentekoersaanpassings en agterskotbetalings verseker ook volhoubare finansiële bestuur. Hierdie benadering bevorder 'n doelgerigte en verantwoordbare bestuur van die Kerk se finansiële hulpbronne ter ondersteuning van sy kernfunksie: Woordverkondiging.

Oudl Hannes Combrink stel die beskrywingspunt.

9.3.9 ONDERSOEK NA VERSORGINGSVOORDEEL

BESKRYWINGSPUNT 48: RAAD VAN FINANSIES**ONDERSOEK EN IMPLEMENTERING VAN GEWYSIGDE PENSIOENBYDRAEMODEL**

Die Raad kry opdrag om ondersoek te doen na 'n gewysigde model waarvolgens predikante se bydraes tot die Pensioenfonds bereken word. Die uitslag van die ondersoek word aan die Kommissie van die AKV voorgehou vir goedkeuring en implementering.

Motivering:

Voldoende voorsorg vir emeritaat is vir die predikante asook die Kommissie van die AKV en die Raad van Finansies 'n prioriteit. Die realiteit is dat die meeste predikante tans aftree met onvoldoende opgeboude waarde op hulle individuele waardes op die NHKA en verwante werkgewers se Sambreelfonds.

Die redes vir die tekort op aftreevoorsiening het grotendeels te make met die historiese befondsingsmodel van die Pensioenfonds. Tot en met 28 Februarie 2018 was die Pensioenfonds 'n vastevoordeelfonds soos gedefinieer deur die wetgewing op Pensioenfondse, Wet 24 van 1956, en die wetgewing op Inkomstebelasting, Wet 58 van 1962. 'n Vastevoordeelskema beteken dat die uiteindelijke pensioen van die lede gebaseer word op die aantal jare diens as bydraende lid, en die versorgingsvoordeel soos in die reëls gedefinieer. Die bydraes tot die Fonds is ook gebaseer op die versorgingsvoordeel.

Vanaf 1 Maart 2019 het die Fonds verander na 'n vastebydraeskema. Die individuele waardes van elke lid is deur 'n aktuaris bereken ingevolge die reëls en formules van die ou Fonds, en sodanige waarde is per lid op die vastebydraebasis as openingswaarde ingebring. Alle nuwe bydraes, plus groei en minus die koste van risikodekking en administrasie, is tot die lid se individuele waarde in die Fonds toegevoeg.

Omdat die Fonds redelik klein is (baie min lede) is die Fonds met sy eie reëls met die NHKA Personeelfonds saamgevoeg om sodoende 'n groter pensioenfonds daar te stel wat tot kostebesparing gelei het. Heel onlangs het u ingestem dat die Pensioenfonds deel word van 'n baie groot Sambreelfonds wat tot verdere kostebesparings aanleiding gegee het, en ook sekere koste-items en verantwoordelikhede in sy totaliteit verwyder het. Deur koste te verlaag, wat vanuit die werkgewers se 12.5% bydraes betaal word, word meer van die bydraes na aftrede geallokeer, wat uiteindelik tot beter uitkomst vir die lede aanleiding gee.

Die verloop van die bedrag wat as versorgingsvoordeel gebruik is, het nie altyd tred gehou met inflasie nie, en daar was jare wat die verhoging in die versorgingsvoordeel minder as inflasie was. Daar was dan ook jare wat die verhoging meer as die inflasiekoers was in 'n poging om van die verlede se uitdagings te probeer regstel.

Die volgende aspek wat ook oorweeg moet word, is dat 'n eenvormige versorgingsvoordeel vir alle predikante sy eie uitdagings en gevolge het. 'n Bedrag van R656 160 (huidige versorgingsvoordeel) is waarskynlik aansienlik meer as die

traktement wat jong predikante verdien, terwyl dit waarskynlik ook heelwat minder is as predikante met 35 tot 40 jaar diens. Almal dra by op dieselfde basis in randwaarde, ongeag hulle werklike inkomste. Dit maak dit dan moeilik om te bekostig vir jong predikante terwyl ouer predikante nie genoeg van hulle inkomste spaar vir aftrede nie. Dit gee dan daartoe aanleiding dat jonger predikante kies om nie 100% bydraende lede tot die Fonds te wees nie en eerder 75% of 50% opsies kies. Predikante wat nie voltyds (100%) beroepe het nie, kan ook 25% en 10% opsies oorweeg, maar dit word sterk afgeraai.

Die huidige versorgingsvoordeel se benadering is natuurlik maklik om te administreer omdat alle predikante basies op dieselfde wyse bydra. Enige wysiging aan die model sal meer kompleksiteit veroorsaak, en kompleksiteit skep waarskynlik addisionele koste iewers en groter verantwoordelikhede op gemeentes se administratiewe vermoëns.

Gevolgtrekking:

Daar is uiteenlopende menings wat natuurlik ook oorweeg moet word, en enige nuwe model moet behoorlik uitgetrap word alvorens dit geïmplementeer kan word. Kommunikasie is baie belangrik om almal op die hoogte te hou. Maar die hoofdoel van die oefening moet wees om predikante, veral diegene wat in vol versorgde beroepe staan, by aftrede in 'n beter posisie te plaas. Vir die ouer predikante is dit waarskynlik 'n bietjie laat, maar die jonger predikante mag dalk oor 30 jaar of langer beter kan aftree.

Oudl Hannes Combrink stel die beskrywingspunt.

9.4 FINANSIËLE STATE: 28 FEBRUARIE 2025

Die finansiële state en saamgestelde inkomste en balansstate is op aanvraag beskikbaar.

9.4.1 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT)


Die totale waarde op die staat het vanaf R275 049 250 op 28 Februarie 2024 na R303 888 255 op 28 Februarie 2025 toegeneem. Die vernaamste lynitems wat hiertoe bygedra het, is

- * 'n toename in beleggings wat by die Raad van Finansies geplaas is ingevolge die Kerkgeld vir Kerkwerkstelsel (R21.6m).
- * goeie opbrengste behaal in die Raad van Finansies se beleggings (R5.4m) van opgelope historiese surplusse.

Die solvensievlak van die Raad van Finansies is gesond. Dit beteken dat die Raad van Finansies al sy verpligtinge met die nodige kontant en ander beskikbare bates kan diens (kort- en langtermyn) sonder om addisioneel voorsiening te maak vir kontant.

Grafiek 1 illustreer gemeentes se skuld aan sinodale offergawe oor tyd. Die skuld het in 2022 'n hoogtepunt bereik as gevolg van die COVID 19-pandemie en is stelselmatig besig om te daal namate invorderingsprosesse verbeter word. Ekonomiese omstandighede bly egter 'n uitdaging wat invordering bemoeilik. Historiese skuld neem stelselmatig toe wat 'n aanduiding is dat gemeentes wat reeds finansiële probleme ervaar, dit problematies vind om herstelstrategieë te

implementeer. Die gevolg is 'n tendens van ontbinding en samesmelting wat tans duidelik sigbaar is.




GRAFIEK 1: Debiteure: Sinodale offergawe

9.4.2


STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (INKOMSTESTAAT)

Die jaar geëindig 28 Februarie 2025 toon 'n netto surplus van R156 590 (2024: Tekort van R741 784). Hierdie resultaat is hoofsaaklik as gevolg van doeltreffende begrotingsbestuur. Beleggingsinkomste is stabiel omdat die Raad van Finansies 'n relatiewe konserwatiewe beleid volg waarvolgens kapitaal beskerm word. Die gevolg is dat onderliggende beleggings aan instrumente met minder risiko en wisselvalligheid blootgestel is. Alle wysigings aan die beleggingstrategieë word aan die hand van die goedgekeurde beleggingsbeleid van die Raad van Finansies tot uitvoer gebring.




GRAFIEK 2: Verhouding tussen totale inkomste en uitgawes

Die totale inkomste (waarvan die sinodale offergawes by uitstek die oorgrote meerderheid verteenwoordig – 87%) het die afgelope drie jaar stabiel gebly met die gevolglike resultaat dat die Sinodale Dienssentrum kostebesparende inisiatiewe kon bewerkstellig om inflasieverwante stygings teen te werk.



GRAFIEK 3: Bydrae van lynitems tot totale inkomste

Grafiek 4 toon die onderskeie uitgaweitems die afgelope vier jaar. Die grootste gewig aan kostes word aan die administrasie-afdeling toegeskryf ten opsigte van personeelkoste. Hierdie personeelkoste verteenwoordig dienste aan gemeentes.



GRAFIEK 4: Die uitgaweverdeling tot die finansiële state

AANBEVELING

1. Vir kennisname.
2. Dank word betuig aan elkeen wat meegewerk het, op watter wyse ook al, om die positiewe resultaat daar te stel.

9.5 BEGROTING 2026/2027

9.5.1 INLEIDING

Ten tye van die opstel van hierdie begroting om in die agenda van die 74ste AKV

opgeneem te word (Mei 2025), moet beramings gemaak word vir 'n jaar wat eers nege maande in die toekoms 'n aanvang gaan neem. Onder die mees gunstige omstandighede is dit uitdagend met ekonomiese onsekerhede en nog meer.

Die resultaat van die begroting moet beskou word met die aanname dat die reeds ooreengekome aktiwiteite onveranderd bly en dat die begroting opgestel is met ekonomiese en finansiële inligting wat ten tye van die opstel daarvan beskikbaar was.

Die *vorige jaar* moet eintlik die werklike syfers van 2025/2026 reflekteer. Ten tye van die opstel van die begroting vir 2025/26, is dié jaar slegs in die derde maand.

'n Gemiddelde verhoging van 4.5% is deurgaans gebruik. Die verhoging van 4.5% is ontvang vanaf die webruimte van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en Statista rakende die verwagte inflasiekoers vir die 2026/2027 finansiële jaar.


Dit volg dus dat die implementering van die begroting onderhewig is aan werklike verhogings wat nog in die toekoms sal realiseer. Die projeksies word dan aangesuiwer met enige ander substansiële aanpassing in die kostestruktuur en diensmodel van die NHKA waarvan ons bewus is.

9.5.2 AANBIEDING VAN DIE BEGROTING

Ons droom, dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld, kry gestalte in die Kerk se missie. Daarom word die begroting en die onderstaande grafieke uiteengesit volgens die kernaktiwiteite en strategie van die Kommissie van die AKV:

* Die strategiese koers van die Kommissie is soos volg:

- ** Opbou van gemeenskap van gelowiges.
- ** Teologiese opleiding en toerusting.
- ** Gemeentelike bediening.



GRAFIEK 5: Begroting - Strategiese koers

Die volgende grafiek toon hoe die begroting in terme van die missiestelling saamgestel is om

- * die goeie nuus van die evangelie van Jesus Christus te vier;
- * die gemeenskap van die gelowiges te beoefen;
- * diens te lewer; en
- * getuigenis te lewer teenoor alle mense oor die hoop wat in ons leef.



GRAFIEK 6: Missiestelling

Die samestelling van die begroting van die bogenoemde grafiek word verder uiteengesit in die onderskeie afdelings of begrotingsposte.

9.5.2.1 **Viering**

Daar is 'n baie ryk geskiedenis en dankbaarheid wat diep gewortel is in die Kerk en belangrik is om voort te sit. Die begroting ten opsigte van Viering is soos volg saamgestel:

TABEL 4: Missiestelling: Viering

	BEGROTING 2026/2027
Kommissie van die AKV	1 031 501
Strategiese groeipuntbediening	154 460
HTK	195 407
MRCC	25 000
Afdeling Kommunikasie	(1 664 623)
Kuratorium – Teologiese Opleiding	1 228 583
Totaal	R970 328

9.5.2.2 **Gemeenskap**

Om die gemeenskap van die gelowiges te beoefen, beteken om aktief deel te neem aan 'n geloofsgemeenskap waar mense mekaar ondersteun, mekaar se geloof versterk en saam groei in hul geestelike reis. Dit sluit in deelname aan eredienste, gebedsgroepe, liefdadigheid, en die deel van kennis en ervaring om mekaar aan te moedig en in geloof te bou. Die kern hiervan is om 'n gemeenskap te skep waar liefde, omgee en geestelike verdieping sentraal staan. Die begroting is uiteengesit om die *gemeenskap* te dien en te versterk in die jaar wat voorlê.

TABEL 5: Missiestelling: Gemeenskap

	BEGROTING 2026/2027
Kommissie van die AKV	954 163
MRCC	76 000
Sinodale Dienssentrum	616 538
Totaal	R1 646 701

9.5.2.3 Diens

Om diens te lewer binne die Kerk moet die gemeenskap en God gedien word met toewyding en nederigheid deur aktiewe betrokkenheid by verskeie bedieninge en take binne die Kerk. Dit sluit in die aanbied van administratiewe funksies, opleiding en ander vorme van dienswerk wat help om die geloofsgemeenskap te versterk en uit te bou. Diens is 'n uitdrukking van liefde, gehoorsaamheid en 'n roeping om 'n verskil te maak.

TABEL 6: Missiestelling: Diens

	BEGROTING 2026/2027
Kommissie van die AKV	3 380 719
HTK	2 722 087
Diakonaat	1 477 220
Sinodale Dienslewering	11 624 522
Totaal	R19 204 548

9.5.2.4 Getuienis

Om getuienis te lewer teenoor alle mense oor die hoop wat in ons leef, beteken om met oortuiging en liefde te deel hoe geloof ons lewe verander en rig. Dit is 'n manier om die lig van Christus uit te straal deur ons dade, woorde en gesindheid, sodat ander geïnspireer kan word om hul eie geloofspad te ontdek en by te dra tot die versterking van die geloofsgemeenskap waar die werking van God daagliks uitgeleef word.

TABEL 7: Missiestelling: Getuienis

	BEGROTING 2026/2027
Kommissie van die AKV	232 201
HTK	330 085
MRCC	29 160
Sinodale Dienssentrum	599 462
Totaal	R1 190 908

9.5.3 KURATORIUM

9.5.3.1 Teologiese Opleiding: Fakulteit Teologie en Religie, UP

Die NHKA het histories besluit om leraars aan 'n universiteit te laat onderrig, met inbegrip van 'n kollege ter ondersteuning. Die begroting vir hierdie aktiwiteit lyk soos volg:

TABEL 8: Begroting: Teologiese opleiding

	WERKLIK 2024/2025	BEGROOT 2025/2026	BEGROOT 2026/2027
Dosentkoste	364 531	1 099 012	1 148 468
Oninbare Skuld	199 327	80 000	80 000
Totaal	563 858	1 179 012	1 228 468

Die volgende is ingesluit by dosentkoste:

- * Die NHKA is volgens die kontrak met **UP** verantwoordelik vir die volgende vakgebiede wat tans deur die volgende dosente gevul word:

TABEL 9: Dosente en vakgebied

Nuwe Testament	Dr JR van Niekerk
Sistematiese en Historiese Teologie	Dr A Janse van Rensburg
Departement Godsdiensstudies	Prof J Beyers
Ou Testament	Prof AB Geyser-Fouché
Praktiese Teologie	Dr A Botha

- * Die Kerk is verantwoordelik vir 30% van die vergoeding van vyf dosente, teen skale soos deur **UP** bepaal. Alhoewel die NHKA verantwoordelik is vir vyf dosente se koste, word die Kerk daarvan vrygestel indien 'n dosent as dekaan en of visedekaan aangestel word. Tans is prof J Beyers visedekaan. Dit beteken dat die NHKA vrygestel is van daardie koste. Die begroting toon dus die koste van vier dosente.

AANBEVELING

1. Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: **Teologiese Opleiding: Fakulteit Teologie en Religie, **UP**.**

9.5.3.2 **HTK**

Die 72ste AKV het besluit dat die **HTK** uitgebrei moet word om sodoende voorsiening te maak vir eie kerklike opleiding.

In terme van hierdie besluit het die **HTK** soos volg uitgebrei:

- * Praktijkgeoriënteerde opleiding.
- * **SRT**.
- * Die aanstel van vyf deeltydse dosente. Hierdie dosente se verantwoordelikhede is in die verslag van die **HTK** uiteengesit.
- * Die kostes van hierdie dosente is **NIE** ingesluit by die begroting **NIE**, aangesien die kostes vanuit die renteopbrengs van 'n erflating gedra word.

Die begroting van die **HTK** is soos volg:

TABEL 10: Begroting: **HTK**

	WERKLIK 2024/2025	BEGROOT 2025/2026	BEGROOT 2026/2027
Rente uit TOF	465 761	443 750	531 250
Rente ontvang vanaf studenteleninge	143 816	95 000	95 000
Rente inkomste vanaf testamentêre bemakings	500 000	500 000	500 000
Totale inkomste	1 109 577	1 038 750	1 126 250
Studentesake	211 903	221 779	231 758
Salaris en bydraes	211 903	221 779	231 757
HTK	3 527 003	3 730 596	3 859 150
Drukwerk, pos en skryfbehoeftes	834		

	WERKLIK 2024/2025	BEGROOT 2025/2026	BEGROOT 2026/2027
Huur	40 160	39 547	43 502
Kantoortoerusting	3 577	2 000	2 000
Praktykvorming (addisionele dosentkoste)		41 000	43 833
Vergadering en verversingskoste en toere	102 581	70 000	73 150
Salarisse en bydraes	1 208 481	1 247 475	1 293 710
Aanstelling van dosente by die HTK	449 831	400 000	400 000
Verdere studie en publikasies	53 932	100 000	100 000
Telefoon en internet	23 226	15 465	17 240
SRT	1 459 533	1 620 195	1 705 731
Studentekortings	137 767	96 346	80 115
Versekering	386	28 920	30 221
Aanbieding van VTT buite Pretoria	42 047	50 000	50 000
Waardevermindering	4 648	4 648	4 648
Persoonlike ontwikkelingskursus		15 000	15 000
Totaal uitgawes	3 738 906	3 952 375	4 090 908
Netto bedrag begroot	2 629 329	2 913 625	2 964 658

(i) **Studenteadministrasie**

Dié begrotingspos is ter ondersteuning van die ingeskrewe studente by die HTK. Hierdie ondersteuning is nie noodwendig net vir studente wat aan UP studeer nie, maar is ook uitgebrei na studente wat tans by ander universiteite studeer.

Hierdie pos lewer ook sekretariële ondersteuningsdienste aan die hoof van die HTK, Kuratorium en dosente van die HTK.

(ii) **HTK**

Die begrotingspos maak voorsiening vir personeelkoste asook alle verwante administrasiekoste soos drukwerk, skryfbehoeftes en toerusting.

Waar die huidige dosente binne die HTK nie oor die nodige spesialiskennis beskik nie, word van deeltydse dosente gebruik gemaak.

Deeltydse dosente word aangewend met inbegrip van deeltydse koste vir praktykvorming vir studente binne die HTK.

(iii) **SRT**

Dr C Pretorius is as voorsitter van die SRT aangewys. Die werksaamhede en bekostiging van die argief, museum en biblioteek ressorteer onder hierdie begrotingspos. Dr Pretorius ontvang geen vergoeding vir die dienste wat hy as voorsitter van die SRT verrig nie.

Die begrotingspos van die SRT verteenwoordig dus die totale koste vir die bestuur en administrasie van die argief, museum en biblioteek.

AANBEVELING

- Die vergadering bekragtig die aktiwiteite en begroting van die HTK.**

9.5.4 ONDERSTEUNING: MRCC

TABEL 11: Begroting: MRCC

	WERKLIK 2024/2025	BEGROOT 2025/2026	BEGROOT 2026/2027
Studenteondersteuning		24 000	25 000
Ondersteuning administrasie	29 160	26 244	29 160
Subsidies MRCC	129 160	76 000	76 000
Totaal uitgawes	158 320	126 244	130 160

Die besluit van die Kommissie van die AKV is dat dié begrotingspos volledig sal uitfaseer.

Skenkings aan die MRCC wat dit na goeddunke kan aanwend. Tans kry bydraes tot die traktamente van leraars en bydraes ten opsigte van die Pensioenfonds voorkeur.

AANBEVELING

1. Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: MRCC.

9.5.5 STRATEGIESE GROEIBEDIENING

Die 64ste AKV het besluit dat die befondsing aan studentegemeentes teen 'n koers van 5% per jaar uitgefaseer moet word. Die Kommissie van die AKV het by hul buitengewone vergadering van 15 en 16 Oktober 2020 besluit dat die gemeentes wat studente bedien, voortaan aansoek kan doen uit die Fonds vir Strategiese Groeibediening onderhewig aan die reëls van die Fonds.

Tydens die 72ste AKV is besluit dat die fondse vir Strategiese Groeibediening voortaan aangevul word met 'n bedrag van R400 000 vanuit die Fonds vir Sinodale Dienslewering, synde 'n gedeelte van die opbrengs op die belegging.

Die begroting vir die Strategiese Groeibediening is soos volg:

TABEL 12: Begroting: Strategiese Groeibediening

	WERKLIK 2024/2025	BEGROOT 2025/2026	BEGROOT 2026/2027
Strategiese Groeibediening	1 128 000	572 952	154 460

AANBEVELING

1. Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Strategiese Groeibediening.

9.5.6 ADV

Die 72ste AKV het besluit dat die kantoor van die sekretaris van die ADV vanuit sinodale offergawes befonds word. Besluit 33 van die 73ste AKV bepaal dat die diakonaat voortaan 'n komitee van die AKV moet word. Die begroting vir die werksaamhede van die diakonaat is soos volg:

TABEL 13: Begroting: [ADV](#)

	WERKLIK 2024/2025	BEGROOT 2025/2026	BEGROOT 2026/2027
Salarisse en bydraes	1 323 599	1 413 606	1 477 220

AANBEVELING

- 1. Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting van die Komitee vir Diakonaat.**

9.5.7 AFDELING KERKLIKE KOMMUNIKASIE

Die Afdeling Kerklike Kommunikasie is verantwoordelik vir al die kerklike publikasies en alle interne en eksterne kommunikasie van die Kerk. Die afdeling neem verantwoordelikheid vir gedrukte publikasies, elektroniese kommunikasie, sosiale media, kerkeie publikasies (soos kategesemateriaal, Diensboeke, kwitansieboeke ensovoorts), *ad hoc*-publikasies, en die versorging van die taal, grafika en bladuitleg van al die Kerk se kommunikasie.

Sedert November 2024 is die afdeling uitgebrei met die aanstelling van ds I Hartmann as joernalis. Hierdie pos het ten doel om meer sigbaarheid, veral op sosiale media, vir die NHKA te gee. Die pos se vergoeding word befonds vanuit bydraes wat in die verlede vanaf die Motsepe Foundation ontvang is.

Aangesien die AKV besluit het om hiervoor te begroot, sien die begroting vir kommunikasie soos volg daaruit:

TABEL 14: Begroting: Afdeling Kommunikasie

	WERKLIK 2024/2025	BEGROTING 2025/2026	BEGROTING 2026/2027
Advertensie-inkomste	90 931	14 534	90 931
Intekengelde en verkope	1 614 299	1 796 835	1 796 835
Kategeseboeke	31 715	33 930	33 930
Liedboeke	9 650	12 600	12 600
Pligeksemlare	19 404	58 960	58 960
Versendingskoste	68 439	97 603	74 598
Motsepe Foundation			352 091
Totale inkomste	1 834 438	2 014 462	2 419 945
Administrasiekoste	142 458	148 390	148 390
Webwerf	11 597	8 743	12 000
Koste van verkope – Boeke	283 941	216 000	216 000
Koste van verkope – Kategeseboeke	15 688	14 982	14 982
Koste van verkope – Liedboeke	8 151	6 720	6 720
Drukwerk en skryfbehoeftes	1 795	2 500	2 500
Drukkoste	499 476	523 830	523 830
Versendingskoste	285 559	296 587	296 587
Kantoorhuur	24 923	27 589	28 830
Kursuskoste	750	20 000	25 000
Salariskoste	1 684 420	1 533 632	1 981 057
Reis- en verblyfkoste	333	7 400	15 000

	WERKLIK 2024/2025	BEGROTING 2025/2026	BEGROTING 2026/2027
Verversings en onthaalkoste	3 650	4 200	4 200
Telefoonkoste	10 018	10 920	10 920
Toerusting	17 188	4 200	
Programmatuur: <i>Creative Suite Cloud</i>		29 313	30 632
Versekering	2 423	6 240	6 521
Waardevermindering		21 700	21 700
Totaal uitgawes	2 992 371	2 882 946	3 344 870
Netto bedrag begroot	1 157 933	868 485	924 925

AANBEVELING

- Die vergadering bekragtig die aktiwiteit: Afdeling Kommunikasie.**

9.5.8 KOMMISSIE VAN DIE AKV

Hierdie begrotingspos verteenwoordig alle koste van die Algemene Kommissie asook alle rade en komitees van die Algemene Kommissie om bepaalde opdragte af te handel. Dit sluit die volgende in:

TABEL 15: Begroting: Kommissie van die AKV

	WERKLIK 2024/2025	BEGROTING 2025/2026	BEGROTING 2026/2027
Algemene Kommissie en Moderamen	325 427	370 998	387 693
Raad van Finansies	108 438	70 739	73 922
Beheerkomitee vir Kerklike Kommunikasie	363 194		352 000
Kuratorium	19 113	22 709	23 730
Pligeksemplare	44 842	58 960	61 613
Kernkomitees	145 458	142 837	114 124
Regskoste	7 483	30 000	30 000
Voorsiening AKV kostes	60 000	60 000	60 000
Diskresionêre fondse	20 474	33 500	35 000
SGB	2 403 212	2 213 944	2 251 685
Skribaats	1 679 662	1 767 636	1 908 148
Voorsiening vir oninbare skulde	199 327	80 000	80 000
Totaal uitgawes	5 376 627	4 851 322	5 377 916

AANBEVELING

- Die vergadering bekragtig die aktiwiteit en begroting: Kommissie van die AKV.**

9.5.9 KOSTE VAN SENTRALISERING

Hierdie groep begrotingsposte word strategies gesentraliseer omdat dit te duur of

onprakties vir individuele gemeentes sal wees om individueel die aktiwiteite te bekostig. Ekonomieë van skaal is dus noodsaaklik.

Die items wat hierna volg, word beskou as die *koste van sentralisering*.

9.5.9.1 Administrasie

TABEL 16: Begroting: Administrasie

	WERKLIK 2024/2025	BEGROTING 2025/2026	BEGROTING 2026/2027
Administrasiekoste verhaal	357 839	403 593	419 848
Wins met verkoop van bates	4 468		
Totale inkomste	381 779	403 593	419 848
Bankkoste	157 890	169 393	172 420
Bergingskoste			2 500
Kantoorhuur	212 195	272 973	285 256
Konsultasiekoste	33 440	30 000	31 350
Ledegeld	4 524	17 798	18 598
Medisyne	1 283	10 419	5 000
Ouditeursvergoeding	110 860	115 850	121 063
Personeelkoste	6 314 416	7 299 375	7 470 365
Personeelontwikkelingskoste (kursus en kongres)	52 508	60 346	63 062
Motorkoste	431 207	532 169	494 667
NCR-registrasiekoste		14 221	14 861
Posgeld	10 172	900	941
Telefoon	169 822	95 008	98 808
Tydskrifte, tegniese bywerking	1 488	1 500	1 568
Versekering	181 688	193 973	193 973
Vervanging meubels en gordyne/onderhoud	20 371	15 460	16 156
Vergaderings en funksies	75 181	60 000	62 700
Waardevermindering	128 945	160 283	106 140
Reiskoste personeel	93 361	59 806	59 171
Totaal uitgawes	7 999 352	9 109 474	9 218 598
Netto bedrag begroot	7 617 573	8 705 881	8 798 750

Administrasie behels die uitvoering en bestuur van die aktiwiteite soos bepaal deur die AKV. Meeste van die koste is direk daaraan verwant, maar word ook gebruik om gemeentes te adviseer en behulpsaam te wees met onder andere finansiële-, belasting-, personeel- en logistieke bestuur. Anders gestel, sou die dienste nie sinodaal aangebied word nie, sal gemeentes noodgedwonge eksterne kundigheid moet aankoop.

Die onderskeie koste komponente word hieronder kortliks toegelig:

(i) **Bankkoste**

Hierdie is 'n vaste koste wat die afgelope tydperk baie duur geword het.

Die sluit in die koste van fasiliteite soos magneetbande en elektroniese bankgeriewe. Die lopende rekeninge van die Raad van Finansies en Kerkgeld vir Kerkwerk se daggeldrekeninge en vier magneetbande per maand is hier ter sprake.

(ii) IT: Toerusting en lisensies

Dit sluit in opgradering van rekenaartoerusting asook jaarlikse lisensiegelde vir antivirus- en rekeningkundige programmatuur. Om die Kerk te beskerm teen kubermisdaad en in pas te bly met die nuutste weergawes van programmatuur asook die beskerming van inligting, is die diens noodsaaklik vir die Sinodale Dienssentrum.

Dit sluit in die Kerk se wolkgebaseerde dienste en die beskikbaarstelling van voorkeurtariewe vir e-posadres en Microsoft Office-programmatuur en funksies onder die NHK-domein.

Die daarstel van bykomende dienste aan gemeentes, naamlik 'n ekstranet wat die veilige bewaring van gemeentelike inligting op een sentrale plek fasiliteer. Die voordele van 'n ekstranet is:

- * Elke gemeente het toegang tot sy eie inligting en die inligting word beskerm deur selfgegenereerde wagwoorde.
- * Die risiko dat gemeente-inligting wegraak as die gemeente se rekenaar gesteel of onklaar raak, word ook gemitigeer.

(iii) Konsultasiekoste, kursus- en ledegelde

Hierdie drie komponente dra daartoe by dat die advies en ondersteuning wat sinodaal aan gemeentes gebied word, relevant bly.

(iv) Motorkoste

Dit verteenwoordig die koste verbonde aan die klein voertuigvloot van die Sinodale Dienssentrum. Dit stel personeel in staat om hul opdragte uit te voer en bied ook vervoer aan besoekers aan die sinodale kantore tydens vergaderings.

(v) Ouditeursvergoeding

Ordinansie 9.2.2.2 (iv)(c) van die Kerkorde bepaal dat die finansiële funksionering van die Raad van Finansies jaarliks ekstern geouditeer moet word. Gegewe die omvang van die bedrywighede, is die uitgawe die laaste drie jaar met die ouditeure onderhandel. Die kostes het beduidend afgeneem sonder dat enige kwaliteit ingeboet is.

(vi) Personeelkoste

Voorsiening word gemaak vir die volgende:

- * Bedryfshoof en die persoonlike assistent.
- * Finansies:
 - ** Senior rekenmeester.
 - ** Rekenmeester: Grootboeke en beleggings.
 - ** Assistentrekenmeester.
 - ** Debiteure-administrasie.
 - ** Debiteure-invordering.
 - ** Krediteure en Kerkgeld vir Kerkwerk-administrasie.
 - ** Datavaslegging.

- * Mannekrag en eiendomsbestuur:
 - ** Bestuurder eiendomme en skakelbordbeampte.
 - ** Konsultant om mediese- en pensioennavrae te hanteer.
 - ** Salarisadministrasie vir die Sinodale Dienssentrum. In die verslagjaar is 'n salarisburo gevestig om gemeentes en organe van bystand teen 'n koste te ondersteun.
 - ** Digitalisering en liassering van korrespondensie.
 - ** Skoonmaker/s.
- * Inligtingstechnologie, elektroniese media en reproduksie:
 - ** IT-bestuurder.
 - ** IT-assistent.
 - ** Reproduksiepersoneel.

Ondersteuning aan NWO's (Kindersorg, Bejaardesorg, Rata, ADV, gemeentes en die NHSV-Hoofbestuur) is ingesluit en word deur bogenoemde personeel gelewer. Bogenoemde uiteensetting van personeel veronderstel afgebakende werksvelde wat in praktyk glad nie so realiseer nie. Gegewe dat daar geen surpluskapasiteit vir enige personeellid bestaan nie, volg dit noodwendig dat ten tye van siekte of verlof, die ander personeel moet instaan sonder bykomende vergoeding. Hierdie toedrag van sake verklaar waarom die akkumulering van verlof 'n uitdaging en risiko in die Sinodale Dienssentrum is.

(vii) **Telefoon en posgeld**

- * Posgeld – koerierkoste.
- * Telefoon.
- * Publikasies – om tred te hou met verwickelinge in die finansiële-, tegniese- en mannekragdissiplines.
- * Versekering – geboue en toerusting.
- * Vergaderings – virtuele kommunikasiekanale.

(viii) **Verhaling van administrasiekoste**

Waar moontlik word koste vir interne dienste verhaal om sodoende die koste onder die korrekte bedryf te toon. Dit sluit in algemene administrasie aan organisasies sonder winsbejag (NWO's) asook internetintekengelde en reproduksie vir liggame buite die sinodale sfeer.

AANBEVELING

1. **Die vergadering bekragtig die aktiwiteite en begroting ten opsigte van die koste van sentralisering.**

9.5.10 EIENDOM EN GEBOU

Die volgende eiendomme word tans gehuur:

- * NH Gemeente Derdepoort – Sinodale Dienssentrum.
- * NH Gemeente Philadelphia – Raadsaal.
- * Erfenisstigting by die Voortrekkermonument – Argief.
- * NH Gemeente Wonderboompoort – Museum en Biblioteek.

Die koste verbonde aan die bedryf van die geboue word verminder by wyse van die verhaling van koste van toepaslike begrotingsentrums (intern).

Nieteenstaande die feit dat die Sinodale Dienssentrum huurders by gemeentes is, is daar steeds instandhouding waarvoor die Sinodale Dienssentrum verantwoordelik is.

Personeelkoste hier ter sprake is die volgende:

- * Bestuurder eiendomme en skakelbordbeampte.
- * Sekuriteit en skoonmakers.

TABEL 17: Koste aan bedryf van geboue

	WERKLIK 2024/2025	BEGROTING 2025/2026	BEGROTING 2026/2027
Huur ontvang – kantore	714 824	730 564	742 319
Huur ontvang – parkering	2 500	4 140	4 140
Totale inkomste	717 324	734 704	746 459
Huur betaal	738 957	730 564	742 319
Munisipale koste	269 666	227 187	227 187
Onderhoud	158 133	143 843	144 312
Skoonmaakmiddels	17 992	18 000	18 000
Personeelkoste	577 192	616 840	675 315
Versekering	38 202		
Totaal uitgawes	1 798 411	1 703 245	1 773 780
Netto oorskot/(tekort)	1 082 819	1 001 730	1 060 674
Koster – uitgawe	38 202	38 415	44 177
Totale begroting geboue en eiendom	1 121 021	1 040 145	1 104 851

AANBEVELING

- 1. Die vergadering bekragtig die aktiwiteite en begroting: Eiendomme en geboue.**

9.5.11 OPSOMMENDE BEGROTING

Die opsomming van al die begrotingsentrums word hiernaas saamgevat:

TABEL 18: Opsommende begroting

	WERKLIK 2024/2025	BEGROTING 2025/2026	BEGROTING 2026/2027
Sinodale dienslewering	7 637 045	8 705 881	8 798 750
IT-dienste	369 096	336 635	451 837
Geboue en eiendomme	1 082 819	1 008 822	1 104 851
Strategiese groei-bediening	1 128 000	72 953	154 460
MRCC	158 320	126 244	130 160
HTK	2 917 426	2 913 625	2 964 658
UP	364 531	1 099 012	1 148 468
Kommissie van die AKV	5 013 433	4 851 322	5 377 916
Sekretariaat van die ADV	1 352 735	1 413 607	1 477 220
Kerklike kommunikasie	157 933	868 485	924 925

	WERKLIK 2024/2025	BEGROTING 2025/2026	BEGROTING 2026/2027
Mediese kontraktuele verpligting teenoor UP	365 962	399 000	436 107
Emeriti aanvulling	210 000	153 000	147 600
Totale koste	21 757 300	22 448 586	23 116 951

Die huidige jaar (2025/2026) toon 'n styging van 3.18%. Die begroting vir 2026/2027 verteenwoordig 'n toename van 2.98% op die huidige begroting en 'n gemiddelde toename van 3.125% per jaar op die werklike resultate van 2024/2025.

Onderhewig die aanvaarding van die beskrywingspunt wat betrekking het op die model waarvolgens sinodale dienste bekostig word, beteken dit dat die sinodale offergawes voortaan nie meer per belydende lidmaat aangetoon word nie (sien bl [88](#)).

AANBEVELING

- 1. Die vergadering keur die begroting goed.**

9.6

AFTREEBEPLANNING

Mense wat in Suid-Afrika aftree, ervaar grotendeels uitdagings wanneer die groot dag van aftrede aanbreek. Statistiek wat die lewensversekeringsmaatskappye bekendstel, dui daarop dat slegs ongeveer 4% tot 5% van mense in staat is om af te tree met 'n pensioen wat hulle volhoubaar kan versorg op dieselfde lewenstandaard as voor aftrede.

Van die redes hiervoor is die volgende

- * Die *baby boomers* word beskou as 'n toebroodjiegenerasie. Baie moet nog help om hulle baie bejaarde ouers te versorg, terwyl hulle kinders sukkel om werk te kry en daarom steeds van die ouers afhanklik is.
- * Die meeste mense verstaan nie die belangrikheid om vroegtydig te begin om voldoende vir aftrede voorsiening te maak nie – tydwaarde van geld.
- * Die tegniese omgewing van voor-aftrede spaarprodukte en na-aftrede pensioenprodukte is bo mense se verstaan, en daar word nie genoeg moeite gedoen om 'n langtermyn professionele verhouding met 'n vertroude finansiële adviseur of adviesbesigheid op te bou en te handhaaf nie.
- * Ongelukkig weens baie slap reëls in die verlede, beskou baie mense adviseurs as polissmouse, terwyl adviseurs met professionele akkreditasie hard werk om die persepsie te weerlê.
- * Oor die algemeen het die gemiddelde lewensverwachting by aftrede baie langer geword weens die vordering in mediese wetenskap.
- * Die gevorderde mediese wetenskap wat ons aan die lewe hou, is egter baie duur en die inflasiekoers vir mediese fondse is gemiddeld 10% tot 11% per jaar, aansienlik meer as die sogenaamde amptelike inflasiekoers.

- * Baie predikante (en ook ander mense), bly in werkgewerhuisvesting (pastorieë) en moet dan by aftrede 'n plekkie koop of huur om in te bly – selde is daar vir dié koste in die beplanning voorsiening gemaak.
- * Ongeag die gunstige belastingvergunning wat 'n belastingbetaler toelaat om tot 27.5% van belasbare inkomste elke jaar (beperk tot R350 000) tot aftreeprodukte by te dra, is die gemiddelde bydrae (spaar) aansienlik minder as dit, waarskynlik ongeveer 15% effektief na koste.
- * Indien daar 'n egskeiding was, staan meeste persone gewoonlik 50% van hulle bates, insluitend Pensioenfonds, af aan die voormalige gade wat 'n groot terugslag beteken op die aftreespaargeld.
- * Persone wat bedank en van werk verwissel, het histories baie selde die opgeboude pensioenwaarde bewaar, grotendeels word die waarde as meevaller beskou en nadat 'n klomp onnodige belasting betaal is, word die Pensioenfonds se geld gebruik vir ander *noodsaaklike* uitgawes.
- * Predikante wat in die volgende 15 na 20 jaar aftree, het ook deur die tydperk gegaan waar die ou Predikantepensioenfonds onderbefonds was en die versorgingsvoordeel nie met inflasie tred gehou nie – dit reflekteer in aftreewaarde tans van ongeveer R5m na 40 jaar diens, terwyl daar eintlik nader aan R12m nodig is om vandag op nagenoeg dieselfde lewenstandaard af te tree.

As u dus nie ekstra geld wegsit of weggesit (spaar) het of behoorlik vir aftrede beplan het nie, dan gaan u beslis ook die uitdaging eerstehands beleef.

Die beste raad wat ons vanuit die Raad van Finansies of Bestuursforum van die NHKA se Sanlam Sambreelpensioenfonds kan gee, is om sou gou as moontlik 'n professionele adviseur te raadpleeg om beplanning te doen aan die hand van u doelwitte vir die langtermyn, spesifieke uitgawes en nood. U moet 'n verhouding met so 'n persoon of firma opbou ten einde u te kan diens oor u werksloopbaan en daarna en beslis nie impulsief agter TV-advertensies aanspreek nie. Daar is altyd terme en voorwaardes wat nie gedeel word nie, en u adviseur sal u deur die mynveld kan begelei in taal wat u kan verstaan.

Sodanige professionele adviseurs het die Raadseksamen by die **FPI** geslaag en mag die titel, **CFP**® gebruik. U kan ook die **FPI** se webwerf (<https://fpimymoney123.co.za/find-a-financial-planner/>) besoek om sodanige adviseur naby u te vind.

Onthou, om 20 jaar voor aftrede te begin beplan vir aftrede is minstens 10 na 15 jaar te laat!

9.7 SINODALE EIENDOMME

9.7.1 NH GEMEENTE DERDEPOORT (SINODALE KANTOOR)

Met die verkoop van die Dirk van der Hoffgebou in 2018 het die Kommissie van die AKV besluit om nie weer in vaste eiendomme te belê nie. Dit het daartoe aanleiding gegee dat 'n vaste koste na 'n veranderlike koste verander is wat die Kerk se begroting meer veerkragtig maak.

Die soektog om geskikte eiendom vir die Sinodale Dienssentrum soos by die Dirk

van der Hoffgebou te bekom, het nie gerealiseer nie. Die Sinodale Dienssentrum se werkplekke is verdeel hoofsaaklik tussen Gemeente Derdepoort en die Erfenisstigting by die Voortrekkermonument.

Hierdie veranderlike koste het daartoe bygedra dat daar met die Erfenisstigting weer onderhandel kon word oor die huur van kantore tydens die grendeltydperk as gevolg van COVID-19. In dié tydperk is bepaal dat die kantore van die Kommissie van die AKV en die Afdeling Kommunikasie nie meer noodsaaklik is nie, aangesien die personeel effektief tuis werk.

Die Sinodale Dienssentrum se werksaamhede vir die volgende afdelings is by Gemeente Derdepoort geplaas:

- * Finansies.
- * Interne Oudit.
- * Die Boekwinkel.
- * IT.
- * Die Bestuurder, DPS-huise.

9.7.2 ERFENISSTIGTING

Soos reeds aangedui, is kantoorspasie in 2021 weer met die bestuur van die Erfenisstigting onderhandel waar kantoorspasie aan hulle terugbesorg is voordat die huurkontrak ten einde geloop het. Dit het 'n besparing van ± R10 000 per maand in die 2022/23 en daaropvolgende begrotingsjare tot gevolg gehad.

Die Argief is by die Erfenisstigting gevestig. Tans is daar 'n baie goeie werksooreenkoms tussen die Argief en die Erfenisstigting.

9.7.3 GEMEENTE WONDERBOOMPOORT

Die spasie van die biblioteek (soortgelyk aan die Dirk van der Hoffgebou) kon nie by die Erfenisstigting gevestig word nie. Daar is met Gemeente Wonderboompoort onderhandel om die vertrek bokant die konsistorie aan te wend vir die biblioteek. In die tussentyd het Gemeente Midstream ook 'n lokaal beskikbaar gestel (gratis) om 'n deel van die biblioteek te huisves.

Met die verkoop van Gemeente Pretoria se kerkgebou aan die Reserwebank, moes daar 'n nuwe tuiste gesoek word vir die museum. Aangesien die ou kerkgebou van Wonderboompoort onbenut was, is daar met die kerkraad onderhandel en is die museum daarheen verskuif. Gemeentes word aangemoedig om die erfenis van die NHKA by die museum te gaan besigtig.

9.7.4 GEMEENTE PHILADELPHIA

Die verkoop van die Dirk van der Hoffgebou het aanleiding gegee dat daar met Gemeente Philadelphia onderhandel is om die Raadsaal (die ou Bloukamer) daar te vestig.

Die lokaal wat die gemeente aangebou het, word tans gehuur as Raadsaal. Die lokaal is ingerig om ook aanlynvergaderings te fasiliteer.

9.7.5 PLAAS KLIPDRIFT: HAMMANSKRAAL

Die opleiding van predikante van die MRCC en ander kerke, wat voorheen te

Hammanskraal opgelei is, is intussen na **UP** verskuif. Dit het gebeur onder andere op versoek van die **MRCC** en studente wat bepaalde motiverings voorgehou het.

Ten opsigte van die plaas Klipdrift is daar enkele sake om van kennis te neem, naamlik:

9.7.5.1 **Dinokeng Big Five-wildtuin**

Die plaas Klipdrift is sedert April 2010 deel van die Dinokengwildtuin. Alle binneheining is as deel van die eerste fase van sowat 15 000 ha verwyder. Die groot vyf is binne die wildtuin gevestig.

9.7.5.2 **Butterfly for Change**

Hierdie organisasie het die plaas gekoop. Onder die leiding van Lize Oosthuizen is die organisasie se primêre doel om 'n plek van veiligheid wat na babas met **MIV** omsien, te bestuur. Die organisasie het deurlopende verbeterings, befonds uit skenkings vanuit die buiteland, aan die eiendom aangebring en een van die lokale omskep vir hulle doelstellings.

Die eiendom is aan die organisasie verkoop op 'n bruikhuurbasis oor 'n tydperk van vyf jaar. Die eiendom is tans in die proses van oordrag nadat die laaste paalement ontvang is.

AANBEVELING

1. Vir kennisname.

9.8 **GEMEENTELIKE AANGELEENTHEDE**

9.8.6 **INLEIDING**

Met die aanvaarding van die Nakomingsbeleid tydens die 71ste AKV het die NHKA haar tot die King IV-verslag verbind. Die afgelope termyn is gevind dat nakoming 'n al hoe belangriker rol in die Kerk inneem. Die King IV-verslag is gerig op die etiese selfregulerende benadering, eerder as 'n eksterne regulerende benadering tot korporatiewe beheer, en gemeentes kan baat vind by die bestudering van die verslag.

Die kernwaardes wat hiervoor uitgespel word, vorm die fondasie waarop korporatiewe beheer gebou is. Die waardes hiervoor is: *Verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid en deursigtigheid*. Die verantwoordelikheid van leierskap in organisasies is om hierdie waardes te beliggaam, te omhels en as hul verpligting te aanvaar. Daar moet tussen bestuur en die ander belanghebbers 'n etiese verhouding ontstaan, wat gebaseer is op wedersydse verantwoordelikheid vir die ekonomiese, sosiale en ekologiese impak van die organisasie (Kerk).

Die geloofsgemeenskap kan ook 'n rol speel om leiers, besigheids- en bestuurslui te help oplei om die King IV-verslag nie net as 'n besigheidsdokument te lees nie, maar ook as 'n dokument wat ruimte bied vir gelowiges om 'n verskil te maak. Ons kan die vraag vra of hierdie dokument nie juis 'n goeie raamwerk bied waarin besigheid en kerk hande kan vat nie – 'n raamwerk wat 'n geweldige tekortkoming in ons samelewing kan aanspreek.

'n Laaste rede is die vanselfsprekende, naamlik dat gemeentes 'n verantwoordelikheid het om eties om te gaan met sy eie bronne, om vertroue by lidmate en in gemeenskap te vestig.

9.8.7 INTERNE OUDIT – KONTROLEFUNKSIE

Interne Oudit is hoofsaaklik bekend vir die ouditfunksie, naamlik die toets ten opsigte van nakoming en kontrole van prosedures wat in die Kerk tot uitvoer gebring word. Wat minder bekend is, is dat die afdeling ook 'n beduidende rol speel in byvoorbeeld

- * gemeentelike boekhouding.
- * opleiding oor 'n wye front.
- * belastingsake en ondersteuning.
- * ondersoeke.

Die Kerk het dus daarin geslaag om 'n afdeling daar te stel wat die Kerk kan dien in al hierdie dissiplines.

9.8.8 SAAMGESTELDE GEMEENTELIKE FINANSIËLE STATE

9.8.8.1 Inleidend

Die opstel van saamgestelde finansiële state van gemeentes oor die afgelope drie finansiële jare (2021/22 tot 2023/24) is moontlik gemaak vanuit die databasis wat deur die Ouditafdeling bygehou word.

Die syfers word verkry vanaf die finansiële state van gemeentes wat deur die Ouditafdeling geoudit word, asook gemeentes wat hul ekstern geouditeerde finansiële state aan die Ouditafdeling stuur ingevolge die AKV se besluite in dié verband.


Die resultate moes gemodereer word aangesien nie al die gemeentes betyds hulle boeke vir die 2022/23 (21 gemeentes) en 2023/24 (85 gemeentes) finansiële jaar ingedien het nie. So ook was daar ekstern geouditeerde gemeentes wat ook nie hulle state na die ouditafdeling gestuur het nie. Dit is 'n groot bron van kommer vir die [ORK](#) en die Raad van Finansies dat gemeentes nie aan die basiese nakomingsvereistes kan voldoen nie.

Die state is dus aangepas op grond van die veronderstelling dat die tendens van die vorige jare herhaal word in die daaropvolgende jare.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die byhou van rekeningkundige stelsels en boeke die verantwoordelikheid van die gemeentes is. Dit sluit die opstel van die finansiële jaarstate in. Ofskoon hierdie funksie uitgekонтakteer mag word aan 'n ouditeur, interne ouditeur of rekenmeester, bly dit die kerkraad se verantwoordelikheid.

9.8.8.2 Saamgestelde staat van omvattende inkomste


Die volgende grafiek dui die tendens van die inkomste en uitgawebronne van gemeentes die afgelope vyf jaar aan. Die impak en herstel na die COVID-19 inperkings kan ook duidelik waargeneem word.



GRAFIEK 7: Saamgestelde inkomste en uitgawes

Bostaande grafiek toon dat die **inkomste** tendens vanaf 2020 na 2021 se finansiële jaar met ± R 19.5 miljoen gedaal het as gevolg van COVID-19. In 2022 is weer 'n toename van ± R18.5 miljoen behaal wat die inkomste voor COVID-19 ewenaar. In 2022 tot 2024 word daar 'n gemiddelde jaarlikse groei van ± R11.8 miljoen waargeneem.

Die grafiek toon verder dat die **uitgawes** aanvanklik in 2021 daal aangesien die uitgawes in COVID-19 ingeperk was. Vanaf 2022 het uitgawes jaarliks met 'n gemiddeld van ± R10.3 miljoen toegeneem. Die verhoging in uitgawes kan grootliks toegeskryf kan word aan instandhouding. Die koste aan instandhouding het jaarliks met 'n gemiddeld van R5 miljoen toegeneem.



GRAFIEK 8: Inkomstesamestelling

Bostaande grafiek toon 'n daling aan in die offervaardigheid van lidmate. Die rede van die daling is waarskynlik 'n sameloop van vele omstandighede. Die invloed van die daling in lidmaatgetalle asook die algemene verswakkende ekonomiese klimaat waaronder lidmate en pensioenarisse gebuk gaan, dra by tot die tendens. In die vorige verslag is vermeld dat, ten spyte van die daling in lidmaatgetalle, die offervaardigheid van lidmate toegeneem het. Sedert 2022 is die ewilibrumpunt in offergawes skynbaar bereik. Dit beteken dat die punt bereik is waar die huidige lidmate se finansiële bydraes die punt bereik het dat 'n verhoging in bydraes nie die verlies in lidmate kan uitpresteer nie.

Wat deurkollekties betref het die inkomste sedert 2021 met R2.5 miljoen toegeneem. Vanuit die grafiek kan waargeneem word dat die waarde van deurkollekties en fondsinsamelings eers weer in 2025 die vlakke kon bereik voor die COVID-19 pandemie en die impak van die inperkings. Die inperkings het ook daartoe aanleiding gegee dat gemeentes se eredienste elektronies en op sosiale media uitgesaai word. Sommige gemeentes het kreatief te werk gegaan om deurkollekties ook elektronies in te samel. So is ook baie Suid-Afrikaners in die buiteland bereik en het gemeentes ook inkomste vanuit daardie bron ontvang.

Fondsinsamelings het sedert 2021 met 'n gemiddeld van R5 miljoen per jaar toegeneem. Alhoewel die grafiek aandui dat die waarde van fondsinsameling in gemeentes weer die vlakke voor COVID-19 bereik het, is daar inflasionêre druk. Hierdie druk dui daarop dat die koopkrag met betrekking tot fondsinsamelings die finansiële druk en ekonomiese klimaat in die land weerspieël.

(i) ***Staat van omvattende inkomste in perspektief***

Die volgende tabel analiseer enkele inkomste en uitgawes:

TABEL 19: Inkomstestaat: Verhoudings

VERHOUDINGS	2020	2021	2022	2023	2024
Offergawes tot standplaaskoste	1.23	1.34	1.31	1.27	1.26
Offergawes tot totale inkomste	0.53	0.60	0.56	0.53	0.49
Fondsinsameling tot totale inkomste	0.14	0.10	0.11	0.13	0.13

Die verhoudings vertel die volgende stories:

(a) **Offergawes tot standplaaskoste**

Hierdie verhouding toon aan of gemeentes hul standplaaskoste vanuit offergawes sou kon bekostig. In die tabel blyk dit dat predikante se werkrumtes/standplaaskoste vanuit offergawes in die vermelde tydperk bekostig kon word. Dit dui op die volhoubaarheid ten opsigte van **VIERING** binne gemeentes.

Die Raad is bewus van die streng finansiële bestuur wat gemeentes toepas. Die verswakking in die verhouding is 'n sameloop van omstandighede. Soos reeds vermeld is 'n ewilibrumpunt in offergawes bereik weens die verswakking in die ekonomie. Die positiewe met betrekking tot die verhouding is dat ongeveer 50 predikante in dié tydperk emeritaat aanvaar het. Dit het gemeentes in staat gestel om jonger predikante teen 'n kleiner traktement te beroep.

(b) **Offergawes tot inkomste**

Die gemiddelde verhouding van offergawes tot totale inkomste in die bogenoemde tydperk was 0.54. In die tydperk 2017 tot 2021 (73ste AKV verslag) was die


gemiddelde verhouding 0.57 van totale inkomste. Alhoewel dit nie 'n baie groot afname teenoor die vorige tydperk toon nie, het offergawes oor die laaste drie jaar met 'n gemiddeld van 0.97% per jaar afgeneem. Die rede vir die verswakking in offergawes is reeds onder punt (a) bespreek, maar hierteenoor het die besigheidsinkomste, wat hoofsaaklik uit huurinkomste bestaan, binne gemeentes toegeneem. Die rede vir die toename is nie net die verhuur van pastorieë en selfoontorings nie, maar ook kerkgeboue. Hierdie huurinkomste sluit aan by missie naamlik **VIERING** en **GEMEENSKAP** binne die gemeenskap.

(c) Fondsinsamelings

Fondsinsamelings lewer 'n bydrae van ongeveer 12% tot totale inkomste. Dit is 'n 3% afname teenoor die vorige verslag, met inagneming dat die grendeltydperk deel vorm van hierdie berekeninge. Vanuit bogenoemde het fondsinsamelings oor die laaste drie jaar 'n gemiddelde groei van 1.2% per jaar getoon.

(d) Die staat van omvattende inkomste

Die staat van omvattende inkomste het oor die tydperk die ondergenoemde netto resultaat (verskil tussen inkomste en uitgawes) getoon:



GRAFIEK 9: Finansiële surplus/(tekort)

Die grafiek wys dus die mate wat inkomste die uitgawes in die verskillende periodes oorskry het.

Die grafiek toon verder hoe die Kerk sedert die grendeltyd weer gegroei het. Alhoewel daar 'n afname in die 2022/23-boekjaar was, toon 2023/24 weer belowende groei. Die grafiek is tekenend van harde werk en genade van die Heer van die Kerk.


9.8.8.3 Saamgestelde staat van finansiële posisie

Die saamgestelde staat van finansiële posisie van gemeentes toon 'n groei in bates van ± R 77.2m oor 'n vyf jaar periode of 'n gemiddeld van R15,4m per jaar. Sonder om in detail te verval, kan die belangrikste elemente van die balansstaat in die ondergenoemde tabel saamgevat word.

TABEL 20: Saamgestelde staat van finansiële posisie

	2020 R.M	2024 R.M	TOENAME 2020-2024	% VERHOOGING	GEMIDDELDE % PJ
Kontant en beleggings	214.6	286.1	71.5	33.33%	6.66%
Vaste bates	370.3	390.1	19.8	5.09%	1.02%
Langtermyn-verpligtinge	38.3	41.9	3.6	8.45%	1.69%
Bedryfslaste	16.6	20.9	4.3	20.52%	4.10%


Menige organisasie droom oor sulke resultate! Die bates toon gesonde groei terwyl die laste onder beheer bly. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die Kerk om dit te benut tot voordeel van die verkondiging van die evangelie op aarde. 'n Basiese sleutelverhoudingsontleding wys die volgende:

**GRAFIEK 10:** Likiditeit en solvensieratio

Die **likiditeit- of bedryfskapitaalverhouding** van gemeentes is die vermoë om korttermyn verpligtinge/skuld (betaalbaar binne een jaar) met korttermynbates (kontant en beleggings) te vereffen. Grafiek 10 wys dat die verhouding vanaf die 2019/20 finansiële jaar tot die 2023/24 finansiële jaar sywaarts beweeg het, en dus 'n gesonde likiditeitsvlak handhaaf.

Die **kontantratio** fokus slegs op kontant wat beskikbaar is om die bedryfslaste te betaal. Die verhouding oor die genoemde tydperk was wisselvallig. Die rede hiervoor was dat gemeentes van hul neseier-fondse in die COVID-19 pandemie vir bedryfsaktiwiteite aangewend het. Die ratio dui ook daarop dat daar genoegsame kontant in gemeentes is om bedryfsverpligtinge binne 12 maande te kan vereffen.

Die **solvensieverhouding** (totale bates/totale laste) is die vermoë om totale verpligtinge (verbande en ander langtermynlenings ingesluit) met totale bates (eiendom en geboue ingesluit) oor die langtermyn na te kom. Anders gestel, die solvensieverhouding toon in watter mate die *totale laste* deur *totale bates* gefinansier kan word. Die solvensievlakke het relatief konstant gebly oor die vyf jaar. Dit dui op volgehoue langtermyn finansiële stabiliteit, goeie risikobestuur en lae afhanklikheid van skuldfinansiering.

**GRAFIEK 11:** Omsetratio

Die totale bate omsetverhouding word gebruik om te bepaal hoe effektief die totale bates binne die Kerk aangewend word om inkomste te genereer. In grafiek 11 kan waargeneem word dat daar na 2021 (COVID-19 pandemie en grendeltydperk) 'n stabiele toename in aanwending van bates oor die tydperk was. Kortliks beteken dit dat gemeentes gemiddeld 40 sent inkomste genereer vir elke R1 wat in bates gehou word.

9.9

BESTUURSFORUM – SANLAM SAMBREELFONDS

Die daarstel van 'n bestuursforum is om as tussenganger tussen die lede van die NHKA se deel van die Sanlam Sambreelfonds en die trusteelede van die Sambreelfonds op te tree.

Tans ageer die verkose Pensioenfondslede ook as lede van die bestuursforum.

Aangesien die bestuursforumlede slegs 'n forum is tussen die lede van die NHKA en die trustees, is dit nie nodig dat die lede deur die AKV verkies word nie. Met die oorskakeling vanaf die NHKA Pensioenfonds na die Sanlam Sambreelfonds bepaal die **mandaat dat die bestuursforum uit ses lede** moet bestaan. Die volgende persone word as lede van die bestuursforum aan u voorgelê:

TABEL 21: Die Bestuursforum

Ds HJ Celliers	Predikantslidverteenwoordiger en tans lid van die NHKA Pensioenfonds
Oudl Hannes Combrink	Ervaring op die gebied van pensioene en tans 'n werkgewervertreter op die NHKA Pensioenfonds
Mnr Pieter Terblanche	Ervaring op die gebied van pensioene en tans 'n werkgewervertreter op die NHKA Pensioenfonds
Mnr Gerald Janse van Rensburg	Vertreter van die NWO's en tans 'n sekondus as werknemervertreter op die NHKA Pensioenfonds

Dr FJ Labuschagne	Voorsitter van die Pensioenfonds se Tegnieese Komitee
Mnr Johan Hattingh	Verteenwoordiger van die personeel van die Sinodale Dienssentrum en ook tans sekondus as werkgewervertenwoordiger op die NHKA Pensioenfonds

Vir bespreking en besluit.

9.10 FINALE GOEDKEURING VAN DIE BEGROTING

Vir bespreking en besluit.

---oOo---

10. KERKORDE

10.1 VERSLAE EN BESKRYWINGSPUNTE WAT MET DIE KERKORDE VERBAND HOU

BESKRYWINGSPUNT 49: KOMMISSIE VAN DIE AKV

WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.4.4 (xvi)

Ordinansie 4.4.4 handel oor die werkwyse van die AKV en paragraaf (xvi) word soos volg gewysig:

4.4.4 WERKWYSE

Die Algemene Kerkvergadering

(xvi) aanvaar gemotiveerde beskrywingspunte, voorstelle en versoekskrifte. Indien 'n beskrywingspunt, voorstel of versoekskrif finansiële implikasies het wat nie in die begroting van die Raad van Finansies verreken is nie, moet dit aan die vergadering uitgespel word.

Motivering:

Die bestaande formulering is lomp en kan onder sekere omstandighede problematies wees. Die wysiging wil die bestaande formulering verbeter.

Eerstens wil die nuwe formulering dit duidelik maak dat enige beskrywingspunt, voorstel of versoekskrif van 'n motivering voorsien moet word. Die motivering van beskrywingspunte wat vooraf in die agenda van die AKV opgeneem word, moet afgevaardigdes in staat stel om die redes daarvoor te verstaan en om op die gesprek oor hierdie saak voor te berei.

Tweedens verwys die bestaande formulering na memoranda en vereis dat die finansiële implikasies daarvan ook uitgewys word. 'n Memorandum is egter 'n studiestuk of 'n inligtingstuk en hou geen finansiële implikasies in nie.

Ten slotte maak die nuwe formulering dit duidelik dat die finansiële implikasies van 'n beskrywingspunt, voorstel of versoekskrif aan die vergadering geopenbaar moet word waar dit ter sake is – maar daar is tog baie gevalle waar 'n beskrywingspunt, voorstel of versoekskrif geen finansiële implikasies het nie. Om in elke geval uitdruklik te moet byvoeg dat daar geen finansiële implikasies is nie, kan in sommige gevalle eenvoudig laf klink.

Dr WC van Wyk stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 50: KOMMISSIE VAN DIE AKV

VOLGORDE VAN ONDERAFDELINGS VAN ORDINANSIE 2.5.2

Die volgorde van Ordinasie 2.5.2 oor die werkopdrag van die gemeentevergadering moet omgeruil word om 'n logiese lyn van lidmate en gemeente na ouderlinge en diakens, en dan na predikante te volg. (iii) word dus voor (i) ingeskuif en die nommering word dienoooreenkomstig aangepas. Dit maak uiteraard inhoudelik geen verskil nie.

2.5.2 WERKOPDRAG

Die gemeentevergadering

- (i) voer gesprek oor die roeping van lidmate en dienswerk van die gemeente**
- (ii) verkies ouderlinge en diakens**
- (iii) skep, waar nodig, 'n werkruimte vir 'n predikant of hef dit op**

Motivering:

Die volgorde van Ordinasie 2.5.2 oor die werkopdrag van die gemeentevergadering behoort 'n logiese lyn van lidmate en gemeente na ouderlinge en diakens, en dan na predikante te volg. Die wysiging skuif dus slegs subparagraaf (iii) voor die huidige subparagraaf (i) in en pas die nommering dienoooreenkomstig aan. Dit maak uiteraard inhoudelik geen verskil nie.

Dr WC van Wyk stel die beskrywingspunt.

BESKRYWINGSPUNT 51: KOMMISSIE VAN DIE AKV

ORDINANSIE 3.2.5 (i): ORDENING EN BEVESTIGING VAN PREDIKANTE

Ordinasie 3.2.5 (i) word soos volg gewysig:

- (i) Ordening of bevestiging vind in oorleg met die betrokke ringskommissies so spoedig moontlik na aanneming van 'n beroep plaas.**

Motivering:

Dit het in die praktyk geblyk dat predikante wat 'n beroep na die buiteland (Namibië en Botswana) aanvaar nie binne drie maande na aanneming van die beroep bevestig kan word nie weens die betrokke lande se arbeidswetgewing. Die ordinansie moet dus net vir hierdie gebeurlikheid voorsiening maak.

Dr WC van Wyk stel die beskrywingspunt.**BESKRYWINGSPUNT 52: KOMMISSIE VAN DIE AKV****SAMESMELTING VAN GEMEENTES**

Ordinansie 2.8 word gewysig en uitgebrei om te verseker dat die ringskommissie reg van die begin af by 'n samesmelting tussen gemeentes betrek word, en dat die Kommissie van die AKV en Raad van Finansies deurlopend op die hoogte van sake gehou word. Waar nodig mag die ringskommissie of die Kommissie van die AKV die **SGB** versoek om by die proses betrokke te raak.

2.8.1 Die gemeentevergadering voer gesprek en besluit oor samesmelting met 'n ander gemeente wanneer omstandighede wat die gemeente daartoe dwing, dit in belang van die bediening noodsaak. Die ringskommissie, Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en Raad van Finansies word deurlopend op die hoogte gehou.

2.8.2 'n Voorgestelde ooreenkoms tot samesmelting word deur die deelnemende gemeentes opgestel in oorleg met die ringskommissie, en deur die betrokke gemeentevergaderings met 'n tweederdemeerderheid van die aanwesige lidmate in 'n stemming aanvaar. Die ooreenkoms tree in werking by die aanvang van die eerste gemeentevergadering van die samesmeltende gemeentes.

2.8.3 Die ooreenkoms van samesmelting bevat minstens die volgende reëlings:

- (i) Die datum van samesmelting.
- (ii) Die grense van die gemeente wat uit die samesmelting ontstaan.
- (iii) Waar van toepassing word die predikante van die gemeentes losgemaak, onderhewig daaraan dat met die predikante ooreengekom word wie deur die nuwe gemeente beroep sal word of hoe die predikante andersins hanteer sal word.
- (iv) Indien oor die hantering van die predikante nie 'n ooreenkoms bereik kan word nie, moet met die betrokke ring oorleg gepleeg word.
- (v) Die beskikking oor die roerende en onroerende eiendom van die gemeentes wat by die samesmelting betrokke is.
- (vi) Die beskikking oor die notuleboeke, registers, finansiële verslae en die inhoud van die gemeentelike argief van die gemeente wat ontbind.

Motivering:

Dit is wesenlik noodsaaklik dat die ringskommissie, Kommissie van die AKV en Raad van Finansies kennis dra van prosesse om die bediening in 'n bepaalde gebied nuut te organiseer, en van enige sake wat die oordrag van eiendom raak.

Kommentaar deur die Raad vir Kerkregtelike Advies:

*Die Raad vir Kerkregtelike Advies is van mening dat hierdie saak verdiskonteer sal word deur slegs Ordinansie 2.8.1 te wysig om soos volg te lees: Die gemeentevergadering voer gesprek en besluit oor samesmelting met 'n ander gemeente, **in oorleg met die ringskommissie**, wanneer omstandighede, wat die gemeente daartoe dwing, dit noodsaak.*

Dr WC van Wyk stel die beskrywingspunt.10.2 **RAAD VIR KERKREGTELIKE ADVIES**10.2.1 **VERSLAG**

VERGELYK BYLAE P: Raad vir Kerkregtelike Advies: Verslag.



Vir bespreking en besluit.

10.2.2 **VERKIESING VAN DIE RAAD VIR KERKREGTELIKE ADVIES**

Die vergadering word versoek om sowel rotasie as kontinuïteit in ag te neem by die verkiesing van die statutêre rade.

Ordinansie 4.4.4 (xii)(d) verwys:

Die Algemene Kerkvergadering

- (x) *kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie*
- (d) *vyf persone om op die Raad vir Kerkregtelike Advies te dien waarvan minstens drie predikante is. Hierdie raad het reg tot koöptering.*

Vir bespreking en besluit.

---oOo---

THE

Absluiting



DANKBETUIGINGS

FORMELE AFSLUITING

Die nuutverkose voorsitter sluit die vergadering af met Skriflesing, samesang en gebed.

---oOo---

Eietydse getuienis
Ring van Swellendam



BYE

EIETDSE GETUIENIS

(Opgestel deur die Ring van Swellendam)

1. Ons glo dat dit die roeping van die Kerk is om die Blye Boodskap van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, as enigste Verlosser te bely en in die wêreld te verkondig.

Om die goeie nuus van die evangelie van Jesus Christus te vier, is ons daarom oortuig dat ons soos alle burgers die reg tot vryheid van spraak het om ons geloofsoortuiging te verkondig en uit te leef, sonder enige diskriminasie of onregverdigde inmenging oor die Lewende Woord van God as bron van ons oortuiging of die wyse waarop ons dit uitleef binne die grense van die konstitusie van ons land.

2. Ons getuig dat almal wat deur God in genade uitverkies is en deur die Heilige Gees in Jesus Christus glo, deel vorm van die volk van God en lede is van die kerk van Christus. Die Kerk, in ooreenstemming met ons belydenisskrifte, is 'n gestalte van die een, heilige, algemene en apostoliese kerk. Die Kerk het 'n eie geskiedenis, kerklike taal, teologiese tradisie en Kerkorde.

'n Gemeente is die plaaslike gestaltegewing van die Kerk. Ons getuig daarom dat die gemeenskap van gelowiges die beste gestalte vind waar ons as gemeente saamkom om ons verbondenheid aan die Koninkryk van God te vier, te versterk en diens te lewer.

Ons getuig daarom dat wanneer ons die Doop en die Nagmaal vier, ons vir mekaar wys wat God se liefde is. Ons doen dit deur in liefde mekaar te lei en leer, en mekaar te ondersteun, te vergewe en te versorg.

Ons glo dat dit ons opdrag is om ook teenoor ander mense wat ons elke dag op ons lewenspad raakloop, hierdie geloof en liefde prakties te wys.

Ons is daarom oortuig dat ons binne 'n demokratiese bestel die vryheid sal kan geniet, en deur die owerhede beskerm sal word om hierdie opdrag van ons sonder vrees of manipulasie op alle terreine van menslike verhoudinge en kommunikasiemiddele te kan uitvoer.

3. Ons glo dat God, wat op grond van sy Seun Jesus Christus se verdienste en deur die werking van sy Gees, ook ons God en Vader is, die wêreld en alles daarop en daarin geskep het en steeds onderhou, en vir ons die Woord gegee het as 'n gids om 'n goeie lewe vir Hom te leef deur dissipels te wees vir ander.

Ons getuig daarom dat ons verantwoordelik met die skepping moet leef, en die misbruik en besoedeling daarvan deur 'n gebalanseerde lewenswyse moet teenwerk. Ons moet dus met respek leef teenoor die lewens en gesonde bestaan van mens en dier. Ons verwag daarom dat owerhede en menslike instansies so sal regeer en beheer uitoefen, dat menselewe en die natuur beskerm en in vrede gesond kan voortgaan.



Uitverkiesingsleer

Kommissie van die AKV



BYAFEB

EIETYDSE VERSTAAN VAN UITVERKIESING

STUDIESTUK 1

(Opgestel deur oudl Anton Valks)

1. INLEIDEND

Die DL, een van die Hervormde Kerk se belydenisskrifte, is 'n historiese dokument wat deur die Sinode van Dordt (1618/1619) opgestel is om duidelikheid te gee oor die uitverkiesingsleer. Die sentrale fokus van die DL is God se uitverkiesing van bepaalde mense voor die skepping tot redding en saligheid, en die verwerping van die res van die mense. Volgens die DL se verstaan van die uitverkiesing word mense se eindbestemming reeds voor die skepping bepaal.

Die DL se formulering van uitverkiesing is nie sonder meer deur almal aanvaar nie, en is sedert die 17de eeu betwis. Desnieteenstaande het dit deel geword van die Drie Formuliere van Eenheid, met die doel om die gereformeerde leer te sistematiseer en die eenheid tussen die verskillende gereformeerde kerke en die provinsiale sinodes in Nederland te bevorder, asook staatkundige vrede te bewerkstellig.

Die DL bly steeds 'n kontensieuse dokument. Die AKV van die NHKA het sedert 2007 verskeie besluite geneem oor die DL en uitverkiesing. Die laaste in die reeks besluite is vervat in die opdrag van die 73ste AKV (2022) om 'n *eietydse interpretasie van die uitverkiesingsleer* op te stel. Sodoende kan die weg gebaan word vir 'n eietydse verstaan van uitverkiesing *wat met oorgawe bely en verkondig kan word*, soos die 73ste AKV se besluit lui.

Die onderhawige bespreking van uitverkiesing word gepoog om erns te maak met die DL, die Woord van God en die nadenke van teoloë en die kerk daaroor, welbewus van die feit dat dit 'n uiters beperkte oorsig bied.

2. UITVERKIESING IN DIE DL

Die Sinode van Dordt se verstaan van uitverkiesing kan soos volg opgesom word (getalle tussen hakies verwys na die hoofstuk en spesifieke artikel soos dit voorkom in die Afrikaanse vertaling van die DL):

- * Voor die skepping (1: 7) het God bepaalde mense, (1: 10) waarvan die getal vas is en nie kan verander nie, (1: 11) uit die hele menslike geslag gekies en gepredestineer tot saligheid en as Sy eiendom (1: 10). Die res van die menslike geslag word verwerp (1: 6; 1: 15).
- * Hierdie uitverkiesing (en verwerping) het nie op grond van vooruitgesiene geloof, geskiktheid of goeie hoedanigheid van die mens (of 'n gebrek daaraan) tot stand gekom nie (1: 9; 1: 10).
- * Jesus sterf aan die kruis slegs vir die sondes van die uitverkorenes en verdien so vir hulle die saligheid (1: 7; 2: 8).



- * Omdat alle mense in Adam gesondig en hulleself skuldig gemaak het aan die vloek van die ewige dood, (1: 1) is die mens totaal verdorwe, soveel so dat hy homself nie kan red, of selfs net vir God kan kies of sy reddende hand van genade aanvaar nie.
- * God skenk slegs aan die uitverkorenes saligmakende geloof (1: 10). Daarsonder kan niemand gered word nie (1: 6). Daarom stuur Hy verkondigers na die uitverkorenes soos en wanneer Hy wil (1: 3) en maak hulle harte ontvanklik (hoe verhard hulle harte ook al mag wees), en buig hulle wil selfs om tot geloof (1: 6).
- * Uitverkore gelowiges kan nooit verlore gaan nie (1: 11).
- * Dié wat God verwerp het, ontvang nie die saligmakende geloof nie en word in hulle verlore toestand gelaat sonder enige hoop of uitkoms (1: 15).
- * **DL** noem die uitverkiesing die *oorsaak van geloof, gehoorsaamheid, heiligheid, ensovoorts* en ook die *fontein van alle saligheid waaruit geloof, heiligheid en alle ander saligmakende gawes en uiteindelik die ewige lewe self as vrugte en gevolg daarvan voortvloei*.

3. WOORDSTUDIE OOR UITVERKIESING IN DIE BYBEL

3.1 INLEIDEND

Vervolgens sal ons 'n studie doen van die Griekse woord vir *uitverkiesing* (as werkwoord, byvoeglike naamwoord en selfstandige naamwoord) en hoe dit in die Bybel gebruik word. Die doel hiervan is om te sien of uit die gebruik van die woord enige afleidings gemaak kan word oor 'n ruimer en eietydse verstaan van uitverkiesing.

Dit is algemeen bekend dat die **OT** oorspronklik in Hebreeus geskryf is met die uitsondering van enkele hoofstukke in Esra, Daniël en 'n enkele vers in Jeremia wat in Aramees geskryf is. Die **NT** is in Grieks geskryf met enkele Aramese woorde wat in sommige tekste voorkom. Tussen 300 vC en 200 vC is die **OT** in Grieks vertaal. Dit staan bekend as die Septuaginta (LXX). Vir die onderneming van enige woordstudie uit die oorspronklike tale deur 'n ouderling van die Kerk (wat nie teologiese opleiding gehad het nie), is die Strong Konkordansie 'n waardevolle hulpmiddel. Dit het alle woorde in die Bybel genommer en oral waar die oorspronklike Hebreeuse of Griekse woord in die Bybel gebruik is, kan die betrokke teksverse van nader bekyk word. Byvoorbeeld, in die Konkordansie is *uitverkies* se nommer G1586. Dit lyk so:

G1586

ἐκλέγομαι

eklegomai

Middle voice from G1537 and G3004 (in its primary sense); to select: - make choice, choose (out), chosen.

Total occurrences: 21.

Daar kan dan na al 21 verse in die **NT** gekyk word waar hierdie woord voorkom. So kan die konteks van elkeen van hierdie gebruike van die woord ondersoek word om 'n duidelike verstaan daarvan te kry. Wanneer 'n soektog na G1586 in die Septuaginta (LXX) gedoen word, kan ook gesien word hoe die woord in die **OT** gebruik is. Die gebruik van die Griekse woord in die **OT** sal dan help om die



normale betekenis en gebruik van 'n woord vir die Griekssprekendes in die eerste eeu vas te stel.

3.2 UITVERKIES (WERKWOORD)

As werkwoord beskryf G1586 'n aksie wat deur iemand (die **onderwerp**, God of mens) uitgevoer word. Hierdie aksie is nie 'n onwillekeurige of toevallige keuse nie, maar 'n baie selektiewe keuse van 'n **voorwerp** uit 'n aantal moontlikhede ter bereiking van 'n spesifieke **doel** of uitkoms. Hierdie woord (G1586) word gebruik om 'n verskeidenheid van keuses te beskryf, byvoorbeeld:

- * Lot is deur Abram 'n keuse gegee om bepaalde grondgebied vir homself te kies.
- * Die volk Israel het Saul as koning gekies.
- * Dawid het vyf klippies gekies toe hy teen Goliath moes veg.
- * Die profete van Baäl het 'n spesifieke bul gekies om te offer.

Wat belangrik is vir die doeleindes van ons studie, is die keuses wat God uitgeoefen het, byvoorbeeld:

- * God kies Israel om sy volk te wees.
- * God kies Aaron en sy seuns as priesters.
- * God kies Jerusalem as plek waar Sy Naam gevestig sal word.
- * Jesus kies die apostels.

Ons sien dat daar in elkeen van hierdie voorbeelde 'n onderwerp, 'n voorwerp en 'n doel is. Laasgenoemde kom nie altyd in dieselfde sin voor nie, maar daar is 'n duidelike doel wat uit die konteks afgelei kan word. So kan ons aanvaar dat Dawid, by sy keuse van vyf klippe, gesoek het na klippe wat waarskynlik 'n spesifieke grootte en vorm gehad het wat ideaal was vir gebruik in sy slingervel.

As ons nou kyk na die keuses wat God (onderwerp) uitgeoefen het, merk ons die volgende:

VOORWERP	DOEL	VERWYSING
Aaron en sy seuns	Om priesters te wees	Deuteronomium 18: 5
Leviete	Om diens te doen	Deuteronomium 18: 5 1 Kronieke 15: 2
Jerusalem	'n Plek om Sy naam te vestig	2 Kronieke 6: 5 en 6
Die volk Israel	Om God se volk te wees	Deuteronomium 14: 2
Twaalf dissipels	Om apostels te wees	Lukas 6: 13
Mense, byvoorbeeld Dawid	Om koning te wees	1 Samuel 10: 24 2 Kronieke 6: 6
Gelowiges	Om heilig en onberispelik voor Hom te wees	Efesiërs 1: 4

By nadere ondersoek van bogenoemde kan ons sien dat die doel waarvoor God gekies het, ingedeel kan word in twee kategorieë, naamlik

- * vir 'n spesifieke **diens** (Aaron en sy seuns, die Leviete, Dawid, die 12 dissipels, ensovoorts).
- * vir **Homself** (Israel, Jerusalem en gelowiges).

Dit is opmerklik dat God nooit sekere mense kies tot saligheid soos wat die DL dit



verwoord nie. Die DL steun hiervoor op bedenklieke eksegeese van Efesiërs 1: 4. Dit het meegebring dat baie Christene vanuit die gereformeerde tradisie uitverkiesing verkeerd verstaan.

Met bogenoemde in gedagte, kan ons nou kyk na Efesiërs 1: 4 omdat dit een van die DL se kerntekste is ten opsigte van verstaan van *uitverkiesing*. Efesiërs 1: 4 lees soos volg:

So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.

Dit is duidelik uit Efesiërs 1: 3 dat die onderwerp (of subjek) van die uitverkiesing God die Vader (Hy) is.

Die doel van hierdie uitverkiesing is duidelik omskryf, naamlik *om heilig en onberispelik voor Hom te wees*. Dit kan nie sonder meer as 'n sinoniem vir *gered* beskou word nie, aangesien die volk Israel kollektief gekies is om heilig en onberispelik voor God te wees, maar baie het van God vervreem en verlore geraak.

Die sentrale vraag is wie is die voorwerp (objek) van die uitverkiesing? Wie is die mense wat gekies is om heilig en onberispelik voor God te wees? Efesiërs 1: 4 sê dis *ons*. Maar wie is die *ons*? Drie verstaansmoontlikhede kan oorweeg word:

- * Is dit Paulus en sy gevolg? Is dit die Efesiërs aan wie die brief gerig is? Is dit die kerk in Klein-Asië, indien die Brief aan die Efesiërs as 'n omsendskrywe verstaan word? Nadat ons duidelikheid oor die doel gekry het hierbo, kan ons sien dat die voorwerp nie *ons* is nie maar *ons in Christus*. Of om dit duideliker te stel: ons wat *in Christus* is, met ander woorde gelowiges, soos Paulus ook in vers 1 sê tot wie hy die brief rig: *Aan almal in Efese wat aan God behoort en in Christus Jesus glo*. Natuurlik is die mense *in Christus* gelowige mense (sien vers 1), maar die vers sê nie God het sekere mense voor die skepping gekies om in Christus (gered) te wees nie, dit sê die mense *in Christus* is gekies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. As ons in gedagte hou dat mense *in Christus* gelowiges is waarvan die Bybel sê dat diesulkes se sonde deur die bloed van Christus afgewas is, is hierdie vers se korrekte verstaan maklik en logies. Hulle is dus inderdaad in God se oë heilig en onberispelik.
- * 'n Tweede moontlikheid is dat God voor die skepping 'n plan (idee) of voorneme gehad het hoe om met die sonde van die mensdom te handel. Hierdie plan sou deur Christus geskied en *ons in Christus* sou dus beteken *ons* (die gelowiges) wat deur Christus se werk aan die kruis gelowiges geword het. God het nie individue gekies om *in Christus* te wees nie (ten minste wat hierdie vers aanbetref), maar dat individue wat *in of deur Christus* se offer aan die kruis uitverkies is om heilig en onberispelik voor Hom te wees.
- * 'n Derde moontlikheid sluit aan by Barth se verstaan van uitverkiesing, naamlik dat Christus die uitverkore mens is, en dat ons wat *in Christus* is dan ook saam met Hom uitverkies is.

Watter interpretasie ons ook al kies, feit bly staan dat Efesiërs 1: 4 Christologies verstaan moet word en op geen manier vertolk kan word dat hier na bepaalde individue verwys word wat ongelowiges is en deur God uitverkies is om gered te word nie. Laasgenoemde word nêrens as die doel van die uitverkiesing aangedui



nie. Dit moet daarop gewys word dat Efesiërs 1: 4 nie gesien kan word as ondersteunend vir die DL se interpretasie nie (sien 'n lys van gebruike van G1586 wat handel oor mense in die NT hieronder).

3.3 UITVERKORE (BYVOEGLIKE NAAMWOORD)

Die byvoeglike naamwoordvorm van die werkwoord *uitkies* beskryf die voorwerp om duidelik te maak wat die kwaliteit van die voorwerp is. In die oorgrote meerderheid van gebruike word G1588 gebruik om iets aan te dui wat begeerlik is, iets wat gekies sou word indien 'n keuse moontlik was.

'n Interessante verskynsel is dat die byvoeglike naamwoordvorm *uitverkore* baie keer in die Afrikaanse Bybelvertalings as 'n selfstandige naamwoord vertaal word, naamlik *uitverkorenes* (sien Markus 13: 20, 22 en 27). Dit gebeur wanneer die identiteit van die voorwerp vanuit die konteks vanselfsprekend is, sodat die byvoeglike naamwoord deur die vertalers weggelaat kon word om eerder die selfstandige naamwoord te gebruik.

In die Griekse vertaling van die Ou Testament (LXX) kom G1588 nie minder as 82 keer voor nie, en word dit gebruik om 'n verskeidenheid van voorwerpe te beskryf, byvoorbeeld grafte, vee, offerandes, soldate, Israel, ensovoorts. Ons kan verder sien dat hierdie woord gebruik is om drie groepe van voorwerpe te beskryf, naamlik

- * dié met voortreflike inherente kwaliteit, byvoorbeeld offerdiere.
- * dié wat gekies is vir posisies van eer of gesag, byvoorbeeld Dawid as koning.
- * dié wat gekies is om spesiaal te wees. Nege keer word daar só na Israel verwys. Israel is deur God gekies om Sy spesiale volk te wees. Dit moet beklemtoon word dat dit nooit gegaan het oor individuele Israëliete se saligheid nie, maar om deel te wees/word van die spesiale volk van God, Sy oogappel, Sy bruid.

Nêrens in die LXX word G1588 egter gebruik om na mense te verwys wat uitgekies is vir redding of saligheid nie. So weet ons ook dat baie individue uit die uitverkore volk Israel, ten spyte daarvan dat hulle kollektief uitverkore was, afgedwaal en verlore gegaan het.

Wanneer ons G1588 in die NT ondersoek, vind ons dit kom 23 keer voor. Vier keer word dit gebruik om Christus of engele te beskryf, maar die ander 19 word gebruik om mense te beskryf. Ons sal vervolgens na die 19 kyk. Omdat G1588 nooit in die LXX gebruik is om mense te omskryf wat gekies is vir saligheid en redding nie, kan ons aanvaar dat dit ook nie die normale gebruik van G1588 in die NT is nie, en sal daar duidelike bewys moet wees dat die woord in die NT nou anders gebruik is. Die volgende is bevind:

- * In vier gevalle word na mense verwys wat geroep is voor hulle uitverkies is.
- * In twaalf getalle word duidelik na gelowiges verwys as uitverkore.
- * In een geval word na Joodse gelowiges verwys as God se uitverkore volk.
- * In twee gevalle word na uitverkore mense verwys wat nog tot geloof moet kom.

Wat laasgenoemde betref, lees ons in 2 Timoteus 2: 10:



*Daarom verdra ek alles ter wille van die **uitverkorenes**, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang.*

Hier is dit duidelik dat uitverkorenes verwys na ongeredde mense wat nog die verlossing moet ontvang. Dit is egter onduidelik wie en waar hierdie uitverkorenes is en hoekom daar na hulle as uitverkorenes verwys word. Ons kan aanvaar dat die outeur verwys na mense met wie hy op een of ander manier kontak het en waarvan hy bewus is dat hulle nog nie verlos is nie, maar wat hy hoop nog tot geloof sou kom. Dit kan moontlik ook Jode (God se spesiale uitverkore volk) wees, en is dit dalk die rede hoekom hy na hulle as uitverkorenes verwys. Daar is egter geen aanduiding dat hierdie ongelowiges uitverkies was voor die skepping met die doel om hulle tot redding te bring nie. In Titus 1: 1 lees ons die volgende:

Van Paulus, 'n dienaar van God en 'n apostel van Jesus Christus. Ek het die opdrag ontvang om die uitverkorenes van God te lei tot die geloof en tot kennis van die waarheid, dié waarheid wat lei tot die diens van God.

Hier praat Paulus ook van uitverkorenes as ongeredde mense wat hy tot geloof wil lei. Omdat ons weet dat Paulus se werkswyse was om eerste na die sinagoges te gaan in elke dorp waar hy die evangelie verkondig het, kan ons aanvaar dat Paulus waarskynlik na die mense verwys het wat Jode was of heidene wat na die Joodse godsdiens oorgekom het. Die verwysing na hulle as uitverkorenes is dus heel waarskynlik weereens 'n aanduiding dat Paulus die Jode volgens die Ou Testamentiese gebruik as die uitverkorenes van God gesien het. Kyk ook hoe verwys hy na hulle in Romeine 11: 28:

Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande van God, en dit kom julle ten goede, maar kragtens die uitverkiesing is hulle geliefdes om die aartsvaders se ontwil.

Samevattend kan ons dus sê dat wat G1588 betref, *uitverkore* 'n verskeidenheid van voorwerpe omskryf (Christus, engele, gereddes, ongereddes en volk van God). Waar na ongelowiges verwys word as uitverkorenes, is dit waarskynlik ongeredde Jode. Daar is geen verwysing na hulle as uitverkies voor die skepping nie.

3.4 SELFSTANDIGE NAAMWOORD

Interessant is dat *uitverkorene* as selfstandige naamwoord glad nie in die LXX voorkom nie. In die NT kom dit slegs sewe keer voor, waar dit spesifiek na mense verwys:

- * Een keer word verwys na iemand wat gekies is om 'n taak te vervul.
- * Een keer is 'n persoon verkies om 'n spesiale posisie te beklee.
- * Twee keer word na 'n oorblyfsel (gelowiges) uit die Jodedom verwys.
- * Een keer word na verharde Jode (dus ongelowiges) verwys wat geliefdes is om die voorvaders se ontwil.
- * Een keer word na gelowiges (Jode en heidene) verwys.
- * Een keer word na gelowige Jode verwys.

Samevattend kan ons sê dat G1589 ook na 'n verskeidenheid voorwerpe verwys, maar nooit na ongelowiges verwys wat gekies is met die doel om gered te word nie.



3.5 GEVOLGTREKKING VAN WOORDSTUDIE

- * Die wye aanwending van *uitverkiesing* vir 'n verskeidenheid van voorwerpe deur meer as een onderwerp en met 'n verskeidenheid van oogmerke, maak dit duidelik dat die gebruik van die begrip *uitverkiesing* as die manier waarop individue deur God vir redding geoormerk is, problematies is.
- * In die NT word (behalwe in twee gevalle) uitsluitlik na gelowiges as uitverkorenes verwys. Die vraag kan dan gevra word: Is hierdie uitverkorenes deur God gekies om (i) spesiaal vir Hom te wees, of (ii) gekies om 'n spesifieke diens te verrig?. Waarskynlik albei. Ons weet dat elkeen wat in Christus glo God se nuwe verbondsvolk is, en daarom spesiaal vir Hom is. Ons sien egter ook dat gelowiges getaak word om barmhartigheid te bewys, dissipels te maak en getuies te wees. Samevattend kan ons sê gelowige uitverkorenes (daar is ook ongelowige uitverkorenes onder die Jode) is spesiaal vir God (ons stand), en is ook getaak om diensbaar te wees.

4. UITVERKIESING IN JESUS SE GELYKENIS OOR DIE BRUILOFSMAAL

Volgens Matteus 22: 1 tot 14 het Jesus die gelykenis van die groot bruilofsmaal vertel, en Hy eindig dan met die woorde: *Baie is immers geroep, maar min is uitverkies*. Daar moet in gedagte gehou word dat in die Joodse denke die koms van die Messias as 'n bruilofsgeleentheid verwoord is. Die Messias is as bruidegom uitgebeeld, op pad na die bruilof. Dit is nie sonder rede dat die evangelies op verskillende plekke na 'n bruilof verwys nie.

In hierdie gelykenis vergelyk Jesus die Koninkryk van die hemel met 'n bruilofsfees wat 'n koning vir sy seun wou hou. Hy stuur toe sy slawe (boodskappers) twee maal na die genooies om hulle te laat weet alles is gereed, en toe hulle weier met allerhande verskonings en selfs van die slawe doodmaak, stuur hy ander boodskappers uit, ook na die straathoeke om almal wat hulle teëkom uit te nooi, beide die goeies en die slegtes. So het die saal vol geword. Toe die koning na die gaste kom kyk kry hy een sonder 'n bruilofskleed. Hy gee toe opdrag om hom vas te bind en uit te gooi omdat hy nie kon sê hoe hy ingekom het nie. Die koning sê toe: *Baie is genooi maar min is uitverkies*.

In hierdie gelykenis is daar drie groepe mense ter sprake:

- * Die eerste groep was die mense wat die koning uitgenooi het na die bruilofsmaal, maar nie die uitnodiging aangeneem het nie omdat hulle te besig was met hulle eie sake. Dit verwys onder andere na die Joodse leiers, Fariseërs en die Skrifgeleerdes (sien Matteus 21: 45). Hulle is geroep, maar hulle het die uitnodiging nie aanvaar nie, en daarom is hulle nie deel van die uitverkorenes wat die bruilof kan bywoon nie.
- * Die tweede groep is die boodskappers. Hulle het opdrag ontvang om 'n spesifieke taak te vervul, naamlik om die uitnodiging af te lewer, eers na die belangrike mense, daarna aan die onbelangrike mense op die straathoeke.
- * Die derde groep is die mense wat die uitnodiging ontvang het en die uitnodiging aanvaar het. Hulle het gereageer op die uitnodiging wat hulle ontvang het. Hulle het met die regte bruilofskleed by die bruilof opgedaag. Niemand het toegang tot die bruilof as jy nie reg geklee was nie. Hulle wat die uitnodiging aanvaar het, en reg geklee was, het toegang tot die bruilofsmaal. Hulle is die uitverkorenes.



Daar is in hierdie gelykenis 'n duidelike aanduiding dat die uitverkorenes diegene is wat die uitnodiging aanvaar om die bruilof by te woon, wat met die aankomende Bruidegom (Messias) identifiseer.

5. **KARL BARTH SE LEER OOR DIE UITVERKIESING**

Karl Barth se leer oor die uitverkiesing is 'n sentrale element van sy teologie wat fokus op die genade van God in Jesus Christus. Barth argumenteer dat uitverkiesing nie 'n abstrakte of neutrale daad van God is nie, maar eerder 'n daad van genade wat in en deur Christus plaasvind. Hy stel dat Jesus Christus die uitverkore en verworpe mens is, wat beteken dat die hele konsep van uitverkiesing rondom Sy persoon draai.

Barth se benadering beklemtoon dat die uitverkiesing nie net 'n teologiese idee is nie, maar 'n openbaringswaarheid. Hy sê: *Die Gnadenwahl ist das ganze Evangelium* wat impliseer dat die genadevolle keuse van God die essensie van die evangelie is. In sy werk argumenteer hy dat God se keuse om mense te red nie arbitrêr of willekeurig is nie, maar eerder 'n refleksie van sy liefde en genade in Christus.

Hy sluit aan by die idee dat die verkiesing van die kerk en Israel saamhang met die verkiesing van Christus. Dit dui daarop dat alle mense in Christus se genade ingesluit **kan** wees, en dat dit nie beperk is tot 'n spesifieke aantal of groep nie. Barth se leer bied dus 'n hoopvolle perspektief op uitverkiesing waar elkeen genade kan ontvang deur geloof in Jesus Christus.

Alhoewel sommige kritici Barth van universalisme beskuldig, is dit duidelik dat hy geloof in Christus stel as voorvereiste om reddende genade te ontvang. Sy siening van 'n uitverkiesing *in Christus* is veral vir ons van belang.

6. **VERBANDHOUDENDE PROBLEMATIEK**

6.1 **GOD SE SOEWEREINITEIT**

God se soewereiniteit is 'n konsep wat sterk figureer in die Calvinistiese tradisie. In hierdie tradisie word God se soewereiniteit dikwels verstaan as 'n absolute en onbeperkte beheer oor alle gebeure, insluitend die menslike vryheid en redding. Hierdie totale beheer (soms ook genoem *determinisme*) vind uitdrukking in die predestinasie van alles wat in God se skepping gebeur. Ons kan egter op ander maniere na hierdie konsepte kyk.

In plaas van om God se soewereiniteit slegs as absolute mag te beskou, kan ons dit ook verstaan as 'n uitdrukking van sy liefde en genade. Hierdie perspektief beklemtoon dat God sy mag gebruik om mense 'n vrye wil te gee (gepaardgaande met persoonlike verantwoordelikheid) en ook om mense tot redding te lei deur middel van sy liefde en genade, eerder as om hulle lot vooraf vas te lê sonder hulle medewerking of medewete soos dit in die [DL](#) tot uitdrukking kom. Hierdie mag van God raak veral sigbaar in God se heilsplan *in Christus*.

'n Ander belangrike punt is dat God se soewereiniteit binne 'n liefdevolle verhouding verstaan moet word, 'n wisselwerking tussen God en mens waarin beide partye betrokke is by die proses van die mens se geestelike groei en heiligmaking. God begeer nie net dat ons Hom net sal ken nie, maar ook sal liefhê met ons hele hart, siel en verstand, en met al ons krag. Van God se kant versorg Hy ons en is Hy altyd by ons.



Samevattend kan ons sê: God se soewereiniteit lê eerder in sy **posisie** as Skepper en enigste Here, as in 'n optrede waar Hy gereduseer word tot 'n skaakspeler wat beide kant van die bord speel. God handhaaf 'n liefdevolle verhouding met sy kinders.

6.2 MENSLIKE VRYHEID EN VERANTWOORDELIKHEID

Tydens die Kerkhervorming is die menslike vryheid om vir of teen God te kies dikwels bespreek (byvoorbeeld Luther en Erasmus se gesprek; asook die stryd tussen Calvyn en Phigius).

Menslike vryheid en gepaardgaande verantwoordelikheid word gesien as 'n integrale deel van God se skeppingsplan. Mense het die vermoë om keuses te maak wat 'n invloed het op hulle lewe en geestelike pad. Die Bybel is vol voorbeelde hoe mense hierdie vryheid soms misbruik het en die gevolge wat dit vir hulle ingehou het. Adam en Eva is waarskynlik die beste voorbeeld hiervan. Ons sien ook dat mense wat hulle vrye wil gebruik het om in ooreenstemming met God se wil op te tree, groot seën van die Here ontvang het. Noag kan as voorbeeld dien. Hierdie benadering erken dat God se soewereiniteit nie die menslike wil tot niet maak nie. Goddelike soewereiniteit en menslike wil staan in 'n voortdurende dialektiese spanning met mekaar, en die een hef nie die ander op nie.

In teenstelling met die **DL** waar die vryheid van die menslike wil ontken word, is een van die kernaspekte dat God die mens as redelike wese geskep het met die vermoë om keuses te maak. Josua 24: 15 sê: *Kies dan vandag wie julle wil dien.* Ook Deuteronomium 30: 19 *Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe.*

Hierdie verse wys daarop dat mense verantwoordelikheid dra vir hul keuses. God dwing niemand om Hom te volg nie; Hy bied redding deur Christus aan, maar dit bly die verantwoordelikheid van elkeen wat die evangelieboodskap hoor om daarop te reageer. Hebreërs 4: 7: *Vandag, as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie.*

6.3 DIE ROL VAN GELOOF

Geloof speel 'n sleutelrol in hoe mense reageer op God se genadevolle aanbod van redding. Dit is nie net iets wat in ons gedagtes afspeel nie; geloof is ook aktief betrokke by hoe mense hulle lewe toespits op God se wil en voor sy aangesig lewe (*coram Deo*), terwyl hulle steeds binne die grense van hul eie vrye wil optree. Soos Jakobus sê: *Geloof sonder daad is sonder meer dood.*

In Gereformeerde teologie is geloof iets wat God vir die mens ingee en hom sodoende wederbaar, en waarsonder die mens nie kan glo om gered te kan word nie. Dit beteken dat jy gered word op grond van God se handeling, en nie jou eie nie. Geloof as menslike handeling word verwerp omdat geloof daardeur 'n goeie werk word en lei tot sinergisme, wat God se genade verskraal. Maar is dit waar? Kan God se genade en die menslike vrye wil nie langs mekaar staan nie? Romeine 4: 4 en 5: *Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste; aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken.* Hieruit is dit duidelik dat geloof onverdienstelik is en nie as 'n werk gereken moet word nie.



Wat is geloof? Geloof, per definisie, is iets wat as 'n waarheid aanvaar word sonder dat mens noodwendig oor absolute feite beskik. Daarom sê Hebreërs 11: 1: *Geloof is om seker te wees van dit wat ons hoop en oortuig te wees van dit wat ons nie sien nie.* Die HK definieer dit as kennis en vertroue. Kennis van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord. Geloof is afhanklik van jou beoordeling van die geloofwaardigheid van beide die boodskap en die boodskapper, en die vertroue wat jy in beide het. Eie ervaring, persoonlik en met 'n spesifieke boodskapper, speel ook 'n rol. Alles wat ons hoor of lees word geweeg met bestaande oortuigings of kennis. Die oomblik wat jy die nuwe inligting as waar en betroubaar aanvaar, kan jy 'n vrye wilsbesluit neem om dit te glo.

Enige ongeredde mens wat die goeie nuus van die evangelie hoor kan dit glo. Die evangelie is juis bedoel vir ongeredde mense. Paulus beskryf die evangelie as die krag van God tot redding van elkeen wat glo. Geloof tot redding is eintlik om iets in ontvangs te neem wat jy reeds besit. Die Heilige Gees het jou oortuig dat jy skuldig is en die hel verdien as gevolg van jou sonde; die Skrif leer jou dat jy jouself nie kan red nie en dat jy 'n verlosser nodig het; Christus het die prys vir al jou sonde betaal en versoening tussen God en jouself bewerkstellig. Al wat jy moet doen is om dit te glo. Dan is daar nog 'n bonus ook. God staan gereed om jou te wederbaar. Dit beteken dat God jou ou sondige natuur gaan verander en jou 'n Goddelike natuur gee. Hy gaan jou ook sy kind noem, nie omdat jy so 'n wonderlike geloof het nie, maar omdat Hy so wonderlik is en belowe het dat elkeen wat glo sy kind genoem kan word (Johannes 1: 12) en die ewige lewe kan kry. (Johannes 3: 16). Dit is belangrik om te verstaan dat dit nie jou geloof is wat jou red nie, maar God, omdat jy glo.

6.4 **SONDE**

Die meeste Gereformeerde teoloë is eenstemmig dat God nie die outeur van die sonde is nie. Sonde is eenvoudig aan die mens se verkeerde keuses en optrede toe te skryf. Die Bybel is vol voorbeelde van mense wat teen God se uitgesproke wil, wette en opdragte opgetree het. Ons weet nou dat God van ewigheid 'n plan gehad het om met die mensdom se sonde te deal. Dit was egter net 'n middel tot 'n doel. God se doel met Christus se koms na die aarde kan teruggevind word in die skepping toe God die mens gemaak het om in 'n koinonia tipe liefdesverhouding met hom te staan. Toe sonde hierdie verhouding verbreek het, het God toe al voorspel dat die vrou se nageslag (Christus) die slang se kop sou vermorsel. (Genesis 3: 15).

6.5 **BEKERING**

Bekering is die aktiewe proses waarin iemand sy lewensrigting verander weg van die wêreld en sy versoekinge om homself aan God te onderwerp en sy hoop op Hom te vestig. Dit behels gewoonlik spyt oor vorige sondige gedrag, erkenning (belydenis) van sonde teenoor God, asook 'n bewuste keuse om voortaan volgens God se wil te leef. Handeling 3: 19): *Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis.* Ware bekering moet tot verdere spirituele groei en heiligmaking lei.

6.6 **VERSOENING**

'n Soenoffer is 'n offer wat gebring word om die sondeskuld van 'n persoon of gemeenskap weg te neem. In die OT is soenoffers deel van die rituele om versoening tussen God en die mens te bewerkstellig. In die NT word Jesus Christus as die finale soenoffer beskou, wat deur sy dood en opstanding die



sondeskuld van die mensdom weggeneem het (Hebreërs 9: 24 tot 28). God het Jesus Christus as die finale soenoffer voorsien om die mensdom te verlos. Die mens moet erken dat hy of sy in nood is vir versoening, en Jesus Christus as die soenoffer aanvaar.

Versoening is die proses waardeur die verhouding tussen God en die mens herstel word. Dit gebeur deurdat God Christus se soenoffer aan die kruis aanvaar en homself met die wêreld versoen (2 Korintiërs 5: 19). Ware versoening vind egter eers plaas wanneer die mens hierdie versoening aanvaar en homself van sy kant af met God versoen. Die mens bely sy sondeskuld en God vergewe sy sondes en hy word gered (Romeine 5: 10 en 11). God bied versoening aan deur Jesus Christus. Die mens moet sy sondeskuld erken en versoening aanvaar deur geloof in Jesus Christus.

6.7 VERGIFNIS

Vergifnis is die handeling waardeur God die sondeskuld van die mens vergewe. Dit is 'n sentrale deel van die evangeliese boodskap, wat moontlik gemaak word deur Jesus Christus se dood en opstanding. Lukas 1: 77: *Om kennis van verlossing aan sy volk mee te deel: verlossing deur vergifnis van hulle sondes.* God vergewe die sondeskuld van die mens deur Jesus Christus. Die mens moet sy sondeskuld erken en vergifnis aanvaar deur geloof in Jesus Christus.

6.8 VERLOSSING

Verlossing is 'n sinoniem vir vergifnis en verwys na die bevryding van die mensdom uit die greep van sonde en die gevolge daarvan. Dit word bewerkstellig deur Jesus Christus se dood en opstanding. (Kollossensie 1: 14: *Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes.* God bied verlossing aan deur Jesus Christus. Die mens moet verlossing aanvaar deur geloof in Jesus Christus.

6.9 REDDING

Redding is 'n omvattende begrip wat verwys na die totale proses wat volg op bekering en wat eindig met verheerliking in die ewige lewe. Soms gebruik mense dit om net na bevryding van die gevolge van sondes te verwys (=vergifnis/verlossing). Dit omsluit beide die fisiese dood asook spirituele dood (skeiding van God). Redding behels nie slegs vrykoping uit sondes se gevolge nie, maar ook transformasie en hernuwing deur God se genade. God bied redding aan in en deur Christus. Die mens moet redding aanvaar deur geloof in Jesus Christus.

6.10 WEDERGEBOORTE

Wedergeboorte verwys na die geestelike transformasie wat 'n persoon ervaar wanneer hy of sy in Jesus Christus glo. Hierdie proses impliseer dat iemand nuut gemaak word – nie net op innerlike vlak nie, maar ook dat hulle nuwe identiteit (natuur) kry as kinders van God. Johannes 3: 3: *Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.* God bewerk die wedergeboorte deur sy Gees. Die mens ervaar dit en leef as wedergebore kind van God.

6.11 HEILIGMAKING

Heiligmaking is die proses waardeur 'n persoon geleidelik meer soos Christus



word. Dit behels die ontwikkeling van morele en geestelike karakter deur die werking van die Heilige Gees. 2 Petrus 3: 18: *Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus...* Romeine 12: 2: *Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. God bewerk heiligmaking deur sy Gees. Die mens moet saamwerk met God se Gees om heiligmaking te verwesenlik.*

6.12 VERHEERLIKING

Verheerliking verwys na die finale stadium van die mens se redding, waarin hy of sy volkome eenheid met God bereik en die hemelse glorie deel. Ons sal ook 'n nuwe verheerlikte liggaam ontvang. Dit sal eindelijk plaasvind wanneer Christus terugkeer (Romeine 8: 30: *Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik*). God verheerlik die gelowiges in die toekoms. Die mens moet enduit in die geloof volhard en op die verheerliking wag.

7. IN CHRISTUS UITVERKIES

Die tema van *in Christus* is 'n sentrale en diepgaande aspek van die Christelike geloof, wat die verhouding tussen die gelowige en Jesus Christus beklemtoon.

7.1 CHRISTUS IS DIE UITVERKORE MENS

Hierbo het ons gesien dat een van die keuses wat God gemaak het is om Christus uit te kies (Jesaja 42: 1: *Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak*). Die uitverkiesing van Christus is die belangrikste skakel in God se reddingsplan vir die wêreld. Soos Barth dit stel is Christus die uitverkiesende God en terselfdertyd die uitverkore mens, en in Hom is ook alle mense uitverkies.

7.2 ONS IS IN HOM UITVERKIES

Ons lees in Efesiërs 1: 4: *So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.*

Uit die konteks is dit duidelik dat *Hy* God is. Die *ons* is gelowiges (sien vers 1). *In Hom* verwys na Christus. Die doel is duidelik: *Om heilig en onberispelik voor hom te wees.* Hier sien ons hoe God se heilsplan verder uitspeel. Nie alleen het Christus alle mense in Hom geneem om vir hulle sondes te betaal nie, maar het Hy hom ook voorgeneem dat alle gelowiges wat deur geloof met Christus verenig is, dit wil sê *in Hom* is. Om hulle ook te red en as sy kinders aan te neem. Daar is drie redes waarom die DL se siening nie op hierdie vers van toepassing gemaak kan word nie, naamlik daar is geen sprake van 'n partikuliere uitverkiesing van bepaalde persone soos die DL dit bewoord nie; die *ons* is gelowiges wat uitverkies is (Paulus en almal by hom plus die gelowiges in Efese). Die DL verwys na persone wat uitgekies is om gelowig **te word** en nie omdat hulle reeds gelowig is nie. Die laaste rede hou verband met die vorige en dit is dat die doel van die uitverkiesing is om heilig en onberispelik voor hom te wees – 'n toestand wat net vir gelowiges beskore is.



7.3 WAT BETEKEN DIT OM *IN CHRISTUS* TE WEES?

Die frase *in Christus* kom 61 keer voor in die NT. Sinonieme is *in Jesus*, *in die geliefde* en *in Hom* (verwysende na *Jesus*). Die *in* is 'n voorvoegsel wat posisie of ligging aandui. Wanneer dit saam met *Christus* gebruik word, byvoorbeeld *In Christus*, is dit 'n term wat veral deur Paulus gebruik is, en het dit verskeie verstaansmoontlikhede, byvoorbeeld

- * geloof in Christus is **aanduidend** in wie ons glo.
- * in Christus (**posisioneel**) – ons wat in Christus is; of ons wat met Christus verenig is. Kan ook aanduidend gebruik word om na gelowiges (Christene) te verwys, byvoorbeeld 1 Petrus 5: 14.
- * in Christus (**instrumenteel**) – ons wat deur Christus, of deur die werk van Christus, byvoorbeeld geseën is soos in Efesiërs 1: 3. Soms word *en Christos* ook vertaal as *deur Christus*, byvoorbeeld Filippense 1: 1. Omdat Christus se werk aan die kruis onontbeerlik is vir redding, moet *in Christus* ook verstaan word as 'n verbinding of eenheid tussen mens en God deur Christus se werk aan die kruis.
- * Wanneer iemand sê dat hy of sy *in Christus* is, verwys dit nie net na 'n geestelike toestand nie, maar na 'n radikale transformasie van identiteit. Volgens 2 Korintiërs 5: 17 is iemand wat in Christus is 'n nuwe skepping; die ou dinge het verbygegaan en alles het nuut geword.

Hierdie transformasie beteken dat gelowiges nie net verlos is van sonde nie, maar ook 'n nuwe lewe ontvang het wat deur die Heilige Gees gelei word. Dit skep 'n nuwe werklikheid waarin hulle deel het aan God se natuur en liefde. Die liefde wat in Christus openbaar word, is nie net 'n emosionele ervaring nie, maar 'n eskatologiese werklikheid wat deur die opstanding van Christus tot stand gekom het.

7.4 DIE SEËNINGE IN CHRISTUS

Dit is amper onmoontlik om 'n volledige lys van seëninge op te stel. Die volgende kan genoem word:

- * God het ons uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees (Efesiërs 1: 3 en 4).
- * Ons word aangeneem as kinders van God (Efesiërs 1: 5).
- * Ons sondes word vergewe deur die offer van Christus (Efesiërs 1: 7, Romeine 5: 11).
- * Ons kry 'n nuwe doel en 'n hemelse erfenis (Efesiërs 1: 11, 1 Petrus 1: 41).
- * Die Heilige Gees word aan ons gegee as 'n waarborg van ons erfenis (Efesiërs 1: 13 en 14).
- * Ons het vrede met God deur ons geloof in Christus (Romeine 5: 13).
- * Ons sal verheerlik word in die toekoms (Romeine 8: 30).
- * Ons ontvang konstante genade en liefde van God (Romeine 5: 2; Psalm 35: 27).
- * Ons het die sekerheid van 'n ewige lewe met God (Lukas 15: 10, Galasiërs 3: 14).
- * Ons dien saam met ander gelowiges as die liggaam van Christus met Hom as hoof (1 Korintiërs 12: 12).
- * Ons (die kerk) is die bruid van Christus (Openbaring 21).



8. SAMEVATTEND

8.1 DRIE UITVERKIESINGS

Die Skrif leer dat God 'n plan gehad het om mense deur Christus te red selfs voor die grondlegging van die wêreld (Efesiërs 1: 4 en 5; 2 Timoteus 1: 9). Hierdie plan (God se heilsplan in Christus) is 'n komplekse proses met verskeie gebeurtenisse. Daar is in werklikheid drie *uitverkiesings* ter sprake:

- * Die onvoorwaardelike uitverkiesing van Christus as die mens deur wie redding bewerkstellig sal word.
- * Die voorwaardelike universele uitverkiesing van die wêreld om vergewing vir hulle sondes te ontvang. Hierdie is 'n liefdesdaad van God wat daarin lê dat Christus vir ons sondes gesterf het terwyl ons nog sondaars was. Die voorwaarde van hierdie verkiesing was dat mense hierdie versoening (in geloof) moet aanvaar om versoening effektief te maak. Hulle wat nie glo nie se sondes word nie vergewe nie en sal in hulle sondes sterf (Efesiërs 4: 21, Johannes 8: 24).
- * Die voorwaardelike uitverkiesing van gelowiges in Christus om heilig en onberispelik voor Hom te wees, in liefde gepredestineer is om kinders van God te wees (Efesiërs 1: 4 en 5). Hierdie uitverkiesing is nie 'n keuse van spesifieke/bepaalde individue tot redding sonder hulle deelname (soos die DL beweer nie), maar eerder 'n keuse om hulle wat in Christus is of een met Hom is te laat deel in sy seëninge. Johannes 3: 16 stel dit duidelik: *Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* Hierdie vers beklemtoon dat God se reddingsplan universeel is en dat geloof in Christus die bepalende faktor vir redding is. Ons kan ook sê: Uitverkiesing voor die skepping is God se JA vir alle mense om deel te kan kry aan God se genade. Hiervoor word die mens nie versoek om enige iets te doen om deel aan hierdie redding te kry nie, hy moet net met 'n ja antwoord op God se aanbod.

Daar is egter nog 'n paar noodsaaklikhede: Die goeie nuus moet gedeel word. Boodskappers moet gekies en gestuur word om die goeie nuus (evangelie) aan die wêreld te bring. Kerke moet erns maak met hulle sendingopdrag – dalk meer sending (uitwaarts) gerig, en minder gemeente (inwaarts) gerig wees. Die Blye Boodskap bring, deur die werking van die Gees, mense tot geloof. Die mens met opregte geloof word deur God

- * gered van die ewige dood.
- * herskep tot 'n nuwe mens (wedergeboorte).
- * aangeneem as kind.
- * in Christus ingelyf om met Hom een te wees.
- * met die Heilige Gees vervul.

Dié wat nie God se aanbod aanvaar nie, ontvang ook nie vergewing van sondes nie, word nie gered nie en hulle sterf in hulle sondes.

8.2 CHRISTUS AS DIE MIDDEL TOT UITVERKIESING

Waar die DL leer dat uitverkiesing individueel en bepaald is, word uitverkiesing in Christus verstaan as korporatief en sentraal gefokus op Christus. Dit beteken dat



God besluit het om almal wat in Christus glo, te red. Nie alleen is Christus die middelaar wat met sy dood versoening vir alle mense se sondes bewerkstellig het nie, maar is Hy ook die *uitverkorene* (Jesaja 42:1), en deur geloof in Hom word mense deel van hierdie uitverkore groep (nuwe verbondsvolk van God, naamlik die kerk). Die fokus is dus nie op individuele predestinasie nie, maar op die uitnodiging aan alle mense om *in Christus* deel te word van God se volk deur hul geloofsantwoord.

8.3 IDENTITEIT IN CHRISTUS

Die idee van identiteit in Christus is sentraal tot hoe gelowiges hulself verstaan. In Christus vind hulle nie net verlossing nie, maar ook 'n nuwe sin van doel en waarde. God sien hulle nie meer as sondaars nie, maar as sy geliefde kinders. Hierdie nuwe identiteit lei tot 'n ander manier van lewe – een wat gekenmerk word deur liefde, genade en diens aan ander.

Die liefde wat gelowiges ervaar en uitstraal is nie gebaseer op menslike omstandighede of gevoelens nie, maar eerder op die onvoorwaardelike liefde van God wat in Christus openbaar word. Dit moedig hulle aan om mekaar lief te hê soos Christus hulle liefgehad het (Johannes 13: 34) en om in gemeenskap met ander gelowiges te leef.

8.4 DIE PRAKTIESE IMPAK VAN *IN CHRISTUS*

Die konsep van *in Christus* het praktiese implikasies vir hoe Christene hul lewens lei. Dit beïnvloed hul etiese keuses, hul interaksies met ander, en hul benadering tot uitdagings. Wanneer gelowiges besef dat hulle in Christus is, kan hulle met groter moed en hoop leef, wetende dat hulle nie alleen is nie – Christus is altyd by hulle.

Boonop bied hierdie begrip 'n basis vir geestelike groei. Gelowiges word aangemoedig om hul gedagtes en dade te hernu in lig van hul identiteit in Christus. Dit sluit in om die Woord van God te bestudeer, gereeld te bid en deel te neem aan gemeentelike aktiwiteite.

8.5 GENADE EN GELOOF

Efesiërs 2: 8 en 9 leer ons dat redding deur genade kom, maar dit vereis geloof as reaksie. Vanuit hierdie perspektief werk genade en geloof saam: God bied genade aan deur Christus, en mense kies om dit te aanvaar deur geloof of te verwerp. Hierdie verstaan beklemtoon dat niemand uitgesluit is van redding nie – elkeen wat in Christus glo, kan gered word (Romeine 10: 13).

8.6 DIE UNIVERSELE ROEPING

1 Timoteus 2: 4 sê dat God wil hê dat *alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom*. Hierdie vers weerspieël God se hart van liefde vir alle mense en sy universele roeping. Uitverkiesing moet dus verstaan word as 'n uitnodiging wat na almal uitgaan, eerder as 'n selektiewe proses waarin sommige uitgesluit word. Deur Christus bied God redding aan elke mens aan; dit hang alles af van hul reaksie.

8.7 GEVOLGTREKKING

In Christus vind ons 'n Bybelse verstaan van uitverkiesing wat gebaseer is op God



se liefde vir alle mense en sy begeerte om almal te red. Vanuit 'n nie-Calvinistiese perspektief is uitverkiesing nie 'n arbitrêre of eksklusiewe keuse van God nie, maar eerder 'n uitnodiging aan alle mense tot 'n genadevolle redding wat slegs vervul word deur geloof in Jesus Christus. Die frase *in Christus* is meer as net 'n teologiese term; dit is 'n lewenstyl en 'n identiteit. Dit definieer hoe Christene hulself sien en hoe hulle met die wêreld omgaan. Deur te leef *in Christus* ervaar gelowiges 'n diepere verbinding met God, mekaar en hulself—'n verbinding wat hulle bemagtig om as nuwe skeppinge in 'n gebroke wêreld te leef.

Hiervolgens moet die kerk Christus se opdrag in Matteus 28: 19 en 20 om uit te gaan en dissipels te maak (evangelisasie, sending, Woordverkondiging en Bybelverspreiding) met groter erns en toewyding aanpak. Hierdie siening beklemtoon beide die genade van God en die verantwoordelikheid van mense om daarop te reageer, asook die kerk se verantwoordelikheid om die evangelie daadwerklik te verkondig. Uitverkiesing in Christus kan verstaan word as 'n uitverkiesing wat bedoel is om hoop en vreugde te bring aan almal wat bereid is om Hom te volg.

Uit die Bybel kan ons die volgende sien oor hoe *uitverkiesing* verstaan moet word:

- * Dat Christus, reeds voor die skepping, bestem is om die uitverkore mens te wees wat vergewing van sondes en versoening tussen God en mens bewerkstellig het.
- * Dat gelowiges *in Christus* uitverkies is om heilig en onberispelik voor God te wees en 'n verskeidenheid van gawes te ontvang.
- * Dat mense kollektief uitverkies is om spesiaal vir Hom te wees. Ons sien dat Israel in die OT God se uitverkore volk was en in die NT is gelowiges (kerk) God se nuwe verbondsvolk.
- * Dat individue uitverkies word vir **diens**. Die meeste voorbeelde van uitverkiesing deur God in die Bybel was vir 'n spesifieke taak of dienswerk: Rigters, priesters, konings, profete, apostels, ensovoorts, is almal voorbeelde van persone wat verkies is om rolle te speel in God se ewige raadsplan of om tot diens en seën te wees vir ander. As God se nuwe verbondsvolk sal dit wys wees as ons opnuut gaan kyk wat God van ons verwag, en dat ons dan met nuwe ywer sal aanmeld vir diens.

9. AANBEVELING

9.1 Dat die vergadering sal kennis neem van die studie.

9.2 Die vergadering besluit

- * dat 'n leer oor die uitverkiesing soos verwoord in die DL nie voldoen aan die beginsel van *sola scriptura* nie aangesien dit nie in alle opsigte in ooreenstemming met die Woord van God is nie.
- * dat 'n eietydse leer oor die uitverkiesing eweneens nie volledig uit die Bybel bewys kan word nie. Ten beste kan ons sien hoe die begrip *uitverkiesing* die volgende riglyne verskaf:
 - ** dat Christus die uitverkore mens is wat deur geloof in Hom redding, verlossing van sondes en die ewige lewe bewerkstellig het.



- ** dat gelowiges *in Christus* uitverkies is om heilig en onberispelik voor Hom te lewe (*coram Deo*).
- ** dat die nuwe verbondsvolk (kerk) uitverkies is om spesiaal vir God te wees.
- ** dat ons as gelowiges uitverkies is om diensbaar te wees deur dissipels te maak, getuie te wees, barmhartigheid te bewys en ander dienswerk te verrig in ooreenstemming met die gawes van ons ontvang het.

10. SKRIFVERWYSINGS

Gebruik van die werkwoord *uitverkies* (G1586) ten opsigte van mense in die NT

Handelinge. 9: 15	<i>Maar die Here sê vir hom: "Gaan, want Ek het hom uitgekies as instrument om my Naam uit te dra na nasies en na konings en na Israel.</i>
Romeine 9: 10 tot 13	<i>Dit is nie al nie. Ook Rebekka het uit net een man swanger geword, naamlik uit ons voorvader Isak, want nog voordat haar kinders gebore is, of iets goed of kwaad gedoen het, is vir haar gesê: "Die oudste sal die jongste dien." Dit het gebeur, sodat God se voorneme volgens sy uitverkiesing sou bly staan, nie op grond van mense se dade nie, maar op grond van Hom wat roep. Soos daar geskryf staan: "Jakob het Ek liefgehad, maar van Esau het Ek 'n afkeer gehad.</i>
Romeine 11: 5 tot 7	<i>Net so is daar ook in die huidige tyd 'n oorblyfsel, (uit die Jode), deur genade uitgekies. Maar as dit uit genade is, is dit nie meer op grond van dade nie; want anders sou die genade nie meer genade wees nie. Waarop kom dit dan neer? Dat Israel dit wat hulle soek, nie gekry het nie. Maar die uitverkorenes (uit die Jode) het dit wel gekry. Die res is egter verhard.</i>
Romeine 11: 28	<i>Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande om julle ontwil, maar wat die uitverkiesing betref, is hulle geliefdes om die voorvaders se ontwil.</i>
Efesiërs 1: 4	<i>So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.</i>
1 Tessalonisense. 1: 4 en 5	<i>Broers, julle vir wie God liefhet, ons weet van julle verkiesing; want ons evangelie het nie alleen deur die woord nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en in volle versekering na julle gekom. Net so weet julle hoe ons optrede by julle was: tot julle voordeel.</i>
Romeine 1: 16 en 17	<i>Ek skaam my immers nie vir die evangelie nie, want dit is die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood, maar ook vir</i>



die Griek. Want daarin word geopenbaar dat die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus, soos daar geskryf staan: "Die regverdige op grond van geloof sal leef.

2 Petrus 1:10

Daarom, broers, lê julle soveel te meer daarop toe om julle roeping en verkiesing stewig te vestig. Want as julle hierdie dinge doen, sal julle vir seker nooit struikel nie.

Gebruik van uitverkorene/s (G1588) in die NT

Matteus 20: 16 en 22: 14

Baie is immers geroep maar min is uitverkies (letterlik: uitverkorenes).

Matteus 24: 22

En as dit nie was dat God daardie tyd ingekort het nie, sou geen mens dit oorleef nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal God daardie tyd inkort.

Matteus 24: 24

Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.

Matteus 24: 31

Die groot trompet sal weerklink, en Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af.

Markus 13: 20

En as dit nie was dat die Here daardie tyd ingekort het nie, sou geen mens dit oorleef nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy daardie tyd ingekort.

Markus 13: 22

Daar sal vals christusse en vals profete na vore kom, en hulle sal tekens en wonderwerke doen om, as dit moontlik was, die uitverkorenes te mislei.

Markus 13: 27

En dan sal Hy die engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te bring uit die vier windstreke, van die een kant van die aarde af tot by die ander kant.

Lukas 18: 7

Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag?

Lukas 23: 35

Die volk het daar gestaan en kyk. Hulle raadslede het Hom ook uitgelag en gesê: "Ander het hy gered. Laat hy homself red as hy die Christus is wat deur God uitverkies is.

Romeine 8: 33

Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry.



Romeine 16: 13

Dra ook my groete oor aan Rufus, die voortreflike werker in diens van die Here.

(Dis interessant dat uitverkore (G1588) hier vertaal is as *voortreflike* in die 1983-vertaling. Die ou vertaling vertaal dit as *uitverkorene in die Here* wat 'n aanduiding is dat Rufus 'n gelowige was.)

Kolossense 3: 12

*Julle is die **uitverkore** volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees."*

1 Timoteus 5: 21

Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus en die uitverkore engele om jou aan hierdie voorskrifte te hou sonder vooroordeel of partydigheid.

2 Timoteus 2: 10

*Daarom verdra ek alles ter wille van die **uitverkorenes**, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang.*

(Kommentaar: Hier is dit duidelik dat uitverkorenes verwys na ongeredde mense wat nog die verlossing moet ontvang. Dit is egter onduidelik wie en waar hierdie uitverkorenes is en hoekom Paulus na hulle as uitverkorenes verwys. Tot in hierdie stadium (waarskynlik naby aan sy einde) is dit die eerste keer dat hy na ongeredde mense verwys as uitverkore. Omdat Paulus in die tronk in Rome is kan ons aanvaar dit is mense met wie hy op een of ander manier kontak het en waarvan hy bewus is dat hulle nog nie verlos is nie, maar wat hy hoop om tog nog tot geloof te bring. Dit kan moontlik ook Jode (God se spesiale uitverkore volk) wees, en is dit dalk die rede hoekom hy na hulle as uitverkorenes verwys. As geleerde Jood sou hy uit die skrifte bewus gewees het dat die Jode God se uitverkore volk is. Daar is egter geen aanduiding dat hierdie ongelowiges uitverkies was voor die skepping met die doel om hulle tot redding te bring nie.)

Titus 1: 1

*Van Paulus, 'n dienaar van God en 'n apostel van Jesus Christus. Ek het die opdrag ontvang om die **uitverkorenes** van God te lei tot die geloof en tot kennis van die waarheid, dié waarheid wat lei tot die diens van God.*

1 Petrus 1: 2

Soos God die Vader dit vooraf bestem het, het Hy julle uitverkies en deur die Gees afgesonder om aan Hom gehoorsaam te wees en besprinkel te word met die bloed van Jesus Christus. Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees!



(Kommentaar: Hier word na Jode verwys as uitverkorenes. Hier is duidelik sprake dat Petrus uitverkorenes sien as sy volksgenote wat **bestem** is om met Christus se bloed besprinkel te word, en deur geloof in Christus gered te word. Kyk ons egter na Strong sien ons die Griekse woord is *prognōsis* (G4268) wat eerder die betekenis dra van **voorkennis** (Eng.= foreknowledge). Die 2020 vertaling wat lees *hulle wat uitverkies is volgens die voorkennis van God, die Vader, om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees, en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word* en die ou vertaling *uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader...* gee dan skielik 'n baie ander (Arminiaanse) verstaan van hierdie skrifgedeelte. Die nuwe vertaling van 1 Petrus 1: 2 is dan waarskynlik 'n voorbeeld van hoe die siening van die vertalers soms die betekenis kan verander. Hierdie is egter die naaste wat G1588 daaraan kom om na uitverkorenes te verwys wat gekies is met die doel om gered te word. Of dit is omdat God hulle gekies het omdat Hy voorkennis gehad het dat hulle sou glo, of omdat Hy hulle gekies het sodat hulle kan glo hang waarskynlik van interpretasie af.)

- 1 Petrus 2: 4** *Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is.*
- 1 Petrus 2: 6** *Daarom staan daar in die Skrif: "Ky, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.*
- 1 Petrus 2: 9** *Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.*
- 2 Johannes 1: 1** *Van die oudste. Aan die uitverkore vrou en aan haar kinders.*
- 2 Johannes 1: 13** *Die kinders van jou uitverkore suster stuur vir jou groete.*
- Openbaring 17: 14** *Hulle sal teen die Lam oorlog voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal hulle oorwin.*



EIETYDSE VERSTAAN VAN UITVERKIESING

STUDIESTUK 2

(Opgestel deur prof WA Dreyer)

1. INLEIDEND

Die afgelope dekade het die AKV by verskeie geleenthede aandag gegee aan die uitverkiesingsleer soos dit in die DL verwoord word. Dit is 'n belangrike saak, omdat die DL een van die Hervormde Kerk se belydenisskrifte is wat deur elke predikant tydens legitimasie onderteken word, elke ouderling en diaken tydens bevestiging beaam word en deur elke dooplidmaat van die Hervormde Kerk tydens hulle openbare belydenis van geloof bely word. Dit is ook deel van die Drie Formuliere van Eenheid wat as belydenisgrondslag die ekumeniese verband van gereformeerde kerke regoor die wêreld konstitueer.

Die Hervormde Kerk, bloot oppervlakkig beskou, gee nie dieselfde aandag aan die DL as aan die HK of NGB nie. Histories gesproke is die HK die belydenisskrif wat die Hervormde Kerk se teologiese denke en prediking fundamenteel bepaal en beïnvloed. Vir baie jare was dit die gebruik in die Hervormde Kerk dat die HK elke jaar 11 keer (en in volgorde) in die prediking aan die orde moes kom. Die HK het vir eeue die basis van die Hervormde Kerk se kategetiese onderrig gevorm. Daar bestaan min twyfel dat die HK die Hervormde Kerk se belydenis fundamenteel gevorm het, terwyl die DL selde aandag ontvang.

Die AKV van die Hervormde Kerk het in die verlede die volgende besluite oor die DL en uitverkiesing geneem. Die 71ste AKV (2016) het soos volg besluit (Beskrywingspunt 67, Ring van Swellendam):

STUDIE OOR DIE UITVERKIESING SOOS VERWOORD IN DIE DRIE FORMULIERE VAN EENHEID, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE DORDTSE LEERREÛLS

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wys 'n komitee aan wat omvattende studie oor uitverkiesingsleer sal doen en 'n oriëntasiedokument (Denkschrift) sal opstel vir besluitneming op die 72ste Algemene Kerkvergadering. Die finale teks van hierdie dokument word een jaar voor die Algemene Kerkvergadering aan die Kerk bekend gestel. Die bedoeling is dat die komitee 'n voorlopige weergawe van die dokument in die Kerk beskikbaar stel vir kommentaar.

In uitvoering van die 71ste AKV (2016) se opdrag is 'n oriëntasiedokument opgestel, wat in die agenda van die 72ste AKV (2019) opgeneem is. Die dokument het bestaan uit teologiese navorsing wat proff Vincent Brummer, IWC van Wyk en WA Dreyer oor uitverkiesingsleer gedoen het. Die studiemateriaal beslaan meer as 40 bladsye van die AKV agenda. In die THT (Jaargang 3 No. 4) is daar artikels oor uitverkiesing opgeneem, geskryf deur van proff IWC van Wyk en T van Wyk. Dit is ook aan die kerk beskikbaar gestel. Oudl Anton Valks (Gemeente Outeniqua) het by verskeie geleenthede materiaal oor uitverkiesing aangebied. Die studiemateriaal is elektronies beskikbaar in die agendas van die onderskeie AKV's.



Na bespreking het die 72ste AKV (2019) soos volg besluit:

UITVERKIESINGSLEER

Die vergadering neem kennis van die verskillende interpretasies van die uitverkiesingsleer soos verwoord in die gespreksdokument.

Die vergadering besluit om opdrag aan die Kommissie te gee om 'n hedendaagse/eietydse interpretasie van die Dordtse Leerreëls te laat voorberei vir voorlegging aan die 73ste AKV.

Die vergadering besluit, in lyn met 'n aanbeveling van die Dosentevergadering wat reeds in 2001 gemaak is, dat die wenslikheid van 'n eietydse kerkeie belydenisskrif verder ondersoek word om ons verstaan van die evangelie eietyds te verwoord.

Die opdrag om 'n eietydse interpretasie van die Dordtse Leerreëls op te stel het geblyk byna onuitvoerbaar te wees. Dit is 'n omvangryke werk wat mannekrag en geld vereis, waaroor die Hervormde Kerk nie beskik nie. Die navorsingsprojek oor die Sinode van Dordt wat in Emden (Duitsland) die ontsluiting van primêre bronne en kommentaar op die DL en Acta van Dordt behartig, is al twee dekades aan die gang, met voltydse personeel in diens. As gevolg van hierdie werklikheid, het die 73ste AKV (2022) soos volg besluit (Beskrywingspunt 18, Kernkomitee Kerk, Teologie en Etiese Sake):

UITVERKIESINGSLEER

1. *Die 73ste AKV neem met dank kennis van die memorandum oor uitverkiesingsleer wat in die agenda van die AKV opgeneem is.*
2. *Dit word aan lidmate en ampsdraers van die Kerk beskikbaar gestel vir bespreking. Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om die materiaal te benut tydens Bybelstudie en as toerusting vir ampsdraers.*
3. *Die 73ste AKV besluit dat 'n eietydse interpretasie van die Dordtse Leerreëls nie 'n haalbare opdrag is nie. Die vergadering kontinueer 'n eietydse interpretasie van uitverkiesingsleer, sodat hierdie leerstelling met oortuiging en vreugde bely kan word.*
4. *Die DL moet, soos enige ander belydenisskrif, as 'n historiese dokument beskou word. As mensewoord oor God vertoon dit bepaalde tekortkominge en moet verantwoordelik geïnterpreteer word. Daar kan verskille wees in interpretasie en formulering, maar die kern van die saak staan vas: Ons verlossing berus op God se keuse om vir ons 'n God te wees.*
5. Die Kerk bely met oortuiging en groot vreugde:
 - * Die Christelike geloof begin met God se keuse vir ons, en nie met ons keuse vir God nie.
 - * God het ons in Christus uitgekies. Dit lei ons tot lofprysing oor die heil wat in Christus aangebreek het.
 - * Die spanning tussen uitverkiesing (*electio*) en verwerping (*reprobatio*) kan net Christologies opgehef word. Ons kan net van uitverkiesing in



Christus praat (Efesiërs 4). Christus is tegelykertyd die uitverkore mens wat aan die kruis die verworpene is en die oordeel en straf van God ontvang.

- * Die uitverkiesingsleer laat ons besef wat genade is. God se voorneme om vir Hom 'n kerk te vergader, is pure genade.

Die 73ste AKV (2022) het besluit: *Die vergadering kontinueer 'n eietydse interpretasie van uitverkiesingsleer, sodat hierdie leerstelling met oortuiging en vreugde bely kan word.* Die meegaande studiestuk is 'n poging om 'n eietydse verstaan van uitverkiesing vir oorweging deur die 74ste AKV (2025) te formuleer.

Die begrip *eietyds* moet wel omskryf word. Die bedoeling van die AKV was om meer en anders oor uitverkiesing te dink en te praat, en nie vas te steek by die denke van Calvin, Beza, die 16de eeuse Protestantse Skolastiek en die Sinode van Dordt nie. Reformatoriese teologie het nie met die Sinode van Dordt tot 'n einde gekom nie. Dit gaan dus nie oor die jargon so eie aan die 21ste eeu nie, maar om outentieke en sinvolle nadenke oor uitverkiesing. Die vraag is nie wat is *waar* nie, maar eerder wat is *sinvol*. Die teologiese gesprek oor uitverkiesing in die Hervormde Kerk moet vir mense sin maak. Na alles is God se uitverkiesende genade die hart van die evangelie, wat 'n sinvolle en vreugdevolle lewe moontlik maak.

2. OORSIG: DIE DL

Luther en Calvin se standpunte oor uitverkiesing moet met omsigtigheid gelees word, veral in die lig van hul veranderende sienings en byna huiwerige benadering tot die misterie van goddelike uitverkiesing. Dit is nie so maklik om Luther of Calvin se sienings oor verkiesing en voorbeskikking vas te stel nie. Luther het byvoorbeeld in sy woordewisseling met Erasmus 'n dubbele predestinasie gehandhaaf. Interessant genoeg het dit mettertyd uit Luther se geskifte verdwyn. Luther was van mening *quae supra nos, nihil ad nos* (wat bokant ons is, het niks met ons te doen nie).

In Calvin se geval is die wyse waarop hy uitverkiesing in die opeenvolgende uitgawes van sy *Institusie* herposisioneer het, 'n duidelike aanduiding van hoe sy verstaan van uitverkiesing ontwikkel het.

Prof Jacobus Arminius (1560 tot 1609) en die Remonstrante het krities gestaan ten opsigte van die Calvinistiese beskouing dat God alreeds voor die skepping besluit het wie tot die ewige lewe uitverkies word, en wie nie. In die NGB van 1561, wat grootliks deur Calvin se denke beïnvloed is, handel Artikel 16 in één paragraaf oor die uitverkiesing. Dit is opmerklik dat uitverkiesing nie baie aandag ontvang het nie, en skaars genoem word deur sommige van die vroeë reformatore. In Artikel 16 van die NGB lees ons kort en bondig:

Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here. God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.



Opvallend genoeg praat Artikel 16 van die [NGB](#) nie oor verwerping nie, maar slegs oor uitverkiesing. Daar word slegs gemeld dat God sommige mense in hulle sonde en verderf laat, waarin hulle hulleself gestort het. Dit bou op die beginsel dat die mens deur geloof in Jesus Christus gered word; dat geloof 'n gawe van die Heilige Gees is; en die logiese gevolgtrekking dat indien iemand nie glo nie, het die Heilige Gees nie aan hulle die gawe van geloof geskenk nie. God laat hulle dus in hulle toestand van ongeloof en sonde.

Dit is nog meer opvallend dat die [HK](#) van 1563 nie oor uitverkiesing *per se* handel nie. Die enigste sinnetjie in die [HK](#) wat die woord *uitverkies* bevat, vind ons in [HK](#) 24/54:

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g), en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).

In terme van geloof en die mens se verlossing, lees ons ook baie kortliks in [HK](#) 7/20:

Vraag 20: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

Antwoord: Nee (a), maar slegs dié wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem (b).

As 'n mens die Drie Formuliere van Eenheid met mekaar vergelyk, is dit opvallend dat drie belydenisskrifte uitverkiesing verskillend verwoord en aan die orde stel. Waar die [HK](#) feitlik geen aandag aan uitverkiesing gee nie, is die [NGB](#) baie kort en word daar nie verwys na verwerping nie. Daarteenoor val die formulering van die [DL](#) skerp op die oor.

Arminius het die formulering van die [NGB](#) gekritiseer, en sy kollega by die Universiteit van Leiden, prof Franciscus Gomarus (1563 tot 1641), het op sy beurt Arminius se standpunt verwerp en die tradisionele Calvinistiese standpunt verdedig. Die fokus van die teologiese debat wat aan die Universiteit van Leiden gevoer is, het gehandel oor die vraag of God reeds voor die sondeval sekere mense uitgekies en ander verwerp het.

Die volgelingen van Arminius (die Remonstrante) het onder leiding van Johannes Uytenbogaert (1557 tot 1644) vyf artikels opgestel, waarin hulle verstaan van uitverkiesing uiteengesit word. Die Remonstrante het geargumenteer dat God mense op grond van hulle geloof vrysprek. Omdat God vooraf weet (*praescientia Dei*) wie sou kies om te glo en wie nie, skenk God geloof aan die mense wat kies om te glo. Die wilsbesluit van die mens om te glo word op hierdie wyse die voorwaarde vir redding. In 1611 antwoord Gomarus se volgelingen (die Kontra-Remonstrante) met 'n geskrif waarin hulle argumenteer dat God alleen die heil van die mens bewerk. God kies in volkome vryheid vir Hom 'n gemeente, en skenk aan hulle geloof.

Die konflik tussen Arminius en Gomarus se volgelingen was so heftig dat dit politieke beroering en geweld veroorsaak het, wat gedreig het om in 'n volskaalse



burgeroorlog te ontlaai. Ons moet in gedagte hou dat die Dertigjarige Godsdiensoorlog (1618 tot 1648) in Wes-Europa uitgebreek het, en vir 30 jaar het die stryd tussen verskillende godsdienstige groeperinge ongekende lyding, dood, hongersnood en epidemies tot gevolg gehad. Vir die owerheid was dit belangrik dat die teologiese twis en godsdienstige stryd oor uitverkiesing opgelos word. Die Sinode van Dordt (1618/1619) moes dringend uitsluitse gee oor die korrekte verstaan van uitverkiesing in 'n poging om politieke stabiliteit en vrede in Nederland te bevorder.

Dit is belangrik om die Sinode van Dordt teen die agtergrond van die Dertigjarige Oorlog te verstaan. Die Sinode van Dordt het van 1618 tot 1619 sitting geneem, dieselfde jaar wat die Dertigjarige Oorlog uitgebreek het. Die Sinode is byeengeroep om die teologiese stryd oor uitverkiesing tot 'n einde te bring, en om 'n kerkorde op te stel wat die Hervormde Kerk in Nederland op vaste bane kon lei. Die DL is nie 'n omvattende belydenisskrif nie, maar die Sinode se standpunt oor die vyf punte waaroor die Arminius en Gomarus, asook die Remonstrante en Kontra-Remonstrante, van mekaar verskil het. Die vyf punte van verskil het gehandel oor

- * Goddelike uitverkiesing en verwerping.
- * die dood van Jesus Christus en die verlossing van mense.
- * die verdorwenheid van die mens.
- * die mens se bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind.
- * die volharding van die heiliges.

Die DL het nie daarin geslaag om almal tevrede te stel nie en is van die begin af gekritiseer. Enkele van die standpunte van die DL wat die meeste ongemak veroorsaak word hieronder verbatim aangehaal:

- * Dat God in die tyd die gawe van die geloof aan sommige mense skenk en aan ander dit nie skenk nie, volg uit sy ewige besluit (DL 1/6).
- * Hierdie uitverkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God. Daarvolgens het Hy nog voor die skepping 'n sekere aantal mense uit die hele menslike geslag uitverkies (DL 1/7)
- * Dit getuig bowendien dat nie alle mense uitverkies is nie, maar dat sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is. God het besluit om hulle, na sy volkome vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae, in die gemeenskaplike ellende te laat bly... Dit is die leer van die verwerping (DL 1/15).
- * Dit was immers die volkome vrye raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God die Vader, dat die lewendmakende en saligmakende krag van die uiters kosbare dood van sy Seun al die uitverkorenes tot voordeel sal strek. So het God slegs aan die uitverkorenes die regverdige geloof geskenk om hulle daardeur onfeilbaar salig te maak (DL 2/8).
- * Hierdie raadsbesluit is die gevolg van God se ewige liefde vir die uitverkorenes (DL 2/9).

Die implikasie van bogenoemde is dat God reeds voor die skepping deur 'n onveranderlike en ewige besluit sekere mense uitverkies het; dat Hy slegs hierdie uitverkorenes liefhet; dat Christus slegs vir die uitverkorenes gesterf het en dat God slegs aan uitverkorenes die saligmakende geloof skenk. Die mense wat deur



God verwerp is bly in die sonde en ellende waarin hulle hulleself gestort het. Verlossing is op geen wyse afhanklik van die mens se besluite, vrye wil of geloofskeuses nie.

Talle predikante van die Nederlandse Hervormde Kerk wat nie met die DL saamgestem het nie, is uit die amp onthef. Meer as 80 predikante is uit Nederland verban omdat hulle nie die DL wou onderteken nie. Daarop het 40 hulle teenstand teen die DL teruggetrek, en met hulle handtekening onderneem om in hulle verkondiging die DL te handhaaf.

Die DL het wel aan die owerheid die meganisme gebied om oproermakers onder beheer te kry. Van Oldenbarneveldt, as politieke beskermheer van die Remonstrante, is 'n maand na die afsluiting van die Sinode van Dordt gevange geneem, verhoor en onthoof. Dit alles het deur toedoen van die State-Generaal (parlement) plaasgevind wat daarop dui dat die Dordtse Sinode van kritieke belang vir die politieke stabiliteit in Nederland was.

Terwyl die spanning en politieke woeling in Nederland aan die gang was, het die Arminiaanse verstaan van uitverkiesing na Engeland, Duitsland en Amerika versprei. Dit het grootliks bygedra tot die latere ontwikkeling van die Metodisme in Engeland, Piëtisme in Duitsland en die Amerikaanse Pinksterbeweging. Ironies genoeg het die Nederlandse owerheid skaars tien jaar later, nadat die ergste politieke konflik verby was (1630), die Remonstrante toegelaat om na Nederland terug te keer en stelselmatig het 'n selfstandige, Remonstrantse kerk tot stand gekom.

3. PROBLEEMSTELLING

In die geskiedenis van die Christendom was daar heftige verskille oor uitverkiesing:

- * Een van die kernvrae handel oor die *onvoorwaardelike of voorwaardelike* uitverkiesing van die individuele gelowige. Die eerste standpunt word gewoonlik met 'n Calvinisties-Dordtse teologie geassosieer; die tweede standpunt met 'n Arminiaanse teologie.
- * 'n Verdere vraag is: Moet ons uitverkiesing *individualisties of korporatief* verstaan? Individuele uitverkiesing, so word geargumenteer, het te doen met roeping en diensbaarheid in God se Koninkryk. Korporatiewe uitverkiesing het as beginsel die mens se uitverkiesing *in Christus* en inlywing in die liggaam van Christus, die Kerk.
- * Verbandhoudend hiermee kan gevra word of *Christus net vir die uitverkorenes gesterf het, of vir alle mense?* Laasgenoemde sou 'n meer universele verstaan van uitverkiesing impliseer.

Die ongemak oor uitverkiesing (en meer spesifiek die DL) is steeds 'n werklikheid. Die rede hiervoor is te vind in die DL se standpunt dat God reeds vóór die skepping 'n sekere groep mense vir Homself uitgekies het. Christus het slegs vir hierdie uitverkorenes aan die kruis gesterf. God se genade werk in die uitverkorenes, en die Heilige Gees skenk aan hulle die gawe van volharding (*donum perseverantiae*). Die ongelowiges word gewoon oorgelaat aan die konsekwensies van hulle eie keuse, en dít is die ewige dood. Die grootste punt van kritiek teen die DL is die feit dat die universaliteit van die heil nie genoegsaam in die DL beklemtoon word nie.



Dit is opvallend dat beide die Calvinisties-Dordtse verstaan van uitverkiesing en die Arminiaans-Metodistiese verstaan van uitverkiesing die uitverkore individu in gemeen het. Die verskil is egter dat volgens eersgenoemde is dit God wat besluit om sekere individue uit te kies en aan hulle geloof te skenk; in die geval van die Metodisme en Pentekostalisme is dit die individu wat besluit om Jesus as persoonlike Saligmaker aan te neem. In die eerste geval is die oorsprong van geloof God self; in die tweede geval speel die vrye wil en besluit van die mens 'n groot rol. Laasgenoemde beteken dat geloof 'n persoonlike saak is waaroor die individu besluit.

Die klem op die individu het gelei tot die verskynsel van ekstreme individualisme en privatisering van geloof. Ons ken almal mense wat stellig beweer dat hulle geloof niks met enigiemand te make het nie en 'n saak is waaroor hulleself besluit. Die ekstreme individualisme wat in die Westerse denksisteme ingeweeft is, is waarskynlik die grootste oorsaak van ongeloof en die verval van die Westerse Christendom. Waar 'n sterk belewenis van gemeenskap nog bestaan (byvoorbeeld in Afrika) groei die Kerk en die getal Christene.

4. BARTH SE REVISIONISTIESE VERSTAAN VAN UITVERKIESING

I would have preferred to follow Calvin's doctrine of predestination much more closely, instead of departing from it so radically. But I could not and cannot do so. As I let the Bible itself speak to me on these matters, as I meditated upon what I seemed to hear, I was driven irresistibly to reconstruction. And now I cannot help but be anxious to see whether I will be alone in this work, or whether there will be others who will find enlightenment in the basis and scope suggested (Karl Barth, Voorwoord KD II/2).

Karl Barth (1886 tot 1968) was die een gereformeerde teoloog wat gepoog het om kreatief en gefundeerd oor uitverkiesing na te dink. Nadat Barth aan die Universiteit in Göttingen aangestel is om gereformeerde teologie te doseer, het hy dikwels lesings oor die geskiedenis en inhoud van die reformatoriese belydenis aangebied. Barth is destyds gekonfronteer met modernistiese en liberale teologieë, en die massiewe impak wat dit op die kerk gehad het.

In Europa het daar 'n ambivalente ten opsigte van die belydenisskrifte bestaan. Daarvan was die groot debat oor *quia* of *quatenus*, wat selfs in Suid-Afrika kerklike beroering veroorsaak het, 'n sprekende voorbeeld. Dié debat het gehandel oor die vraag of ons die belydenisskrifte onderskryf *omdat* dit in ooreenstemming met die Woord is; of ons onderskryf dit *in soverre* dit in ooreenstemming met die Woord is. Die HK is ook nie meer as basis van kategetiese onderrig gebruik nie. Barth se belangstelling in die belydenis moet gesien word as deel van 'n wyer beweging van belydenisvernuwing wat sedert die laat 19de eeu na vore gekom het, onder andere die Duits-Lutherse Renaissance en die Jong Gereformeerde Beweging, wat uitgesproke 'n anti-liberale standpunt ingeneem het.

Barth se verstaan van uitverkiesing is oor 'n lang tydperk in verskillende publikasies gepubliseer, wat elkeen op sy eie baie invloedryk geword het. Dit maak dit uiteraard moeilik om 'n oorsigtelike prentjie te vorm van Barth se verstaan van uitverkiesing omdat dit in totaal sowat 700 bladsy beslaan.

Vir die doeleindes van hierdie studiestuk word volstaan met Barth se uiteensetting in sy *Kirchliche Dogmatik* (KD). Barth se uiteensetting van die uitverkiesingsleer is te vind in Hoofstuk VII van KD II/2 en beslaan meer as 500 bladsy. Dit is verdeel



in vier *paragrawe* waarin Barth die probleem van 'n korrekte verstaan van uitverkiesing aanspreek (paragraaf 32); die verkiesing van Jesus Christus (paragraaf 33); die verkiesing van die geloofsgemeenskap (paragraaf 34) en die verkiesing van die individu (paragraaf 35). Daarmee het hy die hoofmomente van die teologiese diskoers oor uitverkiesing aan die orde gestel.

Toe Barth KD II/2 geskryf het was hy dikwels moedeloos en oortuig daarvan dat daar nie 'n oplossing te vind is vir die geheimenis van die uitverkiesing nie. Hy is gekonfronteer met die feit dat daar geen presedent was vir sy unieke benadering tot uitverkiesing nie. Sy denke was in stryd met die gereformeerde tradisie waarvoor hy 'n fundamentele respek gehad het. Dit het by hom 'n gevoel van wanhoop gelaat.

Ten spyte van Barth se positiewe waardering van die reformatoriese belydenis en belydenisskrifte, het hy kritiese vrae oor die DL gevra. Barth was van mening dat die Sinode van Dordt meer antropologies as teologies oor die redding van die individu gedink het, terwyl uitverkiesing oor die daad van God en nie oor die individuele mens handel nie. Volgens Barth het die DL se fokus op die individu se uitverkiesing die saadjie geplant van 'n antroposentriese leer oor die verlossing. Barth was van mening dat die wending van God na die mens implisiet in die DL teenwoordig was, ten spyte van die DL se klem op uitverkiesing as God se ewige raadsbesluit. Hy was verder van mening dat die DL se sterk klem op die individuele gelowige korreleer met die opkoms van modernistiese individualisme in Wes-Europa. Terugskouend moet Barth gelyk gegee word dat die DL se *ordo salutis* oorgegaan het in John Wesley en die Metodisme se *via salutis*.

Barth was ook krities teenoor die DL omdat hy van mening was dat die DL uitverkiesing as die grond van die mens se verlossing beklemtoon, ten koste van Christus se verlossingswerk aan die kruis. Die oorbeklemtoning van uitverkiesing beteken dat dit eerder gaan om wat die mens wesenlik (ontologies) is, naamlik 'n uitverkorene; as wat dit gaan om geloof en vergifnis. Barth wys daarop dat die ontologiese verstaan van uitverkiesing ons aan die Rooms-Katolieke antropologie herinner, wat aan die mens sekere inherente kwaliteite (*qualitates infusae*) toeskryf.

Barth staan ook krities teenoor die korrelasie tussen God se almag en uitverkiesing wat prominent in die DL figureer. In dié verband verwerp hy ook Thomas Aquinas en Bonaventura se standpunt oor *God se onweerstaanbare almag* wanneer dit by uitverkiesing kom, want dit lei tot 'n *doctrina in abstracto*. Die oorbeklemtoning van God se almag lei daartoe dat uitverkiesing in 'n determinisme ontaard, 'n absolute dekreet wat niks anders as 'n *decretum horrendum* is nie.

Barth se kritiek op Calvin hou verband met die feit dat Calvin (volgens Barth) uitverkiesing nie genoegsaam Christosentries definieer nie. Daarteenoor stel Barth dat die uitverkore mens (Jesus Christus) tegelykertyd die uitverkiesende God is. Volgens Barth verstaan Calvin uitverkiesing te veel as 'n handeling van God die Vader, wat in veraf verborgenheid dekrete uitvaardig. Volgens Barth is die DL ook nie van hierdie kritiek gevrywaar nie; ook nie die Remonstrante of Kontra-Remonstrante nie.

Barth het gepoog om op grond van die Woord by 'n verantwoordbare verstaan van uitverkiesing te kom. Die belangrikste teksgedeelte waarna hy telkens terugkeer, is Efesiërs 1: 3 tot 10. Die DL gebruik ook Efesiërs 1: 4 tot 6 as fundamentele begroning van uitverkiesing. Die interpretasie van Efesiërs 1: 3 tot 10 wentel om ons verstaan van *uitverkiesing in Christus*. Wat beteken dit om *in Christus* uitverkies te wees?



Na 'n uitgebreide bespreking van Efesiërs 1 en ander tekste waar die frase *ἐν αὐτῷ* teenwoordig is, kom Barth tot die gevolgtrekking dat die gereformeerde teologie deeglik bewus was van die feit dat Christus die middelpunt van alle teologie en Christelike geloof is. Augustinus, Luther en Calvin het 'n Christologiese verstaan van uitverkiesing gehad. Barth is egter van mening dat daar iets ontbreek in beide die Lutherse en Calvinistiese teologie in terme van hul Christologiese verstaan van uitverkiesing, deurdat Christus as die uitverkiesende God buite rekening gelaat word. Barth was verder van mening dat ook die Sinode van Dordt nie die implikasies van Efesiërs 1 ten volle verreken het nie, en daarom het die Sinode van Dordt die uitverkiesing *in Christus* nie genoeg beklemtoon nie. Gevolglik word Christus instrumenteel in God die Vader se handelinge met die mens. Die uitverkiesing deur en in Christus het plek gemaak vir die misterie van die *electio Patris* en uitverkiesing as 'n *decretum absolutum*.

Barth was baie bewus van die gevare wat dit inhou indien uitverkiesing gelokaliseer word in die onweersaanbare almag van God. Dit sou lei tot 'n God *in abstracto*, 'n teoretiese God wat 'n fiksie van die menslike verstand is en min te doen het met God se selfopenbaring deur die Woord. Barth het uitverkiesing as 'n abstrakte of absolute dekreet waardeur God sommige mense voorbestem het om gered te word en sommige om verdoem te word, verwerp. Barth se revisionistiese benadering tot uitverkiesing *in Christus* bied die moontlikheid om die Goddelike uitverkiesing *met oortuiging en blydschap te bely*, soos die 73ste AKV (2022) versoek het.

Jürgen Moltmann (1926 tot 2024) het van 1950 tot 1952 sy doktorsale proefskrif onder leiding van Otto Weber (1902 tot 1966) oor die Calvinistiese verstaan van predestinasie en uitverkiesing geskryf. Beide Weber en Moltmann se teologie is grondig deur die denke van Karl Barth beïnvloed. Weber se *Grundlagen der Dogmatik* was vir baie jare voorgeskrewe studiemateriaal vir Hervormde studente aan UP. Proff BJ Engelbrecht, GC Velthuysen en JH Koekemoer het dit as handboek gebruik. Daarbenewens is die werk van die Nederlands-Hervormde teoloog, GC van Niftrik (1904 tot 1972), gereeld voorgeskryf. Van Niftrik het vanuit 'n Nederlandse perspektief die teologie van Karl Barth geïnterpreteer. Dit is daarom nie vreemd dat die Hervormde Kerk se teologie sedert die vyftigerjare deur die dialektiese teologie van Karl Barth beïnvloed is nie.

Moltmann het uiteraard verder beweeg as Barth, en sy eie omvattende en invloedryke teologie ontwikkel. Dit is tog merkwaardig dat hy in 2015, op die ouderdom van 89, gekies het om as hoofspreker by die *Karl Barth Conference* aan die Universiteit van Princeton gekies het om met instemming te handel oor Karl Barth se verstaan van uitverkiesing. Moltmann het in sy lesing gewys op die problematiek inherent en eie aan die Calvinistiese verstaan van uitverkiesing; veral die dualisme wat in die *dubbele predestinasie* te vind is en die vernietigende effek daarvan. Hy toon verder aan hoe Barth se verstaan van uitverkiesing die dualisme oorkom het. In sy lesing beskryf Moltmann die leer oor dubbele predestinasie soos volg:

That the almighty God should from eternity choose one person and damn the other is a hellish message. What it evokes is not faith, but it is fatalism. This is a cruel and arbitrary God who plunges human beings into the torments of hell by making them ask "am I among the elect? Or am I not damned?"

Volgens Moltmann is die winspunt van Barth se verstaan van uitverkiesing sy Christologiese inkleding van predestinasie, naamlik dat Christus tegelykertyd die verworpene en uitverkorene is.



5. DIE PAD VORENTOE

Die opdrag van die AKV is dat 'n *eietydse verstaan* van uitverkiesing geformuleer word. Die opdrag is misleidend eenvoudig, want wat is *eietyds*? Teologiese nadenke het deur die eeue bepaalde veranderings ondergaan. Daar is verskeie redes hiervoor:

- * Eksegetiese metodiek het deur die loop van jare verander en ontwikkel.
- * Ons kennis van die sosio-historiese konteks van die Bybeltekste en vroeë kerk het verbreed.
- * Die eietydse konteks verander voortdurend.
- * Eietydse wetenskaplike, filosofiese, sosio-politieke en kulturele denke beïnvloed ons verstaan van die Bybel, die Christelike geloof en kerkwees.

Dit is na my mening onmoontlik om tot 'n eietydse, universeel geldige en aanvaarbare verstaan van uitverkiesing te kom. Ons kan hoogstens 'n uitspraak waag oor hoe die Hervormde Kerk, in die lig van die huidige teologiese diskoers in die Kerk, uitverkiesing kan verstaan. Die vraag is verder: Wat behoort die huidige diskoers te wees in die lig van die Kerk se toenemende verlies aan lidmate en die onbetrokkenheid van jongmense in die Kerk?

Die een werklikheid waarmee die Kerk gekonfronteer staan, is dat jong lidmate van die Kerk baie min erg het aan die onverkwiklike teologiese strydpunte van die verlede. Die debat oor uitverkiesing, sonde, seksualiteit, lidmaatskap van die Kerk en baie ander gaan gewoon by baie lidmate verby, en dra by tot 'n gevoel van vervreemding en afstand. Dit is 'n vraag tot watter mate lidmate van die Hervormde Kerk nog onderskeid maak tussen die Kerkhervorming en reformatoriese beginsels in vergelyking met die Rooms-Katolieke Kerk of Pinksterkerke. Selfs taal is nie meer 'n kwessie nie, gesien die hoeveelheid Hervormde lidmate wat by Engelssprekende Pinksterkerke aansluit.

Die Hervormde Kerk het tradisioneel baie groot klem geplaas op die Pauliniese verstaan van die evangelie. Histories en teologies is die Hervormde Kerk ingebed in die Kerkhervorming, en staan die Kerk in die lyn van Paulus > Augustinus > Luther > Calvyn > [NGB](#). 'n Sentrale vraag in die reformatoriese geloofstradisie handel oor sonde, verlossing en dankbaarheid (sien [HK](#) Sondag 1). Die beginsels van die Kerkhervorming was

- * die Skrif alleen (*sola Scriptura*).
- * geloof alleen (*sola fidei*).
- * genade alleen (*sola gratia*).

Die drie beginsels is in die belydenisskrifte verwoord en is steeds dominant in die prediking van die Hervormde Kerk. Dit is ook die dominante paradigma in die Hervormde liturgie, met die groot klem wat geplaas word op die wetlesing, genadeverkondiging, geloofsbelydenis en toewyding. Hervormde eredienste en liturgie adem die gees en denke van die Kerkhervorming waar God se geregtigheid, die mens se sonde en God se genade sentraal staan.

Die vraag is egter: Spreek dit nog die mense van die 21ste eeu aan? In 'n tyd waar sonde nie hoog op die agenda is nie, en God se oordeel en straf byna nooit verwoord word nie, kan die prediking en liturgie 'n spiritualiteit verwoord wat



vreemd is aan ons tyd. Die vraag is dus, wat sou 'n eietydse spiritualiteit wees, hoe bepaal dit die inhoud van die erediens en die prediking en hoe kan dit in verband gebring word met die Kerk se belydenis, onder andere die uitverkiesingsleer?

Die AKV het sedert 2007 toenemend binne die teologiese raamwerk van die *missio Dei* besluite geneem. Dit het sigbaar geword in besluite oor sending, kerkwees in die 21ste eeu, ekumene en vele meer. Dit het neerslag gevind in die korporatiewe identiteit van die voetewassing, kerkwees in die voetspore van Christus en die missie van die Kerk wat in terme van gemeenskap, viering, diens en getuienis geartikuleer word. Hierdie verskuiwing in teologiese denke behoort ook in die erediens, prediking en belydenis te reflekteer.

Wat sou 'n eietydse teologiese idioom kon wees? Miskien sou dit kon wentel om die vraag: *Wat beteken dit om deel te wees van God se koninkryk? Wat beteken dit dat God gekies het om mense deel te maak van die Koninkryk? Wat beteken dit dat Jesus mense gekies het, geroep het om Hom te volg, hulle ingesluit het in die Koninkryk van God en hulle uitgestuur het om te verkondig dat die Koninkryk van God naby gekom het.*

Dit sal verg dat die Hervormde Kerk se teologiese arbeid intensief en deurtastend aandag gee aan die Koninkryk van God. Ek is van mening dat 'n teologie wat genoegsaam aandag gee aan die Koninkryk van God en kerkwees in die voetspore van Christus, tot 'n eietydse spiritualiteit spreek en die potensiaal het om die missionale roeping van die Kerk te ondersteun.

6. BRONNE GERAADPLEEG

- * Bakhuizen van den Brink, J.N., 1940, *De Nederlandsche Belijdenisschriften Vergelykende Teksten*, Uitgeversmaatschappij Holland, Amsterdam.
- * Barth, K., [1919] 1963, *Der Römerbrief*, EVZ-Verlag, Zürich.
- * Barth, K., [1922] 1976, *Epistle to the Romans*, transl. E.C. Hoskyns, Oxford University Press, London.
- * Barth, K., 1936a, *Crede: Die Hauptprobleme der Dogmatik dargestellt im Anschluss an das Apostolische Glaubensbekenntnis*, Chr. Kaizer Verlag, München.
- * Barth, K., 1936b, 'Gottes Gnadenwahl', in *Theologische Existenz Heute* 47, Chr. Kaizer Verlag, München.
- * Barth, K., [1942] 1948, *Kirchliche Dogmatik II/2*, Evangelischer Verlag A.G., Zollikon (Dritte Auflage).
- * Barth, K., [1942] 1957, *Church Dogmatics* vol. 2, part 2, G.W. Bromiley & T.F. Torrance (eds.), T.T. Clarke, Edinburgh.
- * Barth, K., 1947a, 'Die Botschaft von der freien Gnade Gottes', in K.G. Steck & G. Eichholz (eds.), *Theologischen Existenz heute Heft* 9, pp. 24–37, Chr. Kaizer Verlag, München.
- * Barth, K., 1947b, *Dogmatik im Grundriss*, Evangelischer Verlag A.G., Zollikon.



- * Barth, K., 1964, *The Heidelberg Catechism for today*, transl. S.C. Guthrie, John Knox Press, Richmond, VA.
- * Barth, K., 2002, *The theology of the reformed confessions 1923*, transl. and annotated by D.L. Guder & J.J. Guder, Westminster John Knox Press, Louisville.
- * Bavinck, H., 1928, *Gereformeerde Dogmatiek II*, J.H. Kok, Kampen.
- * Berkouwer, G.C., 1960, *Divine election*, transl. H. Bekker, Eerdmans, Grand Rapids, MI.
- * Busch, E., 1976, *Karl Barth: His life from letters and biographical texts*, transl. J. Bowden, SCM Press Ltd., London.
- * Busch, E., 2002, 'Preface', in K. Barth (ed.), *The theology of the reformed confessions 1923*, pp. vii–x, transl. and annotated by D.L. Guder & J.J. Guder, Westminster John Knox Press, Louisville.
- * Cortez, M., 2007, 'What does it mean to call Karl Barth a "Christocentric" theologian?', *Scottish Journal of Theology* 60(2), 1–17. <https://doi.org/10.1017/S003693060700316X>.
- * Dreyer, W.A., 2017, 'Calvin, Van Lodenstein and Barth: Three perspectives on the necessity of church reformation', in *Nadenke oor 500 jaar se Reformatoriese teologie, HTS Theological Studies/Teologiese Studies* 73(5 Suppl. 11), a4508. <https://doi.org/10.4102/hts.v73i5.4508>.
- * Gockel, M., 2006, *Barth and Schleiermacher on the doctrine of election: A systematic-theological comparison*, Oxford University Press, Oxford.
- * Graafland, C., 1987, *Van Calvijn tot Barth: oorsprong en ontwikkeling van de leer der verkiezing in het Gereformeerde Protestantisme*, 's-Gravenhage, Boekencentrum.
- * Heyns, J.A., 1978, *Dogmatiek*, NG Kerkboekhandel, Pretoria.
- * Janowski, J.C., 2016, 'Gnadenwahl', in M. Beintker (ed.), *Barth Handbuch*, pp. 321–328, Mohr Siebeck, Tübingen.
- * Jonker, W.D., 1989, *Uit vrye guns alleen: Oor uitverkiesing en verbond*, NG Kerkboekhandel, Pretoria.
- * Jonker, W.D., 1994, *Bevrydende waarheid: Die karakter van die gereformeerde belydenis*, Hugenote Uitgewers, Wellington.
- * Lindsay, M., 2004, 'Barth', in G. Jones (ed.), *The Blackwell companion to modern theology*, pp. 327–342, Blackwell Publishing Ltd., Oxford.
- * Luther, M., [1525] 2006, 'De servo arbitrio', in W. Härle (Hrsg.), *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe, Bnd 1, Der Mensch vor Gott*, pp. 219–661, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.
- * McCormack, B.L., 2000, 'Grace and being: The role of God's gracious election in Karl Barth's theological ontology', in J. Webster (ed.), *The Cambridge companion to Karl Barth*, pp. 92–115, CUP, Cambridge.



- * McCormack, B.L., 2008, *Orthodox and modern: Studies in the theology of Karl Barth*, Baker Academic, Grand Rapids, MI.
- * O'Neill, M., 2004, 'Karl Barth's doctrine of election', *Evangelical Quarterly* 76(4), 311–326.
- * Scheuers, T., 2011, 'An evaluation of some aspects of Karl Barth's doctrine of election', *MATJ* 22, 161–173.
- * Selderhuis, H., 2015, 'Introduction to the Synod of Dort (1618–1619)', in D. Sinnema, C. Moser & H.J. Selderhuis (eds.), *Acta et Documenta Synodi Nationalis Dordrechtanae (1618–1619)*, Vandenhoeck & Ruprecht GmbH & Co., Göttingen.
- * Van der Zanden, L., 1949, *Praedestinati: Onze Verkiezing in Christus*, J.H. Kok N.V., Kampen.
- * Van Niftrik, G.C., 1948, *Een beroerder Israels*, G.F. Callenbach N.V. Uitgever, Nijkerk.
- * Van Wyk, I.W.C., 2018, 'Luther and Calvin on predestination: A comparison', *In die Skriflig* 52(2), a2342. <https://doi.org/10.4102/ids.v52i2.2342>.
- * Webster, J., 2000, *Barth*, Continuum, London.




BY A FEW



SGB

SGB

(Opgestel deur dr FJ Labuschagne)

1. **MENTORSKAPPROGRAM: DR JP BESTER**

Projekspan: Dr JP Bester (koördineerder) in samewerking met prof WA Dreyer, drr SM de Beer, JG Janse van Rensburg, MJ Jansen van Rensburg, FJ Labuschagne, RC Kok-Pretorius, CB Prinsloo, AG Ungerer, JC van der Merwe, WC van Wyk, di D Barnard, TF Dreyer (Wapadrant), CEC Hertzog, WJJ Kok, JT Manders, RJ Rust, AC Swanepoel, JF van der Merwe, oudl Daniel Esterhuizen en mev Elna Esterhuizen.

Die NHKA Mentorskapprogram vind op 'n gestruktureerde basis in 'n veilige en ondersteunende omgewing plaas waar mentees hulle volle potensiaal bereik. Die Mentorskapprogram is besig om ten volle aanlyn geïmplementeer te word. Die nuwe toerustingsproses behoort in Januarie 2026 gereed te wees.

Mentorskap is een van die hulpmiddels wat enige predikante beter voorberei vir hulle dienswerk in gemeentes, en tog is hulle terughoudend om by die program in te skakel. Konstante verandering in die werkplek skep onsekerheid en ontwig



enige werknemer. Laasgenoemde skep die behoefte by jong en selfs ouer leraars aan 'n mentor wat reeds deur verskeie stadiums van die lewe gevorder het.

Mentorskap speel 'n sleutelfunksie ten opsigte van die vaslegging en groter integrasie van vaardighede by predikante. Mentorskap dien as 'n sleutelkomponent in hierdie benadering tot die bevordering van geestelike en persoonlike groei as gelowiges, die oordrag van institusionele kennis en die aanbieding van ondersteuning tot professionele ontwikkeling. Dit is verder gebaseer op 'n kognitiewe leerteorie wat die belangrikheid van waarneming en modellering beklemtoon, asook die sosiale uitruilteorie wat fokus op die wedersydse voordele in die mentor-mentee-verhouding. Navorsing ondersteun die feit dat mentorskap werkprestasie en lojaliteit verhoog, en dat holistiese mentorskap geestelike welstand bevorder.

2. **TOERUSTING, BEGELEIDING EN FASILITERING TEN OPSIGTE VAN KERKRADE/GEMEENTES: DRR FJ LABUSCHAGNE EN JP BESTER**

Konstante navorsing en netwerk met die groter Kerk en ander opleidingsinstansies maak dit vir die **SGB** moontlik om in die begeleiding van gemeentes relevant te bly. Gemeentes en ringe het steeds nodig om dieper aanpassings met die oog op volhoubare bediening te doen. Groter sistemiese uitdagings wat die lewe en werk van die Kerk konstant beïnvloed word in die begeleiding verreken. Die **SGB** bemoei hom primêr met die praxis van die Kerk en wil in lyn met die ideaalbeeld (visie) van die NHKA, hoop daarstel.

Die opbou van die plaaslike gemeente is allereers 'n teologiese aangeleentheid: Bouwerk in die gemeente/Kerk dui op 'n besondere wyse na die herstellende werk en begenadigde handeling van God. Laasgenoemde vra na 'n dieper luister en besigwees met die Woord van God waar gelowiges in 'n bepaalde ruimte deur Hom aan mekaar verbind is. Ingrypende veranderinge noop gemeentes en kerkrade om steeds bepaalde aanpassings te oorweeg. Diep luister na mekaar geskied in geloofsonderskeiding, en behoort minder informatief en meer formatief te wees.

Toerusting sluit die geloofsvorming ten opsigte van die jeug/vroeë volwassenes in, toerusting en ontwikkeling van lidmate en ampsdraers, navorsing insake die algemene priesterskap van die gelowiges, en hoe lidmate van die Kerk kan deelneem aan die bediening van die evangelie. Die toerusting van ouderlinge vir hulle dienswerk in die gemeentes het in opdrag van die AKV na afloop van die 73ste AKV behoorlik aandag geniet.

2.1 **GEMEENTES TANS ONDER BEGELEIDING**

Projekspan: Drr JP Bester en JG Janse van Rensburg (koördinerend) in samewerking met dr FJ Labuschagne.

Die **SGB** is tans vanuit een of ander perspektief by 40% van die ringe en gemeentes in die Kerk betrokke. Die begeleiding en toerusting is primêr gerig op die ontwikkeling van lidmate en ampsdraers om die bediening effektief te laat gebeur. Die begeleiding van gemeentes is gerig op volhoubare bediening, en kreatiewe en alternatiewe strukture om groter samewerking en sinergie moontlik te maak. Die toerusting en bemaagtiging van ouderlinge vir hulle dienswerk in veral gemeentes wat hulself in interimspasies bevind, geniet tans aandag.



2.2 VISTA AKADEMIE

Praktykgerigte toerusting en die effektiewe begeleiding van predikante is die rede waarom die **SGB** op hierdie vlak by die Vista Akademie aansluiting vind. Die toerusting is direk gerig op sake waarmee predikante elke dag besig is. Die predikant is dikwels die eerste linie tussen die emosionele ongemak wat 'n lidmaat ervaar en enige professionele hulp wat daarna volg.

Die Akademie bied verskillende kursusse aan wat saamgestel is met die oog op die voortgesette toerusting en professionele ontwikkeling van predikante wat spesifiek in een of ander rigting spesialiseer. Vista se webtuiste verwys na verskeie kort kursusse, seminare en werkwinkels wat onmiddellik beskikbaar is. Die inhoud van die kursusse (waarvoor **VBO**-punte verdien kan word) is sodanig gestruktureer dat die pastorale vaardighede van die predikant daardeur uitgebou kan word. Die temas sluit onder andere die volgende in: Doeltreffende kommunikasie; tydbestuur; selfsorg en bewustheid; woedebestuur; trauma; algemene stressors en die impak daarvan op die werkplek; begrip vir angste; stresreagering; selfvertroue; skuldgevoelens; vergifnis en vele ander. Die temas is verder in lyn met die bekwaamhede (**POP**) wat as ontwikkelingsareas vir die predikant geïdentifiseer is.

Die aanlynkursus bestaan uit video's, assesseringsvrae en 'n verslag wat as bewys van opleiding gebruik kan word. Die kursusinhoud (video's en ander materiaal wat gebruik word) kan in lyn met die leeruitkomstes van elke kursus in die deelnemers se werkomgewing toegepas word. Die koste verbonde aan die kursusse sal in vennootskap met elke predikant, sy of haar kerkraad en die **SGB** befonds word.

2.3 **POP** EN MENSLIKE HULPBRONBESTUUR

Projekspan: Dr FJ Labuschagne (koördineerder) in samewerking met drr A Botha, JP Bester, SM de Beer, RA Denton, AG Ungerer, JC van der Merwe, JM van Staden, di JM Bevol-Manders, TF Dreyer (Malelane), L Lemmer, JT Manders, S Oxtou, L Prinsloo, P Rossouw, DJD Taljard, JA Young en mev Elna Esterhuizen.

Die NHKA posisioneer sy werk en funksionering ten opsigte van die volgende ideaalbeeld en roepingsbesef: Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld.

Die **POP** (assesseringsentrum) is 'n veilige plek vir predikante waar 'n uiters bekwame span begeleiers vanuit 'n meer proaktiewe perspektief na die voortgesette ontwikkeling van die predikante in die Kerk omsien. Predikante word versoek om te alle tye bewus te wees van die omvang van die bediening (*scope of practice*). Hierdie reis word in samewerking met die kerkraad onderneem. Die program bevestig die sterkpunte van elke predikant, maar dui ook bepaalde groei- en ontwikkelingsareas aan. Die **POP** wil graag inbou in die lewe van predikante en hulle reis in die bediening.

Die volgende bekwaamhede is deur die **SGB** in 2025 opgedateer om meer spesifiek op die werksmilieu, konteks en kultuur van die NHKA van toepassing te wees:

TABEL 22: Bekwaamhede van 'n predikant

BEKWAAMHEDE	SLUIT IN
Leierskap	Lei groepe en delegeer werk gebaseer op vaardighede en potensiaal; bemagtig ander en



	motiveer ander gelowiges, ampsdraers en kerkraad tot toewyding aan die uitleef van hul roeping en verantwoordelikhede binne die bediening; stel duidelike verwagtinge en standarde vir bedieningsuitlewing; monitor werk en verskaf afrigting (<i>coaching</i>) aan ander om hul volle potensiaal te ontwikkel.
Samewerking	Aanvaar en waardeer ander mense; toon hoflikheid en deernis; ondersteun, bemoedig en bedank ander; raadpleeg ander, luister na en verstaan; bevorder diversiteit en bou moraal, gemeentelike kohesie en samewerking.
Kommunikasie	Verstaan gesproke inligting; praat duidelik en verstaanbaar; doen aanbieding, voer gesprekke en prediking met selfvertroue; bly bewus van die gehoor, lidmate en gemeentelike reaksie, belangstelling en begrip, en pas kommunikasiestyl of inhoud dienooreenkomstig aan.
Etiek en waardes	Handhaaf etiese standarde en waardes; handhaaf vertroulikheid; kom verpligtinge na; moedig verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap en die omgewing aan.
Kreatiwiteit en Innovering	Omhels en ondersteun nuwe idees; soek na en verwelkom uiteenlopende perspektiewe; herevaluering, eksperimente en dinkskrums om idees en insigte te genereer; dink op nuwe en ander maniere om innoverende benaderings en oplossings te skep vir die bediening.
Beplanning en organisasie	Stel doelwitte wat ooreenstem met groep, span- en gemeentelike/kerklike doelwitte; ontwikkel bedieningsplanne, verbind tot tydlyne en gebruik tyd effektief; voorsien, ken en monitor hulpbronne om uitvoering te gee aan bedieningsbehoefte; hou dokumente en werkinligting in stand en teken vordering aan.
Veerkrachtigheid	Werk produktief onder druk; handhaaf 'n positiewe uitkyk; beheer emosies; hanteer mislukking of kritiek goed en leer daaruit.
Kritiese denke	Verkry 'n begrip van die situasie of probleem; evalueer, integreer en kategoriseer inligting om kwessies, patrone, neigings en verwantskappe te identifiseer; daag aannames uit en maak ingeligte gevolgtrekkings wat effektiewe benaderings en oplossings moontlik maak.
Geloofsonderskeiding	'n Nuwe verhouding met God word veronderstel. Dit is hoorbaar in 'n taal wat getuig van 'n bewuste identiteit in Christus en 'n intieme opweg-wees met dié God wat elke dag in die lewe teenwoordig is; dit is sigbaar in 'n lewe van kongruensie tussen geloof, woorde (prediking!) en gedrag; dit getuig van 'n groeiende bewuswording van hoe God aktief teenwoordig is in die lewe van elke dag. Dit is 'n persoonlike



	sowel as 'n gesamentlike reis met medegelowiges. Dit veronderstel die deurlopende beoefening van persoonlike en gesamentlike geloofsdissiplines met die oog op die vervulling van ons persoonlike en gesamentlike roeping en bediening in God se wêreld. Geloofsonderskeiding is om aktief na God se wil te soek in ons persoonlike lewe en deurlopend ook gesamentlike besluite te neem wat God se wil deurentyd in ag neem.
--	---

FOKUS OP MENSLIKE HULPBRONBESTUUR:

Dank en waardering aan die volgende span wat onder die bekwame leiding van mev E Esterhuizen aan die inhoud wat op menslike hulpbronbestuur betrekking het, meegewerk het: Prof WA Dreyer, dr JP Bester, FJ Labuschagne, di TF Dreyer (Malelane), JT Manders, JA Young, oudl Daniel Esterhuizen, mevv Elna Esterhuizen en Andrea Uys.

Die steeds veranderende werksmag en konteks noop die Kerk om met die voortgesette ontwikkeling van predikante in belang van gemeentes as prioriteitsaangeleentheid te handel.

Die volgende artikel van dr PL Steenkamp is in die HTS gepubliseer: *A Meaningful workplace: From Theory development to practicality* (2012). Hierin word die ervaring van betekenisvolheid in die werksplek gebaseer op twee wederkerige en simbiotiese dimensies: Die betekenis van werk en die wederkerige komponent van 'n werksplek wat betekenis skep deur sekere faktore en perspektiewe in stand te hou.

Die innerlike en onderliggende perspektiewe van menswees is onlosmaaklik deel van die individu wat reeds ten volle opgelei is en as bevoeg beskou word om die werk te verrig. Benewens tegniese kennis wat die predikant het, betree 'n persoon die werkplek waar hy of sy, sy of haar beroep gaan beoefen met bepaalde verwagtinge. Hierdie verwagtinge is uiteraard nie net kognitief van aard nie, maar intrinsiek ook psigies en emosioneel van aard.

Werknemers verwag dat sekere faktore in die werkplek 'n bydrae sal lewer ten einde te voldoen aan werksbevrediging en 'n sinvolle bydrae tot die lewe en funksionering van die organisasie. Om hierdie rede behoort werkgewers bepaalde prosesse en intervensies in plek te stel om aan hierdie verwagtinge te voldoen. (Dit gaan oor die resiproke voordeel van beide partye). Faktore soos die erkenning dat die werknemer 'n bepaalde rol en plek het in die werkgemeenskap, 'n klimaat van samewerking en ondersteuning ten einde sy of haar rol te vervul, 'n mate van sekerheid en ervarings van aanvaarding en erkenning, regverdigheid speel in hierdie opsig in op vervulling, sinvolheid en betekenisvolheid.

Die funksie van menslike hulpbronbestuur is om beide die dimensies van sinvolle werkservaring en 'n sinvolle werksomgewing so naby as moontlik aan mekaar te bring.

Die vraag is: Hoe kan die Kerk en die plaaslike gemeente 'n betekenisvolle bediening en aanbiddingsruimte daarstel?



Menslike hulpbronbestuur binne die konteks van die NHKA veronderstel bepaalde beginsels wat op 'n volgende vlak meer breedvoerig aandag sal kry.

Die Kerk weet presies wat 'n predikant moet doen in terme van 'n beroepsbrief, maar hoe speel die inhoud uit ten opsigte van die ooreenoms en verhouding met 'n plaaslike kerkraad, en hoe gebeur dit in terme van die ontwikkeling van daardie predikant om uiteindelik te voldoen aan al die standaarde en verwagtinge wat gestel word? Tematiese onderhoude met predikante het bevestig dat gemeentes ongemaklike en selfs buitengewone hoë verwagtinge aan hulle werknemers stel. Laasgenoemde het ongemaklike en hoë emosionele lading by predikante tot gevolg.

Die menslike hulpbronfunksie moet uitgebou en afgewentel word na gemeentes toe. Die **SGB** is van mening dat kerkrade insake die rol en funksionering van die predikant toegerus en bemagtig word, en hulle verwagtinge en perspektiewe op hulle werknemers gevolglik aanpas.

Die gespreksgenote is dit eens dat die voortgesette professionele en persoonlike ontwikkeling en opleiding (VP²O²) via goed gestruktureerde kursusse en werkswinkels moet gebeur. Die **SGB** en sy vennote in opleiding het reeds verskeie inhoude beskikbaar (die beroepsbegeleidingsproses om die roeping van 'n gemeente te onderskei en IN PAS met die lewende God) wat ten doel het om gemeentes en predikante te help om sinvol en relevant met die bediening besig te wees.

Die **SGB**, die Kuratorium en die **HTK** het nodig om saam te dink oor die spesifieke vereistes wat op keuring en werwing byvoorbeeld betrekking het. Benewens die werklikheid dat die Kommissie van die AKV 'n opsigfunksie het oor predikante, is behoorlike sinchronisasie ten opsigte van al die prosesse en werkkringe wat op die opleiding en vorming van die predikant betrekking het, dringend nodig.

Om die bekwaamhede wat in die **POP** geassesseer word te struktureer, het die **SGB** nodig gehad om 'n posbeskrywing vir die predikant te finaliseer. Die opgedateerde posbeskrywing (2024) van die predikant sluit ek by hierdie verslag in:

POSBESKRYWING GEMEENTEPREDIKANT	
Gemiddelde grootte van 'n middelslag gemeente	100 tot 499
Rapporteringsverhouding	Kerkraad, ringskommissie, Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
Toesighouding oor aantal personeel	1 tot 5
Primêre dienslewering aan	Lidmate, gemeenskap
Werk in spanverband met	Ring, gemeente, kollegas, sinodaal, kerkraad, gemeenskap, gemeenskapsdienste, multi-professionele span



Doel van die gemeentepredikant

Om die blye boodskap van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, as enigste Verlosser te bely en in die wêreld te verkondig.

Doelwitte wat bereik moet word deur die gemeentepredikant

- * Die beplande en tydige bestudering van die Bybel en teologie (VBO) vir persoonlike geloofsgroei, en om lidmate te ondersteun in hul geloofsvorming.
- * Om die evangelie verantwoordelik te verkondig sodat mense die evangelie kan hoor en dit kan bydra tot hul geloofsversterking.
- * Om geestelik en emosioneel 'n gebalanseerde bediening te handhaaf en die uitleef van Christelike liefde.
- * Die leef van die evangelie in die wêreld in alle omstandighede deur betrokke te raak by mense se nood (fisies, psigies, trauma, geestelik, pastoraat).
- * Om die geloofsgemeenskap te bemagtig en te begelei om as liggaam van Christus te funksioneer.
- * Om toe te sien dat dienende leiers binne die gemeente ontwikkel word deur effektiewe en tydige toerusting te bied met die oog op dienswerk.
- * Om missionale leierskap te bied sodat die lidmate as gestuurdes in die wêreld kan leef.
- * Om toe te sien dat die gemeente verantwoordelik gelei en bestuur word met die oog op effektiewe funksionering.

Opleiding

- * Minimum:
 - ** BDiv, MDiv.
 - ** Kerkspesifieke opleiding: TKB en DKB.
 - ** Voortgesette teologiese opleiding en toerusting wat reflekteer in die VBO-profiel.

Werkverwante funksionele kennis verkry deur formele en informele opleidingsprogramme

- * Proponentseksamenaflegging (proeferediens, skriftelike eksamen, mondeling eksamen).
- * Mentorskap.
- * Beleidstukke, regulasies, en alle tersaaklike wetgewing en statutêre vereistes aangaande nakoming (King IV) en etiese kode vir predikante.
- * Spanwerk, konflikhantering, berading (verslaghouding), konfidensialiteit.
- * Finansiële bestuur, kontrole, bestuur van belastingverpligtinge, fondsgenerering.
- * Kommunikasie-etiket.
- * Digitale geletterdheid:

Programmatuur	Basies	Intermediêr	Gevorderd
Microsoft Office: Word		X	
Microsoft Office: PowerPoint		X	
Microsoft Office: Excel		X	
Adobe Acrobat	X		
Internet		X	
Microsoft Office: Outlook		X	



Virtual room communication en webinar	X		
Multimedia redigeringsprogramme	X		
Kunsmatige intelligensie	X		
Sosiale media		X	
Benutting en aanwending van tegnologie binne die bediening	X		

Werkverwante funksionele vaardighede verkry deur formele en informele opleidingsprogramme. *Hoe om dinge te doen, word gedemonstreer deur tegnieke en metodes toe te pas*

- * Spirituele intelligensie (insluitend onderskeiding).
- * Emosionele intelligensie (insluitende selfkennis en selfinsig).
- * Kommunikasie (verbaal, nie-verbaal).
- * Persoonlike verryking.
- * Dryfkrag, passie en roepingsbewustheid.
- * Harmonie in gesinsverhoudings.
- * Verhoudingsingesteldheid.
- * Beplanning en tydsbestuur.
- * Leerbaarheid.
- * Aanpasbaarheid.
- * Etiek en integriteit.
- * Bestuursvaardighede.
- * Kollektiewe/deelnemende bestuurstyl.
- * Analise en probleemoplossing.
- * Kreatiwiteit en innovasie.
- * Besluitneming.
- * Veerkragtigheid en selfsorg.
- * Konflikhantering.

Ervaring

- * Volgens die bedieningsplan van die gemeente.

Verandering

- * Deurlopend nodig om nuwe situasies te hanteer.

Finansiële impak van (wan)prestasie

- * Substansiële impak van tussen R3 miljoen en R6 miljoen per jaar en moontlike persentasieverlies in lidmate.

Funksionele verantwoordelikheid

- * Bestuur en uitvoer van roetine en nie-roetine funksies wat 'n groot impak het op uitlewing van die Kerk se roeping.

Verantwoordelikheid vir hulpbronne

- * Begroting: R2 miljoen.
- * Bates (roerend en nie-roerend) tot en met R10 miljoen.



Interpersoonlike kontak en aard

- * Predikante – Inligting, samewerking, pastoraat.
- * Gemeentes – Rigtinggewing, adviserend, oorreding, formele aanbieding, inligting, samewerking.
- * Lidmate – Inligting, samewerking, pastoraat, oorreding.
- * Kerkraad – Rigtinggewing, adviserend, oorreding, inligting, samewerking, assessering, formele aanbieding, verteenwoordiging, onderhandeling, onderhandeling.
- * Sinodaal – Onderhandeling, inligting, samewerking, rigtinggewing, adviserend.
- * Gemeenskap, gemeenskapsdienste, multiprofessionele span – formele aanbieding, verteenwoordiging, rigtinggewing, adviserend.

Reis

- * 10% van werkstyd is reistyd.

Spesifieke aanspreeklikhede

- * Produkwaliteit van webinar en videos – van gematigde belang vir die bereiking van uitkomste.
- * Werkerstandaarde – van kardinale belang vir die bereiking van uitkomste.
- * Openbare verhoudings en netwerke – van kardinale belang vir die bereiking van uitkomste.
- * Werkmetodes – van kardinale belang vir die bereiking van uitkomste.
- * Innovering aangaande probleemoplossing en voortgesette dienslewering – van kardinale belang vir die bereiking van uitkomste.

Tydsduur van impak van besluite

- * Manifesteer onmiddellik tot binne een jaar tot 'n maksimum van drie jaar.

Vryheid om te struktureer

- * Gematigde vryheid.

Die posbeskrywing van die predikant sluit al die doelwitte, uitkomste, kernaktiwiteite en al die bekwaamhede van die predikant in wat nodig is om die ontwikkeling doelmatig te bestuur.

Ek is verder daarvan oortuig dat die opleiding (teologiese opleiding, persoonlike en professionele ontwikkeling) wat die NHKA op talle terreine aan predikante beskikbaar stel, in lyn gebring word met heersende tendense en resente praktyke. Die Kommissie van die AKV het die SGB om bepaalde redes van die HTK af losgeknoop. Opleiding en toerusting is egter die een spasie waar die SGB en die HTK mekaar bly ontmoet. Terwyl die HTK primêr gemoeid is met teologiese opleiding en die voortgesette teologiese opleiding van die predikante, is die SGB verantwoordelik vir die persoonlike en professionele ontwikkeling van predikante. Laasgenoemde sluit ook die ontwikkeling van kursusmateriaal in wat in lyn met die gedragsebekwaamhede ontwikkel word.

Die SGB het ongeveer vyf jaar gelede tematiese onderhoude met predikante van die Kerk gevoer. Die ontleding van die resultate het uitgewys dat predikante teologies en wetenskaplik goed opgelei was om hulle roeping in 'n bepaalde



gemeente te leef. Die emosionele en ander ervaringsvereistes sowel as die persoonlike vaardighede (soos deur die gedragbekwaamhede gedefinieer) was nie voldoende ontwikkel nie. Die data wat tans vanuit die **POP** beskikbaar is dui daarop dat sekere bekwaamhede geheel en al onder ontwikkel is.

'n Vereiste om hieraan uitvoering te gee, verg 'n geïntegreerde mobilisering van mense op alle vlakke van die kerklike lewe. In die praktyk van organisasies word normaalweg gepraat van Strategiese Menslike Hulpbronbestuur. Die unieke organisatoriese aard van die Kerk kan nie genoeg beklemtoon word nie. Selfs in die lig van laasgenoemde is dit nodig om bepaalde bestuursbeginsels met die oog op effektiewe funksionering van die predikant en die gemeente toe te pas. Dit vereis ook die koördinerende en integrasie van mense om sekere take en funksies uit te voer. Breedweg verstaan word in die algemeen gepraat van die bestuur van die menslike hulpbronsfunksie volgens beproefde en aanvaarde beginsels.

Menslike Hulpbronbestuur (talentbestuur) sluit onder andere werwing, keuring, opleiding, prestasiebestuur en die ontwikkeling van 'n personeelbeleid en ander beleide in wat op predikante en ander werknemers van die gemeente betrekking het.

Die optimale funksionering van die predikant is krities. Die ontwikkeling van bepaalde gedragbekwaamhede met die oog op die unieke rol van die predikant en die voortgesette persoonlike en professionele ontwikkeling sal na afloop van die 74ste AKV verder uitrol.

Strategie vir implementering

Om 'n meer holistiese benadering tot menslike hulpbronbestuur te volg wat op die hele persoon fokus: Professioneel, persoonlik en geestelik, en in belang van die sistemiese funksionaliteit van die Kerk. Die voordele hiervan is

- * verhoogde werknemerstevredenheid.
- * verbeterde organisatoriese prestasie.
- * bevordering van 'n ondersteunende werkkultuur, en om 'n veilige geestelike tuiste te skep vir mense.

Die menslike hulpbronbestuur waardeketting is 'n gestruktureerde model wat die integrasie van verskillende **MH**-praktyke binne 'n organisasie illustreer. Dit beklemtoon hoe elke komponent bydra tot die bereiking en uitlewing van die organisasie se strategiese doelwitte (roeping). Menslike hulpbronbestuur sluit onder andere die volgende aspekte in: Opleiding en ontwikkeling (mentorskap), prestasiebestuur, beloning en erkenning, werknemersbetrokkings (welstand), retensie en opvolgbeplanning, organisasiekultuur en organisasie-ontwikkeling, **MH**-analise en -verslagdoening. Elkeen van hierdie aspekte is reeds volledig uitgewerk en feitlik gereed vir implementering.

2.4 KOINONIA-PROGRAM

Projekspan: Ds JF van der Merwe (koördineerder) in samewerking met dr FJ Labuschagne.

Die bediening stel voortdurend hoë eise aan die predikant en sy of haar gesin. Die **SGB** het in verskeie gesprekke met die Moderamen en vanuit uitdienstrede onderhoude met predikante die behoefte gehoor dat predikante meer gereeld wil ontmoet vir saamkuier en rus. Laasgenoemde het ten doel om gespreksvoering oor




talle sake wat op kerkwees inspeel, te bevorder. Die temas wat behandel word het ten doel om saamwees en ontmoeting te optimaliseer, terwyl stilte en rus 'n integrale deel uitmaak van die program.

3. KERKPLANTING: DR FJ LABUSCHAGNE

Ordereël 7 bepaal dat op grond van die opdrag aan die Kerk, is lidmate en gemeentes van die Kerk gerig op diegene wat van die evangelie vervreemd is, dit nog nie heelhartig aanvaar het nie asook diegene wat dit nie wil of kan glo nie.

NCL-SA-navorsing bevestig dat die NHKA steeds 'n dominante na-binne gerigte kultuur van funksionering handhaaf. Ten spyte van 'n sterker missionale gerigtheid (NHKA Kerkorde: Hoofstuk 7) en die intensie om insluitend en minder eksklusief te wees, is konkrete voorbeelde hiervan karig. Die sogenaamde *Boomer-Kerk* (as resultaat van 'n generasie wat tussen 1946 tot 1964 gebore is) verkeer internasionaal onder groot druk.

Op die vraag: *Wat mense van hierdie gemeente/kerk waardeer?*, is die Kerk dankbaar vir resultate wat bevestig dat preke, eredienste en onderrig hoë prioriteit geniet. Die data bevestig derhalwe ook dat sake soos om buite-kerklikes te bereik en meer inklusief te leef en werk, steeds onderaan die tabel verskyn:



GRAFIEK 12: NCL-SA-navorsing

Die NHKA het tot en met 1945 ongeveer 25% van sy gemeentes gevestig/gestig terwyl 75% van die gemeentes van die NHKA na 1945 gevestig/gestig is. Laasgenoemde het grotendeels in lyn met die ekonomiese ontwikkeling en groei oraloor in Suid-Afrika gebeur. Alhoewel enkele gemeentes na 1995 van ander gemeentes afgestig het of selfs ontwikkel het, is geen *nuwe gemeentes* gestig of geplant nie.

Kerkplanting (verskillende vorme daarvan) vanuit die konteks van die NHKA is die enigste wyse waarop enige groei en ontwikkeling ten opsigte die Hervormde Kerk in die vooruitsig gestel word. Die daling in lidmaattal internasionaal geskied steeds teen 0,5 tot 1,0% van die denominasie se totale lidmaattal per jaar. Kerkplanting geskied dus intensioneel. Toerusting en ontwikkeling in dié verband het binne die



konteks van die NHKA dringend aandag nodig. Die Kerk het nodig om insake kerkplanting en die vorming van dissipels meer direkte besluite te neem.

4. **TRAUMANETWERK**

Projekspan: Dr JM van Staden (koördineerder).

Die TraumaNetwerk bestaan uit verskeie kerkgenootskappe, landbou- en trauma organisasies. Die TraumaNetwerk se strategie is om 'n rol te speel in die ontwikkeling van 'n welstandsbeen in elke provinsie.

'n Gratis toepassing (app) is reeds ontwikkel wat by www.traumanetwerk.co.za afgelaai kan word om beraders te vind in 'n bepaalde area, die beskikbaarstelling van YouTube-video's wat inligting bevat oor trauma en die genesing na trauma, en mededelings van alle betrokke organisasies.

Die skakel na die app het 'n inleidingsvideo wat die strategie en die uitrol daarvan omvattend verduidelik. Gesprek met verskeie vennote word gekontinueer.

Dr JM van Staden se passie vir die saak van trauma en sy dryf om hierdie saak in belang van die NHKA en in belang van alle burgers van ons samelewing tot uitvoering te bring, kan nie genoeg beklemtoon word nie! Landbouweekblad het onlangs aan boord gekom en bepaalde uitkomst is besig om uit te rol. Die welstand en psigiese gesondheid van alle mense in veral die landbou-omgewing geniet tans hoë prioriteit.

Slegs opgeleide en geregistreerde beraders en traumaspesialiste sal die NHKA by die Traumanetwerk verteenwoordig. Predikante word sterk aangemoedig om hulle registrasie vir dié doel by onder andere CPSC in assosiasie met die ACRP en ander regulerende instansies af te handel.

5. **INTERIMBEDIENING: DR JG JANSE VAN RENSBURG**

Projekspan: Dr JG Janse van Rensburg (koördineerder) in samewerking met drr FJ Labuschagne en JP Bester.

Elke gemeente binne die werkruimte van die NHKA is tans in een of ander oorgangsfase. Die begeleiding van gemeentes in tussen-in spasies is die ruimte waar die Interimbedieningspan hulle werk doen. Dit is 'n uitdagende fase in die lewe van die plaaslike gemeente aangesien koersaanpassing onafwendbaar is. Doelgerigte en intensionele interimbediening help gemeentes om met die verlede te handel, die hede te interpreteer en vir die toekoms te beplan.

Dit is uitdagende tye, maar ook tyd vir groei. Uitdagings gedurende hierdie tyd kom van binne en van buite die gemeente. Die Interimbedieningspan ondersteun gemeentes om hulle identiteit en roeping vir die tye en oomblikke soos dié, te herontdek. Voortgesette navorsing is 'n kritiese komponent van hierdie diensveld. Dr JG Janse van Rensburg het reeds opdrag gekry om 'n nuwe opgedateerde en meer relevante sillabus met die oog op die ontwikkeling van brugleraars vir die NHKA te ontwikkel. Hierdie inhoud sal in die lig van die NHKA se verhouding met IMN (VSA) in lyn wees met resente navorsing en internasionale standaarde. Die voortgesette toerusting en opleiding van brugpredikante sal in die toekoms ook vanuit die NHKA se unieke verbintenis met IMN gebeur. Ons ontvang reeds weekliks navorsing en geleenthede om te benut: <https://imnedu.org/>.



TABEL 23: CLS-SA 2025 gemeenterigting

GEMEENTERIGTING: HOE SOU U GEMEENTE SE HUIDIGE RIGTING TIPEER?				
	2018		2022	
	N	%	N	%
Krimpand en/of sterwend	7	7,5	13	13,8
Besig met instandhouding/oorlewing	56	60,2	46	48,9
Groeiend	26	28	18	19,1
Dinamies groeiend	2	2,2	17	18,1
Totaal	91	97,9	94	100,0

Bovermelde data bevestig dat 62,7% van die gemeentes van die Kerk hulself in 'n fase van oorlewing of krimpand/sterwend bevind. Beleef gemeentes in die Kerk tans 'n identiteitskrisis of is dit nodig om hulle roeping vir 'n nuwe tyd te herdefinieer? Wat is die veranderlikes (intern en/of ekstern) en dieper sistemiese kwessies wat gemeentes van die Kerk van hulle veerkragtigheid en drome stroop? Die Kerk bly in dié verband ook met die groter kerklike landskap van Suid-Afrika in gesprek. Die begeleidingsdiens vanuit die **SGB** word in oorleg met ringskommissies vir alle gemeentes aangebied.

6. **MEDIASIE: DR JC VAN DER MERWE**

Projekspan: Dr JC van der Merwe (koördineerder) in samewerking met ds HMJ Kramer.

Mediasie is 'n vrywillige en aanpasbare proses van die **SGB** wat binne die gees van kerkwees en op 'n kerklike wyse tussen gelowiges plaasvind. Soms verbrokkel verhoudings tussen gelowiges sodanig dat alternatiewe opsies met die oog op bemiddeling benut word om sake te reël. Mediasie het op geen wyse ten doel om die kerkordelike bepalings insake opsig en tug te vervang of ter syde te stel nie. Mediasie word as meganisme gebruik om kerklike gesprekvoering op 'n gestruktureerde basis te laat gebeur.

Die span hanteer kwessies waar mediasie 'n vreedsame uitkoms teweeg kan bring. Hierdie dienste is aan alle lidmate, predikante en gemeentes van die Kerk beskikbaar. Die AKV neem opnuut kennis van dié diens wat vanuit die **SGB** aangebied word. Waar spanning tussen kollegas, spanning in huwelike van kollegas en/of spanning tussen leraars en kerkrade ontstaan, is dit raadsaam om vroegtydig met die **SGB** te skakel en van mediasie gebruik te maak.

7. **FINANSIES EN ADMINISTRASIE: MNR JOHAN HATTINGH**

Projekspan: Mnr Johan Hattingh (koördineerder).

Die Kerk ontvang deur die goedheid van God stoflike middele om sy roeping uit te voer. Dié aanhef tot Ordereël 9 bepaal verder dat die Kerk op verantwoordelike wyse toesig en beheer oor sy hulpbronne en bates moet uitoefen. Toesig oor die finansies, hulpbronne, bates en ander kerklike goedere van gemeentes, ringe en die Kerk behels die ordelike beheer daarvan en die nakoming van bepalings, voorskrifte en besluite oor besittings en verpligtinge. Predikante, gemeentes en ringe is toenemend verantwoordelik vir bepaalde sake wat deur regulasies en wette (van binne en buite die Kerk) beheer word.



Gemeentes word steeds aangemoedig om van *Sage One Accountant* en ander dienste gebruik te maak wat die finansiële en administratiewe lading op gemeentes verlig. Toerusting ten opsigte van rekenkundige en ouditfunksies gebeur deurlopend. Korporatiewe beheer is 'n essensiële element van rentmeesterskap/ korporatiewe burgerskap en ook van toepassing op werkruimtes van die NHKA.

Die **SGB** begelei gemeentes om hul finansiële en administratiewe bestuur op verantwoordelike wyse na te kom.

8. **CLS-SA KERKSPIEËL NAVORSING: DR JP BESTER**

Projekspan: Drr JP Bester (koördineerder) en JG Janse van Rensburg in samewerking met dr FJ Labuschagne.

Die NHKA maak deel uit van 'n Taakspan Navorsing wat die **NGK** insluit. Prof Cobus van Wyngaard (UNISA) is verantwoordelik vir die leiding van die navorsingsaktiwiteite terwyl die NHKA vanuit hierdie konteks hulle eie navorsing doen en die resultate analiseer en interpreteer. CLS-SA is 'n vierjaarlikse projek en help kerke in die nadenke oor die Kerk en gemeentes se rol en funksionering. Die Hervormde Kerk het aan CLS-SA in 2014, 2018 en 2024 deelgeneem, en die resultate van hierdie ondersoek was van groot waarde vir die Kerk.

Kerkspieël is 'n geleentheid om deur 'n wetenskaplike ondersoek 'n geheelbeeld van die Kerk te kry en die hartklop van die gemeente te hoor. Die resultate was ook van groot waarde om nie alleen tendense in die Kerk en gemeenskap waar te neem nie, maar om dit te benut in doelgerigte beplanning met die oog op dinamiese en volhoubare bediening. Die Kerk kan dus met groot vrug gebruik maak van die resultate van hierdie navorsing.

Die gemeente-opname (Kerkspieël) doen navraag oor 'n wye verskeidenheid van aspekte van die gemeentelike bediening, asook die demografie en funksionering van die gemeente. Dit help om te verstaan waarmee ons besig is en behoort te wees. Die resultate bied 'n beeld van die Hervormde Kerk en is nuttig vir sinodale leierskap om doelgerigte beplanning te doen met die oog op dinamiese en volhoubare bediening in die Kerk.

Die Taakspan Navorsing: NHKA deel die volgende tendense met predikante, leiers, gemeentes en lidmate:

TABEL 24: CLS-SA: Sterkpunte/kernkwaliteite met betrekking tot die NHKA, 2019 teenoor 2024

CLS-SA STERKPUNTE/KERNKWALITEITE MET BETREKKING TOT DIE NHKA 2019 TEENoor 2024		
	2019	2024
1	Aanbidding/viering	Aanbidding/viering
2	Geloof	<i>Belonging</i> /gemeenskap
3	Innovasie	Innovasie (1.5% verhoging)
4	<i>Belonging</i> /gemeenskap	Geloof
5	Roeping/visie	Visie/roeping
6	Inklusiwiteit	Leierskap
7	Geloofsdeling/getuienis	Diens
8	Leierskap	Inklusiwiteit
9	Diens	Geloofsdeling/getuienis



Uit bogenoemde is dit kommerwekkend dat inklusiwiteit en geloofsdeling/getuienis die kernkwaliteite is wat die voorlaaste en laaste plek op die lys van kernkwaliteite ingeneem het, terwyl aanbidding steeds die een saak is waarmee 'n gemeente boweal besig is, prioriteit geniet.

- * Die gemiddelde ouderdom van die lidmate neem steeds toe. Die NHKA is in terme van laasgenoemde 'n verouderende Kerk met die risiko dat die leierskap kan erodeer. Behoorlike opvolgbeplanning en 'n insluitende benadering tot die samestelling van ringskommissies en werkgroepe oraloor is van kritieke belang.
- * Die nuwe data toon aan dat nuwe betrokkenheid by gemeentes 3.4% is. Die vraag is of gemeentes van die Kerk oop en toeganklik is vir mense van buite en of die sogenaamde mense van buite die Kerk as relevant beskou.
- * 81.5% van die respondente het aangedui dat hulle by nuwe inisiatiewe met betrekking tot die bediening en roeping betrokke sal raak. Stimulasie en begeleiding in dié verband is noodsaaklik. Die innoveerders is dikwels dié lidmate wat van die gemeente af vervreem word indien hulle idees en kreatiwiteit nie ontvang en waardeur word nie.
- * Lidmate van die NHKA toon 'n geringe openheid om na buite gerig te leef.
- * Die Kerk handhaaf steeds 'n dominant eksklusiewe sosiale kultuur. Laasgenoemde mag inspeel op die gemeente se vermoë om effektief met die plaaslike gemeenskap te konnekteer.
- * Ongeveer 33.7% van die lidmate van die NHKA is nie seker oor wat hulle gawes met betrekking tot die bediening van die gemeente beteken, en waar hulle in dié verband inpas nie.
- * Slegs 69.8% identifiseer met die roeping (visie, missie en rigting) van die plaaslike gemeente.
- * 83% van die respondente het aangedui dat hulle 'n gevoel van behoort (*belonging*) in hulle gemeentes ervaar.

Die volgende vraag oor finansies dien vermeld te word. Die resultate hiervan getuig dat gemeentes in die huidige ekonomie van Suid-Afrika worstel om hulle finansiële verantwoordelikhede na te kom. Slegs een derde van die respondente het aangedui dat hulle inkomste met inflasie tred hou:

Finansies: Watter van die volgende beskryf die gemeente se finansiële posisie die beste?

Ons inkomste hou tred met inflasie	35.1%
Ons inkomste groei is minder as inflasie	45.7%
Ons finansiële situasie is 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die gemeente	12.8%

Die **SGB** gebruik die navorsingsresultate in die beplanning en begeleiding van gemeentes as deel van die strategie vir volhoubare bediening.



Die Kerk neem in 2025 vir die eerste keer amptelik deel aan 'n predikantepaneel. 'n Vraelys doen navraag oor perspektiewe en behoeftes van predikante en die stand van bepaalde bedieninge in gemeentes. Daar is ook vrae oor spesifieke sake in die groter NHKA.

9. JEUGBEDIENING: DS R HOPLEY

Projekspan: Drr DJ du Toit, FJ Labuschagne, di W Dykema, R Hopley (koördinerend), A Jansen van Rensburg, M Meyer, M Oosthuizen, prop A Cockeran, studente Peet Bloem, At Hattingh, Rolandi McGeer, Anushke Muller, Elizabeth Rossouw, Lané Truscott, en Christof van Niekerk.

GELOOFSVORMING VAN DIE JEUG EN HUISGESINNE

9.1 VISIE VIR 2025

Kinders is 'n integrale deel van die gemeente, wat beteken dat hulle nie net deelnemers is nie, maar ook aktiewe lede wat bydra tot die gemeenskap se geestelike lewe. Dit is belangrik dat hulle erken word en betrek word in die verskillende aspekte van die gemeente se aktiwiteite. Ons visie is om gemeentes te help om kinders en jongmense te begelei om in verhouding met die Here te leef en volhardende dissipels van God te word.

9.1.1 JEUGBEDIENING VIR KERKLIKE ONDERRIG

Die geestelike vorming van die jeug geskied deur jeugbediening, wat 'n wesenlike deel van kerklike onderrig insluit. Hierdie bediening sluit verskeie elemente in:

- * Betrokkenheid: Jeugbediening betrek die jeug by die bediening van die gemeente, wat hulle help om 'n gevoel van behoort en verantwoordelikheid te ontwikkel.
- * Kerklike onderwys:
 - ** Dit begelei die jeug in die Woord van God en die leer van die Kerk.
 - ** Dit leer hulle oor die betekenis van hulle Doop, wat 'n belangrike stap in hul geestelike reis is.
 - ** Dit berei hulle voor vir die aflegging van geloofsbelydenis en deelname aan die Nagmaal, wat sentraal is tot hul geloofsontwikkeling.
 - ** Dit begelei hulle op die pad van dissipelskap en rus hulle toe vir dienswerk in die Kerk sowel as hul getuienistaak in die wêreld.

9.1.2 GEESTELIKE VORMING VAN HUISGESINNE

Die geestelike vorming van huisgesinne geskied deur gesinsbediening, wat fokus op

- * Bewustheid: Gesinsbediening maak huisgesinne bewus dat hulle die primêre verantwoordelikheid dra vir die geestelike vorming van hulle kinders.
- * Toerusting: Dit rus ouers toe om hulle kinders te onderrig volgens die doopbelofte wat hulle afgelê het.
- * Aanmoediging: Dit moedig gesinne aan om saam te bid, huisgodsdienste te hou en om hul kinders in die Woord van God en die leer van die Kerk te onderrig.



- * Betrokkenheid: Gesinsbediening bevorder ook betrokkenheid by die werksaamhede van die gemeente, wat 'n gevoel van gemeenskap en ondersteuning bied.

9.1.3 SAMEVATTING

Die geestelike vorming van beide jeug en huisgesinne is noodsaaklik vir 'n gesonde geloofsgemeenskap. Deur jeugbediening en gesinsbediening kan kerke effektief werk om nie net individue nie, maar ook gesinne as geheel te ondersteun in hul geestelike groei en ontwikkeling.

9.2 DOELSTELLINGS VIR 2025: UITBREIDING EN AKSIEPLAN

Die volgende doelstellings en aksies vorm deel van die NHKA se jeugbedieningstrategie vir 2025. Hierdie doelwitte fokus op die versterking van kategeese, gesinsbediening en jeugondersteuning met spesifieke aksies om 'n meer doeltreffende en inklusiewe bediening te verseker.

9.2.4 DATA-INSAMELING: HUIDIGE GETALLE VAN JEUGVERSPREIDING IN DIE NHKA

Om enige strategie te ontwikkel, is dit noodsaaklik om 'n akkurate prentjie te hê van die jeug se verspreiding en deelname binne die NHKA.

- * **Doel:** Versamel data oor getalle, ouderdomsgroepe en aktiwiteitsvlakke van die jeug in verskillende gemeentes.

- * **Aksies:**

- ** Ontwikkel 'n standaard opnamevorm wat deur gemeentes ingevul kan word. Afgehandel en al die gemeentes van die Kerk word tans met die opnamevorm genader om data in te samel (vir afhandeling einde Augustus).
- ** Analiseer data om gapings en sterkpunte in die jeugbediening te identifiseer (beoogde afhandeling - September).

9.2.5 BEHOEFTEBEPALING BY KINDERS SELF

Kinders se unieke behoeftes en verwagtinge moet verstaan word om hulle effektief te bedien.

- * **Doel:** Kry insigte direk vanaf kinders oor wat hulle van kategeese en ander jeugaktiwiteite verwag (eie komitee wil gemeentes ondersteun om hierdie insigte in hul eie gemeentes te kan bepaal. Hierdie proses is in die beplanningsfase vir afhandeling in September).

- * **Aksies:**

- ** Reël interaktiewe fokusgroepe en aanlyn-opnames.
- ** Werk saam met jeugleiers om 'n kindervriendelike en betroubare metodologie te ontwikkel.

9.2.6 KATEGETE/JEUGWERKERS TOERUSTING

Toegeruste kategete en jeugwerkers is die hoeksteen van 'n suksesvolle jeugbediening.



- * **Doel:** Bied gereelde opleiding aan oor moderne katege-sepraktyke, tegnologie, en spesifieke uitdagings soos kinders met spesiale behoeftes (beskikbare materiaal, kursusse en navorsing word tans nagegaan vir geskiktheid vir plasing op platform vir afhandeling in September).

- * **Aksies:**

- ** Ontwikkel 'n jaarlikse opleidingskalender.
- ** Gebruik e-leerplatforms om gereelde kursusse aan te bied.

9.2.7 E-KATEGESEMATERIAAL

Digitale hulpbronne kan groter bereik en gerief bied.

- * **Doel:** Skep digitale lesmateriaal wat maklik toeganklik en interaktief is (staan oor vir afhandeling – September).

- * **Aksies:**

- ** Ontwikkel platforms of apps vir e-katege-se.
- ** Integreer video's, interaktiewe vrae en aanlyn-gemeenskapsforums.

9.2.8 GROEPSKATEGESEMATERIAAL VIR KLEINGEMEENTES

Klein gemeentes ervaar dikwels uitdagings met beperkte hulpbronne en getalle.

- * **Doel:** Ontwikkel materiaal wat geskik is vir verskeie ouderdomsgroepe in een groep (in proses).

- * **Aksies:**

- ** Skep eenvoudige lesplanne wat fokus op deelname en dialoog.
- ** Ontwikkel hulpbronne wat deur vrywilligers gebruik kan word.

9.2.9 KINDERS MET SPESIALE BEHOEFTE EN GESTREMDHEDE: HULPBRONNE

Alle kinders moet gelyke toegang hê tot katege-se, ongeag hul behoeftes.

- * **Doel:** Ontwikkel inklusiewe kategesemateriaal en lei kategete op oor spesiale behoeftes (in proses).

- * **Aksies:**

- ** Skep praktiese handleidings.
- ** Werk saam met kundiges om hulpbronne te toets.

9.2.10 SKEP VAN ETIESE KODE EN BEGELEIDING VIR GEMEENTES RAKENDE POLISIEKLARINGS

Veiligheid en vertroue is kernbeginsels vir die jeugbediening.

- * **Doel:** Ontwikkel riglyne oor hoe gemeentes moet omgaan met agtergrondtoetse en veiligheid (in proses vir afhandeling in September).



* **Aksies:**

- ** Stel 'n riglyn en etiese kode op in samewerking met kerkleiers.
- ** Kommuniqueer riglyne duidelik aan alle gemeentes.

9.2.11 GESINSBEDIENING- EN OUERLEIDINGMATERIAAL

Gesinsbetrokkenheid versterk jeugbediening.

- * **Doel:** Ontwikkel materiaal wat ouers toerus om 'n aktiewe rol in hulle kinders se geestelike vorming te speel (hierdie proses is in die beplanningsfase vir afhandeling in September).

* **Aksies:**

- ** Skep weeklikse of maandelikse hulpmiddels vir huisgodsdien.
- ** Versprei video's en gidse oor temas soos doopbeloftes en geloofsontwikkeling.

9.2.12 FREQUENTLY ASKED QUESTIONS-PLATFORM VIR GEMEENTES

Gemeentes het gereeld vrae oor jeugbediening en kategesemateriaal.

- * **Doel:** Ontwikkel 'n aanlynplatform waar antwoorde op algemene vrae gevind kan word.

* **Aksies:**

- ** Skep 'n [FAQ](#)-afdeling op die NHKA-webwerf.
- ** Werk dit gereeld by met nuwe vrae en antwoorde.

9.2.13 SAMEWERKING MET DIE [NGK](#): KATEGESEMATERIAAL

Saamwerking kan die kwaliteit en impak van kategesemateriaal verbeter.

- * **Doel:** Neem deel aan [NGK](#)-inisiatiewe om kategesemateriaal te verbeter (in proses).

* **Aksies:**

- ** Woon werksessies by en lewer insette vanuit 'n NHKA-perspektief.

9.2.14 KOMMUNIKASIEVERBETERING EN GEREELDE MATERIAALVERSPREIDING

Effektiewe kommunikasie help gemeentes om op hoogte te bly van hulpbronne en aktiwiteite.

- * **Doel:** Verseker dat alle gemeentes toegang het tot die jongste materiaal en nuus (in proses vir afhandeling in September met die skep van die platform).

* **Aksies:**

- ** Stel 'n maandelikse nuusbrieff saam.
- ** Gebruik digitale platforms soos sosiale media om gemeenskappe te betrek.



9.2.15 GESKIKTE KERKMUSIEK VIR JONGMENSE

In proses.

9.2.1 ADDISIONEEL

Jeugsimposium ten opsigte van 0 tot 18 jaar sal eers in 2026 gehou word na aanleiding van die besluit by die AKV ten opsigte van die gebruik van kategesemateriaal en kindernagmaal.

9.3 AFSLUITING

Hierdie doelstellings en aksies is ontwerp om die NHKA se jeugbediening te versterk en uit te brei in 2025. Deur 'n kombinasie van navorsing, hulpbronontwikkeling en gemeenskapsbetrokkenheid kan die Kerk 'n groter impak maak op die jeug en gesinne binne die geloofsgemeenskap.

10. WELSTANDSPROGRAM: DR FJ LABUSCHAGNE

Projekspan: Dr FJ Labuschagne (koördineerder) in samewerking met drr A. Botha, RA Denton, JC van der Merwe, AC Botma, J Nel, PL Steenkamp, di CJ Bezuidenhout, JP du Preez, KF Smith en oudl Dries le Roux.

Die Welstandsprogram het ten diepste die behoefte om na elke predikant uit te reik in tye van nood en ontwrigting. Laasgenoemde ondersteuningsnetwerk wil 'n bydra lewer tot die emosionele veerkragtigheid van predikante en op deurlopende basis ondersteuning bied. Alle sake wat op die welstand van die predikant betrekking het is streng vertroulik van aard. Hulpverlening en ondersteuning geskied holisties en multidisiplinêr binne die groter raamwerk van die Welstandsprogram en sy vennote (Vista en ander dienste op *ad hoc*-basis).

Die versorging van predikante en hul gesinne is in die eerste plek die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente. Sowel die geestelike as materiële welstand van predikante is van uiterste belang, en hierdie saak behoort prioriteit te geniet by die Kommissies van die AKV en ringe.

Begeleiding en ondersteuning vanuit die **SGB** geskied met die oog op die optimalisering van die roeping van die predikant. Geestelike en emosionele volwassenheid word ontwikkel en met die oog op 'n gebalanseerde bediening uitgebou.

Die volgende tendense onder predikante dien vermeld te word:

- * Finansiële en ander ekonomiese uitdagings is kwessie wat die lewe van elke predikant en sy of haar gesin diep raak.
- * Die oorgang na emeritaat is 'n saak wat baie meer (pro)aktief deur die NHKA en kollegas bestuur behoort te word.
- * Die gesondheid en algehele welstand van predikante bly onder druk. Discovery Health se jaarlikse verslag wat die algehele stand van die gesondheid van predikante in detail omskryf (*Nederduitsch Hervormde Kerk Van Afrika: Corporate Health Review*) is op aanvraag by dr FJ Labuschagne beskikbaar. Die verslag bevestig dat predikante se gesondheid onder druk verkeer.



- * Ten spyte van hoë kwaliteit voortgesette professionele ontwikkeling is daar steeds leemtes met betrekking tot sagte vaardighede (*soft skills*); leierskapontwikkeling en fisiese en geestesgesondheidsbestuur.
- * Die kompleksiteit van die tyd waarin die NHKA en haar predikante hulself bevind oefen druk uit op die dienswerk en funksionering van die predikant.
- * Die rol van die predikant en die verwagtinge wat deur die werkgewers aan die predikante gestel word, bly 'n komplekse saak wat deur die **SGB** en Welstandsprogram bestuur word.
- * Interimspasies en konstante verandering stel uitsonderlik hoë eise aan die predikant om intydse aanpassings te doen.

Voorbeelde van die sagte vaardighede waaraan predikante tans behoefte het

- * Emosionele intelligensie (empatie; grense; self-insig; hantering van onoplosbare kwessies, ensovoorts).
- * Insig in en toepaslike optrede binne groepsprosesse. Verstaan die dinamika van kerkrade en ander groepaksies binne gemeentekonteks.
- * Eietydse leierskapontwikkeling.
- * Selfregulerende problematiek en uitbranding.
- * Hoe om met finansiële stressors te handel.
- * Gebrek aan 'n lewe buite die kerk of oordrewe identiteit van die predikant.
- * Onvermoë om stres effektief te bestuur.

Uitkomstes insake tendense en frekwensie van gebeure

- * Ondersteuning aan predikante na hulle formele opleiding aan tersiêre instellings neem toe.
- * **VTT** en **VBO**, professionele ontwikkeling (**CPD**) en gedragsgebaseerde ontwikkeling en ondersteuning word in die lig van vinnig veranderende omstandighede krities belangrik.
- * Die volgende twee maatstawwe/meetinstrumente word na afloop van die **POP** gebruik om predikante se emosionele kapasiteit en die impak van persoonlikheid op werkprestasie te evalueer:

WPI: Die **WPI** verskaf 'n raamwerk om die impak van persoonlikheid op werkspresiasie beter te verstaan. Dit help die predikant om sleutelmotiveerders en gedrag te identifiseer wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van werknemers en leiers op verskillende vlakke. Die **WPI** is slegs gerig op persoonlikheidseienskappe wat direk verband hou met die werksomgewing en gedrag wat op die predikant se werk inspeel.

EQ: Emosionele intelligensie is 'n sleutelbepaler van sukses in die lewe. Die **EQ**-assessering is gerig op emosionele intelligensie en is onontbeerlik vir persoonlike, professionele en leierskapontwikkeling. Hierdie maatstaf meet 'n stel emosionele en sosiale vaardighede wat invloed uitoefen op die manier waarop mense hulself waarneem en uitdruk, sosiale verhoudings ontwikkel en handhaaf, uitdagings hanteer en emosionele inligting op 'n effektiewe en betekenisvolle manier gebruik.



11. KOMITEE VIR INNOVASIE: DR DJ DU TOIT

Die SGB het na afloop van die 2025 GDN byeenkoms te Wellington besluit om 'n Komitee vir Innovasie op die been te bring wat ten doel het om predikante en gemeentes aan te moedig om kreatiewe idees en oplossings te deel in die werkplek. 'n Gesonde kultuur van innovasie sal groter deelname (inklusiwiteit) en algehele organisasie-ontwikkeling stimuleer. Die aanlynlewe (digitale voetspoor) van die plaaslike gemeente is 'n aangeleentheid wat elke gemeente gerus kan ondersoek en vestig.

Die SGB het gedurende 2024 en 2025 baie moeite gedoen om die digitale voetspoor en aanlynteenwoordigheid van die plaaslike gemeente te vestig en uit te bou. Die SGB se waarneming die afgelope 24 maande is dat gemeentes wat 'n aanlynlewe vestig en uitbou, bepaalde groei en ontwikkeling ervaar. Dit blyk uit die navorsing wat op gemeentes en gemeenteontwikkeling spesifiek betrekking het, dat die digitale voetspoor en aanlynlewe van 'n gemeente meer gespesialiseerde aandag verg. Die SGB begelei gemeentes om ten opsigte van die aanlynlewe van 'n gemeente die volgende stap te neem.

Die bevordering van 'n innovasiekultuur vereis aanpassing en is 'n samewerkende poging wat behels dat die regte klimaat geskep word om die kreatiewe potensiaal te ontsluit. Predikante en werknemers sal meer innoverend wees as hulle voel dat hulle in 'n omgewing is waar daar vertroue is, aangesien dit hulle makliker idees sal laat deel en hulle sal voel dat hulle idees ook saak maak.

Kunsmatige intelligensie is 'n volgende werklikheid wat ons werk en lewe konstant beïnvloed. KI het vanuit die perspektief van die NHKA se unieke werk en lewe verdere eksplorering nodig. Die Komitee vir Innovasie het reeds verskeie kursusse en inhoude wat op die toerusting en ontwikkeling van predikante en gemeentes betrekking het, ontwikkel. 'n Sterker van onder-na-bo perspektief op kerkwees sal predikante help om hul eie idees en kreatiwiteit aan die Kerk te openbaar.

Gemeentes wat behoefte het om kreatief en innoverend te bly leer en nuwe wyses van bediening te ondersoek, kan ook by verskeie bestaande oefengemeenskappe aansluit.

12. AANBEVELINGS

- * Die NHKA funksioneer binne 'n unieke konteks waar geestelike en organisatoriese doelwitte ineenvleg. Tans vind menslike hulpbronbestuur en talentbestuur nie werklik plaas nie. MHB word meestal beperk tot personeeladministrasie en vergoeding (transaksionele MHB-aktiwiteite), opleiding en ontwikkeling, welstand, en aspekte van organisasie-ontwikkeling, vanuit 'n sinodale perspektief. Op gemeentevlak is dit baie meer basies, heel moontlik beperk tot MHB-administrasie, en is dit selfs moontlik afwesig. Die toepassing van 'n holistiese benadering tot menslike hulpbronbestuur is noodsaaklik om die volle potensiaal van predikante, personeel en vrywilligers te ontsluit.
- * Die SGB, die Kuratorium en die HTK het nodig om saam te dink oor die spesifieke vereistes wat op byvoorbeeld keuring en werwing betrekking het. Benewens die werklikheid dat die Kommissie van die AKV 'n opsigfunksie het oor predikante, is behoorlike sinchronisasie ten opsigte van al die prosesse en werkkringe wat op die opleiding en vorming van die predikant betrekking het, dringend nodig.



- * Die kerkraad sien kragtens Ordinansie 4.1.2 (xiv) toe dat lidmate toegerus word sodat die gemeente 'n missionêre gerigtheid kan uitleef.
- * Die geestelike vorming en toerusting van die jeug en jong volwassenes is vir die Kerk 'n saak van hoë prioriteit.
- * Elke gemeente word aangemoedig om tussen die 74ste en 75ste AKV 'n volgende gemeente te plant en verskillende vars uitdrukkings van Kerk te vestig.
- * Kerkrade en lidmate word opnuut opgeroep om moeite te doen met die emosionele versorging van predikante en hulle gesinne.



Kuratorium



BY A FEW

KURATORIUM

(Opgestel deur dr JM van Staden)

1. INLEIDING EN DANKWOORD

Die Kuratorium wil graag dank uitspreek vir die geleentheid om 'n aktiewe rol te kon speel by die teologiese opleiding van die Kerk. Die Kuratorium was saamgestel deur sewe predikantslede: Drr H Delpont, C Pretorius, JM van Staden, DJC van Wyk, di CEC Hertzog, WJJ Kok en JT Manders, asook dr AG Ungerer (hoof: [HTK](#)) en prof J Beyers (dosent: [UP](#)). Nadat drr Delpont en Pretorius benoem is as dosente van die [HTK](#), is di TF Dreyer (Gemeente Wapadrant) en WA Dreyer in hulle plekke aangewys. Drr SM de Beer en MJ Slabbert (studentepredikante) het waardevolle bydraes gelewer, asook ander dosente van [UP](#) wat die Kuratoriumvergaderings bygewoon het. Dank ook aan teologiese student At Hattingh wat gereeld verslag gelewer het oor die welstand van die studente.

Die Kuratorium wil sy dank uitspreek teenoor dr Ungerer wat vir nêr meer as 'n dekade as hoof van die [HTK](#) uitmuntende werk gedoen het om studente van die Kerk voor te berei op die bediening, dosente aangestel het by die [HTK](#), asook toepaslike [VTT](#)-geleenthede aangebied het.

Die Kuratorium bedank verder prof Beyers vir die rol wat hy gespeel het in die vele vergaderings, gesprekke en werksinkels oor teologiese opleiding. Sy bydrae was onmisbaar. Verder is die Kuratorium dank verskuldig aan die dekaan by [UP](#), prof R Letšosa, vir sy openheid om met die Kuratorium in gesprek te tree. Hy het op 'n kritieke oomblik in die Kuratorium se termyn 'n reuse rol gespeel om verhoudinge tussen die NHKA en [UP](#) te versterk.

'n Dankwoord word gerig teenoor mev Clarika Hattingh vir die vele notules, agendas en reëlins die afgelope termyn, asook mnr Johan Hattingh vir sy waardevolle insette oor finansiële aangeleenthede. Ons is dankbaar teenoor drr BJ van Wyk en RJ Jones vir hul insette aangaande die kerkordelike- en reglementeswysigings wat in hierdie termyn opgestel is.

2. VERSLAG

Die Kuratorium het sy taak uitgevoer in die lig van opdragte van die 73ste AKV, versoeke vanaf die Kommissie van die AKV, en in terme van die werksaamhede van die Kuratorium soos dit uiteengesit is in die Kerkorde.

2.1 BESKRYWINGSPUNT 27 VAN DIE 73STE AKV

Beskrywingspunt 27 het opdrag gegee dat die Kommissie van die AKV en die Kuratorium alternatiewe moontlikhede vir teologiese opleiding ondersoek. Die moontlikhede wat die Kuratorium ondersoek het, sluit in:

* **Akkreditasie van die [HTK](#) as opleidingsinstansie**

Die Kuratorium het groot moeite gedoen om ondersoek in te stel na die akkreditasie van die [HTK](#) as opleidingsinstansie. Naas verskeie interne



beplanningsgesprekke, is gesprek gevoer met die AP Akademie en die Gereformeerde Teologiese Akademie. Dit blyk dat hierdie opleidingsinstansies nie volhoubaar en selfstandig kan funksioneer nie vanweë die hoë koste verbonde aan teologiese opleiding. 'n Ondersoek na die akkreditasie van die **HTK** as opleidingsinstansie het duidelik geblyk dat dit 'n enorme finansiële uitgawe vir die Kerk sal wees.

* **Teologiese opleiding aan Akademia**

Akademia het 'n vierjarige **BDiv**-graad bekendgestel, asook kennis gegee dat 'n driejarige **BTh**-graad in teologie in die vooruitsig gestel word. Verskeie gesprekke het plaasgevind tussen verteenwoordigers van die NHKA en Akademia, waar ons verskeie bekommernisse met hulle bespreek het aangaande die kurrikulum. Die Kuratorium sal in gesprek bly met Akademia.

* **'n Aanbod deur Nederskills (Skillspro)**

Nederskills het aangedui dat hulle, naas die **DKB**, ook 'n **MDiv**-graad in teologie wil aanbied. Die Kuratorium en die Kommissie van die AKV het na verskeie gesprekke met Nederskills aangedui dat dit nie vir die Kerk koste-effektief sal wees om hierdie graad te befonds nie. Dit staan Nederskills egter vry om enige graad te ontwikkel wat deur die Kerk oorweeg kan word vir teologiese opleiding.

* **Teologiese opleiding aan Hugenate Kollege**

Hugenate Kollege bied slegs 'n driejarige **BTh**-graad aan, en is die voorkeurinstansie vir die **NGK** om hulle diensleraars op te lei. Dit bied beslis moontlikhede wat in die toekoms ontgin sou kon word, hangende besluite deur die 74ste AKV.

* **Buitelandse universiteite en/of opleidingsinstansies**

Die Kuratorium het verskeie moontlikhede ondersoek na geleenthede in die buiteland, maar dit blyk finansiële nie haalbaar te wees nie. Indien daar bekostigbare aanlynopleiding beskikbaar is, sou die Kuratorium dit in die toekoms oorweeg. Op hierdie stadium is daar nog nie so 'n moontlikheid gevind nie.

* **'n Aanlyn **BDiv**-graad by die **PUK****

Die **PUK** het onlangs begin om 'n **BDiv**-graad aanlyn aan te bied. Die volledige graad word aanlyn aangebied, met eksamens wat in persoon afgelê moes word. 'n Student het ses jaar om die graad af te handel.

Beskrywingspunt 27 gee verder opdrag aan die Kommissie van die AKV, Kuratorium, **HTK** en Dosentevergadering om te besin oor die herbedinging van die huidige kontrak met **UP**. Die Kuratorium het hulle deeglik vergewis van die inhoud van die kontrak met **UP** en is tevrede met die hersiene weergawe wat in 2021 onderteken is. Om die waarheid te sê, die kontrak bied moontlikhede wat tot op datum nog nie deur die Kerk ontgin is nie. Die voorsitter van die Kuratorium het in gesprek getree met die dekaan en twee adjunkdekane by **UP** se Fakulteit Teologie en Religie, en die detail van die kontrak deeglik bespreek. Beide partye was dit eens dat die kontrak voordelig is vir albei instansies.



Beskrywingspunt 27 vra verder vir die uitbouing van die **HTK** *ten einde te voldoen aan die verwagting van die Kerk om goed toegeruste predikante in die huidige tydsgewrig te lewer*. Die Kuratorium, in samewerking met die hoof van die **HTK** en die Kommissie van die AKV, het vyf dosente by die **HTK** benoem vir 'n tydperk van twee jaar. Hulle verantwoordelikhede sluit die volgende in:

- * Nuutaangestelde dosente vergewis hulself voortdurend van die groter akademiese diskoers in hul vakgebied. Daar kan in dié verband met dosente aan die verskillende teologiese fakulteite gekonsulteer word.
- * Daar word van die onderskeie dosente verwag om jaarliks minstens een artikel in 'n akademiese vaktydskrif te publiseer.
- * Lidmaatskap by 'n vakwetenskaplike vereniging en die bywoning van kongresse is 'n vereiste.
- * Dosente van die **HTK** moet werkgemeenskappe in hul betrokke vakgebiede skep om voortgesette navorsing en publikasies te help verseker. Vanuit hierdie werkgemeenskappe word die Kerk ook van teologiese advies bedien.
- * Werkgemeenskappe kan op 'n gereelde basis simposiums aanbied waarby soveel moontlik teoloë en belangstellendes uit die Kerk betrek word.
- * Daar word verwag dat die dosente, soos nodig, by **VTT** van predikante betrokke sal wees.
- * Die aanbied van lesings by die **HTK**.

Na die tydperk van twee jaar sal die Kommissie van die AKV, in oorleg met die Kuratorium, oor 'n nuwe benoemingsproses al dan nie, besin.

2.2 VERKORTING VAN TEOLOGIESE OPLEIDING

Besluit 48 van die 72ste AKV het opdrag gegee dat 'n ondersoek gedoen moet word om teologiese opleiding te verkort:

Die Kommissie van die AKV, in oorleg met die Kuratorium en die dosente, ondersoek die moontlikheid van verkorting van die studiejare van teologiestudente.

In die Kuratoriumverslag aan die 73ste AKV is vermeld dat hierdie beskrywingspunt in die daaropvolgende termyn aandag sou geniet. Die Kuratorium het 'n beskrywingspunt voorberei vir die 74ste AKV wat met 'n motivering in die agenda opgeneem is.

2.3 AANSTELLING VAN DOSENTE BY **UP**

Die Kuratorium wens dr. A Janse van Rensburg en RJ van Niekerk geluk met hul aanstellings as dosente by **UP**, onderskeidelik in Historiese en Sistematiese Teologie, en Nuwe Testament en Verwante Literatuur. Beide is in terme van die kontrak met **UP** aangestel.

Die Kuratorium wens ook prof RA Denton geluk met sy aanstelling as dosent in Praktiese Teologie by die **PUK**.



2.4 KERKORDE EN REGLEMENTSWYSIGINGS

Indien die beskrywingspunt vir die verkorting van teologiese opleiding aanvaar word, het die Kommissie reeds 'n voorstel voorberei vir die toepaslike kerkordelike verandering. Die Kuratorium het ook die reglemente opgestel en/of gewysig:

- * Reglement: Dosentevergadering.
- * Reglement: [HTK](#).
- * Reglement: Kuratorium.
- * Reglement: Toelating vir predikante.

2.5 AANSTELLING VAN DIE HOOF VAN DIE [HTK](#)

Die Kuratorium het, in oorleg met die Kommissie van die AKV, die proses goedgekeur om 'n nuwe hoof: [HTK](#) aan te stel. Die aanstellingsproses moet afgehandel wees ten aanvang van die 74ste AKV sodat die nuwe hoof: [HTK](#) daar aangekondig kan word. Die aanstelling sal egter eers van krag wees vanaf 1 Januarie 2026 aangesien dr AG Ungerer se termyn aan die einde van Desember 2025 verstryk.

Ek wil graag, as voorsitter van die Kuratorium, vir elke Kuratoriumlid dankie sê vir hulle onbaatsugtige diens aan die NHKA vir hierdie termyn van die Kuratorium. Dit was 'n voorreg om saam met hulle as kollegas te kon dien.



ABSTRACT



DOSENTEVERGADERING

(Opgestel deur prof J Beyers)

1. INLEIDING

Die NHKA vier gedurende 2025 die 108ste jaar van teologiese opleiding aan UP. Alhoewel teologiese opleiding vir die NHKA deesdae aan enige universiteit kan plaasvind, is UP die voorkeurstelling vir teologiese opleiding op grond van die ooreenkoms tussen die NHKA en UP. Hierdie ooreenkoms maak voorsiening dat die kerk vyf dosente in teologie mag aanstel, ongeag die aantal studente wat vanuit die NHKA aan die Fakulteit studeer.

Die Hervormde Dosentevergadering word saamgestel uit al die predikante wat 'n akte as dosent van die NHKA ontvang het. Dit sluit dosente by ander universiteite in, soos byvoorbeeld dr J Nel en prof RA Denton. Die Hervormde Dosentevergadering vergader twee maal per jaar (een keer in persoon en een keer aanlyn), en staan onder leiding van die verkose voorsitter (prof J Beyers) en word bygestaan deur die notulehouer (dr A Janse van Rensburg). Tydens die vergaderings word akademiese sake en moontlikhede bespreek om die HTK-dosente gevestig en verder toegerus te kry as akademici.

2. DOSENTE

Die volgende tabel vertoon die Hervormde dosente aan UP asook aan die HTK:

TABEL 25: Hervormde dosente aan UP asook aan die HTK

UP	Departement	HTK (sedert 1 Maart 2025)
Prof AB Geyser-Fouché	OT en Hebreeuse literatuur	Dr RC Kok-Pretorius
Prof JR van Niekerk	NT en verwante literatuur	Dr SM de Beer
Prof T van Wyk (HOD)	Sistematiese teologie en historiese teologie	Dr DJ du Toit
Dr A Janse van Rensburg	Sistematiese teologie en historiese teologie	Dr C Pretorius
Prof J Beyers (adjunkdekaan en HOD)	Godsdienststudies	Geen
Dr A Botha	Praktiese teologie	Dr H Delpoit Dr FJ Labuschagne

3. STUDENTE

Die volgende studente het gedurende die verslagperiode teologie (BDiv) aan UP studeer:

TABEL 26: Studente wat in verslagperiode teologie (BDiv) aan UP studeer het

	2023	2024	2025
1ste jaar	Tyllin Barnard Anushke Muller At Hattingh	Nicole MacLahlan Corlia Saunders	Zander Petzer Waldo Venter Rochelle Swart Corlia Saunders
2de jaar	Lané Truscott	Tyllin Barnard Anushke Muller At Hattingh Merwe Nel	Nicole MacLahlan Pedri Bredenkamp



3de jaar		Lané Truscott	Tyllin Barnard Anushke Muller At Hattingh
4de jaar	Peet Bloem Zanedrieka de Lange Helga du Plessis Kharla Guest Carien Janeke	Rolandi McGeer	Lané Truscott Rolandi McGeer
MDiv	Drian Cockeran Annia Engelbrecht-van Deventer Tanya Maartens Christo Pieterse	Peet Bloem Zanedrieka de Lange Helga du Plessis Kharla Guest Carien Janeke Christo Pieterse	Hercules Boshoff
NG Dipl	Annami McClintock		
TOTAAL	15	14	12

4.

MODULES

Die Fakulteit bied drie akademiese programme aan:

- * **BTh** – driejarige graad (module kodes 120, 220, ensovoorts).
- * **Dipl** – driejarige diploma (module kodes 121, 221, ensovoorts).
- * **BDiv** – vierjarige graad (module kodes 122, 222, ensovoorts).

Die NHKA het gekies dat om as 'n predikant in die NHKA gelegitimeer te word, 'n student die vierjarige **BDiv**-graad en dan die **MDiv**-graad moet voltooi.

Die volgende modules word aan studente by **UP** aangebied:

TABEL 27: Modules wat aan studente by **UP** aangebied word

MODULE	MODULE-NAAM	BESKRYWING	DOSENT
DEPARTEMENT GODSDIENSSTUDIES			
RSM 120, 121, 122	Inleiding tot die studie van godsdiens	Teorieë oor die oorsprong van godsdiens. Bestudering van verskillende verskynsels (byvoorbeeld mites en rituele). Tipe mites (byvoorbeeld oorsprong, seisoene, natuur, lewe en dood) en tipe rituele (byvoorbeeld eliminasië, voorkoming, oorgangsrituele). Bestudering van sinkretisme en inkulturasie en die wyse waarop die Christendom in 'n Afrika-konteks manifesteer.	Prof J Beyers
RSM 220, 221, 222	Christendom in die Suide	Bestudeer hibriede vorme van die Christendom met die fokus op Afrika.	Dr Elijah Dube Dr Buhle Mpofu
REL 110	Kaleidoskoop van godsdienste	Tipe godsdienste (naamlik monoteïsties, Oosterse, primale en nuwe godsdienstige bewegings met 'n voorbeeld van elkeen (naamlik Islam, tradisionele Afrika-godsdienste, Hindoeïsme en Rastafarianisme). Sekularisasie en die reaksie daarop (naamlik ateïsme, alternatiewe spiritualiteit, fundamentalisme).	Dr Arno Meiring



REL 210	Dinamika van godsdiens	Inleiding op godsdienstige perspektiewe op land, water, stede, armoede en voorspoedsteologie.	Dr Elijah Dube
REL 220	Antieke godsdienste en gesondheid	Ondersoek antieke genesingspraktyke en die verband met mites uit Mesopotamië, Egipte en Griekse kulture.	Dr Maryke Strydom
REL 310	Materiële godsdiens	Ondersoek die gesaghebbende heilige tekste van Islam, Judaïsme en Christendom. Vergelykende studie tussen perspektiewe op sosiale temas (byvoorbeeld klerasie, kos, drome, God) Objekte van Tradisionele Afrika-godsdienste word gebruik as tekste.	Prof J Beyers
REL 320	Inter-godsdienstige verhoudings	Die maniere hoe godsdienste kan ontmoet, word ondersoek.	Dr Arno Meiring
REL 410	Filosofie van godsdiens	Aan die hand van geselekteerde artikels (joernalistiek, populêr, akademies), word studente begelei om krities hulle eie geskiedenis, verlede en hede te integreer om as heel mense te funksioneer.	Prof Christo Lombaard
REL 420	Filosofie van godsdiens	Filosofiese elemente in godsdiens word bestudeer.	Prof Christo Lombaard
DEPARTEMENT SISTEMATIESE EN HISTORIESE TEOLOGIE			
SHT 110, 111, 112	Geloof en stories	'n Oorsig oor en inleiding in die dissiplines in teologie.	Prof Danie Veldsman Dr Hlulani Mdingi Prof Johan van der Merwe
SHT 120, 121, 122	Geskiedenis van die Christendom	Inleiding tot die geskiedenis van die Christendom in Suider-Afrika met spesifieke verwysing na kolonialisme en post-kolonialisme.	Prof Johan van der Merwe
SHT 210, 211, 212	Geloof en oortuigings	Veelvuldige perspektiewe op geloof, God, Triniteit, Jesus Christus en die Heilige Gees.	Prof Danie Veldsman Dr Hlulani Mdingi
SHT 220, 221, 222	Om mens te wees	Veelvuldige perspektiewe op die menslike natuur, oortuigings en spiritualiteit.	Prof T van Wyk Dr Hlulani Mdingi
SHT 223, 224, 225	Teologie in geskiedenis	Historiese analise van geselekteerde teologiese tradisies en temas vanaf die vroeë kerk tot die 20ste eeu.	Dr A Janse v Rensburg
SHT 310, 311, 312	Kerk en gemeenskap	Nadenke oor wat dit beteken om kerk in die huidige tydsgewrig te wees.	Prof Johan Van der Merwe Dr A Janse van Rensburg
SHT 313, 314, 315	Om as Christen te lewe	Veelvuldige perspektiewe op etiese gedrag, sosiale en etiese uitdagings.	Prof T van Wyk Dr Hlulani Mdingi
SHT 320, 321, 322	Kontemporêre teologiese gesprekke 1	Kritiese bespreking van teologiese en kerklike sake in die onlangse geskiedenis.	Prof Danie Veldsman Dr Hlulani Mdingi



SHT 412	Kontemporêre teologiese gesprekke 2	Kritiese bespreking van teologiese en kerklike sake in die onlangse geskiedenis.	Prof Danie Veldsman Dr Hlulani Mdingi
SRY 110	Inleiding tot spiritualiteit	Inleiding tot die metodologie vir die akademiese studie van spiritualiteit.	Prof T van Wyk
SRY 120	Godsdien, spiritualiteit en die Bybel	Die verskil tussen <i>spiritueel</i> en <i>godsdienstig</i> word bespreek. Studente ondersoek hoe die Bybel 'n bron vir spiritualiteit kan wees.	Prof T van Wyk
SRY 210	Geskiedenis van Christelike spiritualiteit	Studente bestudeer die oorsprong en groei van Christelike spiritualiteit vanaf monastiese en mistieke tradisies.	Prof T van Wyk
SRY 220	Christelike spirituele gebruike	Studente word blootgestel aan verskeie praktyke soos meditasie, kontemplasie en spirituele formasie.	Prof T van Wyk
SRY 310	Christelike spiritualiteit en teologie	Die verband tussen spiritualiteit en teologiese temas soos Trinitariese spiritualiteit, Christelike etiek, en spiritualiteit en die kerk word bespreek.	Prof T van Wyk
SRY 320	Kontekstuele Christelike spiritualiteit	Kontemporêre en sosiale relevante gesprekke en kontekstuele perspektiewe word belig vanuit Christelike spiritualiteit: Afrika spiritualiteit, inter-godsdienstige spiritualiteit, bevrydingsteologie-spiritualiteit, feministiese spiritualiteit.	Prof T van Wyk
DEPARTEMENT NUWE TESTAMENT EN VERWANTE LITERATUUR			
NTL 110, 111, 112	Inleiding tot die Nuwe Testament 1	Die ensiklopedie van die Nuwe Testament en die godsdienstige, politiese, ekonomiese, en sosio-kulturele omgewing van die Nuwe Testament.	Prof Chris de Wet
NTL 120, 121, 122	Inleiding tot die Nuwe Testament 2	Inleiding tot die eksegeese en teologie van Markus en Matteus; sinoptiese probleme en kanonisiteit.	Dr Annette Potgieter Dr JR van Niekerk
NTL 210, 211, 212	Evangelies: Lukas-Handelinge	Inleiding tot die eksegeese en teologie van Lukas-Handelinge.	Dr JR van Niekerk
NTL 220, 221, 222	Johannese literatuur	Inleiding tot die eksegeese en teologie van die Johannese evangelie en briewe.	Dr Annette Potgieter Dr JR van Niekerk
NTL 310, 311, 312	Paulus	Inleiding tot die eksegeese en teologie van die egte Pauliniese briewe.	Dr Annette Potgieter
NTL 320, 321, 322	Deutero- en trito-Pauliniese geskrifte	Inleiding tot die eksegeese en teologie van die deutero- en trito-Pauliniese geskrifte.	Prof Chris de Wet
NTL 412	Algemene briewe en Openbaring	Inleiding tot die eksegeese en teologie van die algemene briewe en Openbaring.	Dr JR van Niekerk
DEPARTEMENT OU TESTAMENT EN HEBREEUSE GESKRIFTE			
OTL 110, 111, 112	Inleiding tot die wêreld	Geografiese en historiese agtergrond van die Ou Testament. Die Nabye-	Prof Sias Meyer



	van die Ou Testament	Oosterse kulturele agtergrond van die Bybel.	
OTL 120, 121, 122	Narratiewe in die Ou Testament	Inleiding tot narratologie. 'n Seleksie uit Rut, Kronieke, Esra en Nehemia.	Prof AB Geyser-Fouché
OTL 210, 211, 212	Ou Testament eksegeese en Vroeë Profete	'n Verskeidenheid van eksegetiese metodes toegepas op tekste van die vroeë profete.	Prof Sias Meyer
OTL 220, 221, 222	Poësie en apokaliptiek	Poëtiese en apokaliptiese literatuur van die Ou Testament.	Prof AB Geyser-Fouché Prof Dirk Human
OTL 310, 311, 312	Pentateug	Die Pentateug (hermeneutiese perspektiewe).	Prof Sias Meyer
OTL 320, 321, 322	Profete	'n Seleksie van die latere profete: eksegeese en teologie.	Prof AB Geyser-Fouché
OTL 412	Lewe, teks en konteks	Kontekstualisering van die Ou Testament tekste.	Prof AB Geyser-Fouché Prof Dirk Human
RES 400	Navorsing studie	'n Navorsing studie gebaseer op onafhanklike lees en navorsing in een van die teologiese dissiplines	Alle dosente
DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE EN SENDING STUDIES			
CYE 110	Inleiding tot gemeenskapsontwikkeling	Inleiding tot gemeenskapsontwikkeling; geskiedenis en uitdagings van Suid-Afrikaanse gemeenskappe, die taak, doel en teorie van gemeenskapsontwikkeling, en die plek en rol van die gemeenskapsontwikkelingwerker en -praktisyn.	Prof Stephan de Beer
PRT 110, 111, 112	Inleiding tot Praktiese Teologie; en Inleiding tot Missiologie	Aan die hand van Nell se "Together in God's theatre. Practical Theology in an African context", word die Praktiese Teologie dissipline bekendgestel, met verwysing na die Bybel, teologie en plaaslike konteks, belig vanuit die film "Son of Man".	Prof Christo Lombaard Dr Buhle Mpofu
PTH 110, PTL 114	Jeugbediening	Die teologie van Jeugbediening. Literatuur sluit in werke van Dean, Nel, Osmer en Root.	Dr A Botha Prof Christo Lombaard Dr Mangaliso Matshobane
PRT 210, 211	Konteksstudies	<i>Dik</i> sosio-godsdienstige konsepte geïllustreer deur video-uittreksels en deurleefde geloof, om verskeie kontekstuele uitdrukkings van geloof te identifiseer.	Prof Christo Lombaard
PRT 220; PRT 221; PRT 222; PTH 220	Inleiding tot Liturgiek en Homiletiek	'n Oorsig van die sleutelvrae oor die aard en doel van prediking en liturgie.	Dr Dieter de Bruin
PTL 314, PTH 310; TEO 730	Kerk en die transformasie van die samelewing, diakonaat en die jeug	Die gebrokenheid van Suid-Afrikaanse en internasionale gemeenskappe verwys na sosiale, politieke, godsdienstige, ruimtelike, omgewings en ekonomiese elemente. Geloofsgebaseerde	Prof Christo Lombaard Prof Hannes Knoetze Dr Mangaliso Matshobane



		organisasies soos die kerk word gekonfronteer deur diakonale roeping. Die jeug se rol in die transformasie van die samelewing.	
PTH 320; PTL 324	Pastorale begeleiding	Pastorale begeleiding in spesifieke lewensomstandighede en die pastorale gesprek.	Dr A Botha
RSM 210, 211, 212	Sleutel-konsepte en temas in Missiologie	Bosch, <i>Sending as Leierskap</i> , Hendriks, <i>Bestudeer gemeentes</i> .	Prof Hannes Knoetze
RSM 310, 311, 312	Missionale Diakonaat	Teologiese verstaan en perspektiewe op missionale diakonaat. Toepassing van missionale diakonaat – kerk in die stad.	Prof Hannes Knoetze Prof Stephan de Beer
RSM 320, 321, 322	Kerkplanting en evangelisasie	Bestudeer verskillende historiese kerkplantmodelle asook nuwe modelle soos <i>Fresh expressions</i> . Evangelisasie: bestudeer die Bybelse verstaan van evangelisasie as verhoudingsmatig (diensevangelisasie).	Prof Hannes Knoetze Dr Buhle Mpofu
PRT 771	Geloofs-vorming (Christelike opvoeding) in kinder en jeug-bediening	Hoe geloof in kinders en jongmense gevorm word.	Dr A Botha Prof Dieter de Bruin Dr Mangaliso Matshobane
PRT 803	Afrika gereformeerde praxis	Verskillende dissiplines van teologie en ander velde word geïntegreerd aangebied vir 'n bedieningsmodel vir Afrika. Die sentrale tema is: Gereformeerde teologie in 'n Afrika-konteks.	Dr Mangaliso Matshobane Prof Christo Lombaard
PRT 803	Gestruktureerde MTh oor Afrika Gereformeerde Praxis	'n Oorsig van die konsep profesie in die antieke en moderne wêreld.	Prof Christo Lombaard
PRT 806	Pastoraat	Narratiewe pastorale berading word aangebied as een van die beradingsmodelle wat bruikbaar kan wees in die pastoraat.	Dr A Botha
PRT 806	Gemeentestudies, Homiletiek, Liturgie en Pastorale sorg	Die module kombineer alle dissiplines wat in PRT reeds behandel is. Die bestaan uit vier afdelings wat tot 'n eenheid verweef word.	Prof Dieter de Bruin
PRT 806	Gevorderde Liturgiek en Homiletiek	'n Verdiepde studie van liturgiese teologie gefokus op die leer van die Triniteit.	Prof Dieter de Bruin
GSW 806	Aktuele sake in Sending en Godsdienste	Bosch 1991, verskillende bybelse sendingparadigmas; godsdiens en media; rekonsiliasie.	Prof Hannes Knoetze Prof J Beyers Prof Maniraj Sukdaven



5. **ALGEMEEN**

Die teologiese opleiding aan **UP** het die afgelope drie jaar spesifieke uitdagings die hoof gebied:

5.1 **PQM**

Die **PQM** verwys na die lys van goedgekeurde akademiese programme wat deur 'n instelling vir hoër onderwys aangebied mag word. Die **RHO** het die Universiteit gedurende 2022 ingelig dat 'n aantal akademiese programme nie volledig en korrek geakkrediteer is nie. Dit het ook programme aan die Fakulteit Teologie en Religie geraak. Die programme **BDiv** en die Nagraadse Diploma in Teologie en Nagraadse Diploma in Teologie en Bediening in besonder is geraak. Tydelike maatreëls in in plek gestel om studente in ekwivalente geakkrediteerde programme te akkommodeer terwyl die aansoekproses by die **RHO** van stapel gestuur is. In 2024 is die **BDiv**-program volledig en korrek geakkrediteer en studente kon weer vir die program registreer. Die Nagraadse Diplomas is nog nie volledig geakkrediteer nie en ons wag nog vir finale akkreditasie vanaf die **RHO**.

5.2 **HERKURRIKULERING**

Die Fakulteit het na aanleiding van die **PQM**-dilemma alle programme wat in die Fakulteit aangebied word, geëvalueer. Daarmee saam is strategiese beplanning rondom die aanbod van relevante akademiese kwalifikasies aan **UP** oordink. Die Fakulteit is op die oomblik in 'n intense proses om die bestaande kurrikulum te herontwerp. Hierdie proses geskied in oorleg met alle kerklike vennote. Die uitkoms sal tot die beste voordeel van die NHKA en ander kerklike vennote wees.

6. **SLOT**

Die Fakulteit Teologie en Religie is verbind tot die aflewering van kwaliteit teoloë. Studente aan die Fakulteit kan verseker wees van kritiese en Skrifgetroue teologiese opleiding. Die Fakulteit se deur staan altyd oop vir enige navrae vanaf die kerklike vennote.





HTK

BYE

HTK

(Opgestel deur dr AG Ungerer)

Die **HTK** vier vanjaar sy 25ste bestaansjaar nadat dit amptelik op 1 Januarie 2000 in die lewe geroep is met prof TFJ Dreyer as die eerste voltydse hoof van die **HTK**. Die **HTK** is in die lewe geroep vanweë 'n ooreenkoms wat die NHKA met **UP** aangegaan het. Die nuutste ooreenkoms tussen **UP** en die NHKA is aan die einde van 2021 onderteken. Deur die jare het die **HTK** as handelsmerk by **UP** kerklike vennote en die NHKA goed gevestig geraak in só 'n mate dat dit selde meer nodig is om te verduidelik waarvoor die **HTK** staan. Die **HTK** en personeel skakel gemaklik in by die Fakulteit Teologie en ons (NHKA) word as gewaardeerde kerklike vennote aanvaar en gerespekteer. Die primêre taak van die **HTK** is die kerke se toerusting van ons studente en voortgesette toerusting aan predikante van die NHKA. Die **HTK** is steeds bevoorreg om twee kantore aan die fakulteit te hê en die fasiliteite en hulpbronne van die fakulteit te gebruik, hoewel die streng sekuriteit by **UP** (veral betreffende gasdosente) dit vir ons makliker maak om klasse by Philadelphia aan te bied.

1. AANSTELLING VAN **HTK**-DOSENTE

Op grond van die Besluit 46 van die 72ste AKV het die Kuratorium gedurende Februarie 2024 onderhoude met potensiële kandidate gevoer, en uiteindelik die volgende suksesvolle kandidate aan die Kommissie van AKV vir aanstelling as deeltydse dosente van die **HTK** voorgehou:

Dr SM de Beer	-	Nuwe Testament en verwante literatuur
Dr H Delport	-	Praktiese teologie
Dr DJ du Toit	-	Dogmatiek en Etiek
Dr RC Kok-Pretorius	-	Ou Testament en verwante literatuur
Dr C Pretorius	-	Historiese teologie.

Dr FJ Labuschagne is reeds 'n dosent by die **HTK**.

Die **HTK**-dosente se opdrag sien soos volg daar uit:

- * Dosente moet hulself voortdurend van die groter akademiese diskoers in hul vakgebied vergewis. Daar kan in dié verband met dosente aan die verskillende teologiese fakulteite gekonsulteer word.
- * Daar word van die onderskeie dosente verwag om jaarliks 'n artikel in 'n akademiese vaktydskrif te publiseer.
- * Lidmaatskap by 'n vakwetenskaplike vereniging en die bywoning van kongresse is 'n vereiste.
- * Dosente van die **HTK** moet werkgemeenskappe in hul betrokke vakgebiede skep om voortgesette navorsing en publikasies te help verseker. Werkgemeenskappe kan op 'n gereelde basis simposiums aanbied waarby soveel moontlik teoloë en belangstellendes uit die Kerk betrek word.
- * Daar word verwag dat die dosente, soos nodig, by **VTT** van predikante betrokke sal wees.



* Die aanbod van lesings by die [HTK](#).

Die [HTK](#)-dosente het gedurende April 2024 'n weeklange kursus in Assessering en Moderering bygewoon, en kort daarna by die [HTK](#) begin klasgee. Gedurende die langnaweek van 20 tot 22 September 2024 is 'n beplanningsnaweek gehou en is die volledige kurrikulum in oënskoue geneem. Uiteraard is daar aanpassings gemaak soos wat later in die verslag by die 2025-kurrikulum sal blyk. Tydens hierdie beplanningsnaweek het die jaartema van die [VTT](#) sy eerste beslag gekry wat later aan die groter dosentekorps vir goedkeuring voorgelê is. Vir my as hoof: [HTK](#) was dit 'n verrykende eerste ervaring om 'n span kundiges om my te hê wat saam aan die kerkeïe opleiding en [VTT](#) beplan. Vanjaar is dan ook die eerste jaar wat die [HTK](#)-dosente volledig by al die werksaamhede van die kollege betrokke is.

2. [TKB](#)

Die Kerk beleef reeds 'n nypende tekort aan predikante. Die jare van hoogbloei soos gedurende 1985 toe daar 149 studente aan die fakulteit was, is iets van die verlede. Sedert ek in 2015 as hoof van die [HTK](#) begin het, sien die getalle soos volg daar uit:

2015 = 25
 2016 = 21
 2017 = 26
 2018 = 21
 2019 = 21
 2020 = 19
 2021 = 18
 2022 = 18
 2023 = 15
 2024 = 19
 2025 = 18.

Die verminderde getal studente oor al die jaargroepe heen het ons genoop om die [BDiv](#)-studente (jaargroepe 1ste tot 4de jaar) saam te bondel ten einde 'n beter groepdinamika daar te stel. Hierdie jaargroepe deurloop dan [TKB](#) 100 tot [TKB](#) 400 wat oor 'n vierjaarsiklus aangebied word. Dit het sy eiesoortige probleme opgelewer, veral wat die eerstejaarstudente betref, omdat die aanpassing veral ten opsigte van die tale vir hulle oorweldigend is. Tydens die [HTK](#)-dosente se beplanningsnaweek is besluit om die eerstejaars van die senior studente te skei. Benewens die kurrikulum aan die fakulteit deurloop die eerstejaars modules om hul Bybelkennis te verbeter en vyf inleidende sessies oor wat om in die [TKB](#)-jare te verwag.

Senior studente kry op hierdie wyse ook geleentheid om as mentors vir junior studente op te tree. Aan die einde van die vierjaarsiklus kwalifiseer 'n student wat die [TKB](#)-modules deurloop het, om 'n sertifikaat in [TKB](#) te ontvang. In die verlede het ons van 'n [DKB](#) gepraat, maar vanweë die feit dat sodanige diploma nie die nodige akkreditasie by Hoër Onderwys het nie, word die moontlikheid ondersoek om voortaan na 'n [LKB](#) te verwys. So 'n [LKB](#) word tydens legitimasie uitgereik.

2.1 **ALGEMENE INDELING VAN [TKB](#)-KURRIKULUM VOLGENS VIERDELING: 2023/24**

Die NHKA gebruik reeds vir etlike jare die vierdeling, naamlik viering, gemeenskap, diens en getuïenis, as indeling van die agendas tydens AKV's. Ons het besluit om dieselfde indeling vir die vierjaarsiklus te volg. Gedurende elke



akademiese jaar kom elkeen van die vierdeling aan die orde soos onderstaande tabel uitwys:

TABEL 28: TKB-kurrikulum volgens vierdeling

JAAR	VIERING	GEMEENSAP	DIENS	GETUIENIS
JAAR 1	Erediens	Die Kerk	Die ampte	Dissipelskap
JAAR 2	Homiletiek en Himnologie	Pioniersopleiding	Persoon van die predikant (pastoraat)	Opbou van die liggaam van Christus
JAAR 3	Homiletiek en Himnologie	Priesterskap van die gelowiges	Diakonaat	Gemeente as sendeling
JAAR 4	Sakramente	Kerkwees in die 21ste eeu	Kybernetiek (gemeentebestuur)	Ons wêreld

2.2

UITEENSETTING VAN ROOSTER: 2023/24

2.2.1

TKB 2023

Gedurende 2023 het die temas van die vierdeling volgens Jaar 3 aan die orde gekom:

TABEL 29: TKB-2023: Eerste kwartaal

EERSTE KWARTAAL – DIE EREDIENS				
DATUM	10:30 tot 10:45	10:45 tot 12:15 (LESING 1)	12:30 tot 13:30 (LESING 2)	AANBIEDERS
15/02/23	HTK-opening			Dr AG Ungerer Dr H Delpont Dr A Botha
22/02/23	Opening	Oorsigtelik: Van teks na preek	Oorsigtelik: Van Teks na Preek	Dr H Delpont
01/03/23	Opening	Narratiewe prediking	Estetiese prediking	Dr H Delpont
08/03/23	Opening	Missionale en profetiese prediking	Alternatiewe preekstyle	Dr H Delpont
15/03/23	Opening	VONKK-liedere (Pretoria-Oos)	VONKK (neem skootrekenaar saam)	Ds JF van der Merwe
22/03/23		Klaserediens	Klaserediens	Dr AG Ungerer
29/03/23		Klaserediens	Klaserediens	Dr AG Ungerer

TABEL 30: TKB-2023: Tweede kwartaal

TWEDE KWARTAAL – PRIESTERSKAP VAN GELOWIGES				
DATUM	10:30 TOT 10:45	10:45 TOT 12:15 (LESING 1)	12:30 TOT 13:30 (LESING 2)	AANBIEDER
19/04/23	Opening	Priesterskap	Priesterskap	Prof WA Dreyer
10/05/23	Opening	Priesterskap	Priesterskap	Prof WA Dreyer
17/05/23	Opening	Geestelike vorming	Geestelike vorming	Dr FJ Labuschagne
18/05/23	Opening	Beste praktyke	Beste praktyke	Dr AG Ungerer
24/05/23	Opening	Beste praktyke	Sending in Rusland	Danie Markgraaf
31/05/23	Opening	Assessering	Assessering	



TABEL 31: TKB-2023: Derde kwartaal

DERDE KWARTAAL – DIENSWERK				
DATUM	10:30 TOT 10:45	10:45 TOT 12:15 (LESING 1)	12:30 TOT 13:30 (LESING 2)	AANBIEDERS
26/07/23	Opening	Teologiese begroting	NHSV en vrouebediening	Dr AG Ungerer Mev Mari-lizé Beukes
02/08/23	Opening	Diakonaat	Teologie en praktyk	Ds GPJ Stoltz
16/08/23	Opening	Armoede	Armoede	Ds GPJ Stoltz
23/08/23	Opening	Gestremdheid	Gestremdheid	Ds GPJ Stoltz
30/08/23	Opening	Bejaardesorg	Bejaardesorg	Ds GPJ Stoltz
06/09/23	Opening	Mishandeling	Mishandeling	Ds GPJ Stoltz
11/09/23		Assessering	Assessering	Dr AG Ungerer

TABEL 32: TKB-2023: Vierde kwartaal

VIERDE KWARTAAL – OPBOU VAN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS				
DATUM	10:30 TOT – 10:45	10:45 TOT 12:15 (LESING 1)	12:30 TOT 13:30 (LESING 2)	AANBIEDER
27/09/23				Dr JP Bester
04/10/23		Getroue getuies	Getroue getuies	Dr JG Janse van Rensburg
11/10/23		Gesprekke op kampus	Gesprekke op kampus	Dr FJ Labuschagne
18/10/23		<i>Missional leadership</i>	<i>Missional leadership</i>	Dr FJ Labuschagne
25/10/23		Praktykervaring	Praktykervaring	Ds TF Dreyer Ds JM Bevolomanders
01/11/23		Portefeulje evaluering	Portefeulje evaluering	Drr AG Ungerer en FJ Labuschagne

2.2.2 TKB 2024

Gedurende 2024 het die temas van die vierdeling volgens Jaar 4 aan die orde gekom.

TABEL 33: TKB-2024: Eerste kwartaal

EERSTE KWARTAAL – DIE EREDIENS EN SAKRAMENTE				
DATUM	09:30 TOT 10:45 (OPENING/ LESING 1)	11:00 TOT 12:00 (LESING 2)	12:15 TOT 13:30 (LESING 3)	AANBIEDERS
14/02/24			HTK-opening	
21/02/24	Opening en oriëntering ten opsigte van kwartaal	Sakramente – 'n historiese oorsig	Sakramente: 'n Historiese oorsig.	Prof WA Dreyer
28/02/24	Opening en bespreking	Sakramente in die NHKA: Nagmaal	Sakramente in die NHKA: Die Doop	Ds JF van der Merwe
06/03/24	Opening en bespreking	Sakramente en prediking	Sakramente en prediking	Dr H Delpont
13/03/24	Opening en bespreking	Prediking	Die inoefening van Nagmaal- en Doopgeleenthede	Dr H Delpont Dr AG Ungerer Dr FJ Labuschagne
20/03/24	Assessering	Assessering	Assessering	Dr AG Ungerer Dr FJ Labuschagne

TABEL 34: TKB-2024: Tweede kwartaal

TWEEDE KWARTAAL – EIETDSE BEDIENINGSPRAKTYK				
DATUM	12:00 TOT 13:15 (LESING 1)	13:45 TOT 15:00 (LESING 2)	15:00 TOT 16:00 KLASEREDIENS	AANBIEDERS
03/04/24	Hervormde spiritualiteit	Hervormde spiritualiteit	Kharla Guest Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Dr C Pretorius Dr DJ du Toit
10/04/24	Spiritualiteit	Die pastor en spiritualiteit	Carien Janeke Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Prof T van Wyk Dr FJ Labuschagne
17/04/24	Pastoraat	Pastoraat		Dr A Botha
24/04/24	Pastoraat	Pastoraat	Peet Bloem Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Dr A Botha
08/05/24	Pastoraat	Pastoraat	Zanedrieka de Lange Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Dr A Botha
15/05/24	Pastoraat	Pastoraat	Helga du Plessis	Dr A Botha
22/05/24	Assessering	Assessering	Assessering	Dr AG Ungerer Dr FJ Labuschagne

TABEL 35: TKB-2024: Derde kwartaal

DERDE KWARTAAL – KYBERNETIEK EN TOERUSTING				
DATUM	12:00 TOT 13:15 (LESING 1)	13:45 TOT 15:00 (LESING 2)	15:00 TOT 16:00 KLASEREDIENS	AANBIEDERS
24/07/24	Kategese: Histories en dogmatiese oorsig	Doop, kategese, belydenis, Nagmaal	Christo Pieterse Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Dr C Pretorius Dr DJ du Toit
31/07/24	Kategese	Kategese	Rolandi McGeer Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Ds R Hopley
07/08/24	Kategese	Kategese	Lané Truscott Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Ds R Hopley
14/08/24	Kategese	Kategese	At Hattingh Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Ds R Hopley
21/08/24	Persoonlike finansies	Persoonlike finansies	Merwe Nel Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Mnr Johan Hattingh en span
28/08/24	Klas-erediens by Derdepoort	Sinodale Dienssentrum	Sinodale Dienssentrum Anushke Muller Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Mnr Johan Hattingh en span
04/09/24	Klas-Erediens by Derdepoort	Sinodale Dienssentrum	Sinodale Dienssentrum Corlia Saunders Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Sinodale Dienssentrum
11/09/24		Assessering	Assessering	Dr AG Ungerer Dr FJ Labuschagne



TABEL 36: TKB-2024: Vierde kwartaal

VIERDE KWARTAAL – ONS WÊRELD				
DATUM	12:00 TOT 13:15 (LESING 1)	13:45 TOT 15:00 (LESING 2)	15:00 TOT 16:00 KLASEREDIENS	AANBIEDERS
02/10/24	Hermeneu- tik van ons konteks	Hermeneu- tik van ons konteks	Nicole MacLachlan Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Dr Frikkie Labuschagne
09/10/24	Society 5.0 en AI	Society 5.0 en AI	Tyllin Barnard Dr AG Ungerer Dr H Delpont	Dr AG Ungerer Dr DJ du Toit
16/10/24	Etiese kwessies	Etiese kwessies		Dr SM de Beer Dr FJ Labuschagne
23/10/24	Etiese kwessies	Etiese kwessies		Dr SM de Beer Dr FJ Labuschagne
30/10/24	Portefeulje	Portefeulje	Portefeulje	Dr AG Ungerer Dr FJ Labuschagne

2.3

'N NUWE ERA: TKB-KURRIKULUM VOLGENS VIERDELING 2025**TABEL 37:** TKB-2025: Kurrikulum

JAAR	VIERING	GEMEENSAP	DIENS	GETUIENIS
Jaar 1	Basiese Skrifverstaan Bronne- evaluering Basisteorie en prediking Liturgie (EK) Homiletiek	Voorbereiding van Bybelstudie Sakramente Gesinsbediening	Barmhartigheid – historiese oorsig Diakonaat Spiritualiteit	Belydenis Etos van die NHKA Kerk, gemeente en media
Jaar 2	Hermeneutiek Liturgie Homiletiek	Konkretisering van die OT en NT Kerkorde Pres/sinodaal Gemeentebou	Diakonaat Kybernetiek Spiritualiteit Besondere pastoraat (bystanddood, dementia)	Inleiding tot filosofie Semper Reformanda Belydenisskrifte
Jaar 3	Hermeneutiek Homiletiek Sakramente	OT, NT en ST in praktyk Ekklesiologiese vertrekpunte Kerkorde	Pastoraat Lamentteologie Gerontologie Ampte	Inleiding tot filosofie Verhouding Kerk, staat en gemeenskap Missionale eklesiologie
Jaar 4	Verhouding OT en NT Homiletiek	Hermeneutiek van die gemeenskap Etiek en etiese vraagstukke	Kerk vir die gemeenskap Pastoraat Wetenskap en teologie	Dogmen- geskiedenis Die Kerkboek Kategese



2.4

UITEENSETTING VAN DIE ROOSTER: 2025

TABEL 38: TKB-2025: Eerste kwartaal

EERSTE KWARTAAL – VERTREK PUNTE					
DATUM		14:00-15:15	15:45-17:00	17:00-18:00	Aanbieders
12/02/25		Basiese Skrifverstaan	Basiese Skrifverstaan	Basiese Skrifverstaan	Dr RC Kok-Pretorius Dr SM de Beer
19/02/25		HTK-opening (10:00) Konstituering van werkgemeenskappe (vanaf 12:00 tot 14:00)			Dr AG Ungerer Dosente
26/02/25		Inleiding tot Historiese Teologie – bronne-evaluering	Inleiding tot Historiese Teologie – bronne-evaluering	Inleiding tot Historiese Teologie – bronne-evaluering	Dr C Pretorius Dr DJ du Toit
05/03/25		Basisteorie en prediking	Basisteorie en prediking	Basisteorie en prediking	Dr H Delpont
12/03/25		Homiletiek	Homiletiek	Homiletiek	Dr H Delpont
26/03/25		Assessering			Dosente

TABEL 39: TKB-2025: Tweede kwartaal

TWEDE KWARTAAL –					
DATUM		14:00 TOT 15:15 (LESING 1)	15:45 TOT 17:00 (LESING 2)	17:00 TOT 18:00 KLASEREDIENS	AANBIEDERS
02/04/25		Voorbereiding van Bybelstudie	Voorbereiding van Bybelstudie	Tyllin Barnard	Dr RC Kok- Pretorius Dr SM de Beer
09/04/25		Sakramente - histories	Sakramente - histories	Rolandi McGeer	Dr C Pretorius
23/04/25		Sakramente - sistematies	Sakramente - sistematies	Lané Truscott	Dr DJ du Toit
07/05/25		Sakramente in praktyk	Sakramente in praktyk		Dr AG Ungerer Dr H Delpont Ds JF van der Merwe
14/05/25		Gesins- bediening	Gesins- bediening	At Hattingh	Dr JM van Staden
21/05/25		Gesins- bediening	Gesins- bediening	Anushke Muller	Dr Johan Avenant
28/05/25		Assessering			

TABEL 40: TKB-2025: Derde kwartaal

DERDE KWARTAAL					
DATUM		14:00 TOT 15:15 (LESING 1)	15:45 TOT 17:00 (LESING 2)	17:00 TOT 18:00 KLASEREDIENS	AANBIEDERS
23/07/25		Barmhartigheid - histories	Barmhartig- heid - histories	Nicole MacLachlen	Ds A Pottas Dr C Pretorius
30/07/25		Hermeneutiek van die gemeenskap - OT	Hermeneutiek van die gemeenskap - NT	Rolandi McGeer	Dr RC Kok- Pretorius Dr SM de Beer
06/08/25		Hermeneutiek van die gemeenskap	Hermeneutiek van die gemeenskap	Lané Truscott	Dr FJ Labuschagne Dr AG Ungerer
13/08/25		Diakonaat	Diakonaat	Diakonaat	Ds GPJ Stoltz
20/08/25		Diakonaat	Diakonaat	Diakonaat	Ds GPJ Stoltz



27/08/25		Spiritualiteit	Spiritualiteit		Prof T van Wyk Dr FJ Labuschagne
03/09/25		Spiritualiteit	Spiritualiteit	Anushke Muller	Prof T van Wyk Dr FJ Labuschagne
10/09/25		Assessering en moderering	Assessering en moderering	Assessering en moderering	Dosente

TABEL 41: TKB-2025: Vierde kwartaal

VIERDE KWARTAAL – ONS WÊRELD					
DATUM		14:00 TOT 15:15 (LESING 1)	15:45 TOT 17:00 (LESING 2)	17:00 TOT 18:00 KLASEREDIENS	AANBIEDERS
01/10/25		Homiletiek	Homiletiek	Tyllin Barnard	Dr H Delpont Dr SM de Beer Dr RC Kok-Pretorius
08/10/25		Homiletiek	Homiletiek	Nicole MacLachlen	Dr H Delpont
15/10/25		Etos van die NHKA	Etos van die NHKA	Etos van die NHKA	Ds WA Dreyer Dr C Pretorius
22/10/25		Belydenis	Belydenis	Belydenis	Dr C Pretorius Dr DJ du Toit
29/10/25		Kerk, gemeente en media	Kerk, gemeente en media	Kerk, gemeente en media	Dr DJ du Toit Mej Justine van der Linde

2.5

OORSIG OOR DIE TKB 6 KURRIKULUM

Die 6de jaar kurrikulum:

Met die uitsondering van enkele aanpassings, het die kurrikulum vir die TKB-6 grootliks dieselfde gebly.

KONTAKWEEK 1: 8 FEBRUARIE TOT 12 FEBRUARIE 2025 SPIRITUALITEITSWEEK BY ORIGINS MARINA STRYDOM, FRIKKIE LABUSCHAGNE EN ANDRÉ UNGERER	
Die doel en fokus van die spiritualiteitsweek is die verpersoonliking van 'n outentieke lewegewende spiritualiteit. Die proses wil studente uitnoodi om die impak van spiritualiteit op verskeie vlakke van menswees te ervaar.	
VOORAF	
Studente moet die volgende vooraf voltooi om te kan deelneem aan die kontakweek:	
(1)	Skryf 'n persoonlike joernaal oor die ontwikkeling van jou Godsbeeld deur die jare (minimum een bladsy vir aanbieding tydens die klas).
(2)	Beskryf verskillende ervarings van spiritualiteit deur jou lewe en waar jy tans die meeste tuis voel (minimum een bladsy vir aanbieding tydens die klas).
(3)	Reël 'n gesprek met iemand wat jy vertrou waarin jy die vraag bespreek:



Waar is die Here tans besig in my lewe? Terugvoer sal in die klas tydens gesprek opgevolg word.

UITGEBREIDE LECTIO DIVINA

Keuse van teks gepas by die tema van elke dag:

- * *Silencio.*
- * *Lectio – Reading.*
- * *Meditation – Reflecting.*
- * *Oratio – Responding.*
- * *Contemplation – Remaining.*
- * *Incarnatio.*

Onderrigbenadering: Aangesig-tot-aangesig.

DAG 1 RETREAT

Wat is spiritualiteit? Die vorme en die impak van spiritualiteit

Die aard van spiritualiteit en verskeie vorme van spiritualiteit word bespreek. Telkens word dit nader gebring aan die persoonlike ervaring en gemeentelike kontekste van studente.

DAG 2 RETREAT

My spiritualiteit in die bediening

Deur die eeue het verskeie geloofsgewoontes ontwikkel wat geloofsvorming kan bemiddel. Studente kry 'n oorsig en basiese inleiding tot verskeie geloofsgewoontes. Deur ervaring word dit beoefen en bespreek. Die impak van spiritualiteit op bediening word ook bespreek.

DAG 3 RETREAT

Deurleefde spiritualiteit

Die program skep oop ruimtes met 'n uitnodiging aan studente om self hulle *retreat* te vul aan die hand van die luisterende spiritualiteit. Praktiese blootstelling word ook gegee aan verskeie geloofsgewoontes. Ontmoeting van God in die Woord, natuur, mense en literatuur.

DAG 4 RETREAT

Deurleefde spiritualiteit

Die program skep oop ruimtes met 'n uitnodiging aan studente om self hulle *retreat* te vul aan die hand van die luisterende spiritualiteit. Praktiese blootstelling word ook gegee aan verskeie geloofsgewoontes. Fokus tydens die dag is die aard en beoefening van stilte en kontemplatiewe geloofsgewoontes (gebed van die hart, asemhaling, aandagtigheid, ensovoorts) met refleksie daaroor. Die middag word musiek en wandelgebed (labirint) ervaar en oor gereflekteer.

Onderrigbenadering: Aangesig-tot-aangesig.

Uitkomstes 1, 4, 5, 6.



DAG 5 RETREAT**Deurleefde spiritualiteit**

Die program skep oop ruimtes met 'n uitnodiging aan studente om self hulle *retreat* te vul aan die hand van die luisterende spiritualiteit. Geloofsgewoontes met kuns, joernaal en poësie. Die laaste groepsessie reflekteer oor die geloofspad oor ses jaar se studies en terugvoer aan mekaar.

VYF TEMAS WAT AANDAG KRY IN BLOK 1: SPIRITUALITEIT EN GELOOFSGEWOONTES
Dag 1**SPIRITUALITEIT TYDENS RETREAT**

1. Wat is spiritualiteit?
2. Godsbeeld.
3. Spiritualiteitstipes.
4. Gereformeerde spiritualiteit (drie dele).
5. Fases in geloofsgroei.

Dag 2**GELOOFSGEWOONTES EN MY BEDIENING TYDENS RETREAT**

1. Kontemplatiewe spiritualiteit.
2. Spiritualiteit van die leraar.
3. Ego en die bediening.
4. Geloofsgewoontes: Inleiding.
5. Transformerende/sakramentele lees.

Dag 3**TEORIE EN BEOEFENING VAN GELOOFSGEWOONTES TYDENS RETREAT**

Ontmoeting van God in die Woord, natuur, mense en literatuur.
Kernkonsepte oor 'n lewe van teenwoordigheid (aandagtigheid/*mindfulness*).

Dag 4**TEORIE EN BEOEFENING VAN GELOOFSGEWOONTES TYDENS RETREAT**

Fokus die dag is die aard en beoefening van **stilte** en **kontemplatiewe geloofsgewoontes** (gebed van die hart, asemhaling, aandagtigheid, ensovoorts) met refleksie daaroor. Die middag word musiek en wandelgebed (labirint) ervaar en oor gereflekteer. Onderrigbenadering: Aangesig-tot-aangesig, kennisinset, bespreking, selfstudie en selfrefleksie.

Uitkomst 1, 4, 5, 6.

Dag 5**TEORIE EN BEOEFENING VAN GELOOFSGEWOONTES TYDENS RETREAT**

Geloofsgewoontes met kuns, joernaal en poësie. Die laaste groepsessie reflekteer oor die geloofspad oor ses jaar se studies en terugvoer aan mekaar.

Daar word gereflekteer oor die brug na die lewe.

Uitkomst 1, 4, 5, 6.



AFSLUITING

Refleksie en spiritualiteitsoefening.

ASSESSERING KONTAKWEEK 1

Die volgende word geassesseer:

Skryf 'n verslag van 1 500 woorde oor die wyse waarop jy 'n outentieke lewegewende spiritualiteit in jou bediening wil verpersoonlik. Vir inhandiging voor of op 31 Maart 2025.

**KONTAKWEEK 2: PROGRAM VAN 10 TOT 14 MAART 2025
TEMA: GEMEENTE EN GEMEENSAP**

VOORAF

Studente moet die volgende vooraf voltooi om te kan deelneem aan die kontakweek:

- (1) Studente lees vooraf die boek van Dreyer (2016): *Praktiese ekklesiologie – Kerkwees in die 21ste eeu*, asook Hendriks (2010): *Studying congregations in Africa*.
- (2) Studente berei 'n gemeente-analise voor van hul opleidingsgemeente vir aanbieding.
- (3) Rainer, S. 2023, *Neighbourhood Church, the surprising return of the neighbourhood church*, Tyndale.

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
Dag 1 – 10/03	Dag 2 - 11/03	Dag 3 –12/03	Dag 4 –13/03	Dag 5 –14/03
09:00 – 09:30 Erediens – Dr H Delpont en Oriëntasie	08:30 – 10:00 Erediens deur Peet Bloem – Dr H Delpont Dosente PEK	08:30 – 10:00 Erediens deur Zanedrieka de Lange Dr H Delpont Dosente PEK	08:30 – 10:00 Erediens deur student Kharla Guest Dr H Delpont Dosente PEK	08:30 – 10:00 Erediens deur student Helga du Plessis Dr H Delpont Dosente PEK (by sinodale kerkkantoor)
09:30 – 10:30 Studente gesels oor hul blootstelling in opleidingsgemeentes	10:00 - 11:00 Aanbied van gemeente-analises Dr AG Ungerer Dr FJ Labuschagne	10:00 – 11:00 Kerkwees met integriteit Dr C Pretorius	10:00 – 11:00 PEK	10:00 -11:00 Hoe om jou eie begroting op te stel. Bestuur van persoonlike finansies - kundige
10:30 – 11:00 TEE	11:00 - 11:30 TEE	11:00 – 11:30 TEE	11:00 – 11:30 TEE	11:00 – 11:30 TEE
11:00 – 13:00 Kerkwees in die 21ste eeu Dr C	11:30 – 13:00 Aanbied van gemeente-analises	11:30 – 13:00 PEK	11:30 – 13:00 PEK	11:00 -13:00 Deeltydse werksruimte? Maniere om



Pretorius	Dr AG Ungerer Dr FJ Labuschagne			te oorleef? Dr JP Bester Dr FJ Labuschagne
13:00 – 14:00 ETE	13:00 -14:00 ETE	13:00 – 14:00 ETE	13:00 – 14:00 ETE	VERDAAG
14:00-16:00 Kerkwees in die 21ste eeu Dr DJ du Toit	14:00-16:00 Aanbied van gemeente- analises Dr AG Ungerer Dr FJ Labuschagne	PEK	14:00 – 16:30 PEK	

ASSESSERING VIR KONTAKWEEK 2

Die volgende aspekte word geassesseer:

- * Gemeente-analise vir insluiting in portefeulje.
- * Skryf 'n kritiese refleksie van 1 500 woorde oor die onderwerp *Kerkwees met integriteit*.
- * Leesverslag oor voorgeskrewe boek (1 500 woorde).
- * Proponentseksamenkommissie – eie evaluasie.

KONTAKWEEK 3: PROGRAM VAN 12 TOT 16 MEI 2025				
TEMA: ONS AS VERHOUDINGSWESENS EN PASTORAAT				
VOORAF				
Studente moet die volgende vooraf voltooi om te kan deelneem aan die kontakweek: (1) Elke student hou 'n voorbeeld van 'n pastorale gesprek byderhand waaroor gereflekteer kan word tydens die gesprek oor pastoraat. (2) Berei voor om tydens die klas oor jou ervaring van jeugbediening in jou opleidingsgemeente te gesels. (3) Berei voor om tydens die klas te reflekteer oor die rol van sosiale media in jou gemeente en in die samelewing.				
Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
Dag 1 – 12/05	Dag 2 – 13/05	Dag 3 – 14/05	Dag 4 – 15/05	Dag 5 – 16/05
08:30 – 10:00 Erediens deur student Carien Janeke Dr H Delpont Dosente PEK	08:30 – 10:00 Erediens deur student Christo Pieterse Dr H Delpont Dosente PEK	08:30 – 10:00 Erediens deur student Elizabeth Rossouw Dr H Delpont Dosente PEK	08:30 – 10:00 Erediens deur student Peet Bloem Dr H Delpont Dosente PEK	08:30 – 10:00 Erediens deur student Zanedrieka de Lange Dr H Delpont Dosente PEK
10:00 – 11:00 Bespreking van week 2 se werks- opdragte en	10:00 – 11:00 Wandel in die wêreld - waarderende oorsig oor	10:00 – 11:00 Pastoraat Dr A Botha	10:00 – 11:00 Die gemeente, kerk en media	10:00 – 11:00 Inoefening van sakramente Dr DJ du Toit



'n vooruit- skouing van die week Dr AG Ungerer	pastoraat Dr A Botha		Dr DJ du Toit	Dr H Delpont
11:00 – 11:30 TEE	11:00 – 11:30 TEE	11:00 – 11:30 TEE	11:00 – 11:30 TEE	11:00 – 11:30 TEE
11:00 – 13:00 Gesins- bediening Dr JM van Staden	11:00 – 13:00 Wandel in die wêreld - waarderende oorsig oor pastoraat Dr A Botha	11:00 – 13:00 Pastoraat Dr FJ Labuschagne	11:00 – 13:00 Die gemeente, kerk en media Dr DJ du Toit Me Justine van der Linde	11:00 – 13:00 Die huweliks- diens Dr H Delpont
13:00 – 14:00 ETE	13:00 14:00 ETE	13:00 – 14:00 ETE	13:00 – 14:00 ETE	13:00 -Verdaag
14:00 – 16:00 Gesins- bediening Dr JM van Staden	14:00 – 16:00 Wandel in die wêreld - waarderende oorsig oor pastoraat Dr A Botha	14:00 – 16:00 Begrafnis Ds IJ Vogel Besoek aan begrafnis- ondernemer	14:00 – 16:00 Die gemeente, kerk en media Dr DJ du Toit Me Justine van der Linde	

ASSESSERING VIR KONTAKWEEK 3

Die volgende aspekte word geassesseer:

- (1) Berei 'n omvattende strategie voor vir jeugbediening in jou opleidingsgemeente (1 000 tot 1 500 woorde).
- (2) Reflekteer oor jou rol as pastorale berader in die gemeente (1 500 woorde).
- (3) Verfyn jou refleksie oor sosiale media (soos by VOORAF) na aanleiding van die klasaantekeninge, en toon aan watter positiewe aspekte daar is asook waarteen ons moet waak.

KONTAKWEEK 4: PROGRAM VAN 23 TOT 27 Junie 2025

TEMA: VEERKRAGTIGHEID – KERK VAN DIE TOEKOMS

VOORAF

Studente moet die volgende vooraf voltooi om te kan deelneem aan die kontakweek:

- (1) Studente lees Carr, D.M., 2014, *Holy resilience: The Bible's traumatic origins*, Yale University Press, New Haven CT; en berei 'n leesverslag van ten minste 1 000 woorde voor (vir assessering).
- (2) Lowrey, E, 2001, *The homiletical plot*, WK. Berei 'n leesverslag voor oor die verskillende aksente in die boek.
- (3) Studente stel 'n CV op om in die klas aan te bied.



Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
Dag 1 – 23/06	Dag 2 – 24/06	Dag 3 – 25/06	Dag 4 – 26/06	Dag 5 – 27/06
08:30 – 10:00 Erediens deur student Helga du Plessis Dr H Delpont Dosente PEK (by Sinodale Dienssentrum)	08:30 – 10:00 Erediens deur student Kharla Guest Dr H Delpont Dosente PEK (by Sinodale Dienssentrum)	08:30 – 10:00 Erediens deur student Carien Janeke Dr H Delpont Dosente PEK	08:30 – 10:00 Erediens deur student Christo Pieterse Dr H Delpont Dosente PEK	Erediens deur student Elizabeth Rossouw Dr H Delpont Dosente PEK
10:00 – 11:00 Kerklike administrasie Mnr Johan Hattingh en personeel	10:00 – 11:00 Kerklike administrasie Mnr Johan Hattingh en personeel	10:00 – 11:00 Gesprek tussen die verlede en toekoms Dr C Pretorius	10:00 – 11:00 Lyding en trauma in die OT Dr RC Kok- Pretorius	10:00 – 11:00 Kerk en ekumene Dr WC van Wyk
11:00 – 11:30 TEE	11:00 – 11:30 TEE	11:00 – 11:30 TEE	11:00 – 11:30 TEE	11:00 – 11:30 TEE
11:00 – 13:00 Kerklike administrasie Mnr Johan Hattingh en personeel	11:00 – 13:00 Kerklike administrasie Mnr Johan Hattingh en personeel	11:00 – 13:00 Gesprek tussen die verlede en toekoms Dr C Pretorius	11:30 – 13:00 Lyding en trauma – perspektiewe van uit die NT Dr SM de Beer	11:30 – 13:00 Die opstel van 'n doelmatige CV. Aanpassing van voorbereide CV. Wenke vir werkson- derhoud Dr AG Ungerer
13:00 – 14:00 ETE	13:00 – 14:00 ETE	13:00 – 14:00 ETE	13:00 – 14:00 ETE	13:00 - NHSV ete
14:00 – 16:00 Kerklike administrasie Mnr Johan Hattingh en personeel	14:00 – 16:00 Kerklike administrasie Mnr Johan Hattingh en personeel	14:00 – 16:00 Sistematies teologiese gesprek Dr DJ du Toit	14:00 – 16:00 Sistematies teologiese nadenke oor lyding Dr DJ du Toi	

ASSESSERING KONTAKWEEK 4

Die volgende aspekte word geassesseer:

- * Die CV tydens klasbespreking word verfyn en vorm deel van die portefeulje.
- * Werkstuk van 1 500 woorde oor die gesprek tussen verlede en toekoms van die Kerk vir inhandiging op 15 Julie 2025.
- * Berei 'n Bybelstudie voor vanuit die **OT** of **NT** oor die onderwerp van lyding en trauma. Die lesing vanuit sistematiese teologie behoort ook in die Bybelstudie neerslag te vind.
- * Leesverslae soos by VOORAF aangedui met aanvang van kontakweek.



KONTAKWEEK 5: PROGRAM VANAF 25 TOT 29 AUGUSTUS 2025**VOORAF**

Studente moet die volgende vooraf voltooi om te kan deelneem aan die kontakweek:

Vir vooraf lees kan die artikel van Ernst Conradie, *Towards an agenda for ecological theology: an intercontinental dialogue*, gelees word. Dit is belangrik om van die volgende kennis te neem:

- (1) Vrywaringsvorms wat vooraf beskikbaar gestel word, word ingevul en die dag met die vertrek ingehandig.
- (2) Krugerwildtuin is 'n malariagebied en malariatablette is noodsaaklik.
- (3) Dit is belangrik om bosklere (wat nie helderkleurig is nie) saam te vat vir die stapgeleenthede. Goeie stapstewels/tekkies en 'n hoed maak dinge makliker.
- (4) Ander reëlins betreffende slaapgoed ens. sal nader aan die tyd deurgegee word. Vervoerreëlins sal betyds bekendgemaak word.
- (5) Die detailprogram sal nader aan die tyd bekendgestel word.

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
Dag 1 – 25/08	Dag 2 – 26/08	Dag 3 – 27/08	Dag 4 – 28/08	Dag 5 – 29/08
Vertrek na Kruger	Hans Hoheizen sentrum	Hans Hoheizen Sentrum	Hans Hoheizen sentrum	Vertrek na Pretoria
Aankoms by Hans Hoheizen sentrum	Bosstap Oriëntasie – plaaslike veldwagter	Bosstap Gesprek oor bewaring en ekoteologie in gemeentes – ds Louis Lemmer	Bosstap Vertrek op uitstappie	
Oriëntasie	Lesings – Wat is Ekoteologie	Ekoteologie (vervolg)	Besoek Mariepskop en omgewing	
Wildsrit	Wildsrit	Wildsrit	Bedreigde spesie- sentrum Hoedspruit	
Kampvuur	Lesing en kampvuur	Film – <i>The man who planted trees</i>	Integrasie en kampvuur	

ASSESSERING: KONTAKWEEK 5

Bywonings- en deelnamepunt.

3.

VBO

VBO is 'n sambreelterm vir alle vorme van toerusting wat 'n predikant kan deurloop. Uit die volgende blyk dit duidelik dat die NHKA al vir etlike jare daadwerklike besluite oor die belang van voortgesette toerusting geneem het:



3.1 **BESLUIE VAN VORIGE ALGEMENE KERKVERGADERINGS**

69ste AKV - September 2010:

Die Kollege het ook die opdrag van die Kerk om jaarliks tydens twee geleenthede vir predikante **VTT** aan te bied.

70ste AKV – September 2013:

Die verpligte bywoning van die **VTT** deur predikante onder die ouderdom van 60, word herbevestig.

71ste AKV – Oktober 2016:

In die lig van die toenemende uitdagings waarmee predikante in hulle bediening gekonfronteer word, besluit die vergadering om **VBO** vir alle dienende predikante verpligtend te maak. Die Kommissie van die AKV kry opdrag om die opdrag te implementeer.

HTK-verslae wat by AKV's sedert die 71ste vergadering dien, beklemtoon deurlopend die erns van die vorige besluite en die dwingende noodsaaklikheid van **VBO**.

3.2 **VBO IN DIE NHKA**

Die besluite wat die NHKA oor **VBO** geneem het, asook die verwagtinge wat ten opsigte van predikante gestel word, is in lyn met wat in ander professionele beroepe vereis word. In verskeie sektore — soos die mediese beroep, paramediese dissiplines, ingenieurswese, rekenmeesterswese en die regsprofessie — staan dit bekend as Voortgesette Professionele Ontwikkeling (*Continuous Professional Development* – CPD). Hierdie model stel dit duidelik: Professionele persone word verplig om voortdurend by te leer, hul kundigheid te verdiep en op hoogte te bly met nuwe insigte en praktyke. Die NHKA deel hierdie ingesteldheid en beklemtoon daarmee die noodsaaklikheid van lewenslange vorming vir elke predikant.

3.3 **SAMEWERKING MET DIE NGK SE VBO-STELSEL**

Die NHKA maak tans gebruik van die **VBO**-stelsel van die **NGK** wat as 'n gevestigde en goed gestruktureerde platform dien. Die **NGK** stel hierdie stelsel ruimhartig en sonder koste aan die NHKA beskikbaar. Die hoof van die **HTK** het volle administratiewe toegang tot die stelsel, wat insluit die vermoë om NHKA-eie **VBO**-kodes te genereer en krediete toe te ken:

- * **VBO**-punte word bereken op die grondslag van een punt per kontakuur wat aan 'n kursus of aktiwiteit bestee word. Die vereiste standaard vir **VBO** is 50 punte per jaar (dus 150 punte oor 'n periode van drie jaar). 'n Verdere voordeel van hierdie samewerking is dat NHKA-predikante toegang het tot die volledige aanbod van kursusse wat deur die **NGK** goedgekeur is — met dieselfde punttoekenning vir predikante van beide kerke.
- * Dienende predikante sluit alle predikante in wat per beroepsbrief aan voltydse of deeltydse werkruimtes verbind is, asook beroepafwagende predikante en proponente. Emerituspredikante met aktiewe werksverantwoordelikhede val ook hieronder.



- * Die betrokkenheid van NHKA-predikante by die **VBO**-stelsel is tans nog nie op die gewenste vlak nie. Daar is beslis ruimte vir groei. Ons vertrou egter dat deelname mettertyd sal toeneem en dat **VBO** 'n gevestigde en waardevolle aspek van die NHKA se professionele kultuur sal word.


Die volgende tabel bied insig in die toekenning van punte:

TABEL 42: VBO-kredietetoekenning per jaar


VBO-KREDIETETOEKENNING PER JAAR		
KURSUS/AKTIWITEIT	URE	KREDIETE
VTT fisies bygewoon	20	30 (Ons ken meer punte hier toe omdat dit ons Kerk se vlagskipgeleentheid is)
VTT -aanlyn	15	15
Predikantevergadering	8	8
Ringskomitee predikante bygewoon	5	5
Konferensie/kongres/kursus		
NGK Lentekonferensie	30	30
Bywoning van kongres		Soos toegeken
<i>Fresh Expressions</i>	15	15
Aanbiedings soos gesprek met die Bybel, VTT's	10	10
Internasionale beroepsverwante konferensies	Aansoek word voorgelê en op meriete beoordeel	
Aanvullende leergeleenthede		
Artikel geskryf (HTS/THT)	30	30
Eweknie-evaluasie	10	10
Dagstukkies – Bybelse Dagboek (radio)	20	20
Boek/akademiese artikel gelees	4	4
Artikel vir <i>Die Hervormer</i>	4	4

Vervolgens 'n grafiese voorstelling van die predikante se **VBO** geskiedenis die afgelope vier jaar:






GRAFIEK 13: Aantal predikante VBO-krediete ontvang.



GRAFIEK 14: Aantal VBO-krediete per jaar uitgereik.



GRAFIEK 15: Gemiddelde VBO-punt per predikant

4. **VTT vir predikante**

VTT maak 'n integrale deel van VBO uit en kan as die vlagskipgeleentheid van die NHKA gesien word. Deur die VTT by te woon, word predikante deel van die



kerklike diskoers. Sedert 2015 is die [VTT](#) met groter sukses in streeksverband aangebied en die bywoning het sedertdien verbeter. Die gemiddelde bywoning wissel tussen 130 en 155 predikante. Gedurende die pandemie was daar 'n afname in bywoning aangesien [VTT](#) slegs aanlyn aangebied is.

- * 2017 – Die bestuur van verandering, die etiek van selfsorg en konflikthantering.
- * 2018 – Emosioneel gesonde leierskap (Pete Scazzero se boek).
- * 2019 – Emosioneel gesonde leierskap vervolg (Scazzero).
- * 2020 – Wie het my kansel geskuif?
- * 2021 – Heilige veerkragtigheid – 'n antwoord vir 'n getraumatiseerde gemeenskap.
- * 2022 – Postkwarantyn GPS (**G**eloofsgenote **P**raat **S**aam).
- * 2023 – Die milleniërgesprek.
- * 2024 – My roeping.
- * 2025 – Ek is geroep: Ek bely/getuig.

5. 'N DANKBETUIGING

Om vir bykans elf jaar die hoof van die [HTK](#) te kon wees, was 'n besondere voorreg. Hierdie roeping het vir my 'n ryk leerkurwe gebied – 'n tyd van groei, verdieping en verbintenis. Om deel te wees van die kerkspesifieke vorming van studente – van hul eerste jaar tot hul legitimasie – was een van die mees betekenisvolle aspekte van my bediening. Ek het nie net sáám met hulle gegroei nie, maar ook by hulle en by my kollegas geleer. Dit is vir my 'n bron van groot dankbaarheid om hul ontwikkeling in gemeentes te kon volg en om positiewe terugvoer oor hul bediening uit die breër Kerk te ontvang.

Aan my kollegas wat getrou aan die [VTT](#) en die [VBO](#) deelgeneem het, baie dankie. Ek besef dat elke jaartema nie altyd aan almal se verwagtinge voldoen het nie, en tog het julle met 'n leerbare gees en waarderende teenwoordigheid volhard. Die streeksbyeenkomste van die [VTT](#) was vir my van die kosbaarste ervarings – oomblikke van betekenisvolle gesprek, teologiese verdieping en kollegiale warmte. 'n Spesiale woord van waardering aan al die mede-fasiliteerders wat hulself nie ontsien het om regoor die land diensbaar te wees nie.

My opregte dank aan die Fakulteit Teologie van [UP](#). Julle het ons nie net gehuisves nie, maar ons as volwaardige kerklike vennote erken. Ek het waardering vir die gasvryheid, samewerking en respek wat ek by die akademiese en administratiewe personeel beleef het. Ek het altyd tuis gevoel as deel van 'n teologiese gemeenskap en die akademiese wêreld. Mag die fakulteit en sy studente steeds op uitnemende wyse die toekoms tegemoet gaan.

Laastens, maar diep uit my hart: Aan God Drie-enig my dank en lof vir die gawes, die geleenthede en die genade om op hierdie wyse in die Kerk en in die koninkryk te kon dien.





SRT

BYAFEG

SRT

(Opgestel deur dr C Pretorius)

1. SRT

Die **SRT** is verantwoordelik vir die bevordering van Bybels-Reformatoriese teologie en die bewaring van die kerklike verlede in samewerking met gemeentes, lidmate en vergaderings van die ampte. Dit word gedoen deur kerkgeskiedskrywing te bevorder sowel as deur die bewaring van dokumente, boeke en voorwerpe in die kerklike argief, SP Engelbrechtmuseum en Biblioteek, en deur inligting op digitale platforms toeganklik te maak.

Die **SRT** omvat die volgende instansies: Argief en Biblioteek van die Kerk, SP Engelbrechtmuseum, **THT** en die Kerkhistoriese Genootskap wat onder toesig van die Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek beleid bepaal en in samewerking met die bestuur van die Kerkhistoriese Genootskap uitvoering gee aan die taak van die Sentrum.

Na die emeritaat van prof WA Dreyer in 2024, is dr C Pretorius as hoof van die **SRT** aangewys en dr SL Kotzé as sekretaris.

Die Komitee vir die Argief, Biblioteek en SP Engelbrechtmuseum is soos volg saamgestel: Di GF van Wyk (voorsitter), CJ de Bruin (sekretaris), drr C Pretorius, Simon Kotzé, di GS Botha, WA Dreyer (jr), L Geel (jr), PW Pretorius en mnr Nándor Sarkady (argivaris).

Prof WA Dreyer is redakteur van die **THT**.

Die **SRT** het op 11 Julie 2024 'n werkswinkel gehou met die tema: *Komplekse sisteme*, en kennis geneem van die samestelling en funksionering van die onderafdelings van die **SRT** in 'n omgewing wat toenemend tegnologies verweef raak en digitale kennis skep.

Van die projekte wat die **SRT** geloods het in samewerking met die **HTK** en Kerkhistoriese genootskap was:

1.1 GESKIEDENIS VAN DIE HERVORMDE KERK: ONDERHOUDREEKS

'n Reeks onderhoude met as tema die *Geskiedenis van die Hervormde Kerk* is gevoer en op die **HTK** se YouTube-platform gepubliseer.

Dit sluit gesprekke met dr DJC van Wyk (sr), *AJG Oosthuizen en die Ned Herv Kerk (1948 tot 1964)*; prof W A Dreyer, *Geskiedenis van die Hervormde Kerk 1824 tot 2024*; dr LJ Strauss, *Die herkoms en jeug van HCM Fourie (1882 tot 1939)*, in.

'n Gesprek met prof IWC van Wyk, *Philipp Melancton – Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie*, sal ook bekend gestel word.

1.2 VAN DER HOFF TEOLOGIESE VERENIGING: EEUFEESEVIERING

Die **SRT** het in samewerking met die Kerkhistoriese Genootskap die



eeufeesviering van die Van der Hoff teologiese vereniging tydens die 45ste kongres van die Genootskap gevier. Die volgende referate het gedien en is toeganklik op die [HTK](#) se YouTube kanaal:

- * Dr C Pretorius – Van der Hoff 100: CH Rautenbach en die verhouding tussen kerk, fakulteit en universiteit.
- * Ds WA Dreyer – Die kuratorium se invloed op teologiese opleiding.
- * Prof J Beyers – Rekontekstualisering en teologiese klemtone.

Tydens hierdie kongres is 'n nuwe bestuur verkies, naamlik di WA Dreyer (voorsitter), PW Pretorius (sekretaris) en GS Botha (addisionele lid).

Beriggewing hiervan is ondermeer deur dr A Janse van Rensburg en ds PW Pretorius in die kerklike pers bekend gestel.

1.3 **SKAKELING**

Universiteit Pretoria (Departement Sistematiese en Historiese Teologie).

Kerk 200: Eerste AKV.

Lede van die [SRT](#) en predikante van die kerk het aan die Kerkwees 200 konferensie met as tema *Verlede, hede en toekoms* op 5 en 6 November 2024 by Gemeente Pretoria-Oos deelgeneem. Hierdie konferensie herdenk die eerste AKV wat op 2 November 1824 in Kaapstad sitting geneem het.

1.4 **COLLOQUIUM HISTORIAE ECCLESSIASTICAE**

Tydens Desember 2024 is met die Colloquium Historiae Ecclesiasticae geskakel en kennis geneem van navorsing in die kerkhistoriese gemeenskap.

1.5 **HTK**

Studente van die kerk het die Argief op 19 Maart 2025 besoek en deur mnr Nándor Sarkady bekend gestel aan die argief.

2. **ARGIEFKOMITEE**

Die argivaris, mnr Nándor Sarkady, het die insameling, verwerking en beskrywing van verskillende gemeentelike en ringsargivalia hanteer. Veral gemeentes wat ontbind is genader en van riglyne voorsien. Die versamelings van onder meer Gemeentes Newlands en Vaalpark is aangesuiwer asook dié van Gemeente Germiston en ander gemeentes.

Die verwerking kon gedoen word ten spyte van logistieke uitdagings, waaronder kragonderbrekings, wat aansienlike uitdagings stel.

Ten opsigte van predikants- en gemeentelêers is dit veral die sinodale Dienssentrum wat die versameling raadpleeg. Sedert ca 2020 word die versameling in elektroniese formaat op die SharePoint/Intranet platform bewaar, en word dit deur die Inligtingsbeampte, mnr Gerhard Pieters, en die [IT](#)-afdeling bestuur.

Verslag van die versameling is uitvoerig aan die Komitee vir die Argief gelewer.



Sinodale versamelings waaronder die Kital-argiefgroep, Tydskrifredaksie, Hervormer en kantoor van die Administrateur is ook gekeur, gesorteer en georden.

Toevoegings van dr DJC an Wyk (sr), WC Kloppers en prof PA Geyser is ontvang, asook 'n omvattende versameling van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika. Die versameling is veral gerig op die [HTO](#).

Talle ander versamelings geniet ook aandag, soos privaatversamelings deur di NCJ Brayshaw en LA Breedt.

Die fotoversameling brei voortdurend uit, veral foto's vanaf gemeentes soos dié van kerkrade en kategeese. Die ontsluiting hiervan vereis nie net die identifisering van duplikate nie, maar ook skandering. Die aspek is tydrawend.

Die digitering van konsistorieboeke vlot goed. Gedurende 2020 het die argivaris, argiefassistent en mnr Tommy Malan begin met die skandering van konsistorieboeke. Begrafnisbriewe wat in die boeke voorkom word ook gedigitiseer.

Teen Februarie 2025 was van 191 gemeentes se konsistorieboeke deels gedigitiseer. Dit word elektronies in die kuberwolk bewaar.

Gedurende 2023 is begin met die digitalisering van die Almanak 1907 tot 2007. Die Almanak is sedert 2008 elektronies toeganklik. Mnr Gerhard Pieters is besig om die geskandeerde materiaal deur die OCR-sagteware te laai met die doel om dit op die openbare domein toeganklik te maak.

Die agendas en notules van AKV's, Kommissie van die AKV en Moderamen is deur mnr Pieters gedigitiseer. Eersgenoemde is op die intra- en ekstranet toeganklik. Dit sluit in die agendas en notules van die AKV vanaf 1961 tot 2022. Enige persoon met 'n geldige NHK-lisensie kan toegang tot bronne van die AKV verkry deur die volgende skakel:

<https://nhka.sharepoint.com/sites/NHKIntranet/Algemene%20Kerkveragening%20Agenda%20en%20Notules/Forms/AllItems.aspx>

Agendas en notules van die Kommissie van die AKV en dié van die Moderamen vanaf 2005 tot 2024 is gedigitiseer. Hierdie dokumente is egter onderhewig aan [POPI](#) omdat dit sensitiewe inligting bevat.

2.1 **ARGIEFBEWAARPLEK TE ERFENISSENTRUM**

Tans word die Argief bewaar op die terrein van die Voortrekkermonument-Erfenisstigting. Mnr Johan Hattingh, dr WC van Wyk en lede van die Bestuurskomitee behartig die huurkontrak. Op 19 Februarie 2024, na 'n skrywe van prof WA Dreyer, het die Argiefkomitee ds PW Pretorius versoek om betrokke te raak by logistieke sake en as skakelpersoon. Ds Pretorius het in Maart 2024 'n terreinbesoek uitgevoer en aan die komitee verslag gelewer.

2.2 **EKSTERNE BEWARING (DOCUMENT WAREHOUSE)**

Sedert 2017 word stoorspasie by *Document Warehouse* gehuur veral met die oog op die digiteringsprojek van konsistorieboeke. Die projek vorder goed met die hulp van mnre Hattingh, Malan en mev Thea Wessels. Tweederdes van die gestoorde houters is reeds onttrek, en die beplanning is om in die loop van 2025 alles te onttrek.



2.3 **ELEKTRONIESE BEWARINGSBELEID/KOMITEE VIR INLIGTINGBESTUUR EN IT-ONDERSTEUNING**

Dit is 'n behoefte van die [SRT](#)/komitee en personeel dat daar voorsiening gemaak word vir die toenemende stoor van digitale en elektroniese data. Dit sluit in die formulering van 'n elektroniese bewaringsbeleid. Die komitee gee hieraan aandag, maar het kundigheid in die Kerk nodig om effektiewe en toepaslike stelsels en prosedures te ontwikkel.

3. **SP ENGELBRECHTMUSEUM**

Die SP Engelbrechtmuseum, bied aan die Kerk en gemeenskap 'n blik op die Kerk se gang in die wêreld, en fasiliteer die gesprek tussen die verlede en die toekoms. Tans word die SP Engelbrechtmuseum in die historiese kerkgebou te Gemeente Wonderboompoort gehuisves.

Verskeie take en projekte het aandag geniet. Die kontrolering en dokumentering van die aanwysregister deur middel van Excel vind deurlopend plaas.

Gemeente Wonderboompoort sien in samewerking met die komitee toe dat onderhoud en beveiliging in stand gehou word. Behalwe die gemeente se ondersteuning, is dit verblydend om die welwillendheid van Vriende van die SP Engelbrechtmuseum te ervaar. Skenkings van ligte, vervoer, arbeid is van die talle maniere waarop die Kerk se erfenis bewaar word. Talle instansies dra by en ondersteun, waaronder die Ring van Magalies, die [NHSV](#), gemeentes en enkelinge.

Tans is die getal aanhangers op Facebook 1 900, en die besoekersgetal per jaar ongeveer 350 tot 400.

Gedurende 2024 kon die kurator die Museumkursus-sertifikaat van [SAMA](#) verwerf.

4. **Dankbetuiging**

Die [SRT](#) betuig graag dank aan die personeel van die argief en sinodale dienskantoor. In die besonder mnr Drian Grobbelaar wat sedert Maart 2022 met onderskeiding in die argief gewerk het. Gedurende Junie 2025 sal ds PW Pretorius as assistent van die Argief en Biblioteek op deeltydse basis die argivaris ondersteun, maar ook die fokus op digitering van bronne ter hand neem.

Dank aan die sinodale kantoor vir die vervanging van rekenaars wat die uitvoer van die opdrag vergemaklik.

Ons betuig ook dank aan mnr Nándor Sarkady vir sy voortreflike werk in diens van argiefwese en die NHKA. Eweneens waardering aan lede van die Argief, Biblioteek en SP Engelbrechtmuseum-komitee.



SRT

Inventaris van theologiese studiestukke



BYE

Inventaris van teologiese studiestukke (Opgestel deur oudl Simon Kotzé)

1. OPDRAG

In opdrag van die Kommissie van die 72ste AKV, word 'n inventaris opgestel van alle teologiese studiestukke en memoranda wat by die AKV en/of die Kommissie van die AKV gedien het en nie in amptelike publikasies van die Kerk verskyn het nie.

2. VORDERING

'n Skakel tot die Kerk se webwerf wat toegang tot die inventaris verleen, is hierby ingesluit: <https://nhka.org/amptelik/algemene-kerkvergadering-akv/>.

Die inventaris sluit tans inligting van die 73ste AKV (2022) terugwerkend tot en met die 63ste AKV (1992) in. Die doel is om uiteindelik al die relevante inligting tot en met die 53ste AKV (1957) in te sluit.

Met die wonderlike hulp van die Argief se personeel, mnre Nándor Sarkady en Gerhard Pieters, is al die AKV agendas en notules tot en met die 53ste AKV (1957) geskandeer en nou elektronies beskikbaar. Met hierdie toegang word dit voorsien dat die inventaris dus voor die einde van 2025 voltooi kan wees. Dit sal daarna deurlopend bygewerk word.

My dank aan almal wat so positief tot hierdie projek bygedra het.





ADV

BY A FE

ADV

(Opgestel deur ds GPJ Stoltz)

1. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE 9DE ADV

OORSIG OOR DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE 9DE ADV (uittreksel uit die verslag wat voor die 10de ADV gediens het)

Gun my die geleentheid om kortliks vir u die werksaamhede gedurende die afgelope termyn van die Kommissie van die 9de ADV voor te hou.

Verskeie wyses van hulp is verleen en dit sal ook tydens die finansiële voorlegging duidelik word hoe die diakonaat uitgereik het na persone of instansies in tye van nood. Ons het betrokke geraak deur finansiële of selfs emosionele ondersteuning by persone of gebiede wat geraak is deur brande, vloede of droogte. Van die ander hulp wat verleen word kan vanweë die sensitiwiteit van die gevalle nie bekend gemaak word nie.

Lede van die kommissie het by van die ringsvergaderings besoek afgelê, sommige wel via 'n Zoomsessie, maar ons het onself sigbaar gemaak en relevant gehou.

Die *Spore van Hoop* was 'n uitreik wat begin het tydens die inperking om lidmate te bemoedig in die tyd van afsondering. Baie dankie aan alle predikante, ouderlinge en diakens wat almal fluks geskryf het aan hierdie *Spore van Hoop*. Dit het nuwe rigting aan elkeen van ons gegee, en ons dankbaar en nederig gehou teenoor ons Skepper. Die ADV Kommissie ontvang gereeld positiewe terugvoering en het besluit om voort te gaan om daagliks die *Spore van Hoop* uit te stuur.

'n Beskrywingspunt aan die 9de ADV het gelei tot 'n ondersoek na die impak van barmhartigheidswerk in en deur die NHKA. Dank word uitgespreek teenoor alle gemeentes en ringskommissies wat deelgeneem het aan die ondersoek. Vir die eerste vraelys wat uitgestuur is, het ons 42 vraelyste terugontvang. Die terugvoer is verwerk en 'n eerste verslag hieroor is beskikbaar en die tweede verkorte vraelys wat aan die einde van 2024 uitgestuur is, se verslag sal êrens in 2025 beskikbaar gestel word aan ringe en gemeentes.

Verskeie vergaderings en werksessies is gehou deur Kluster 3 van die Kommissie van die AKV. Die uitkomst van die kluster se werksaamhede onder leiding van ds L Geel is opgeneem in die 10de ADV se agenda. Verandering is altyd ongemaklik maar soms noodsaaklik ter wille van die groter doel. Die finale afhandeling van die aanbevelings sal tydens die 74ste AKV ter tafel geneem word vir besluitneming en uitvoering.

Daar word met sorg eiendom aangekoop en verhuur deur Plesion en Khesed sodat ons hulp kan verleen aan die DPS-huise, TOIBO, Rata en ander organisasies. Baie dankie aan die span kundiges wat ook hulle tyd en energie hieraan wy om die sukses te behaal wat hulle reeds bewys het. Ons sien uit om julle verslag ook vandag te kan aanhoor.



Die Lig vir 'n Kind-projekte is al vir 'n goeie tien jaar aan die gang en sluit in *Drive for a Child, Ride for a Child, Run for a Child* en *Walk for a Child*. Hierdie inisiatief bestaan al vir tien jaar en groei nog steeds. Alhoewel daar ander projekte en dienste is wat nie direk onder die **Lig vir 'n Kind**-vaandel val nie, is almal se einddoel *om die kind ter wille te wees*.

Die webinars wat deur die diakens aangebied is, is soos al die voriges beskikbaar op die YouTube-kanaal van Plesion en Rata. Die inligting en hulp is daar vir u gerief en gebruik in u gemeentes.

Ek dank ons Hemelse Vader wat ons gelei het in hierdie afgelope termyn. Daar was soms moeilike tye, maar met die Gees wat altyd in ons werk, kon ons in ons roeping volhard. Tydens Christus se aardse lewe het Hy nooit één keer mooi woorde as plaasvervanger vir daade gebruik nie. Van al die mense wat ooit gelewe het, was Hy die enigste wie se daade die uitvoering was van alles wat Hy belowe en geleer het. Hy het nie weggeskram van die betrokkenheid by die nood van ander en in woorde geskuil soos ons so maklik doen nie. Hy, die Woord, het mens geword en onder ons kom woon. Kom ons bid dat Hy ons help om na sy voorbeeld te lewe. Soos die Vader Hom gestuur het om mens te word, mens vir ander, moet ons ook gestuurdes wees. En so die Groot Opdrag uitvoer.

Seënwense

Diak Wilna Gates
Voorsitter: 9de ADV

2. HULP VERLEEN

Die Kommissie van die **ADV** het direkte hulp verleen aan persone en gemeentes vanuit ons diakonale hulpfondse. Tydens die termyn van die Kommissie van die 9de **ADV**, is die Uitreikfonds en Rampfonds gekombineer, en is die naam verander na die Diakonale Noodfonds. Al die uitbetalings uit hierdie twee fondse word gevolglik weergegee asof die twee fondse van die begin van die termyn af gekombineer was.

Hiermee wil ons die grootste waardering uitspreek teenoor gemeentes, individuele gelowiges en selfs instansies wat hulle hart en hande oopgemaak het en die Kommissie van die **ADV** vertrou het om die hulpverlening te fasiliteer. Danksy hierdie bydraes kon 'n totaal van R2 119 063,92 deur ons hulpfondse uitbetaal word, en 'n verdere R3 040 894,69 aan die **NWO's**.

2.1 DIAKONALE NOODFONDS

Die doel van die fonds is om hulp te verleen aan mense in nood, hetsy as gevolg van rampe, teëspoed, of enige ander oorsaak van diakonale nood.

Hulp sluit in:

- * Finansiële ondersteuning.
- * Psigies-emosionele ondersteuning.
- * Geestelike versorging.
- * Mediese ondersteuning.



Gedurende die afgelope drie finansiële jare (1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2025) is daar hulp verleen uit hierdie fonds ten bedrae van R666 393,63.

2.2 FONDS VIR BEJAARDESORG

Die Fonds het as doel om finansiële steun te bied aan die versorging van bejaardes in die Ons Tuis-groep (voormalig OTMT), asook bejaardes van die Kerk volgens riglyne.

Gedurende die afgelope drie finansiële jare (1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2025) is daar hulp verleen uit hierdie fonds ten bedrae van R1 452 670,29.

2.3 BARMHARTIGHEIDSOFFERS

Die barmhartigheidsoffers wat vanaf gemeentes ontvang word, word gebruik om die werk van die organisasies sonder winsoogmerk (NWO's) betrokke by die NHKA, finansiële te ondersteun. Die kleinerige bedrae wat aan die ADV verdeel is, was spesifieke bydraes wat ontvang is vir die ADV se diakonale werk.

TABEL 43: Barmhartigheidsoffers

	2022-23	2023-24	2024-25	3-JAAR TOTAAL
Ontvang	839 004,35	1 433 707,20	768 183,14	3 040 894,69
VERDELING				
ADV		18 435,34	20 342,75	38 778,09
TOIBO	41 432,32	46 088,32	41 258,58	128 779,22
Rata	466 113,50	424 012,55	379 578,97	1 269 705,02
DPS-huise	227 877,74	212 006,27	189 789,49	629 673,50
Bejaardesorg	103 580,79	101 394,30	90 768,88	295 743,97
Plesion			46 444,47	46 444,47

3. STRUKTUUR VAN DIE DIAKONAAT IN DIE NHKA

Tydens die 73ste AKV is Besluit 33 geneem met die oog op infasering van die diakonaat by die AKV. Die besluit het onder andere bepaal:

Die AKV neem 'n beginselbesluit dat die samestelling van die AKV gewysig word om diakens in te sluit. Die nodige kerkordelike wysigings word aangebring om die integrasie van diakens moontlik te maak. Die nuutverkose Kommissie van die AKV implementeer die besluit met die oog op die 74ste AKV.

Die nuutverkose Kommissie van die AKV kry opdrag om 'n sinodale komitee vir diakonale aangeleenthede te skep met die opdrag om die struktuur van barmhartigheidsdiens op sinodale vlak te ondersoek.

Gedurende die termyn van die 9de ADV en die Kommissie van die 73ste AKV is verskeie werksessies gehou deur die Kommissie van die AKV se Kluster 3, asook die ADV Kommissie en ADV Dagbestuur. Dit het uiteindelik gelei tot 'n uitgebreide voorstel vir die toekomstige funksionering van die diakonaat in die NHKA. Hierdie voorstel is deur die gesamentlike vergadering van Kluster 3 en die verteenwoordigers van die ADV Kommissie gefinaliseer vir opname in die agenda van die 74ste AKV.



Die voorstel het ook voor die 10de **ADV** gedien, waartydens 'n amendement aanvaar is dat 'n minimum van twee diakens op die Kommissie van die AKV verkies behoort te word. Hierdie amendement word voorgelê aan die 74ste AKV vir oorweging (vergelyk bl [68](#)).

4. **ORGANISASIES SONDER WINSBEJAG (NWO'S) BETROKKE BY DIE NHKA**

Die **NWO's** het in die verlede altyd bekend gestaan as diensorgane of organe van bystand. Hierdie organisasies lewer werk van hoë kwaliteit en verantwoordbaarheid.

Al die **NWO's** het volledig verslag gedoen by die 10de **ADV**, en enige gemeentes wat die verslae verlang, is welkom om die kantoor van die **ADV** te kontak by elfrieda@nhk.co.za. Die verslae word gevolglik nie hier opgeneem nie.

4.1 **KINDERBESKERMING**

Rata, en dus die NHKA, staan reeds vir meer as 70 jaar aan die voorfront van die stryd teen kindermishandeling. Gedurende die afgelope termyn was daar geweldige politieke woelinge en onstabiliteit wat die voortsetting van die werk ernstig bedreig het. Daardie stryd is steeds nie verby nie, maar ons gaan steeds voort om sonder vrees te veg vir die welstand en beskerming van kinders in nood.

Die finansiële druk wat die politieke onstabiliteit op Rata geplaas het, het die ou vraag weer na vore laat kom of die Kerk 'n rol te speel het om kinders te beskerm. Die Kommissie van die **ADV** lê gevolglik 'n beskrywingspunt voor aan die 74ste AKV (vergelyk bl [66](#)).

4.2 **GESAMENTLIKE ONDERNEMING (JOINT VENTURE)**

Gedurende die afgelope termyn is daar baie werk gedoen om prosesse meer vaartbelyn te maak en hulpbronne meer effektief aan te wend. Die resultaat daarvan is dat die Kinderhuise van die NHKA, Rata Maatskaplike Dienste, Plesion en die Kommissie van die **ADV** in 'n gesamentlike onderneming getree het om effektiwiteit, doelmatigheid en finansiële standhoudendheid te verbeter.

Die oorhoofse doelwit is om die voortgang van ons kollektiewe barmhartigheidswerk te verseker, sonder om verpligtinge op gemeentes te lê, en selfs sonder subsidies vanaf die staat. Dit is 'n uiters groot opdrag, maar ons glo dit is moontlik om binne tien jaar van nou af hierdie doelwit in 'n groot mate te kan bereik. Die tien-jaar periode is 'n belangrike merker, aangesien 'n in-diepte ondersoek aangetoon het dat, sonder hierdie inisiatiewe, die finansiële hulpbronne om hierdie werk te verrig oor tien jaar uitgeput sou wees.

5. **10DE **ADV** EN UBI CARITAS SIMPOSIUM**

5.1 **UBI CARITAS-SIMPOSIUM**

Soos in die verlede, is die formele **ADV** voorafgegaan deur die Ubi Caritas-simposium oor Christelike barmhartigheid. Vanjaar was die tema *Die Groot Opdrag*, volgens Matteus 28: 16 tot 20.

Die terugvoer was, soos in die verlede, oorweldigend positief. Die afgevaardigdes en ander belangstellendes is in groepe gedeel en het by vier verskillende stasies die elemente van die Groot Opdrag op 'n praktiese manier behandel. Die vier stasies het gehandel oor die opdrag om *al ganende*:



- * dissipels te maak.
- * van al die nasies.
- * deur hulle te Doop.
- * en hulle te leer.

Die simposium is saam met die 10de **ADV** afgesluit deur 'n nagmaalsdiens waar die tema van *Onthou, Ek is by julle* na vore gekom het. Die diens was ook 'n oorgangserediens, in die lig van die oorgang van die diakonale struktuur vanaf 'n selfstandige algemene vergadering na 'n infasering daarvan by die AKV.

Die enigste negatiewe terugvoer was die swak afvaardiging deur ringe, asook 'n hele aantal afgevaardigdes wat nie opgedaag het nie. Terugvoer van verskeie persone was dat hulle ringskommissies nie die moeite gedoen het om afvaardigings te reël nie. Verskonings van tyd en koste is aangevoer, waarvan 'n hele paar verdienstelike gevalle was. Dit dien egter vermeld te word dat die Ring van Dorsland wel 'n predikant en 'n diaken kon afvaardig, teen groot koste en moeite.

5.2 **10DE ADV FORMELE VERGADERING**

Die formele vergadering-gedeelte van die 10de **ADV** het plaasgevind op Saterdag 22 Maart 2025. In die lig van die verandering in die diakonale strukture, is besluit dat daar nie 'n nuwe Kommissie van die **ADV** gekies gaan word nie, maar dat die Kommissie van die 9de **ADV** sal voortgaan totdat die 74ste AKV plaasgevind en die te stigte Komitee vir Diakonaat deur die nuwe Algemene Kommissie saamgestel is.

6. **SLOT EN DANKWOORD**

Die Kommissie van die 9de **ADV** se dienstermyn is oorheers deur maatskaplike en ekonomiese probleme wat die nood van mense op die spits gedryf het. Daarmee saam is baie tyd en moeite ingesit in die beplanning van 'n nuwe struktuur waarmee die toekomstige werk van die NHKA se diakonaat van krag tot krag kan gaan. Ons wil hiermee groot dank uitspreek teenoor die NHKA, gemeentes en gelowiges wat hulle harte en hande oopgemaak het vir ander se nood.

Barmhartigheid binne die Kerk is gegrond op die barmhartigheid van God wat in Christus aan ons geopenbaar is. Barmhartigheid kom tot uitdrukking in die hulp aan en versorging van alle mense wat in nood verkeer, almal vir wie Christus aan die kruis gesterf het. Uit dankbaarheid vir die verlossing deur Christus maak die verkondiging van sy evangelie deel uit van die versorging.



Komitee vir Diakonaat



REKAYAT

TOEKOMSTIGE FUNKSIONERING VAN DIE DIAKONAAT IN KERKLIKE VERBAND

(Opgestel deur die Komitee vir Diakonaat)

1. GRONDSLAG VIR BARMHARTIGHEID

Daar is baie woorde wat met barmhartigheid te doen het: Liefdadigheid, medemenslikheid, filantropie, ensovoorts. Verskillende mense gee verskillende betekenisse aan die begrippe of lê verskillende klemtone, terwyl ander dit bloot as sinonieme gebruik. Wanneer van barmhartigheid gepraat word in die konteks van Christelike diakonaat, dan kies ons vir die volgende definisie van barmhartigheid²:

Barmhartigheid binne die kerk is gegrond op die barmhartigheid van God wat in Christus aan ons geopenbaar is. Barmhartigheid kom tot uitdrukking in die hulp aan en versorging van alle mense wat in nood verkeer, almal vir wie Christus aan die kruis gesterf het. Uit dankbaarheid vir die verlossing deur Christus maak die verkondiging van sy evangelie deel uit van die versorging.

Barmhartigheid is dus meer as medemenslikheid, liefdadigheid of filantropie. Dit veroordeel nie en sluit niemand uit nie. Dit is ons antwoord op die liefde van Christus aan die kruis – die grootste uitdrukking van God se barmhartigheid aan ons. Dit moet uit die Woord terug na die Woord lei. Dit het nie net ten doel om mense na 'n beter lewe te lei nie, maar ook na die ewige lewe. Dit is ek wat, omdat Christus vir my gesterf het, liefde uitstort op jou, vir wie Christus gesterf het.

2. STRATEGIE

Die Komitee vir Diakonaat se werksaamhede sal bepaal word deur die volgende fokusareas:

- * Individuele gelowiges.
- * Gemeentes en ringe.
- * Kollektiewe barmhartigheid.

2.1 INDIVIDUELE GELOWIGES

Barmhartigheidswerk, in antwoord op God se barmhartigheid aan ons, begin met die individuele gelowige wat, uit dankbaarheid, barmhartig lewe. Gemeentelike diakonaat kan ook nie hiersonder nie, want anders word die werk afgeskuif op die predikant en enkele betrokke lidmate.

Die Komitee vir Diakonaat kan barmhartigheidswerk deur individuele gelowiges deur aksies soos die volgende bevorder:

- * Leef betekenisvol-beweging.
- * Toerusting: Aanlyn, videogrepe, webinare.
- * Hande vat met gemeentes om gelowiges aan te spoor.

² Vergelyk Besluit 82 van die 71ste AKV.



2.2 GEMEENTES EN RINGE

Gemeentes en ringe, as vergestaltung van die Kerk in die gemeenskap, is ook die plek waar barmhartigheidswerk moet grondvat.

Die Komitee vir Diakonaat kan barmhartigheid in gemeentes en ringe soos volg bevorder:

- * Toerusting: Werkswinkels, simposia, kursusse, webinare.
- * Begeleiding van gemeentes en ringe ten opsigte van strategiese beplanning, op uitnodiging vanaf gemeentes en ringe.
- * Hande vat met gemeentes en ringe om individuele gelowiges aan te spoor tot barmhartigheid.
- * Samewerking met die [SGB](#).
- * Die kerkordelike voorsiening vir gemeentelike- en ringskomitees vir diakonaat moet doelgerig geïmplementeer word.

2.3 KOLLEKTIEWE BARMHARTIGHEID

Sekere barmhartigheidsdienste kan nie op individuele, gemeentelike of ringsvlak gelewer word nie. Soos wat gelowiges kragte en hulpbronne saamsnoer om binne gemeentes barmhartigheidswerk te doen wat individue nie alleen kan doen nie, span die gemeentes van ons Kerk ook saam om sekere barmhartigheidswerk te doen wat gemeentes nie alleen kan doen nie. Ons noem dit ons kollektiewe barmhartigheid.

2.3.1 ORGANISASIES SONDER WINSOOGMERK BY WIE DIE NHKA BETROKKE IS ([NWO'S](#))

Die Kerk is al vir 'n eeu lank betrokke by die werk wat tans deur die [NWO's](#) gedoen word. Die [NWO's](#) is deur die Kerk begin, en is met verloop van tyd geherstruktureer in onafhanklike maatskappye en organisasies. Hoewel die [NWO's](#) onafhanklike, selfstandige regspersone is, is hulle werk eintlik onlosmaaklik aan die Kerk verbind.

Die volgende twee werksareas is vir ons kollektiewe barmhartigheid belangrik, en kan bevorder word deur die Komitee vir Diakonaat:

2.3.1.1 Dienslewering

Die [NWO's](#) lewer nog altyd goeie kwaliteit dienswerk. Dit beteken egter nie dat dit nie verbeter kan word nie. Dienswerk kan verbeter word deur

- * betrokkenheid van gemeentes (tyd en hulp by plaaslike huise, tehuise, kantore, skole).
- * vrywillige werk deur individuele gelowiges.
- * hande vat met plaaslike netwerke en instansies.
- * opleiding.



2.3.1.2 Befondsing

Die grootste uitdaging vir die **NWO's** is die verkryging van genoegsame fondse om hulle werk te kan doen. Dit is 'n feit dat die oplossing nie lê in groter bydraes deur gemeentes nie – intendeel, gemeentelike bydraes neem jaarliks af. Daarom moet alternatiewe wyses van befondsing gevind word. Hieronder tel:

- * Netwerke – Die Kerk, en spesifiek gemeentes, beskik oor wye netwerke, selfs wêreldwyd. Maniere moet gevind word waarop die Kerk hierdie netwerke kan ontgin tot voordeel van gemeentes, die NHKA en die **NWO's**.
- * Inkomstegenererende dienste – Hierdie strategie lewer al redelike goeie resultate op. Dit kan egter baie uitgebrei word as gemeentes en gelowiges help om die dienste te bemark. Nuwe dienste moet ook ondersoek en ontgin word om die mandjie dienste te vergroot.
- * Fondswerwing – Daar is 'n beduidende hoeveelheid lidmate wat finansiële ondersteuning bied aan organisasies met wie die Kerk geen bande het nie. Die **NWO's**, wat dikwels beter dienste lewer as hierdie organisasies, is egter nog nooit suksesvol bemark as organisasies waar individue bydraes kan lewer nie. Dit moet ondersoek en ontgin word.
- * Erflatings – Dit is 'n intensiewe proses om mense te werf wat testamentêre bemakings aan ons **NWO's** kan doen. Hier is baie ruimte vir groei.
- * Langtermyn finansiële volhoubaarheid wat 'n kritieke deel van die befondsingstrategie is. Dit kan bereik word deur suksesvolle sosiale entrepreneurskap.

2.4 SOSIALE ENTREPRENEURSKAP

Tradisionele denke oor befondsing bied nie genoeg antwoorde nie. En hoewel fondswerwing en dienslewering nie gestop moet word nie, moet daar nuwe strategieë ontwikkel word. Een daarvan is sosiale entrepreneurskap, in die vorm van die benutting van bates op kommersiële terrein om inkomste te genereer, wat dan aangewend kan word vir barmhartigheidswerk.

Die **ADV** het reeds tien jaar gelede hiermee begin, deur die oprigting van Plesion **NPC** en sy filiaal, Khesed (**Edms**) **Bpk**, met die doel om 'n eiendomsverhuringbesigheid tot stand te bring. Daar word deurlopend daaraan gewerk om die portefeulje uit te brei.

Daar is egter baie meer moontlikhede. Verskeie gemeentes beskik oor bates wat groot kommersiële potensiaal het. Oplossings kan gevind word om hierdie bates te ontgin en ontwikkel om plaaslike gemeentes, en só die Kerk en ons gesamentlike barmhartigheidswerk, te ondersteun.

Sosiale entrepreneurskap is 'n relatiewe nuwe terrein, en moet konstruktief ontgin word.

2.5 EKUMENIESE SAMEWERKING

Al bogenoemde sake kan verder uitgebou word deur op ekumeniese vlak saam te werk met ander kerke. Die vestiging van netwerke kan 'n belangrike bydrae lewer tot die bevordering van ons kollektiewe barmhartigheidswerk.



3. OPDRAG TOT HERSTRUKTURERING VAN DIE DIAKONAAT

Die 71ste AKV het in Besluit 86 die volgende opdrag gegee:

Die Kommissies van die Algemene Kerkvergadering en die Algemene Diakensvergadering kom ooreen oor 'n gedeelde strategie vir die diakonaat binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se visie van missionale kerkwees. Daarna werk die Kommissies saam en maak voorstelle om die struktuur van die diakonaat daarby aan te pas.

Die 72ste AKV het 'n uitgebreide voorstel wat die herstrukturering van die ADV in detail, insluitend kerkordelike wysigings, uiteengesit het, nie aanvaar nie.

Die 73ste AKV het in Besluit 33 soos volg besluit:

1. *Die AKV neem 'n beginselbesluit dat die samestelling van die AKV gewysig word om diakens in te sluit. Die nodige kerkordelike wysigings word aangebring om die integrasie van diakens moontlik te maak. Die nuutverkose Kommissie van die AKV implementeer die besluit met die oog op die 74ste AKV.*
2. *Die Kommissie van die AKV het deurlopend uitvoering gegee aan Ordinansie 4.6.2 (xxii) deur 'n kernkomitee vir diakonaat saam te stel. Die nuutverkose Kommissie van die AKV kry opdrag om 'n sinodale komitee vir diakonale aangeleenthede te skep met die opdrag om die struktuur van barmhartigheidsdiens op sinodale vlak te ondersoek. Hierdie komitee word saamgestel uit:*
 - * *een predikantslid van die Kommissie van die AKV.*
 - * *twee ouderlingslede van die Kommissie van die AKV.*
 - * *een predikantslid van die Kommissie van die ADV.*
 - * *twee diakenslede van die Kommissie van die ADV.*
 - * *die sekretaris van die ADV.*
 - * *kundiges op uitnodiging.*
3. *Die resultate van vorige ondersoeke na herstrukturering en integrasie en die resultate van die in-diepte ondersoek na die funksionering van die NWO's betrokke by die NHKA word in die ondersoek verreken.*
4. *Die sinodale komitee vir diakonale aangeleenthede doen aanbevelings aan die Kommissie van die AKV met die oog op implementering en finale bekragtiging tydens die 74ste AKV.*

4. VERWIKKELINGE SEDERT DIE 73STE AKV

Die ADV-Kommissievergadering van 25 Februarie 2023 het soos volg besluit:

- * *Die vergadering stel die beginsel dat die amp van diaken en die werk van die diakonaat in die NHKA ingefaseer word by die AKV, en die ADV dus eintlik nie uitgefaseer word nie.*
- * *Die vergadering wys vir diakens Wilna Gates en Pieter Schreiber asook dr MJ Jansen van Rensburg aan om deel te vorm van die komitee soos saamgestel in punt 2 van Besluit 33 van die 73ste AKV.*



- * *Diak Andries Pretorius word aanbeveel om as kundige by die komitee betrek te word.*

Die Kommissie van die AKV besluit op 9 en 10 Maart 2023 om die Kerkorde in ooreenstemming met Besluit 33 van die 73ste AKV te wysig om daarvoor voorsiening te maak dat gemeentes se afgevaardigdes na die AKV óf ouderlinge óf diakens kan wees. Ordinansie 4.4.1 (ii) word gevolglik aangepas om te lees: *een kerkraadslid afgevaardig deur elke kerkraad.*

Op 17 Februarie 2025 het die volle komitee soos voorsien in Besluit 33, insluitend kundiges, vergader om hierdie dokument en die beskrywingspunte hierin vevat, te finaliseer.

5. **BEGINSELS VIR HERSTRUKTURERING**

1. Die bestaan van die **ADV** het daartoe bygedra dat die diakonaat en barmhartigheidsdiens besondere aandag gekry het. Op sinodale vlak is die diens van barmhartigheid goed gevestig en baie gemeentes en gemeenskappe asook die **NWO's** (organisasies sonder winsoogmerk) betrokke by die NHKA (vroeër genoem diensorgane van die Kerk) het hierby baat gevind. Die dienswerk van diakens in gemeentes en ringe en die barmhartigheidswerk op gemeentevlak is ook goed gevestig. Die goeie werk wat die **ADV** gedoen het en die sinodale dienswerk wat deur die Kommissie van die **ADV** gedoen is, mag nie skade kry nie. Dit moet voortgesit word. Die voorgestelde Komitee vir Diakonaat moet toesien dat hierdie dienswerk sinvol en koste-effektief gedoen word. Daar moet veral gefokus word op dienslewering aan ringe en gemeentes. Diakens en lidmate moet op rings- of streeksvlak die geleentheid kry om seminare en toerustingsgeleenthede by te woon om sodoende toegerus te word vir hulle dienswerk in die Kerk en die wêreld. Barmhartigheidswerk en die versorging van mense in nood kom juis in gemeentes tereg.
2. Op sinodale vlak moet ook voortgegaan word om die onderskeie **NWO's** ten beste te ondersteun, en ook nouer samewerking tussen die **NWO's** onderling te fasiliteer. Die funksionaliteit en bekostigbaarheid van die **NWO's** vra deurlopende beplanning en herbelyning.
3. Diens van barmhartigheid en diakonaat is 'n integrale deel van ons kerkwees. Wanneer ons missionaal leef deur ons geloof in Jesus Christus met Woord en lied te vier, aan mense diensbaar te wees, in gemeenskap met God en met mekaar te leef en te getuig van God se genade, is ons besig om die barmhartigheid van God aan alle mense te betoon.
4. Diakens se deelname aan die AKV en Kommissie van die AKV behoort die Kerk se barmhartigheidswerk meer in die kerklike kollig te plaas. Dit moet die uitdruklike doel van strukturele wysigings aan die Kerkorde en die manier van kerklike bediening wees. Barmhartigheid is deel van die kern van kerkwees, en moet in die hart van die Kerk se roeping en werksaamhede staan. Dit sal die Kerk ook in staat stel om uit een mond oor barmhartigheid te praat.
5. Herstrukturering moet só plaasvind dat groter sinergie en samehorigheid tussen die ampte en die werk van die verskillende ampte bevorder word. In die gemeentelike funksionering behoort dit by te dra tot groter kontinuïteit



tussen die ampswerk van ouderlinge en diakens en die amp van die gelowige.

6. VOORGESTELDE NUWE STRUKTUUR

1. Die werk van die diakonaat word ingefaseer by die AKV. Gevolglik moet Ordereëls 4 en 9 gewysig word om verwysings na die [ADV](#) uit te haal. Verder word die werkopdrag van die [ADV](#) geïnkorporeer in die werkopdrag van die Kommissie van die AKV.
2. Die werkopdrag van die [ADV](#) word opgeneem deur die AKV, en die Kommissie van die AKV benoem 'n *Komitee vir Diakonaat* om die opdrag uit te voer en te organiseer.
3. Die samestelling van die Kommissie van die AKV word gewysig om sewe ouderlinge en twee diakens in te sluit.
4. Die Komitee vir Diakonaat word soos volg saamgestel:
 - * Die twee verkose diakens van die Kommissie van die AKV.
 - * Een predikantslid van die Kommissie van die AKV.
 - * Die sekretaris: Diakonaat (voorheen sekretaris van die [ADV](#)).
 - * Die Kommissie van die AKV kan hoogstens drie verdere persone benoem vir die Komitee vir Diakonaat. Die persone wat aangewys word om op hierdie komitee te dien, moet die beste persone wees om uitvoering te gee aan die opdrag van die komitee.
 - * Die komitee kan verteenwoordigers van die [NWO's](#) en ander lede met adviserende stem koöpteer.
5. Die Kommissie van die AKV delegeer spesifieke sake met betrekking tot barmhartigheidswerk en sinodale diakonale fondse aan die Komitee vir Diakonaat, met afhandelingsbevoegdheid.
6. Die Komitee vir Diakonaat doen verslag aan en maak aanbevelings aan die Kommissie van die AKV.
7. Die Kommissie van die AKV benoem lede van die Komitee vir Diakonaat en ander persone in hulle persoonlike hoedanigheid as lede van die volgende maatskappye sonder winsbejag:
 - * Die Kinderhuise van die NHKA.
 - * Rata Maatskaplike Dienste.
 - * Plesion.

Die diens as lede van die maatskappye word verder gereël deur die Aktes van Oprigting van die onderskeie maatskappye.



7. KERKORDELIKE WYSIGINGS

7.1 WYSIGING VAN ORDEREËLS 4.5 EN 9.2

Ordereël 4.5 word gewysig deur punt (iii) wat tans na die **ADV** verwys, uit te laat. Die Ordereël sal dan soos volg lees:

- 4.5 Bykomende vergaderings wat deur afgevaardigdes van die ampte gevorm word, is die
- (i) Ringsvergadering
 - (ii) Algemene Kerkvergadering

Dienooreenkomstig word die verwysing na die **ADV** ook uitgelaat by Ordereël 9.2 (v) sodat die Ordereël soos volg sal lees:

- 9.2 Toesig berus by die
- (i) Gemeentevergadering
 - (ii) Kerkraadsvergadering
 - (iii) Ringsvergadering
 - (iv) Algemene Kerkvergadering
 - (v) Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

7.2 WYSIGING VAN ORDINANSIES 4.7 TOT 4.10 WAT DIE SAMESTELLING EN OPDRAG VAN DIE **ADV** OMSKRYF

KOMITEE VIR DIAKONAAT

Die Komitee vir Diakonaat is 'n komitee van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat in opdrag van die Kommissie van die Algemene Vergadering die kollektiewe barmhartigheidswerk van die Kerk koördineer.

Ordinansie 4.7.1 word gewysig om soos volg te lees:

SAMESTELLING

Die Komitee vir Diakonaat word soos volg deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering saamgestel uit

- (i) Twee diakens, verkieslik diakens wat op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dien
- (ii) Een predikantslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
- (iii) Die Sekretaris: Diakonaat
- (iv) Hoogstens drie ander lede benoem deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering



- (v) Die Komitee kan verteenwoordigers van die NWO's en ander lede koöpteer met adviserende stem

Ordinansie 4.7.2 word gewysig om soos volg te lees:

WERKOPDRAG

Die Komitee vir Diakonaat

- (i) onderneem studiewerk en besin oor barmhartigheidsdiens
- (ii) beplan en bevorder die barmhartigheidswerk in en deur die Kerk
- (iii) adviseer die Algemene Kerkvergadering, ringsvergaderings en enige ander vergadering van die ampte of liggame oor barmhartigheidswerk, gee riglyne vir die bevordering van barmhartigheidswerk en rus ringe, gemeentes en gelowiges daarvoor toe
- (iv) benoem werkgroepe en subkomitees om spesifieke take te verrig
- (v) skakel, waar nodig, met owerheidsliggame oor barmhartigheidswerk
- (vi) behandel die verslae van die onderskeie organisasies sonder winsoogmerk by wie die Kerk betrokke is
- (vii) neem kennis van die behoeftes van die organisasies sonder winsoogmerk wat hulp van die Kerk versoek en maak voorstelle aan kerklike liggame oor bydraes vir die diens van barmhartigheid of oor ander maniere waarop die Kerk bystand kan verleen
- (viii) neem in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluite oor sinodale diakonale fondse
- (ix) doen deurlopend verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Ordinansies 4.7.3, 4.8, 4.9 en 4.10 word in geheel geskrap. Enkele punte daaruit is reeds by die voorstel ter wysiging van Ordinansie 4.7 opgeneem.

7.3

WYSIGING VAN ORDINANSIES VAN DIE KERKORDE TEN EINDE 'N VERANDERDE STRUKTUUR VIR DIE DIAKONAAT OP SINODALE VLAK MOONTLIK TE MAAK

Ordinansie 4.2.1 (f) word gewysig om soos volg te lees:

'n verteenwoordiger van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging met spreekreg.

Ordinansie 4.2.1 word gewysig deur paragraaf (g) by te voeg:

- (g) 'n verteenwoordiger van die Komitee vir Diakonaat met spreekreg

Ordinansie 4.2.2 (xxviii) word gewysig om soos volg te lees:

behandel die mededelings van die Komitee vir Diakonaat



Ordinansie 4.2.2 (xxxi) word gewysig om soos volg te lees:

vaardig persone af na toerustingsgeleenthede wat deur die Komitee vir Diakonaat gereël word

Ordinansie 4.2.2 (xxxii) word gewysig om soos volg te lees:

doen verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor barmhartigheidsdiens in die ring

Ordinansie 4.2.2 (xxxiii) word gewysig om soos volg te lees:

skakel, waar nodig, met owerheidsliggame oor barmhartigheidswerk, in oorleg met die Komitee vir Diakonaat

Ordinansie 4.2.3 (xix) word gewysig om soos volg te lees:

reël watter afgevaardigde uit die ring 'n memorandum, studiestuk, voorstel, versoekskrif of beskrywingspunt wat vir deursending aanvaar is, tydens die Algemene Kerkvergadering sal toelig en motiveer

Ordinansie 4.4.2 word gewysig om soos volg te lees:

Emeriti, beroepafwagtende predikante en proponente, en lede van die Raad vir Kerkregtelike Advies, almal met spreekreg.

Ordinansie 4.4.4 (iii) (d) word geskrap.**Ordinansie 4.4.4 (vii) (b) word gewysig om soos volg te lees:**

uit die aanwesige kerkraadslede

- * nege lede, waarvan sewe ouderlinge en twee diakens moet wees
- * nege sekundi, waarvan sewe ouderlinge en twee diakens moet wees, wat om die beurt gebruik kan word

Ordinansie 4.4.4 (xvii) word geskrap.**Ordinansie 4.6.1 (iv) kan gewysig word om soos volg te lees:**

Die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

Ordinansie 4.6.1 (v) word bygevoeg om soos volg te lees (en die verdere nommers skuif elk een aan):

Die sekretaris vir diakonaat met spreekreg.

Ordinansie 4.6.2 (viii) word gewysig om soos volg te lees:

gee leiding aan en hou opsig en toesig oor ringsvergaderings, rade, komitees en werkgroepe

Ordinansie 4.6.2 (xvi) word gewysig om soos volg te lees:

benoem 'n Proponentseksamenkommissie in oorleg met die Kuratorium, een lid



van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir die Raad van Finansies, en benoem 'n Komitee vir Diakonaat

Ordinansie 4.6.2 (xxii) word gewysig om soos volg te lees:

benoem persone wat in persoonlike hoedanigheid as lede van die maatskappye sonder winsoogmerk by wie die Kerk betrokke is, dien

Ordinansie 8.1.1.3 word gewysig om soos volg te lees:

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hou opsig oor predikante, die lede van vergaderings van ampte op ringsvlak, en lede van rade en komitees van die Algemene Kerkvergadering.

Ordinansie 8.1.3.6 word gewysig om soos volg te lees:

'n Beswaarskrif teen lede van rade en komitees van die Algemene Kerkvergadering, en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingedien en afgehandel.

Ordinansie 8.3 (iii) word gewysig om soos volg te lees:

die Tugkomitee oor predikante, lede van vergaderings van die ampte in die ring, lede van vergaderings van die rade van die Algemene Kerkvergadering en lede van die rade en komitees van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Ordinansie 8.9.3 word gewysig om soos volg te lees:

'n Predikant, lede van vergaderings van die ampte van 'n ring, vergaderings van rade van die Algemene Kerkvergadering of lede van rade of komitees van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat deur die Tugkomitee skuldig bevind is, kan 'n beroep op die Sekonduskommissie van die Algemene Kerkvergadering doen om die bevinding van die Tugkomitee te heroorweeg.

Ordinansie 9.1.1.5 word geskrap.

Ordinansie 9.1.1.6 word gewysig om soos volg te lees:

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ten opsigte van sinodale belange en kollektiewe barmhartigheidswerk indien die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie.

Ordinansie 9.2.1.1 (v) word gewysig om soos volg te lees:

adviseer, indien nodig, kerkraadsvergaderings, ringsvergaderings, die Komitee vir Diakonaat, die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging en die Algemene Kerkvergadering oor finansiële aangeleenthede.

7.4

VERWYDERING VAN DOKUMENTE EN AKTES BY DIE KERKORDE

Die volgende dokument kan verwyder word vanuit die Kerkorde:

- * Geloofsbrief Algemene Diakensvergadering.



7.5 **AANVAARDING VAN HIERDIE DOKUMENT AS BESLUIT VAN DIE AKV**

Deur die aanvaarding van hierdie dokument besluit die AKV dat die beginsels hierin uiteengesit die grondslag vorm vir die funksionering van die diakonaat in kerklike verband.



Afdeling Kerklike Kommunikasie



BYAFK

KERKLIKE KOMMUNIKASIE

(Opgestel deur mev Francis Nel)

TABEL 44: Inventaris en spektrum van kommunikasiekanale, wie dit monitor en die teikengehore

INVENTARIS EN SPEKTRUM VAN KOMMUNIKASIEKANALE, WIE DIT MONITOR EN DIE TEIKENGEHORE			
SOSIALE PLATFORMS	WIE MONITOR DIT	TEIKENGEHORE	SKAKELS
LinkedIn	Joernalis	Ander gemeentes, kerke en kollegas (slegs verhoudings onderhou en meer professionele platform)	https://www.linkedin.com/company/104715214/admin/dashboard/
Instagram	Joernalis	Jonger mense	https://www.instagram.com/nhka/
Facebook	Die hele span	Ouer mense	https://www.facebook.com/Hervormde.Kerk/
YouTube	Die hele span	Alle groepe	https://www.youtube.com/@nederduitschervormdekerkv7855/featured
Webblad (artikels skryf, redigeer, plaas en herlei na sosiale media)	Die hele span	Alle groepe	https://www.nhka.org/
Potgooi – tans word dit getoets op ons gewone sosiale media, maar in die toekoms sal dit op Spotify geplaas word	Joernalis	Alle groepe	
Twitter (X) (toekomstige oorweging)	Op die oomblik word hierdie nie oorweeg nie as gevolg van werkslading. Ons wil dit wel in die toekoms ondersoek.		

Al die bogenoemde platforms is reeds 100% belyn met die korporatiewe identiteit van die Kerk, en dit is slegs Afdeling Kerklike Kommunikasie wat plasings daarop kan doen (behalwe X, wat ons tans glad nie gebruik nie).

TABEL 45: Wie is verantwoordelik vir digitale en gedrukte media, en teikengehore

DIGITALE EN GEDRUKTE MEDIA	WIE IS VERANTWOORDELIK	TEIKENGEHORE
Webblad onderhoud en ander plasings op die webblad	Webmeester en Grafiese personeel	Alle groepe
Lokflitse (insluitend <i>Blitspos</i> , omsendskrywes en ander)	Grafiese personeel en taalversorger	
Blitspos	Grafiese personeel en taalversorger	Alle groepe
Digitale advertensies binne in <i>Blitspos</i> vir <i>HTK</i> en adverteerders	Grafiese personeel en taalversorger	<i>HTK</i> en adverteerders
<i>Die Hervormer</i>	Grafiese personeel en taalversorger	Alle groepe
<i>Die Almanak</i> en <i>Bybelse Dagboek</i>	Grafiese personeel en taalversorger	Alle groepe



THT (meestal digitaal, soms digitaal én in gedrukte formaat)	Grafiese personeel en taalversorger	Alle groepe
NHKA Kalender	Grafiese personeel en taalversorger	Gemeentes
Werk vir gemeentes (grafiese hulpverlening)	Grafiese personeel	Gemeentes
Alle gemeenteboeke soos gebruik in die boekwinkel (digitaal of gedruk)	Grafiese personeel en taalversorger	Gemeentes
Gemeenteborde met korporatiewe identiteit	Grafiese personeel	Gemeentes
Ander publikasies en ontwerpe vir komitees, instansies, gemeentes en persone of rondom feesgeleenthede en konferensies (byvoorbeeld Kerkwees 200, ADV , Kinderhuise, Rata, SGB , SP Engelbrechtmuseum, NHSV , Werkgemeenskap vir Historiese Teologie)	Grafiese personeel en taalversorger	Alle groepe
Alle grafiese publikasies in verband met die AKV (voorblaaie, oorkondes, programme, ensovoorts)	Grafiese personeel en taalversorger	Alle groepe
Alle hulp en grafiese elemente in verband met korporatiewe identiteit vir die sinodale kantoor (briefhoofde, voorblaaie, beleide, vorms, sertifikate, info-grafika, ikone)	Grafiese personeel	Alle groepe

1. WAT IS ONS KOMMUNIKASIEDOELWITTE?

Om gereelde publikasies en produkte volgens die Kerk se korporatiewe identiteit te vestig, tydig te skep of beskikbaar te stel, om op verskeie platforms te kommunikeer, en mense te inspireer en te ondersteun met geestelike vorming. Dit sluit die kerk, die wêreld en die media in.

2. WAT IS DIE WERK VAN DIE AFDELING?

Die afdeling Kerklike Kommunikasie is verantwoordelik vir die ontwikkeling en verspreiding van publikasies en produkte wat die Kerk se korporatiewe identiteit weerspieël. Ons werk strek oor verskeie platforms en het ten doel om die kerk, die wêreld en die media te bereik met inhoud wat geestelike vorming bevorder, inspireer en ondersteun.

3. SAMESTELLING

Die afdeling bestaan uit drie voltydse personeellede en 'n joernalis wat op kontrak vir drie jaar aangestel is.

3.1 MEV FRANCIS NEL (AFDELINGSHOOF, WEBMEESTER EN GRAFIESE ONTWERPER), VERANTWOORDELIK VIR

- * Webbladonderhoud en ander plasings op die webblad.
- * Ander Lokflitse.
- * Digitale advertensies vir *Blitspos*.
- * *Die Almanak* en *Bybelse Dagboek*.
- * [THT](#).
- * NHKA Kalender.
- * Werk vir gemeentes (grafiese hulpverlening).
- * Gemeenteborde met korporatiewe identiteit.
- * Ander publikasies en ontwerpe vir komitees, instansies, gemeentes en persone, of rondom feesgeleenthede en konferensies (byvoorbeeld Kerkwees 200, [ADV](#), Kinderhuise, Rata, [SGB](#), SP Engelbrechtmuseum, [NHSV](#), Werkgemeenskap vir Historiese Teologie).



- * Alle grafiese publikasies in verband met die AKV (voorblaai, oorkondes, programme, ensovoorts).
- * Alle hulp en grafiese elemente in verband met korporatiewe identiteit vir die sinodale kantoor (briefhoofde, voorblaai, beleide, vorms, sertifikate, info-grafika, ikone).

3.2 **MEJ SANET DU PLESSIS (TAALVERSORGER EN PRODUKSIE-BESTUURDER), VERANTWOORDELIK VIR**

- * Alle redigering en taalversorging van teks op sosiale platforms, digitale kommunikasie en gedrukte media.
- * Die produksieskedule van produkte soos *Blitspos*, *Die Hervormer* en *Die Almanak* en *Bybelse Dagboek*.
- * Om vergaderings van redaksies tydig te reël, agendas en notules saam te stel ten einde produksieskedules te beplan en in stand te hou.

3.3 **MNR HUGO VAN NIEKERK (GRAFIESE ONTWERPER), VERANTWOORDELIK VIR**

- * Webbladplasinge wat herlei na sosiale media.
- * Lokflitse van *Blitspos* en *Die Hervormer*, asook ander soos nodig.
- * *Blitspos*.
- * *Die Hervormer*.

3.4 **DS I HARTMANN (JOERNALIS – KONTRAKAANSTELLING VIR DRIE JAAR), VERANTWOORDELIK OM**

- * Inligting, artikels en media te versamel en te skep vir die gebruik in kerklike publikasies:
 - ** *Blitspos*.
 - ** *Die Hervormer*.
 - ** Webblad.
- * Inligting, artikels en media te versamel (foto's, klankopnames en video) en te skep vir plasing op sosiale media soos:
 - ** LinkedIn.
 - ** Instagram.
 - ** Facebook.
 - ** YouTube.
 - ** Potgooie (Spotify in die toekoms).
- * Die openbare beeld van die Kerk na te vors en ook positief te beïnvloed deur goeie verhoudings met gemeentes, ampsdraers, kerklike vennote en ook die media.

4. **DIE UITGAWES VERBONDE AAN KOMMUNIKASIE IS NODIG VIR**

4.1 **OPLEIDING**

- * Vir professionele ontwikkeling en belyning met ons doelwit, insluitend om ons nuwe pos van joernalis te ondersteun en te ontwikkel.
- * Om vaardighede te ontwikkel om inhoud te skep wat geestelik voedend, relevant en professioneel is.



4.2 TOERUSTING

- * Moderne toerusting verhoog produktiwiteit en kwaliteit, en maak dit moontlik om tydig op ons verskeie platforms te kommunikeer om ons doel te bereik. Beter toerusting stel ons in staat om inhoud aan te pas vir multiplatform-kommunikasie – drukwerk, web, sosiale media en video.
- * Tegnologie verbreed die reikwydte en relevansie van ons produkte en publikasies, en versterk die Kerk se stem in die openbare domein.

4.3 SPANWERK

Al ons personeellede kan mekaar aanvul en ondersteun, en dit lei tot 'n meer volhoubare werkslading. Dit bou ook 'n kultuur van samewerking, kreatiwiteit en roeping.

5. DIE KOMITEE VIR KERKLIKE KOMMUNIKASIE ADVISEER DIE KOMMISSIE VAN DIE AKV EN HOU TOESIG OOR DIE KERK SE PUBLIKASIES EN KOMMUNIKASIE, INSLUITEND DIE AFDELING KERKLIKE KOMMUNIKASIE

Die Komitee bestaan uit hoofde van die volgende strukture, redaksies, komitees en instansies vir die effektiewe uitvoering van sy taak:

- * Afdeling Kerklike Kommunikasie.
- * Redaksie: *Die Hervormer* (amptelike mondstuk van die Kerk).
- * Redaksie: *Almanak* (Jaarboek van die Kerk).
- * Redaksie: *Bybelse Dagboek* (daaglikse Woordbediening aan die Kerk).
- * Redaksie: [THT](#).
- * Die webmeester van die Webblad (die Kerk op die web).
- * Eindredaksie: Opstel en hersiening van kategeeseboeke.
- * Kantoor van die Kommissie van die AKV.
- * 'n Lid van die Bestuurskomitee.
- * Die produksiebestuurder van Kerklike Kommunikasie.





BSA

BYE

BSA

(Opgestel deur dr GC Lindeque)

Jesus het nog baie ander tekens voor sy dissipels gedoen wat nie in hierdie boekrol geskryf staan nie. Hierdie dinge is egter neergeskryf sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo, die lewe in sy Naam kan hê (Johannes 20: 30 en 31 - 2020-vertaling).

1. INLEIDING

Jesus Christus is die ware Woord van God. Die Bybel, gebruik onder leiding van die Gees en met die hulp van opgeleide leraars, bring ons by Jesus Christus uit. Ons moet dus nooit die waarde en impak van die Bybel in verskillende formate – gedruk, oudio en digitaal – onderskat nie. Die Bybel is die instrument waardeur God mense tot geloof bring om uiteindelik deur geloof in Jesus Christus, deel aan die lewe te kan hê. Deur al die eeue heen is hierdie wonderlike boodskap oorgelewer en gaan dit nog steeds voort. Daarom is die vennootskap tussen die Kerk en die [BSA](#) kosbaar en baie belangrik.

Die NHKA is een van die 30 lidkerke van die [BSA](#). Die Kerk word by die [BSA](#) verteenwoordig in die Algemene Jaarvergadering en die vyf streekkomitees. Gedurende die verslagtyd was dr GC Lindeque (voltyds), ds CJ Bezuidenhout (deelyds) en ds D Barnard (deelyds) in diens by die [BSA](#).

2. DIE BYBEL IN AFRIKAANS 90 JAAR

Duisende Suid-Afrikaners het in 2023 die 90ste herdenking van die eerste Bybelvertaling in Afrikaans gevier. Hierdie geskiedkundige geleentheid is regoor die land deur Afrikaanse kerke, kultuurorganisasies en individue herdenk. Dié nuus het ook in die media wyd opslae gemaak. Koerante, aanlynpublikasies, radiostasies en sosiale media artikels het met groot nostalgie teruggekyk na hoe die 1933 Afrikaanse Bybel uiteindelik die lig gesien het. Daar is ook met nuwe waardering gekyk na die rol wat dié Bybelvertaling gespeel het in die amptelike totstandkoming van Afrikaans as 'n volwaardige taal. Die amptelike feesgeleentheid, wat die Bybelgenootskap in samewerking met die [FAK](#) en die Voortrekkermonument aangebied het, het die vorm van 'n Dankfees by die monument aangeneem. Die Dankfees is op Sondag, 27 Augustus 2023 gehou, presies 90 jaar na die amptelike bekendstelling van die Afrikaanse Bybel 1933-vertaling wat ook op 'n Sondag geval het. Verskeie gemeentes in die Kerk het die geleentheid gevier en gebruik gemaak van die liturgiese voorstelle en feeslied wat deur die Bybelgenootskap voorsien is.

3. WERKSAAMHEDE VAN DIE BYBELGENOOTSAP

Die volgende hoogtepunte in die verslagtydperk kan vermeld word:

3.1 BYBELVERTALING

3.1.1 AFRIKAANSE BYBELS

As deel van die [BSA](#) se betrokkenheid by die viering van die amptelike erkenning van Afrikaans as taal, is daar twee spesiale Afrikaanse uitgawes beskikbaar gestel:



3.1.1.1 ABA

Die Bybel vir Dowes wat vir die eerste keer in 2007 uitgegee is, was so gewild dat dit in 2008 as die Afrikaanse Bybel vir Almal weer uitgegee is. Die oplaag het heeltemal uitverkoop. Daarom is daar besluit om die ABA in 2025 weer uit te gee in 'n nuwe omslag. Hierdie Bybel in goeie, verstaanbare Afrikaans is uiters geskik vir jongmense en veral vir gebruik tydens huisgodsdiens.

3.1.1.2 Gedenkuitgawe van die 1933 – vertaling

Hierdie was die oorspronklike vertaling van die Bybel in Afrikaans. Dit word in 2025 weer uitgegee in 'n gedenkuitgawe wat dit vir die huidige geslag moontlik maak om te deel in die opgewondenheid wat daar was toe hierdie Bybel vir die eerste keer in Suid-Afrika aangekom het. Dit moet nie verwar word met die latere geredigeerde vertaling wat in 1953 verskyn het nie. Laasgenoemde is wel nou ook in 'n hersiene weergawe in digitale formaat beskikbaar.

3.1.2 ANDER VERTALINGS

Gedurende die verslagtydperk was die BSA bevoorreg om voort te kon gaan met verskillende Bybelvertalings- en hersieningsprojekte, naamlik

- * !Xuhn Bybelvertalingsprojek.
- * Khwedam Bybelvertalingsprojek.
- * Khelovedu Bybelvertalingsprojek.
- * TjiHlanganu Bybelvertalingsprojek.
- * Hersiening van vyf gepubliseerde Bybels.

Die hersienings van die Tshivenda 1936 Bybel, Sepedi 1951 Bybel, Setswana 1970 Bybel, Sesotho 1989 Bybel, isiXhosa 1996 Bybel en isiNdebele 2012 Bybel is steeds aan die gang. Die hersieningswerk van die Sesotho 1989 Bybel en isiXhosa 1996 Bybel sal waarskynlik in 2026 afgehandel word.

3.2 BYBELPRODUKSIE

Volledige Bybels beskikbaar gestel:

TABEL 46: Volledige Bybels beskikbaar

	2022	2023	2024
Digitale Bybels	936 531	1 238 973	1 563 113
Gedruk en ander formate	403 359	352 622	351 833

Daar is 'n duidelik verskuiwing na die Bybel in digitale formaat te bespeur. Dit bly steeds 'n groot voorreg vir die Kerk en elke lidmaat om deel te kan wees van hierdie groter prentjie.

3.3 MISSIONALE BYBELVERSPREIDING

Die Bybelgenootskap is deel van die Kerk se missionale betrokkenheid in die samelewing. Dit is duidelik dat hierdie aspek 'n groter rol sal speel in die toekoms. Gemeentes word aangemoedig om in vennootskap met die BSA projekte aan te pak met die oog op die verspreiding van die Bybel aan mense wat nie 'n eie Bybel kan bekostig nie, gehoor- en gesiggestremde persone, gevangenes, ongeletterdes en graad 7-leerders.



Gemeentes word aangemoedig om Bybels by die [BSA](#) aan te koop en te versprei onder diegene wat nie Bybels het nie. Vir hulp om Bybels te bestel en tot 30% afslag te kry, stuur 'n epos na malan@biblesociety.co.za.

Die Wiele van Hoop-projek is 'n goeie voorbeeld van hoe gemeentes kan saamwerk om 'n verskil te maak deur Bybelverspreiding. Dit is 'n gesamentlike projek van Gemeentes Rooihuiskraal, Midstream Familiekerk, Makarios en NG Eldoraigne. Die doel van die projek is om jaarliks 'n aantal Bybels en Bybelmateriaal saam met skryfbehoeftes by skole te versprei.

3.4 BYBELBETROKKENHEID

Bybels kan gratis elektronies afgelaai en versprei word. Besoek die toep-winkel op 'n selfoon (byvoorbeeld Google Play/Apple App Store). Tik *Bible Society of South Africa* in die soekblok. Kies enige van die beskikbare Bybel-toeps met die Saaier op en installeer dit. Registreer en maak die toep oop om die Bybel te kan lees. Daar is 'n spesifieke toep waarop die Bybels in oudio-formaat beskikbaar is, sowel as 'n toep met Bybelverhale vir kinders.

3.5 ALGEMEEN

Ds Rodney van Wyk is in 2023 aangestel as die uitvoerende hoof van die [BSA](#).

By die [BSA](#) se Algemene Jaarvergadering in Maart 2024 is daar goedkeuring gegee vir 'n tweede fase van herstrukturering. Na verskeie konsultasies en voorleggings het die Raad van Direkteure van die [BSA](#) 'n aansienlik verkleinde struktuur aanvaar. Die implikasie was dat dr Lindeque weer verantwoordelikheid moes aanvaar namens die [BSA](#) vir die bediening van die gemeentes van die NHKA in die Noordelike Streek. Die twee ambassadeurs, naamlik di Barnard en Bezuidenhout se poste het verval en hulle kon aansoek doen vir die beskikbare poste van kerklike organiseerders. Ds Barnard het egter besluit om nie aansoek te doen nie en ds Bezuidenhout is heraangestel.

4. BYDRAES VANUIT DIE NHKA

4.1 BYDRAES

TABEL 47: [BSA](#): Bydraes uit die NHKA

JAAR	2022	2023	2024
TOTAAL	R 1 867 180	R 1 912 086	R 1 943 037
GEM/LIDMAAT	R 32.14	R 33.56	R 36.37

Onder leiding van di Barnard en Bezuidenhout het die bydraes uit die NHKA gedurende die verslagtyd gestyg. Die NHKA is nou die kerk wat die derde meeste bydra van al die 30 lidkerke.

4.2 BYBELSONDAG

Gemeentes betaal ten minste een Sondag per jaar se deurkollekte aan die [BSA](#) oor. Die datum van hierdie deurkollekte word jaarliks deur die Kommissie van die AKV in oorleg met ander instansies in die Kerk bepaal, en betyds aan gemeentes deurgegee met die oog op die opstel van gemeentes se jaarprogramme en begrotings.



4.3 JAARLIKSE BYDRAES

Gemeentes is versoek om jaarliks te begroot vir 'n bedrag wat die BSA benodig om Bybels bekostigbaar beskikbaar te stel. Die bedrag word verkieslik maandeliks voor 31 Oktober elke jaar direk aan die BSA oorbetaal. Die bedrag van R60 per lidmaat per jaar het gedurende die verslagtyd as die riglyn vir bydraes gegeld.

Om gemeentes te help om by die jaarlikse bydrae uit te kom, kan gemeentes van die BSA se gratis hulpmiddels gebruik maak. Gemeentes wat hierdie hulpmiddels vroegtydig uitdeel en met Bybel-Sondag insamel, gebruik dit toenemend met groot vrug. Ander gemeentes het weer deur middel van 'n Bybelstap of 'n projek by 'n skool hulle bydrae ingesamel.

5. FINANSIES VAN DIE BSA

5.1 INKOMSTE

TABEL 48: BSA inkomste

2022	2023	2024
R 105 575 661	R114 615 109	R 112 302 127

5.2 UITGAWES

TABEL 49: BSA uitgawes

2022	2023	2024
R 120 770 381	R102 728 487	R 98 538 736

Bogenoemde syfers dui daarop dat die omkeerstrategie van die BSA effektief was. Uitgawes aan personeelkoste het aansienlik afgeneem. Gemeentes kan gerus wees dat hulle bydraes met verantwoordelikheid aangewend word vir die visie van die Bybelgenootskap, naamlik om die Bybel so bekostigbaar as moontlik vir almal in hulle moedertaal beskikbaar te stel.

6. AANBEVELINGS

1. Daar word met waardering kennis geneem van die werk van die BSA en die BSA word opnuut verseker van die Kerk se voorbidding en ondersteuning.
2. Dank word uitgespreek teenoor alle gemeentes, sakeondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.
3. Die vergadering wens ds Rodney van Wyk geluk met sy aanstelling as uitvoerende hoof van die BSA.
4. Di D Barnard en CJ Bezuidenhout word bedank vir hulle werk as ambassadeurs namens die Kerk by die BSA.
5. Die vergadering betuig dank en waardering teenoor almal wat namens die NHKA in die Algemene Jaarvergadering en Streekkomitees van die BSA dien.
6. Gemeentes word versoek om ten minste een Sondag per jaar se deurkollekte aan die BSA oor te betaal.
7. Kerkrade word versoek om steeds jaarliks te begroot vir 'n bedrag wat die BSA benodig om Bybels bekostigbaar beskikbaar te stel. Die bedrag word



verkieslik maandeliks voor 31 Oktober elke jaar direk aan die BSA oorbetaal. Vir die komende jaar word die bedrag van R60.00 per lidmaat steeds as riglyn gebruik.

8. Kerkrade word versoek om Bybels by die BSA aan te koop en te versprei onder diegene wat nie Bybels het nie.
9. Kerkrade word versoek om die inligting rakende Bybels wat elektronies gratis beskikbaar is, in gemeentes bekend te stel.

7. SLOT

Die Bybel is deel van baie Suid-Afrikaners se erfenis. Die BSA stel reeds vir meer as 200 jaar die Bybel aan die mense van ons land in hulle moedertale beskikbaar. Die BSA se tema vir die 2025, **My Bybel, my erfenis**, beklemtoon die noue verbintenis tussen taal, kultuur, geskiedenis en die voorreg van elke individu om toegang tot die Bybel in sy of haar moedertaal te hê. Die BSA is daartoe verbind om die visie te verwesentlik deur Bybelvertaling, digitale transformasie en baanbrekerswerk om mense op nuwe en innoverende maniere met God se kragtige Woord te bereik.

Baie dankie vir die voorreg wat my te beurt geval het om die Here vir die laaste nege jaar van my voltydse bediening in die Kerk, deur die werksaamhede van die BSA te kon dien.

Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi. (Psalm 16:6)



Dosentevergadering

Genadedood



BYE
FA
E
W

GENADEDOD: STUDIESTUK

(Opgestel deur die Dosentevergadering)

Hierdie memorandum voldoen aan die versoek van die 73ste AKV aan die Hervormde Dosentevergadering om 'n uitgebreide studiestuk oor genadedood voor te berei. Die volgende perspektiewe is in hierdie verslag ingesluit: Historiese, fenomenologiese, Ou Testamentiese en homiletiese perspektiewe. Aangesien verskeie persone aan die studiestuk meegewerk het, kan dit wees dat daar moontlike ooreenstemminge en stylverskille voorkom.

1. INLEIDING (prof J Beyers)

Die dood is 'n onvermydelike, natuurlike en nimmereindigende proses. Al is die dood 'n natuurlike proses, kan dit wees dat sommige mense onder sekere omstandighede die dood aktief soek. Hoe oordeel 'n samelewing oor die wens vir die dood? Is eutanase aanvaarbaar en onder watter omstandighede is dit aanvaarbaar? Hierdie bydrae wil die vraag toelig vanuit verskeie perspektiewe.

Die woord *eutanase* is die histories gekondoneerde term wat vir genadedood of bystanddood gebruik word. Die oorsprong van die woord *eutanase* is van Grieks: *eu* – goed, *thanatos* – dood. Die woord is vir die eerste keer deur die geskiedskrywer Suetonius gebruik toe hy oor die afsterwe van keiser Augustus gesê het dat hy 'n goeie dood gesterf het, bedoelende 'n gemaklike, natuurlike dood (Wardle 2007: 446). Vanaf die 17e eeu word die woord *eutanase* gebruik om na 'n sagte en maklike dood te verwys. Dit kan dus na 'n natuurlike dood sonder pyn en lyding verwys. Vanaf 1869 verwys die term *eutanase* na die aktiwiteit om dood aan te bring uit medelye met die lyding wat iemand verduur: *legally sanctioned mercy killing* (<https://www.vocabulary.com/dictionary/euthanasia>). *Eutanase* verwys dus na die genadige beëindiging van lewe om pyn en lyding te beëindig.

Verskeie publikasies oor eutanase het die afgelope paar dekades die lig gesien³.

Hierdie bydrae bied 'n kursoriese oorsig oor die debat asook 'n Bybelse perspektief op eutanase, en sluit dan af met filosofiese oorwegings as rigtingwysers vir die debat vorentoe. Hier word gefokus op teologiese, etiese en regspektiewe. Die sosiale en kulturele asook perspektiewe van ander godsdienste word nie hier aangespreek nie, alhoewel dit interessante perspektiewe kan bied.

2. KONSEPTE EN DEFINISIES

Daar is reeds na die etimologiese oorsprong van die term *eutanase* verwys. Die volgende terme val binne dieselfde semantiese domein as eutanase: *Bystanddood*, *genadedood* (met variant geassisteerde selfdood), en *selfdood*,

³ Temas wat deur die verskeie publikasies aangespreek word, kan in verskeie kategorieë ingedeel word: Definisies (Keown 2002; Somerville 2014; Healey 2014), etiese oorwegings (Keown 2002; Paterson 2008; Somerville 2014; Sullivan 2004), wetlike perspektiewe (Keown 2002; Jackson & Keown 2012; Biggs 2001), historiese oorsig oor die debatvoering (Gorsuch & Gorsuch 2006), kontekstuele perspektiewe (byvoorbeeld Nederland (Griffiths et al. 1998), Europa (Griffiths, Weyers & Adams 2008), Kanada (Downie 2004), Australië (Healey 2014) en die VSA (Lavi & Lavi 2007), anektodiese getuigenisse (Healey 2014), mediese perspektiewe (Williams 2007) asook veteriese perspektiewe (Morris 2012).

asook variasies in kombinasie soos byvoorbeeld *bystandselfdood* (vergelyk Van Niekerk 2017). Ter wille van konsekwentheid word die term *eutanase* hier gebruik. Keown (2002:7) wys daarop dat vele van die debatte oor eutanase tot verwarring lei as gevolg van 'n gebrek aan duidelike definisies van terme.

Dit is in vele opsigte problematies om oor eutanase en verwante terme te praat. Die definisie van wat as dood kwalifiseer, mag dalk duidelik wees, maar die roete daarheen is onduidelik. Ten spyte van die oorfloed beskrywende terme bestaan daar 'n gebrek aan woorde om behoorlik oor die manier van doodgaan te praat. Daar moet eers behoorlike taal geskep word om oor 'n saak te praat waarvoor daar gebrekkige terme bestaan.

In konsentriese bewegings moet ons eers oor die definisie van dood praat voordat die tipologie van eutanase aan die beurt kom. Dood kan gedefinieer word as die terminasie van die funksionering van enige van die drie lewensnoodsaaklike biologiese sisteme (naamlik asemhaling, sirkulasie en breinfunksie) (vergelyk Bernat 2018: 399). Hierdie kliniese en mediese definisie is uitgedaag deur nuwe mediese en tegnologiese ontwikkelinge wat die intree van dood met behulp van tegnologiese intervensies kan uitstel. Die resultaat is dat dood herdefinieer moet word.

Luper (2018:534) bied twee moontlike definisies van dood: (i) dood is die beëindiging van die prosesse wat 'n lewende wese se bestaan kontinueer. (ii) Dood is die resultaat wanneer die fisiologiese sisteem van 'n lewende wese onomkeerbaar ophou funksioneer en 'n geïntegreerde geheel nie meer bestaan nie. Bernat (2018: 403) verskaf 'n verdere moontlike definisie: Dood is die onomkeerbare beëindiging van sellulêre funksies. 'n Definisie wat moderne tegnologiese ontwikkelinge verdiskonteer, stel dat dood die verlies is aan inherente, spontane en medies geïnduseerde asemhaling en respirasie. 'n Meer resente definisie van dood is die verlies van alle verbintenisse tussen die organisme se dele, dus die verlies aan koherente eenheid van die organisme (Bernat 2018: 403). Ten spyte van die veelheid van definisies, is daar nog geen eenstemmigheid oor wat dood is nie (Bernat 2018: 408). Deels is die oorsaak van nie-eenstemmigheid die veelvuldige invalshoeke van waaruit oor dood gedink en geredeneer word. In hierdie bydrae word gekies vir 'n werkende definisie dat dood die beëindiging is van die prosesse wat 'n lewende wese se bestaan kontinueer (Luper 2018: 534). Dit maak egter geen uitspraak oor die wyse waarop lewe gediskontinueer word nie.

Wat duidelik is, is dat dood nie sonder meer intree wanneer biologiese prosesse ophou funksioneer nie. Bernat (2018: 401) verwys daarna dat dood ook intrinsiek 'n sosiale fenomeen is. Met geboorte word 'n mens deel van 'n sosiale bestel. Dood is om nie meer deel van die sosiale bestel te wees nie. Wie besluit wie mag deel wees van die sosiale bestel en wie nie? Besluit die samelewing of mag die individu? Emile Durkheim se bydrae oor selfdood (vergelyk *Suicide* 1890) beoordeel die fenomeen van die versugting na dood vanuit 'n suiwer sosiologiese perspektief. In die bespreking wat hier volg, word teologiese, filosofiese, en etiese oorwegings aangebied.

Eutanase, hetsy aktief of passief, verwys na 'n ge-wilde aksie, 'n beplande aktiwiteit wat deur 'n rasonale proses onderlê word, hoe emosioneel gemotiveerd die oorwegings ook al mag wees. Bystand tot dood kan op drie maniere plaasvind:

- * Die beskikbaarstelling en aanwending van 'n middel wat die dood aanbring (bekend as eutanase of genadedood).



- * Die voorsiening van 'n middel wat iemand self aanwend om te sterf (bystandselfdood).
- * Om lewensondersteunende middels (byvoorbeeld mediese intervensies) te onttrek of te weerhou.

Dit is belangrik om op die volgende vlakke van eutanase te let. Vir die doel van hierdie studie word die volgende terme met die volgende definisies gebruik:

- * *Vrywillige aktiewe eutanase*: Keown (2002: 9) wys daarop dat hierdie vorm van eutanase na 'n versoek van die pasiënt verwys dat lewe beëindig word. Die pasiënt gee dus toestemming tot, of versoek aksies wat tot dood sal lei. Vrywillige aktiewe eutanase is nie onwettig in Albanië, België, Switserland, Kanada, Colombië, Luxemburg en Nederland en in vyf state van die VSA (Oregon, Vermont, Washington, New Mexiko en Montana) nie (Manyathi-Jele 2015). Vrywillige passiewe eutanase is wettig oral in die VSA.
- * *Nie-vrywillige eutanase*: Met hierdie konsep sê Keown (2002: 9) word verwys na gevalle waar die pasiënt weens 'n mediese toestand nie in staat is om toestemming te gee vir die beëindiging van lewe nie, of as gevolg van 'n verstandelike toestand (byvoorbeeld babas of volwasse dementiëpasiënte) nie by magte is om toestemming te verleen nie. Aktiewe eutanase in sulke gevalle word sonder die toestemming van die pasiënt gedoen. Hierdie praktyk word wettig in sommige lande onder sekere omstandighede toegelaat. Dit neem gewoonlik verskeie vorme aan (byvoorbeeld masjiene wat 'n breindood pasiënt aan die lewe hou word afgeskakel op versoek van die familie). Die passiewe vorm is wanneer behandeling om lewe te beskerm op versoek van die familie of vriende gestaak word.
- * *Teësinne eutanase*: Hierdie vorm van eutanase verwys na die toedien van middele wat dood aanbring sonder om die pasiënt se toestemming te vra of teen die wil van die pasiënt te handel. Hierdie praktyk is onwettig in alle lande aangesien dit as moord beskou word. As voorbeeld van hierdie praktyk dien die gebeure in Nazi-Duitsland waar talle gestremde kinders en volwassenes in aanhouding gedurende die 1940's chemiese middels toegedien is om lewe te beëindig (vergelyk Bryant 2005).

Die verwarring oor eutanase kom as gevolg van die verstaan van die beëindiging van lewe. Verwys eutanase na 'n dodelike middel wat toegedien word om lewe te beëindig, of is dit die staking van behandeling wat lewe verleng? In albei gevalle mag die aksie op versoek van die pasiënt wees of op versoek van familie en vriende van die pasiënt. Vrywillig en nie-vrywillig is 'n onderskeiding vanuit die perspektief van die pasiënt wat sterf, terwyl aktief en passief die onderskeiding is vanuit die perspektief van die persoon (moontlik 'n dokter) wat 'n ander persoon bystaan om te sterf. Besware teen die beëindiging van lewe is nou verwickel met die verstaan van lewe as hoogste waarde.

3. **OU TESTAMENTIESE VERSTAAN VAN LEWE, DOOD EN LYDING (dr RC Kok-Pretorius)**

Die OT, as versameling antieke geskrifte wat hul ontstaan in die Ou Nabye Oosterse wêreld etlike duisende jare gelede het, bevat nie direkte parallelle gevalle en voorbeelde van die fenomeen van eutanase soos wat dit in die 21ste eeu voorkom nie. Die naaste geval kan afgelei word uit Rigters 9, waar Abimelek sy



wapendraer opdrag gee om hom om die lewe te bring nadat sy kopbeen deur 'n maalklip verbrysel is wat deur 'n vrou op Abimelek se kop gegooi is (Rigters 9: 54). Dit blyk dat die wapendraer optree binne die sosiale konteks van eer/skande en waarskynlik Abimelek se onvermydelike dood bespoedig (Duckett 2022: 93). 'n Soortgelyke geval word by Saul aangetref wanneer hy vir sy wapendraer vra om hom om die lewe te bring eerder as dat hy oneervol aan die hand van die Filistyne sterf (1 Samuel 31: 4). Buiten afleidings uit hierdie twee narratiewe, is direkte verbintenisse met die fenomeen van bystanddood in die OT nie volop nie. Daarom word daar in hierdie bydrae eerder gefokus op die Ou-Testamentiese verstaan van lewe, lyding en dood – begrippe wat bepalend inwerk op ons denke oor 'n kwessie soos bystanddood.

3.1 BETEKENIS VAN LEWE EN DOOD

Die paradigma waarin die OT die betekenis van die lewe interpreteer, word gevind in die geloof dat die Here (YHWH) die Een is wat betekenis aan die lewe verleen. Die lewe het betekenis solank dit in verhouding met God geleef word. Gericke (2011: 368) noem dat die skeppingsverhale in Genesis 1 en 2 die betekenis van lewe koppel aan die gedagte dat die mens na God se beeld geskep is en derhalwe moet omsien na die wêreld wat God geskep het. Die mens is dus geskep met die uitsluitlike doel om God te dien en te verheerlik, en die betekenis van menslike lewe is God-gesentreerd. Watter waarde God aan lewe koppel, bepaal die betekenis daarvan vir die mens (Gericke 2011: 368).

Dit beteken egter nie dat die OT nie worstel met die betekenis van die lewe nie. Die eerste keer waar die betekenis van die lewe eksplisiet bevraagteken word, is in die stem van Rebekka (Genesis 25: 22 en 27: 46) waar sy gekonfronteer word met lyding – eers met die pyn en lyding wat gepaardgaan met die geboorte van Jakob en Esau, en later waar Esau met Hetitiese vrouens getrou het (Gericke 2011: 370). Hieruit wil dit voorkom dat lewe betekenis het as dit vir die mens iets beteken. Later word die motief van 'n sterwenswens ook in die OT aangetref. Veral by die profete, soos Elia (1 Konings 19), Jona (Jona 4) en Jeremia (Jeremia 20) word hierdie motief aangetref. Wanneer hulle moedeloos staan in die aangesig van die lyding wat hul roeping meebring, blyk dit dat die lewe nie meer betekenis het nie. (Levinson 2021: 89).

Om die betekenis van lewe en dood in die OT na te speur, vra egter ook dat die ou Nabye Oosterse wêreldbeeld verreken moet word. Die drie verdiepingwêreldbeeld waar die hemel as boonste verdieping God se sfeer voorstel, die aarde as middelste verdieping die mens se sfeer, en die onderwêreld (*sheol*) as onderste verdieping die doderyk voorstel, het direk bepaal hoe die mense van die OT dink oor lewe en dood (Sutton 2019: 567). In die doderyk is YHWH nie teenwoordig nie, terwyl YHWH teenwoordig is in die hemel, sowel as by die ontmoetingsplek tussen hemel en aarde, te wete die Jerusalemtempel. Hierdie beskouing oor lewe en dood is veral teenwoordig in die Psalms. In die Psalmboek blyk dit dat die skrywers hulself dikwels in 'n donker ruimte bevind, of ervaringe van die doderyk het wanneer hul in gevaar of lyding beland. Lyding word in hierdie opsig gelykgestel aan die dood. Op daardie (Godverlate) plekke roep die psalmdigters keer op keer na YHWH om hulp. Soms wil dit voorkom of YHWH nie antwoord nie (vergelyk Psalm 88: 4, 6, 11 tot 13), en soms is YHWH verrassend genoeg selfs in die doderyk teenwoordig om die gelowige by te staan (vergelyk Psalm 139: 13 en 14). Volgens hierdie wêreldbeskouing is die dood oor die algemeen 'n toestand van sonder God (se teenwoordigheid) leef. Nog 'n siniese beskouing oor lewe en dood vind ons in Psalm 90: 10 wat fokus op die kortstondigheid van die lewe en die sterflikheid van die mens. Nietemin is die



algemene atmosfeer in die psalms volgens Gericke (2011: 372) dat die lewe (om in verhouding met God en in God se teenwoordigheid te leef) bewaar moet word (Psalm 34: 13). Verder meld Gericke (2011: 372) dat God beskou word as die Een wat lewe gee en onderhou, en daarom is YHWH eendelik belangriker as die lewe self (Psalm 63: 4).

In die genuanseerde verstaan van lewe en dood wat in die Psalms te vind is, blyk dit dat lewe en dood twee kante van dieselfde muntstuk is, maar dat YHWH selfs in die donker doodsheid van die lewe herskeppend besig kan wees (Sutton 2019: 574).

3.2 VERSTAAN VAN LYDING

In 3.1 is die worsteling met die betekenis van die lewe reeds gekoppel aan lyding. Dit is juis wanneer mense lyding beleef dat hulle vanuit 'n eksistensiële krisis die betekenis van die lewe begin bevraagteken omdat hulle sukkel om betekenis te konstrueer (Prinsloo 2013: 774). Lying word beskou as die *universele ervaring van die mens* (Prinsloo 2015: 777). Elke mens word op een of ander stadium in hul lewe onderwerp aan siekte, verlies, mislukking en teleurstelling. Saam met lyding, kom ook negatief-beoordeelde emosies soos woede, haat, jaloesie, rou en spyt (Gericke 2012: p5 van 6). Die gevolge en invloed van lyding op mense se lewens is verreikend. In die konteks van die OT ontstaan die teodisee-vraagstuk wat vra waarom God toelaat dat *regverdige* mense ly (Brueggemann 1985: 3)⁴. Die genre van klaagliedere in die OT gee dikwels uitdrukking aan lyding. Prinsloo (2013: 779) meld dat klaagliedere gegrond is in die antitese van lewe en dood. So kom die drie kernbegrippe van lewe, lyding en dood wat onderliggend aan bystanddood is, weer bymekaar. In wat volg, word beskryf hoe lyding in verband gebring word met lewe en dood, weer met verwysing na die Psalms.

In die Psalmboek is daar verskeie klaagliedere wat getuig van die ervaring van lyding. Lying word in die Psalms verstaan as 'n ervaring gelykstaande aan die dood. Dit bring skeiding van God en God se teenwoordigheid (Prinsloo 2013: 798). Tog kan hierdie skeiding oorkom word deur Goddelike ingrype – daarom dat die psalmdigters dikwels smee om hulp en herstel van hul verhouding met YHWH.

In die klaaglied van Psalm 13 is die paradigmatische lyding van die individu ingebed in die getrouheid van YHWH. Die שׁוֹנֵה ton van YHWH transformeer uiteindelik Psalm 13 se klaaglied na 'n loflied (Prinsloo 2013: 798). In Psalm 11, wat 'n vertrouenspsalm is, ervaar die psalmdigter 'n worsteling om die betekenis van die lewe te konstrueer. Die ervaring van onder konstante bedreiging lewe, sowel as die belewenis dat die fundamente van die samelewing, van die kosmos, vernietig word, laat die psalmdigter ver van YHWH af voel. Die skeiding van YHWH bring lyding, maar in die wêreld van die psalmdigter is daar net een oplossing op dié lyding: Om skuiling te vind by YHWH (Prinsloo 2015: 785). Hierdie skuiling en nabyheid vind die psalmdigter op religieus verbeelde (*imagined*) wyse in die tempel en in die hemel (volgens die ou Nabye Oosterse wêreldbeeld die woonplek van God). Dit stel die psalmdigter in staat om 'n nuwe realiteit te verbeel, teenoor die werklikheid waar die psalmdigter gekonfronteer word met lyding (Prinsloo 2015: 785). Uiteindelik stel dit die psalmdigter in staat om te midde van die verkrummeling van persoonlike veiligheid en gemak, die oog na YHWH te draai,

⁴ In sy artikel *Theodicy in a social dimension*, voer Brueggemann (1985:4) aan dat die teodisee-vraag in die OT minder te make het met eksistensiële vrae oor individuele lyding en meer met gemeenskaplike sosiale geregtigheid.

om vanuit die lyding (שואל) te beweeg na die teenwoordigheid van God (שמים). Prinsloo (2015: 802) sluit af:

There, in the presence of YHWH (11: 7), he arrives at-centre once again, convinced that the wicked will finally be destroyed. In the poet's imagined universe suffering is obliterated in the presence of YHWH.

Hoewel lyding nie soseer opgelos word of verdwyn nie, vind die Psalms dit moontlik om te midde van lyding krag te put uit YHWH se teenwoordigheid.

Bogenoemde stel die Psalms se verstaan van lyding vanuit menslike oogpunt voor. Gericke (2012) stel egter in sy artikel ondersoek in na die verstaan van lyding in die Psalms vanuit Goddelike oogpunt. Gericke (2012: p5 van 6) beklemtoon dat die Godsbeeld van die Psalms ruimte laat vir 'n God wat ly, 'n God van medelye. Die Psalms praat van die Here se barmhartigheid en medelye (Psalm 78: 38, 103: 13), die Here se jaloesie (Psalm 78: 57 en 58; Psalm 79: 5), en die Here se aangedaanheid en hartseer (Psalm 116: 15). Op grond hiervan voer Gericke (2012: p2 van 6) aan dat YHWH self ook lyding (kan) ervaar. Die teologie van 'n *lydende* God is nie vreemd nie, met Christus self as voorbeeld daarvan en teoloë soos Barth, Bonhoeffer en Moltmann wat in hul teologie aandag daarop gevestig het (Gericke 2012: p2 van 6). Die gevolg van so 'n Godsbegrip is dat God intens bewus is en in Christus self onderworpe is aan die werklikheid van lyding.

3.3 BYSTANDDOOD, GELOOF EN DIE BYBEL

Uit die bespreking in afdeling 3, blyk dit dat die Ou Testamentiese verstaan van lewe, lyding en dood nou gekoppel is aan die ou Nabye Oosterse wêreldbeeld. Opsommend kan aangevoer word dat die konsep van lewe in die Psalms beskou word as deur God gegee. God het die mens se lewe geskep om God-gesentreerd te wees. Lewensbetekenis word gevind wanneer daar in verhouding met God geleef word. Die Psalms ontken egter nie die werklikheid van lyding en die dood nie. Lyding en dood word beskou as skeiding van God, 'n ervaring waarin gelowiges ver van God se teenwoordigheid af voel. Tog het lyding nie die vermoë om permanente skeiding tussen God en gelowiges te bring nie. Selfs in die doderyk en die doodsheid van lyding, ervaar die psalmdigters dat YHWH teenwoordig is.

'n Voorlopige bestudering van die verstaan van lewe, lyding en dood in die Psalms dui dus op 'n ingesteldheid waarin lyding nie ontvlug word nie, maar verduur kan word deur by YHWH skuiling te vind. Verder kan gelowiges steeds deur lyding en dood heen die teenwoordigheid van God ervaar. Naby aan die Here het die lewe betekenis, selfs te midde van lyding.⁵

Hoe interpreteer ons dan die insigte rondom lewe, dood en lyding in die OT in terme van bystanddood? De Villiers (2016: p3 en 5 van 9) dui aan dat daar twee uiteenlopende benaderings is tot wat die Bybel oor bystanddood te sê het. Die een benadering voer aan dat die boodskap van die Bybel 'n absolute verbod op

⁵ Hierdie voorlopige bespreking kan by veel wyer en meer intense studie oor hierdie konsepte in die OT baat vind. Die bespreking verteenwoordig ook net een perspektief vanuit 'n bepaalde vakgebied in 'n see van perspektiewe en vakgebiede. Addisionele perspektiewe en komponente rondom hierdie kwessie behoort verreken te word ten einde 'n ingeligte, konstruktiewe gesprek rondom bystanddood in die Kerk te voer.

bystanddood plaas⁶, terwyl die ander benadering aanvoer dat outonomie die finale beslisser in besluitneming vir Christene is. Nie een van hierdie uiterstes bied 'n bevredigende oplossing vir die kwessie van bystanddood nie. De Villiers (2016: p6-7 van 9) stel voor dat gelowiges in hierdie debat eerder vanuit bepaalde Christelike waardes nadink oor bystanddood. Hierdie waardes sluit in respek vir die mens as geskape na beeld van God, dankbaarheid vir die lewe as gawe van God, vertroue in die deurlopende sorg en ondersteuning van God en die verantwoordelikheid om getrou te bly aan ons roeping as Christene. Hierdie waardes bied aan gelowiges 'n sterk morele basis waarvandaan gesprek oor die praktyk van bystanddood gevoer kan word. In uitsonderlike gevalle waar palliatiewe sorg nie meer die pyn en lyding van 'n terminaal-sieke persoon kan verlig nie, kan daar dus vanaf hierdie morele basis gesprek gevoer word oor die morele regverdiging van bystanddood. Dit veronderstel egter ook dat streng riglyne in plek is, en mediese praktisyns getuig dat alle ander vorme van verligting van die lyding uitgedien is (De Villiers 2016: p8 van 9).

4. **ALTERNATIEWE PERSPEKTIEF VANUIT DIE OT (prof AB Geyser-Fouché)**

Om die vraag te vra na wat die OT of selfs die Bybel sê oor genadedood en/of bystanddood, is eintlik 'n non-vraag. Dit is 'n konsep wat nie aangespreek word deur hierdie tekste nie. Nogtans sal ons probeer om iets te ontrafel van die OT se idees van lewe en dood. Dit is belangrik om nooit te verval in die gedagte van wat die Bybel sê nie: Omdat die Bybeltekste in verskillende kontekste vir verskillende gehore geskryf is, met 'n spesifieke boodskap vir daardie gehoor, antwoord dit nooit direk ons vrae nie. Daarom is dit ook nie moontlik om slegs een antwoord of gedagte uit die tekste te kry nie. Dit was nooit bedoel om 'n boek van voorskrifte te wees nie.

Die OT, ook bekend as die Hebreeuse Bybel, bevat diverse tekste en verhale wat die temas van lewe en dood aanraak. Hierdie antieke tekste het 'n invloedryke rol gespeel in die vorming van Joodse en Christelike perspektiewe oor einde-van-lewe-kwessies, insluitend die moderne debat rondom genadedood. Hierdie analise sal sleutelgedeeltes en konsepte in die OT ondersoek wat verband hou met lewe, dood, en menslike agentskap in die beëindiging van lewe, en oorweeg hoe dit die hedendaagse besprekings oor genadedood kan inlig.

Dit is belangrik om daarop te let dat die OT nie direk genadedood aanspreek soos ons dit vandag verstaan nie. Die praktyk om doelbewus 'n persoon se lewe te beëindig om lyding te verlig was nie 'n wydverspreide etiese kwessie in die antieke Nabye Oosterse samelewings nie. Die tekste bied egter wel beginsels en verhale wat gebruik word om teologiese en etiese argumente beide vir en teen genadedood te vorm.

Daar is 'n argument vir die heiligheid van die menslike lewe. Hierdie argument is gegrond op die skeppingsverhaal waarvolgens die mens na God se beeld (*imago Dei*) geskape is (Genesis 1: 27). Dit dui daarop dat die mens God se verteenwoordiger op aarde is. Hierdie word egter ook deur baie geleerdes en teoloë geïnterpreteer om te beteken dat die menslike lewe inherente waardigheid en waarde het. Hierdie konsep word dikwels aangehaal as 'n argument teen genadedood, aangesien dit suggereer dat die menslike lewe ten alle koste bewaar en beskerm moet word (Kilner, 2015). 'n Teenargument sou ingebring kon word

⁶ Hierdie argument word dikwels gebou op die sesde gebod wat bepaal dat jy nie mag moord pleeg nie. Uit nadere studie blyk dit dat die Hebreeuse woord רצח die betekenis van doodmaak met voorbedagte rade het (Lategan 1999: 1131).

oor die waardigheid van die mens, wanneer lyding oorgaan in 'n sinnelose bestaan waar die mens self nie meer in beheer van sy of haar versorging is nie.

Nog 'n argument word gegrond op die verbod om moord te pleeg (Eksodus 20: 13). Dit word gesien as 'n goddelike verbod op die neem van menslike lewe. Diegene wat genadedood teenstaan, argumenteer dikwels dat hierdie gebod van toepassing is op alle doelbewuste doodmaak, insluitend genadedood. Sommige geleerdes argumenteer dat die Hebreeuse woord רצח (ratsach) meer spesifiek is as die Afrikaanse *moord*; dat dit eerder verstaan moet word as die onwettige neem van 'n lewe (sonder die persoon se goedkeuring). Hulle argumenteer dat dit ruimte laat vir debat en of genadedood dan wel onder hierdie verbod sou val (Rachels, 1986).

Nog 'n prominente tema in die OT is die soewereiniteit van God oor lewe en dood. Dit word uitgedruk in verskeie gedeeltes:

Die HERE maak dood en Hy maak lewend; Hy laat na die doderyk afdaal en Hy laat daaruit opkom (1 Samuel 2: 6, 2020-vertaling); Sien tog nou in dat Ek, ja, Ek die Een is; daar is geen god naas My nie. Ek maak dood en Ek maak lewend; Ek verpletter, ja, Ek maak gesond, en niemand red uit my hand nie (Deuteronomium 32: 39).

Hierdie verse beklemtoon God se uiteindelijke gesag oor lewe en dood. Sommige interpreteer dit om te beteken dat mense nie moet inmeng met die goddelik verordende prosesse van lewe en dood nie, wat gesien kan word as 'n argument teen genadedood. Ander kan egter argumenteer dat as God aan mense die vermoë gegee het om 'n lewe te verleng deur mediese ingrypings, die vermoë om lyding te beëindig deur genadedood ook gesien kan word as goddelik gegewe vermoëns (Somerville, 2001).

Sommige persone argumenteer oor die waarde van lyding. Dit bring die hele teodiseevraagstuk navore – iets wat 'n onderwerp op sigself is. Die OT bied 'n komplekse siening van lyding en die mens se worsteling oor die vraag na lyding. In die tradisionele wysheid in 'n boek soos Spreuke is oorsaak-gevolg pertinent en word lyding dikwels gesien as 'n gevolg van sonde of goddelike straf. Dit is ook duidelik in die vriende van Job se argumente. Ander boeke soos Prediker en Job bevraagteken hierdie resepmatige verstaan van God se handeling. Lying word soms ook uitgebeeld as 'n middel tot geestelike groei of toetsing. Daarom redeneer sommige persone dat lyding verlossende waarde kan hê en eerder verduur moet word, as vermy deur genadedood. Ander voer aan dat die Bybelse klem op medelye en die verligting van lyding weer argumente vir genadedood in gevalle van uiterste, onophoudelike pyn kan ondersteun.

Die oorweging van lewenskwaliteit is nog 'n argument. Terwyl die OT oor die algemeen die waarde van lewe bevestig, is daar gedeeltes wat suggereer dat lewenskwaliteit ook belangrik is. Prediker 4: 2 en 3 stel byvoorbeeld: *Ek het die dooies wat lankal gesterf het, as gelukkig geprys bo dié wat nog leef; en beter daaraan toe as hulle almal is dié wat nog nie daar was nie, wat nog nie die slegte dade gesien het wat onder die son gepleeg word nie.* Hierdie gedeelte kan geïnterpreteer word as 'n erkenning dat onder sekere omstandighede, die dood verkieslik kan wees bo 'n lewe van intense lyding. Dit is wel 'n poëtiese teks wat reflekteer oor wysheidsbeginsels en die lewe; dit is nie voorskriftelik nie (Meilaender, 2013).



In verband met die keuse van dood bevat die OT 'n paar verhale van individue wat, onder sekere omstandighede, die dood bo die lewe kies. Dit sluit in:

- * Saul wat op sy swaard val om gevangenisskap en vernedering te vermy (1 Samuel 31: 4).
- * Simson wat die tempel op homself en sy vyande laat neerkom (Rigters 16: 28 tot 30).
- * Abimelek wat sy wapendraer vra om hom dood te maak nadat hy dodelik gewond is (Rigters 9: 54).

Alhoewel hierdie nie voorbeelde van genadedood *per se* is nie, bied hulle wel gevalle waar mense die tydsberekening en wyse van hul dood gekies het. Sommige geleerdes argumenteer dat hierdie verhale toon dat die OT nie absoluut alle vorme van selfgekoos dood verbied nie (Rachels, 1986).

In die OT vind ons ook die konsep van 'n *goeie dood*. Die OT beskryf dikwels die sterftes van regverdige individue in positiewe terme. 'n Voorbeeld is Abraham se dood. Daar word gesê hy het *...op 'n hoë ouderdom gesterf, oud en na 'n vol lewe* (Genesis 25: 8). Hierdie konsep van 'n *goeie dood* – vreedsaam, op 'n gevorderde ouderdom, nadat 'n vol lewe geleef is – kan gesien word as relevant vir besprekings oor genadedood. Sommige argumenteer dat hierdie ideaal van 'n *goeie dood* eerder palliatiewe sorg-benaderings ondersteun as genadedood. Ander stel voor dat genadedood gesien kan word as 'n middel om 'n *goeie dood* te bereik in gevalle waar langdurige lyding onvermydelik is (Somerville, 2001).

Die konsep van gemeenskaplike verantwoordelikheid en sorg vir die kwesbares word in die OT beklemtoon. Dit sluit in alle kwesbares in die samelewing asook siekes en bejaardes. Ons sien dit in gedeeltes soos Psalm 71: 9 en Levitikus 19: 32. Hierdie gedeeltes kan geïnterpreteer word as 'n oproep om medelydende sorg te verskaf aan diegene wat die einde van hul lewe nader. Teenstanders van genadedood argumenteer dikwels dat hierdie plig van sorg die verhasing van die dood uitsluit, terwyl voorstanders kan aanvoer dat medelydende sorg ook die eerbiediging van 'n persoon se wens om hul lyding te beëindig kan insluit.

Dit is duidelik dat die OT 'n ryk tapisserie van tekste en verhale bied wat verband hou met lewe, dood en menslike agentskap. Alhoewel dit nie die moderne konsep van genadedood direk aanspreek nie, het hierdie beginsels 'n invloedryke rol gespeel in die vorming van godsdienstige en etiese debatte oor die kwessie. Dit sluit temas in soos:

- * Die heiligheid van menslike lewe en die beeld van God-konsep.
- * God se soewereiniteit oor lewe en dood.
- * Die potensiele waarde van lyding.
- * Oorwegings van lewenskwaliteit.
- * Gevalle van gekose dood.
- * Die konsep van 'n *goeie dood*.
- * Gemeenskaplike verantwoordelikheid en sorg vir die kwesbares.

Hierdie temas word op verskeie maniere geïnterpreteer en toegepas deur geleerdes, etici, en godsdienstige tradisies. Terwyl sommige die OT sien as kategorieë verbiedend ten opsigte van genadedood, vind ander dit meer genuanseerd, wat moontlik ruimte laat vir die oorweging van genadedood in uiterste omstandighede. Dit bly belangrik om Ou Testamentiese tekste nie lukraak



en buite konteks aan te haal nie. Net so is dit belangrik om te besef dat hierdie tekste nie voorskriftelik benader moet word asof dit wette is nie. Die feit dat die OT nêrens daarna verwys en nóg minder daarvoor of daarteen argumenteer, laat die verantwoordelikheid aan die leser oor om hermeneuties verantwoordelik te wees. Hermeneutiese verantwoordelik beteken doodeenvoudig om te vra wat die teks vir die bedoelde leser beteken het en om dit nie in vandag se konteks in te forseer nie.

Uiteindelik vereis die toepassing van Ou-Testamentiese tekste op die moderne konsepte soos genadedood versigtige hermeneutiese oorweging en integrasie met ander etiese raamwerke. Soos wat mediese tegnologie voortdurend vernuwe en vorder, en samelewings se standpunte ontwikkel, bly die interpretasie van hierdie antieke tekste in die lig van hedendaagse einde-van-lewe-kwessies 'n belangrike gebied van wetenskaplike en etiese ondersoek.

Wanneer na etiese aspekte gekyk word, kan sekere vertrekpunte in ag geneem word:

- * Om die weerloosheid van gestremdes in ag te neem, behoort die lydende persoon se toestemming te alle tye te geld. In gevalle waar die persoon nie meer by sy of haar bewussyn is nie, sou 'n lewende testament kon intree. In gevalle waar die gestremdheid die persoon se toerekeningsvatbaarheid beïnvloed, sal meer partye betrokke moet wees in die besluitnemingsproses.
- * Oor die algemeen glo gelowiges dat die menslike lewe bewaar moet word, totdat die natuurlike dood intree. Met die ontwikkeling van mediese kennis kan die vraag gevra word: Sou die natuurlike dood nie eerder ingetree het as daar nie mediese ingrype was nie?
- * Dit is belangrik om die aspek van lewenskwaliteit te ondersoek en volledig te omskryf.
- * Dit is nodig om te onderskei tussen selfdood, bystanddood en genadedood. Met ander woorde, word daar net gepraat van die staking van mediese prosedures of word mediese prosedures toegepas deur 'n dokter om die dood te versnel?

5. SAMEVATTING VAN OT PERSPEKTIEWE

Soos alle ander etiese kwessies, het die vraag rondom bystanddood die potensiaal om diepe verdeeldheid onder mense te bring. Om 'n teologiese begroning al dan nie vanuit die OT te gee, blyk nie 'n eenvoudige taak te wees nie. Die kompleksiteit van enige etiese kwessie transendeer die moontlikheid van absolute beslissings. Boonop bied nóg die OT nóg die NT 'n bloudruk vir die kwessie van bystanddood en die toepassing daarvan soos ons dit in die 21ste eeu ken. Daarom moet daar gewaak word teen anachronistiese toepassings van postmoderne vraagstukke op Bybelse tekste. Die beste weg vir Bybelwetenskaplikes in die hantering van diesulke vraagstukke is om te fokus op die betekenis van verwante begrippe, soos lewe, lyding en dood, vir die wêreld van die Bybel. Ook dáár is velerlei interpretatiewe moontlikhede. Maar die gelaagde wyse waarop die OT nadink oor lewe, dood en lyding behoort as beginsel te dien vir die erns en diepte waarmee 'n gesprek oor bystanddood gevoer word in die Kerk.



6. HISTORIESE PERSPEKTIEF (dr A Janse van Rensburg)

Genadedood, of eutanasie, is al sedert die vroegste tye 'n aanvegbare saak. In antieke Griekeland was genadedood deur die drink van die giftige *hemlock* aanvaar en mense soos byvoorbeeld Socrates en Plato was voorstanders daarvan terwyl iemand soos Hippokrates gekant was daarteen (Stolberg 2007).

Genadedood op dié manier is nog tot die 17de eeu toegepas (Bekker 2014). Die term *genadedood* is in die vroeë sin om iemand te ondersteun terwyl hy of sy sterf vir die eerste keer deur Francis Bacon (1561 tot 1626) gebruik in sy werk *Euthanasia Medica*. In die middel van die 1800's het die gebruik van morfine om die pyn van dood te behandel ontstaan met John Warren wat in 1848 aanbeveel het dat dit gebruik word. 'n Soortgelyke gebruik van chloroform is in 1866 deur Joseph Bullar voorgestel. In nie een van die gevalle is aanbeveel dat dit gebruik moet word om dood te bespoedig nie. In 1870 het Samuel Williams die genadedooddebat aan die gang gesit met 'n toespraak wat hy gelewer het by die Birminghamse bespiegelingsklub wat later gepubliseer is in 'n eenmalige publikasie getiteld *Essays of the Spectacular Club in Birmingham*. Williams se voorstel was om chloroform te gebruik om die dood van terminaal siek pasiënte doelbewus te versnel.

Ander skrywers het ter ondersteuning van sulke sienings van hulle laat hoor. Lionel Tollemache het ten gunste daarvan geskryf, soos Annie Beant, die opstelskrywer wat later by die Nasionale Sekulêre Vereniging betrokke geraak het wat dit beskou het as *plig aan die samelewing om vrywillig en pynloos te sterf as mens die punt bereik waar jy 'n las is*. *Popular Science* het die kwessie in Mei 1873 ontleed en albei kante van die argument ondersoek. Kemp wys daarop dat mediese dokters destyds nie aan die besprekings deelgeneem het nie, dit was in wese 'n filosofiese aangeleentheid onlosmakend verbind aan 'n aantal besware teen die Christelike leerstelling van die heiligheid van menslike lewe (Kemp 2002).

In Suid-Afrika is daar bewegings ten gunste van genadedood. 'n Professor Sean Davison aan die Departement Bioteχνologie van die Universiteit van die Wes-Kaap het in 2010 sy ma, wat 'n longkankerlyer was, gehelp om te sterf, en is aangekla van poging tot moord.

Davison bedryf sedertdien 'n veldtog met die naam *Dignity SA* met die doel om genadedood in Suid-Afrika wettig te maak. Voormalige President Nelson Mandela, het toe hy president was, van regskenners gevra om 'n wetsvoorstel oor sterwenshulp op te stel. Daar was Konsepwetsontwerp met die titel *End of Life Decision Act 1999* wat verskyn het maar nooit verder gevoer is nie. Net 'n paar lande in die wêreld het wetgewing oor genadedood.

Hierdie dokument is nie breedvoerig genoeg om na die hele geskiedenis te kyk van die tema nie, maar daar is opdrag by die 73ste AKV gegee dat daar wel navorsing oor die saak gedoen moet word en dat die Kerk (NHKA) tog 'n opinie oor die saak belig. So waar staan die Kerk?

Tydens die 73ste AKV is die volgende beskrywingspunt oor bystanddood voorgehou:

BESKRYWINGSPUNT 19: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

1. Die 73ste AKV neem met dank kennis van die memorandum oor bystanddood wat in die agenda van die AKV opgeneem is.



2. *Dit word aan lidmate en ampsdraers van die Kerk beskikbaar gestel vir bespreking.*
3. *Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om die materiaal te benut tydens Bybelstudies en as toerusting vir ampsdraers.*
4. *Die 73ste AKV besluit dat navorsing oor bystanddood voortgesit word.*
5. *Ons glo dat elke mens se lewe 'n kosbare gawe uit die hand van God is.*
6. *Ons glo dat die dood ook 'n gawe uit die hand van God is, wat die mens verlos van liggaamlike pyn en lyding, en op grond van Jesus Christus se opstanding, die deurgang is tot die ewige lewe. Ons enigste troos in lewe en in sterwe is dat ons aan Jesus Christus behoort wat ons met sy kosbare bloed vrygekoop het van die sonde en die dood.*

Motivering:

Die Kerk neem daarvan kennis dat daar wêreldwyd wetgewing bestaan wat dit moontlik maak dat mense gehelp word om te sterf. Die gesprek oor die wettiging van bystanddood is ook in Suid-Afrika aan die gang. Suid-Afrikaanse media doen dikwels verslag oor gevalle van bystanddood.

Navorsing toon aan dat lande wat bystanddood gewettig het, 'n stygende tendens vertoon. In sulke lande wissel die voorkoms van bystanddood tussen 0.3% tot so hoog as 4% (in Nederland). In al hierdie gevalle het 'n mediese spesialis 'n persoon help sterf deur óf medikasie te weerhou óf aktief 'n middel toe te dien wat die dood verhaas. Tans is daar 'n groot gesprek of kinders onder 12 ook kan aansoek doen vir bystanddood.

Kerke regoor die wêreld worstel met die moreel-etiese vraagstukke wat hiermee verband hou. Van 'n eenvormige respons vanuit die Christelike etiek is daar nog geen sprake nie. Die gebod jy mag nie moord pleeg nie, stel Christene voor die fundamentele beginsel dat lewe 'n gawe van God is, en dat die lewe van elke mens waardevol is. In die geskiedenis van die kerk het invloedryke teoloë die gebod ook op selfdood van toepassing gemaak. Die vraag vir baie Christene is of bystanddood dieselfde is as selfdood, en of die persoon wat bystand verleen, aandadig is aan moord. Vir baie is dit strydig met die Christelike verstaan van lewe as gawe, en God wat beskik oor lewe en dood. Karl Barth was van mening dat die gebod nie as 'n bevel verstaan moet word nie, maar as 'n belofte: Jy móét nie lewe nie, maar jy mág lewe. Om te sterf is ook 'n gawe uit die hand van God, omdat dit die belofte inhou van die ewige lewe.

Daar bestaan verskil van mening wat die grense van bystanddood sou wees. Sou dit uiteindelik daarop uitloop dat enige persoon kon aansoek doen om bystanddood, namate dit meer aanvaarbaar word? Sou enige persoon ouer as 70 (byvoorbeeld) kon aansoek doen om bystanddood?

Die een risiko voor hande is dat wysiging in die wet nie net die verandering in morele waardes van 'n samelewing navolg nie, maar self ook nuwe morele waardes skep en aanvaarbaar maak. Hoe meer die wet voorsiening maak vir bystanddood, hoe meer word dit aanvaarbaar.



Uiteindelik sou dit ook die mens se vermoë om met waardigheid oud te word, siekte te dra en uiteindelik te sterf onder druk plaas, indien die wet voorsiening daarvoor sou maak dat enige persoon aansoek sou kon doen.

Prof WA Dreyer stel die beskrywingspunt.

Die beskrywingspunt word aanvaar, met die verstandhouding dat die memorandum as 'n gespreksdokument beskou word. Die vergadering besluit om gesprek en navorsing oor die onderwerp voort te sit. Die besluitebundel van die 73ste AKV het dit soos volg aangeteken:

BESKRYWINGSPUNT 19: KERNKOMITEE: KERK, TEOLOGIE EN ETIESE SAKE

1. *Die 73ste AKV neem met dank kennis van die memorandum oor bystanddood wat in die agenda van die AKV opgeneem is.*
2. *Dit word aan lidmate en ampsdraers van die Kerk beskikbaar gestel vir bespreking.*
3. *Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om die materiaal te benut tydens Bybelstudies en as toerusting vir ampsdraers.*
4. *Die 73ste AKV besluit dat navorsing oor bystanddood voortgesit word.*
5. *Ons glo dat elke mens se lewe 'n kosbare gawe uit die hand van God is.*
6. *Ons glo dat die dood ook 'n gawe uit die hand van God is, wat die mens verlos van liggaamlike pyn en lyding, en op grond van Jesus Christus se opstanding, die deurgang is tot die ewige lewe. Ons enigste troos in lewe en in sterwe is dat ons aan Jesus Christus behoort wat ons met sy kosbare bloed vrygekoop het van die sonde en die dood.*
7. *Die beskrywingspunt word aanvaar, met die verstandhouding dat die memorandum as 'n gespreksdokument beskou word. Die vergadering besluit om gesprek en navorsing oor die onderwerp voort te sit.*

7. MOREEL-ETIESE PERSPEKTIEF: (dr FJ Labuschagne)

7.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

In die Akte van Ordening word gestel dat 'n geordende en bevestigde evangeliedienaar die dienswerk moet verrig soos dit 'n getroue evangeliedienaar betaam. Pastorale etiek veronderstel dat die evangeliedienaar die Woord van God as primêre rigsgaander op hierdie reis erken. Die NHKA maak van die volgende merkers gebruik om verantwoordelik met besluite te handel: Die Bybel, belydenisse, belydenisskrifte en diensformuliere, Kerkorde, besluite van vergaderings van die ampte en gebruike van die Kerk (reg van usansie). Die evangeliedienaar het gevolglik nodig om die geloofsgemeenskap vanuit hierdie perspektief oor verskeie sake wat op die bediening betrekking het toe te rus, en die liggaam van Christus op te bou.

Enkele dekades gelede was 'n groter konsensus of gemene grond in die Kerk en die gemeenskap insake morele kwessies merkbaar. Lidmate van die Kerk het



geweet hoe om aan die debat oor morele sake deel te neem deur 'n enkelvoudige antwoord soos 'n slagspreuk of formule aan te haal: Die NHKA se standpunt hieroor is....!

Die kompleksiteit van diversiteit is 'n internasionale fenomeen wat die spektrum van mense se wêreldbeskouings, identiteite, kulture, ervarings, geloofstelsels en standpunte veronderstel. In die post-Christelike wêreld vind besluite oor morele aangeleenthede nie kousaal of in isolasie plaas nie. Die waarheid word as 'n postwaarheid beskou waar die werklikheid as relatief beskou word en feite en beginsels oop is vir interpretasie.

Die kompleksiteit word verder bevestig deur resente navorsing (die Barna-Instituut) wat daarop dui dat gelowige tieners wel die behoefte het om oor moeilike morele kwessies te praat, terwyl Generasie Z van mening is dat wat as moreel reg en verkeerd beskou word, grotendeels bepaal word deur die subjektiewe mening van die individu. Die Kerk se standpunt in 'n wêreld met onvaste punte is grotendeels irrelevant.

Hoe praat gelowiges oor komplekse morele sake: Genadedood, grondonteiening, arbeid en werkloosheid, die afbraak van die huwelik en gesinslewe, kindermishandeling, seksverslawing, dood en respek vir die lewe. Dit is belangrik dat die Bybel nie lukraak gebruik word en verse buite konteks aangehaal word om vir elkeen van hierdie moderne kwessies kitsoplossings te bied nie. Wette en objektiewe uitsprake oor morele sake word dikwels vanuit 'n outoritêre basis in vergaderings deur sogenaamde minderheidsgroepe geneem waar beheer gesetel lê.

Gelowiges moet toegerus wees om in die lig van hul geloof en die werklikheid van hul lewenskwenne – diep bewus van die Here se genade en liefde – eerlik te gesels en hul emosies en denke te verwoord en dieper na mekaar te luister.

7.2

MORALITEIT AS PARADIGMA OM VERANTWOORDELIKE BESLUITES INSAKE KOMPLEKSE MORELE SAKES TE NEEM

Genadedood (εὐθανασία, letterlik *goeie dood*: εὖ, wel, goed + θάνατος, *thanatos*, dood) is vir etlike millennia 'n kontroversiële onderwerp. Die begrip *genadedood* kom reeds in die Hellenistiese tydperk voor. Die lewe is as heilig beskou en die meeste filosowe was grotendeels uitgesproke teen die doelbewuste terminering van lewe om pyn en lyding uit te skakel, terwyl ander inderdaad ten minste erkenning gegee het aan die onoorkomelike pyn en lyding van mense.

In gesprekke oor morele sake is Christene baie vaardiger met die swaard (Jesaja 2: 4). Besluit 41 van die 71ste AKV insake *selfdegeslagverhoudings* het 'n morele rigsgnoer daargestel wat lidmate van die NHKA toerus om hulself te oriënteer ten opsigte van komplekse gesprekke insake morele aangeleenthede:

Die begeleiding van lidmate insake komplekse morele kwessies gebeur nie deur objektiewe en finale uitsprake van sinodale vergaderings nie, maar deur die liefde en versorging van die plaaslike geloofsgemeenskap.

Gesprekke wat op morele kwessies betrekking het hoort primêr binne die pastorale konteks tuis.

Lidmate van die NHK moet in 'n tyd van geestelike en morele verwildering, in die voetspore van Christus te volg en leef soos wat Hy ons geleer het.



In sy boek, *The Origins of Christian Morality: The First Two Centuries*, definieer Wayne Meeks Christelike moraliteit en hoe die eerste eeuse Christene vanuit 'n bepaalde paradigma met moeilike morele kwessies gehandel het.

Die eerste Christene het in navolging van Jesus Christus vanuit 'n *nuwe wêreld* 'n woordeskat gekommunikeer oor wat 'n mens behoort te doen en hoe 'n deugsame lewe daarna uitsien. Die Christendom het te midde van 'n Grieks-Romeinse samelewing 'n instelling en 'n idioom van moraliteit geword. Die eerste Christelike geloofsgemeenskap het 'n kollektiewe bewussyn gevorm waaruit moreel-etiese uitsprake kon volg en besluite geneem word.

Die Griekse filosoof Aristoteles het 'n merkwaardige bydrae gelewer tot die sistematisering van denke met spesifieke verwysing na etiek en deug. Aristoteles het volgens Meeks dikwels in sy retoriek van die begrip *dokei* (die algemene mening) gebruik gemaak om erkenning te gee aan die status van die *gemeenskap* en die morele vorming van mense wat hieruit voortgespruit het:

Aristotle did not think one could persuade people to be good by rational argument; a person becomes virtuous by training, by forming good habits. Aristotle was among the first to analyze the educative function of communal practice in the formation of virtue. To develop a character that was virtuous, then, a child had to grow up within a moral and educative community (1993: 7).

Die morele intelligensie en intuïsie van die Christengelowige is nie gesetel in die habitus of bemagtiging van die individu nie, maar word gevorm deur die gemeenskap en in gemeenskap met ander gelowiges waar 'n morele bewussyn geskep word.

Die eerste eeuse Christene se kennis en gedrag word gekontrasteer met dié van die Babiloniërs, Grieke, Egiptenare en die Jode. Dit is duidelik dat die Christene nie as 'n natuurlike *ethnos* beskou is nie. Die wyse waarop hierdie vroeë Christelike geloofsgemeenskappe met morele kwessies gehandel het, lê ingebed in 'n morele intuïsie wat vanuit die groter werklikheid van behoort aan God en mekaar ontstaan het.

Die eerste eeuse Christene het hulself as 'n beweging van bekeerlinge beskou. As mense wie se lewens van een staat na 'n diep getransformeerde ander staat omgekeer is (Handelinge 15: 3). In Tessalonisense (1 Tessalonisense 4) word die leefstyl en gedrag van Jesus se volgelinge aan duidelike voorskrifte (*παράγγελίας*) gekoppel. Omkeer en verandering het die moraliteit in die eerste eeuse samelewing gedikteer. Jong Christene is aangespoor om 'n lewe te lei wat God waardig is.

Terwyl die persepsie geskep word dat bekering noodwendig tot beter sekulêre burgerskap lei, bly die Nuwe Testamentiese getuienis en 'n meer resente debat hieroor kompleks. Die verband tussen die verhale oor bekering, die nuwe lewenstyl wat dit gevolg het, die konstante herinnering hoekom hierdie transformasie gebeur het en die gedrag wat by hierdie oomblik pas, het daartoe gelei dat mense se perspektiewe op morele kwessies verander het. Voorbeelde van en verwysings na die vorm en konfigurasie van hierdie gedrag is wel in verskeie Bybelse bronne en selfs buite-Bybelse bronne (*Dialogue with Trypho*) beskikbaar.



Unieke rituele het die oorgang na die nuwe familie van God gekonstitueer (hersosialisering). In die vorming van 'n Christelike moraliteit is die grense tussen die ou en nuwe wêreld duidelik omlyn. Ek verwys na enkele rituele wat hierdie oorgang bevestig:

Die sakramente is sigbare tekens van God se liefde en beloftes oor sondevergewing en die ewige lewe wat transformasie, hergeboorte en restourasie van dit wat stukkend is, insluit (NGB en HK):

In the earliest documents of the Christian movement, baptism is the ritual most often mentioned, and it is mentioned most often in paraenetic or hortatory contexts. That is, the writers remind their audience of baptism when they want to encourage certain kinds of behavior (1993: 92).

Die doop verteenwoordig die sterwe, opstanding en die nuwe lewe in Christus, en derhalwe moet elke dopeling wandel op 'n weg wat God waardig is (1 Tessalonisense 2: 12). Die klem word dus vanuit die sakrament van die doop geplaas op 'n lewe wat getuig van morele verantwoordelikheid. Die voorkoms en die karakter van die dopeling se lewe beland in die ritueel van die doop dus onder die vergrootglas.

Die nagmaal is die volgende ritueel wat die nuwe identiteit in Christus bevestig (1 Korintiërs 11: 24 en 25). Die nagmaal dien as herinneringsmaal (verlede), versorgingsmaal (hede) en 'n feesmaal waar Jesus self teenwoordig is. Enige samekoms in eerste eeuse gemeenskappe waar mense vanuit verskillende vlakke van die samelewing saam teenwoordig is, sou die diversiteit en spanning in terme van status en afkoms beklemtoon. Deelnemers aan die nagmaal het die uniekheid en andersheid van ander erken; die behoeftes en gevoelens van ander gerespekteer en aan hulle medelye getoon:

The rituals provide a dramatic structure within and on which a pattern of moral reasoning may be erected and an interpretive dialectic begun between ritual and common life experience (1993: 97).

Die praktyk van gee en gasvryheid is twee volgende sake wat bepaalde gedrag veronderstel en die kultuur en konteks van die tyd beïnvloed het.

Gegronde op die sigbaarheid, vlak van teenwoordigheid en betrokkenheid van die plaaslike geloofsgemeenskap binne die werklikheid van die groter konteks (die gemeenskap), is die volgende statistiek beskikbaar (Fresh Africa):

1%-basis: Die plaaslike gemeenskap is bewus van die waardes wat die geloofsgemeenskap sigbaar leef en demonstreer.

5%-basis: Die waardes van die geloofsgemeenskap het reeds 'n bepaalde impak op die groter geheel gemaak.

10%-basis: Die waardes van die geloofsgemeenskap word toonaangewend vir die lewe van die plaaslike gemeenskap.

Die *polis* was die konteks waar die bekeerlinge as burgers van die hemel hul lewens volgens Filippense 3: 20 geleef het. Rome en Athene was die woonbuurte, strate en huishoudings waar die koloniste van die hemel elmsmoes vryf en sake moes doen met die burgers en mede-inwoners van Efese, Alexandrië en Korinte.



Die vroeë Christene het dikwels verwys na die *wêreld* (*ho kosmos*) as die plek waar korrupsie en onreg gebeur teenoor die nuwe hemel en nuwe aarde. Die vormende eeue van Christelike moraliteit word dus gekenmerk deur ossillasie tussen uiterste visioene: Is dit die Christen se morele taak om teen die wêreld te veg, daaruit te vlug of om aan die transformasie daarvan deel te neem? Lyste van sondes en deugde word in die vroegste literatuur van die Christene gevind, en vir die grootste deel verskil hulle min van die filosowe en retorici van dieselfde era. Moraliteit het paradoksaal ontwikkel, en die grammatika en begrip van die geloofsgemeenskap was bepalend vir die basis waarop morele besluite geneem is. Temas soos onder ander die redding van mense en die herstel van die kosmos, het vanuit die bekering (oorgang) meer prominent in die omgangstaal van die Christene gefigureer.

Die vroeë Christene het moraliteit benader vanuit die perspektief dat wat iemand van God glo, in en deur die gedrag van die persoon gereflekteer word.

7.3 UITKOMSTE VAN MEMORANDUM

Genadedood en ander teologies-morele aangeleenthede het nie enkelvoudige antwoorde nie. Die NHKA kies konsekwent om medelye in woord en daad te betoon. Die werklikheid van terminale siektetoestande, lyding en dood het tot gevolg dat die NHKA, ten spyte van die legalistiese en die bio-psigo-sosio-spirituele benaderings tot genadedood, die pastorale spasie as heilige grond respekteer.

Die rol van die plaaslike geloofsgemeenskap met die oog op die vorming en bevestiging van 'n morele bewussyn, is kritiek belangrik.

Bekering en die gedrag wat pas by mense wat in die voetspore van Jesus volg (Titus 2: 1 tot 15), blyk die oomblik te wees wat Christelike moraliteit aksentueer.

Genadedood en ander morele sake het in 'n begripmatige wêreld verdere toeligting nodig aangesien feite en begrippe nie die enigste werklikheid is waarmee die pastor in verhouding tot die noodlydende rekening moet hou nie. Die werklikheid ten opsigte van siekte, pyn en lyding is eksistensieel en relasioneel van aard. Die mens se nood word ten diepste in gemeenskap met mekaar waargeneem: Die plek waar deernis en medemenslikheid alles oorspan.

Die NHKA het nodig om die morele intelligensie van sy lidmate te bevorder. Morele intelligensie is om morele diskoerse te verstaan en vanuit 'n eksistensiële perspektief verantwoordelik aan die debat deel te neem.

8. PRAKTIESE TEOLOGIE (dr H Delport)

Genadedood is 'n diepgaande en emosioneel gelaaide onderwerp wat dikwels intense debatte en uiteenlopende reaksies uitlok. Vir predikante bied dit 'n besondere uitdaging: Hoe om op 'n Bybelse, pastorale en etiese wyse oor hierdie saak te preek, sonder om verdeeldheid te bring of om emosioneel te verwond. Met hierdie kort bydrae gaan daar gekyk word na die veelsydige verstaan van genadedood, hoe om 'n gepaste homiletiese invalshoek te vind en die gesonde spanning tussen 'n pastorale en 'n profetiese benadering wanneer daar oor genadedood gepreek word. Kreatiewe prediking bied 'n ruimte om veral predikante van die NHKA te help om hierdie moeilike tema met empatie, teologiese integriteit en profetiese wysheid aan te spreek. Moderne homilete soos McClure (2021), Brueggemann (2018), Long (2014), Tubbs Tisdale (1997) en Thomas



(2018) leer ons dat prediking 'n teologiese-etiese Christelike praktyk bly. Hulle beskou prediking as 'n etiese aktiwiteit van die hoogste orde omdat dit daarop gemik is om gemeentes, by uitbreiding die samelewing, te help om 'n beter begrip te ontwikkel van wat uiteindelik as goed beskou kan word en hoe om die beste in hierdie wêreld te leef.

As predikers kan ons nie aanvaar dat daar slegs een homiletiese benadering is wat al die aspekte van die hoorder se konteks kan aanspreek nie. Om oor etiese kwessies soos genadedood te preek, neem 'n veelsydige perspektief benadering. So 'n benadering vra dat verskeie wesenlike aspekte deel word van die eksegetiese proses en prediking. Die hoorder se denkraamwerk, die verhoudings, persoonlike, gemeenskaps-, finansiële en sosiale uitdagings wat die prediker en die hoorder beïnvloed, die tipe prediking waaraan die gemeente gewoond is of wat hulle die meeste waardeer, asook die sosiale, ekonomiese en geografiese konteks waarin die gemeente funksioneer – al hierdie faktore, saam met vele ander veranderlikes, maak die kwessie van genadedood kompleks en veelvlakkig. Daarom is McClure (2021: 9) reg dat geen enkele homiletiese benadering in elke situasie sal werk nie en pleit hy vir 'n beter verstaan van die etiese dilemma.

8.1 'N VEELSYDIG VERSTAAN VAN GENADEDOD

Voordat die vraag gevra word na 'n gepaste invalshoek om oor genadedood te preek, is dit belangrik om kennis te neem van die komplekse verstaan van die tema. Die gebrek aan 'n duidelike definisie kan lei tot vele debatte oor die onderwerp van genadedood. Beyers (NHKA: 183) noem dat dit in vele opsigte problematies is om terminologies genadedood te definieer. Voordat die definisie en tipering van genadedood aan die woord kom, kan daar eers verwys word na die definisie van dood. Genadedood is volgens Beyers nie net etimologies divers nie, maar kan ook as meervlakkig beskou word. Vrywillig aktiewe genadedood is wanneer die pasiënt vra of toestemming verleen vir lewe om beëindig te kan word. Nie-vrywillige genadedood verwys na gevalle waar die pasiënt nie in staat is om toestemming te gee nie (soos byvoorbeeld babas of volwasse dementia pasiënte). Teësinige genadedood is onwettig in alle lande en word beskou as moord. Dit is wanneer die pasiënt nie toestemming gee vir beëindiging van lewe nie.

Volgens Beyers (NHKA: 185) spruit die verwarring voort uit die uiteenlopende maniere waarop die beëindiging van 'n lewe geïnterpreteer en begryp word. Gewoonlik impliseer verantwoordelike eksegetiese ook navorsing oor die wyer kultuur van die etiese saak soos byvoorbeeld ook die wetlike en mediese aspekte. Robert D Orr (2002: 2), die direkteur van etiek aan die *University of Vermont College of Medicine*, verstaan genadedood as selfdood, maar die weiering van mediese behandeling as die aanvaarding van dood:

In euthanasia and physician-assisted suicide, the means is killing. In the decision to forego treatment, the means is allowing one to die. There is a difference in agency. In the former, the physician is the agent of death, but in the latter, the disease is the agent of death. Significantly, there is a difference in morality. From my perspective, euthanasia and physician assisted suicide are morally wrong, whereas a decision to forego treatment is most often morally correct. Depending on the circumstances, even this can be questionable.

Dieselfde vraagstuk na die omstandighede van genadedood kan hewige debat ontketen, veral wanneer lidmate in die kerk self hierdeur geraak word. Vrae na verskillende omstandighede en spesifieke kontekste vra 'n veelsydige perspektief



oor genadedood in prediking. Beyers (NHKA: 18) stel verskillende scenarios om te wys dat daar telkens 'n vraag ontstaan oor wie se lewe die moeite werd is om verleng te word en wie se lewe nie. Verder moet daar besin word oor wie die gesag het om te bepaal dat lewe en sterwe kwalitatief van mekaar verskil.

Genadedood is nie net veelvlakkig nie, maar raak ook verskeie dimensies van die menslike bestaan, soos byvoorbeeld fisiese lyding, emosionele worsteling, etiese oorwegings en geloofsoortuigings. Wanneer lidmate in 'n gemeente gekonfronteer word met enige vorm van genadedood, is dit nodig vir pastorale begeleiding. Alhoewel genadedood nie wettig is in ons land nie, is die lyding van familieledede en gemeenteliede 'n werklikheid. Dit vra 'n diepere verstaan van hoe genadedood in die hoorder se direkte of plaaslike omgewing verstaan word, maar nie net in die gemeente nie, veral ook in die uitgebreide gemeenskap. Daar is gewoon nie net 'n maklike antwoord op etiese vraagstukke soos genadedood in die samelewing nie.

Die prediker sal ook nie die saak eenvoudig kan verdiskonteer as 'n Bybelse vraagstuk met 'n antwoord nie.

Die eksegetiese proses vra altyd na 'n polêre spanning tussen die Bybelteks en die leefwêreld van die hoorder, dit vra na 'n hermeneutiese verstaan tegelyk van die Bybelteks en die hoorder se konteks. Die prediker kan nou eksegeties met die etiese saak handel deur die konteks van die etiese saak ook te eksegetiseer. Die konteks van die Bybelteks bestaan in 'n ander kultuurwêreld met 'n ander verstaan oor dood en lewe, en fundamentalistiese verstaan van die Bybelteks sou fataal wees vir die prediking. Moraliteit gaan nie net oor abstrakte reëls nie, maar ook oor die manier waarop waardes in 'n gemeenskap gevorm word en hoe individue in konkrete situasies etiese besluite neem. In die hermeneutiese proses word die boodskap herskryf en heraanvaar en gevorm in die gemeenskap. Die tipe prediking speel 'n rol in die proses van *phronesis* wat handel oor die praktiese morele wysheid in die gemeenskap om besluite te neem vir spesifieke situasies. Cilliers (2019: 2) beskryf hierdie herraaming van die boodskap deur die ruimtes (kontekste) waartoe die prediker moet toetree of waaraan hy of sy moet relasioneel verbind deur middel van die preek. Die prediker betree die *ruimte* of konteks van die gemeente met 'n preek wat direk tot die hoorder se werklikheid spreek. Die prediker benut hierdie ruimte en tyd vir kreatiewe interaksie en kan selfs, deur die preek, die hoorder se wêreld onderbreek of ontwrig.

So kan gemeenteliede se vrae en vrese erken word in die prediking as deel van 'n eksegetiese proses waar die subkultuur van die gemeente ook in ag geneem word. Luister na mense se persoonlike ervarings en probeer dieper insig kry in hul pyn en verwarring. Indien die konteks van die hoorder nie in ag geneem word nie, kan die hele proses daartoe lei dat die preek deur die hoorder as generies verwerp word (Tubbs Tisdale 1997: 23).

Dit is duidelik dat die kompleksiteit van genadedood 'n veelvlakkige en genuanseerde benadering in die prediking vereis. Dit raak nie net die etiese en teologiese dimensies van die onderwerp nie, maar ook die persoonlike ervarings, emosies en konteks van lidmate en die breër gemeenskap. 'n Fundamentele hermeneutiese uitdaging vir die prediker is om beide die Bybelteks en die leefwêreld van die hoorder in ag te neem, sodat die boodskap relevant en pastoraal sensitief bly. Prediking oor genadedood kan nie bloot 'n dogmatiese antwoord bied nie, maar behoort eerder 'n ruimte van begeleiding en gesprek te skep waar gelowiges met hul vrae en worstelinge erken en begelei word.



8.2 KIES 'N GEPASTE HOMILETIESE INVALSHOEK

Daar is nie 'n enkele regte manier om oor genadedood te preek nie, maar sekere benaderings binne verskillende preektradisies kan die prediker help om die tema met sensitiviteit en teologiese diepte te hanteer. In die NHKA word 'n preek deur Dreyer (Van Aarde en Dreyer: 2011) beskryf as: *'n Kreatiewe hermeneutiese kunswerk wat die rykdom van die evangelie in inhoud en vorm aan die gemeente lewer en die hoorder betrokke hou in sy/haar eksistensiële konteks* (p 3). Die beskrywing van prediking in die NHKA dui op die homiletiese omwenteling van die verstaan van prediking as liniêre weg van Bybelteks na preek. Veel eerder sou die eksegeet die konteks en die Bybelteks as deduktief en induktief kan benader. In die omwenteling word die eksistensiële konteks van die hoorder beskou as 'n belangrike bron vir die eksegeet in die proses van preek maak. Die soms outoritêre posisie van die kansel het 'n nuwe spasie geskep waar kreatiewe *saam-preek-maak* geleenthede nou kan lei tot die ontdekking van die evangeliese boodskap in die lewe van die hoorder en die prediker. In hierdie ruimte kan prediking oor genadedood gewaag word. 'n Gepaste invalshoek om oor genadedood te preek, sou wees om hierdie ruimte van kreatiewe prediking te ondersoek wat die prediker uitnoui na 'n deduktiewe gesprek met die Bybelteks sowel as 'n induktiewe dialoog met die gemeente.

In sy boek *Ethical Approaches to Preaching* bied McClure (2021) spesifieke etiese benaderings wat homilete kan help om die tema van genadedood op 'n kreatiewe manier te benader, terwyl die hoorder se eksistensiële konteks in ag geneem word.

Kommunikatiewe etiek (Communicative Ethics) verwys na die teorie en praktyk van etiese kommunikasie waar die fokus val op respek, dialoog, en die soeke na waarheid en begrip deur interaksie. Hierdie konsep is sterk beïnvloed deur die werk van denkers soos Jürgen Habermas, wat die idee van *ideale kommunikasiesituasies* beklemtoon het, dit wil sê situasies waar gespreksgenote op gelyke vlak met mekaar kommunikeer sonder dwang en waar rasonale argumentasie en wedersydse begrip die basis vorm. Die benadering beklemtoon dialoog en wedersydse verstaan. Prediking oor genadedood moet nie net 'n monoloog wees nie, maar ruimte skep vir gemeentelide om hul eie stemme en vrae in die gesprek in te bring. Dit word die beste beskryf as 'n intersubjektiewe etiese benadering. Deelnemers aan die benadering is self-refleksief en die doelwit vir die preekstoel is om morele norme te stel wat oorweeg kan word en as aanvaarbaar beskou kan word vir die meeste mense. Hoe kan 'n praktiese verstaan van die etiese benadering voorgestel word? Begin met oop vrae in die preek en reik uit na gemeentelide deur interaktiewe geleenthede. Predikers wat die etiese benadering volg sal wyer kan lees en gehoor gee aan publieke debatte, sowel as om aandag te gee aan mense wat spesifiek deur hierdie etiese saak geraak is.

Getuienis-etiek (Witness Ethics) laat die klem val op die getuienistaak van die homileet. Die prediker is 'n getuie wat die gemeente roep om te reflekteer oor God se wil vir lewe en dood, gebaseer op die getuienis van die Bybelteks en die lewe van Jesus. 'n Praktiese verstaan kan wees waar die homileet verduidelik hoe Christus 'n voorbeeld is van gehoorsaamheid aan God, selfs in die gesig van lyding.

Liberation Ethics: Die perspektief soek na geregtigheid vir gemarginaliseerdes en diegene wat ly. Genadedood raak dikwels die kwesbaarste mense in die samelewing. Bevrydingsetiek roep predikante op om sensitief te wees vir die sosiale konteks. Die homileet kan in die eksegetiese proses die vraag vra na



sosiale geregtigheid en dit deelmaak van die gesprek. Hoe kan die geloofsgemeenskap help om lyding te verlig.

Hospitality Ethics: Die benadering beklemtoon die noodsaaklikheid van gasvryheid en radikale aanvaarding. Predikers moet 'n ruimte skep waar mense met vrae oor genadedood veilig voel om hul vrese en hoop uit te druk. In die prediking kan dit praktiese toegepas word deur die skep van 'n atmosfeer van empatie en begrip, en erken dat elke persoon se reis uniek is.

McClure (2021) beklemtoon 'n dialoog- en gemeenskapsgerigte benadering. Prediking oor genadedood kan dien as 'n katalisator vir gemeenskaplike refleksie. Sodoende kan daar 'n ruimte vir gesprek verbeel word. Die preek kan gemeentelike uitnoodig vir verdere bespreking in kleingroepe of forums of selfs Bybelstudie. Wanneer die verhale van mense gehoor word wat in hulle lewe geraak is deur genadedood, word genadedood 'n werklike saak in prediking. Deur verhale te vertel van mense wat in sulke situasies was, sowel as Bybelse figure wat met lyding geworstel het, kan daar ook 'n atmosfeer van empatie geskep word.

In die verlede het tradisionele predikers hoofsaaklik 'n gesagsrol ingeneem vir die verkondiging van die Woord van God. Die prediker se verantwoordelikheid was om Goddelike waarheid of *kerugma* aan die gemeente te verkondig. In die lig van etiese sake soos genadedood (en ook ander) vra dit van die prediker om die tradisionele rol van die prediking te herdefinieer. Daar kan van die prediker verwag word om die rol van 'n kreatiewe kommunikeerder in te neem. Dit beteken dat die homileet op verbeeldingryke wyse ook verby die konvensionele metodes beweeg om deelnemende ervarings binne die erediens uit te nooi. Die prediker kan ook verder beskou word as iemand wat konstruktief bou aan die gemeenskap. Dit vereis 'n diep verstaan sowel as respek vir alle waardes soos dit voorgestel word binne die gemeente en die gemeenskap. Ten slotte is dit duidelik dat die prediker ook 'n pastorale gespreksgenoot word vir individue binne die gemeente en die gemeenskap. In plaas van die rol inneem wat tradisioneel aan die prediker gekoppel word, kan die prediker nou as gespreksgenoot saam met die gemeente leer. Hierdie proses is 'n induktiewe leerproses wat anders as die tradisionele deduktiewe eksegetiese proses van Bybelteks na preek beskryf kan word.

Die keuse van 'n gepaste homiletiese invalshoek is van belang wanneer oor 'n komplekse en emosioneel gelaaide tema soos genadedood gepreek word. Dit vereis nie net 'n teologiese verantwoordbare benadering nie, maar ook 'n hermeneutiese gevoeligheid wat die leefwêreld van die hoorder in ag neem. Deur 'n benadering te kies wat dialoog bevorder, getuie lewer, geregtigheid soek en gasvryheid beoefen, kan die prediking 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die geloofsgemeenskap se verstaan van lyding, dood en God se teenwoordigheid te midde daarvan.

8.3 'N PROFETIESE BENADERING

'n Profetiese benadering tot prediking daag die homileet uit om die gemeente aan te spoor tot kritiese nadenke. Thomas (2018) moedig predikers aan om moeilike waarhede met dapperheid en hoop te verkondig. Die gemeente is nie geïsoleerde gemeenskap nie. Teologies gesien is 'n gemeente 'n unieke gemeenskap met haar eie identiteit wat 'n naby verhouding het met die konteks waaraan die gemeente deel het. Kulturele diskoerse en maatskaplike sensitiwiteit oortref nie die interne narratief van 'n gemeente in die kerk nie.



Om 'n profetiese prediker te wees volgens die definisie van Brueggemann (2018), is om 'n gemeenskap van geloof se bewussyn op te roep, te vorm en te hervorm. Van Ekris (2018: 263) verduidelik die verskynsel van profetiese spraak vanuit die perspektief van 'n sentrale teologiese proses wat daarin plaasvind, naamlik om mense te *laat sien*. Dit is deur hierdie begrip en die samevoeging van kritiek en bemagtiging in 'n dialektiese posisie dat 'n profeet getrou bly aan God se roeping. Van Ekris beskryf die proses van 'n profetiese benadering as volg:

What is religiously happening in the prophetic dimension of preaching? Our compact answer is: Destructiva are exposed, interrupted, and overcome, illumination and catharsis happen and through these different processes, the congregation is initiated and edified to be participant in and to be resistant to the crisis of her context. (Van Ekris 2018: 263).

Daar is reeds gewys dat wanneer 'n homiletiese benadering gekies word om oor etiese sake soos genadedood te preek, die prediker die konteks van die hoorder hermeneuties verdiskonteer in die eksegetiese proses. Profetiese prediking laat die prediker toe om hierdie konteks krities te benader. Verder vra so benadering dat die prediker 'n boodskap van hoop sal bring deur God se genade en liefde, selfs te midde van moeilike keuses. Brueggemann (2018) se *Imaginative Prophetic Preaching* beklemtoon die krag van die Bybel as 'n profetiese en poëtiese teks wat ons uitdaag tot nuwe maniere van dink en leef. Hoe kan daar op 'n kreatiewe manier met die realiteit van die hoorder omgegaan word? Deur 'n dominante wêreld te kritiseer kan die prediker en hoorder weer na die dominante wêreldbewussyn op 'n ander manier kyk. Brueggemann wys daarop dat die wêreld se ingesteldheid dikwels beperk is tot pragmatisme en wanhoop. Profetiese prediking moet hierdie bewussyn uitdaag deur die hoop en vernuwing van God se koninkryk te verkondig. Deur profetiese prediking kan 'n nuwe bewussyn verbeel word. Die prediker kan Bybelse beelde gebruik om te wys hoe God se teenwoordigheid 'n alternatiewe siening oor lewe en dood bied. Die opstanding van Jesus, byvoorbeeld, bied 'n paradigma vir lewe wat die dood nie finaal maak nie. Brueggemann se profetiese visie moedig predikers aan om hoopvolle moontlikhede te skep wat mense inspireer om vertroue in God se toekoms te plaas.

8.4 DIE HOMILETIESE SPANNING

Wanneer daar oor genadedood en profetiese prediking gehandel word, is dit deurgaans belangrik om 'n gesonde balans te skep tussen profetiese teksgetuieis en die pastorale narratiewe konteks van die hoorder, soos die verskillende benaderings wat ons uitgewys het. Bybelse prediking kan maklik tekortsiet in die kontekstuele verstaan van die hoorder, netso kan tematiese of kontekstuele prediking totaal en al verlore wees sonder Bybelse begronding. Wanneer daar oor genadedood gepreek word, is dit belangrik om 'n homiletiese spanning te handhaaf. 'n Kreatiewe hermeneutiese benadering soos Dreyer (Van Aarde en Dreyer 2011: 8) dit beskryf sal altyd na die stem van die Bybelteks, die konteks en God in die prediking vra.

Long (2014) stel voor dat narratiewe prediking benut kan word wanneer daar na die spanning van Bybelteks en die eksistensiële leefwêreld van die hoorder gevra word. Vertel verhale wat wys hoe God deur lyding heen werk om nuwe lewe en hoop te bring, selfs in die mees uitdagende omstandighede. Die tekskeuse en perikoopafbakening van die eksegeet speel 'n belangrike rol in die prediking van genadedood. Gebruik tekste om 'n raamwerk te bou wat troos bied en die gemeente na 'n dieper verstaan van God se wil lei. Prediking oor genadedood moet die spanning tussen pastorale sorg en profetiese getuieis balanseer.



Pastorale sorg erken die pyn en kompleksiteit van gemeentelede se worstelinge en bied 'n ruimte van liefde en ondersteuning. Profetiese getuienis getuig weer van die evangelie van lewe en die waardigheid van alle mense, selfs in lyding.

Long (2014) vra hoe gelowiges sin maak van lyding en boosheid. Die eksistensiële verstaan van die konteks van die hoorder vereis en beklemtoon die belangrikheid van eerlike gesprekke oor die realiteit van lyding. Soveel te meer wanneer daar gehandel word oor verstaan van lyding en die toepassing van genadedood in die prediking. Beyers (NHKA: 2022) is van mening dat die Bybel geen klinkklare en konstante riglyn gee oor hoe oor lewe en dood in alle omstandighede gedink moet word nie. Daar is wel oorwegings in die Bybel wat nuut in nuwe kontekste toegepas kan word sonder om in die afgrond van slegs 'n reg of verkeerd skriftuurlike fundamentalisme te verval.

8.5 KONKLUSIE

Dit is duidelik dat wanneer daar eksegeties vanuit die Bybel en die eksistensiële konteks van die hoorder na genadedood gekyk word, dat die prediker nie onnadenkend kan handel nie. Prediking oor genadedood kan ook nie as die finale woord gesien word nie. Dit is eerder 'n uitnodiging tot voortgesette dialoog en refleksie. Reël forums of Bybelstudies oor etiese kwessies. Moedig individuele begeleiding aan. Predikante moet beskikbaar wees vir pastorale berading.

Prediking oor genadedood is 'n komplekse en uitdagende taak wat 'n fyn balans verg tussen Bybelse waarheid, pastorale sorg en etiese sensitiwiteit. Die multidimensionele benadering beklemtoon dat geen enkele preekstyl of benadering voldoende is om hierdie diepgaande saak ten volle te dek nie. Deur 'n hermeneutiese proses wat sowel die Bybelteks as die hoorder se konteks verreken, kan predikers ruimte skep vir refleksie, dialoog en 'n dieper verstaan van die implikasies van genadedood.

Die keuse van 'n gepaste homiletiese invalshoek help om 'n preek te skep wat nie net informeer nie, maar ook transformeer. Laastens moet die prediker bewus bly van sy of haar rol as gespreksgenoot en gemeenskapsbouer, iemand wat nie net die Bybelse boodskap verkondig nie, maar ook 'n veilige ruimte skep vir gemeentelede om hul eie vrae en worstelinge eerlik te verwoord. Deur hierdie benadering kan prediking oor genadedood nie net as 'n akademiese of teologiese oefening gesien word nie, maar as 'n profetiese en pastorale bediening van hoop en begrip.

9. BIBLIOGRAFIE

- * Brueggemann, W. (2018). *The Prophetic Imagination* (40th Edition). National Book Network. <https://bookshelf.vitalsource.com/books/9781506449319>.
- * Cilliers, J., 2019, *Timing grace. Reflections on the temporality of preaching*, African Sun Media, Stellenbosch.
- * Long, T.G., 2014. *What shall we say? Evil, Suffering, and the Crisis of Faith*. Wm. B. Eerdmans Publishing.
- * McClure, J.S., 2021. *Ethical Approaches to Preaching: Choosing the Best Way to Preach About Difficult Issues*. Wipf and Stock Publishers.



- * Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) 2022, *Notule van die 73ste Algemene Kerkvergadering*, bylaag F. Kerkargief, Pretoria.
- * Orr, R.D. 2002, 'Just put me to sleep...please! Ethical issues in palliative and "terminal" sedation.', *Update (Loma Linda University. Ethics Center)*, vol. 18, no. 2, pp. 1-4, 8.
- * Thomas, F.A., 2018. *How to Preach a Dangerous Sermon*. Abingdon Press.
- * Tubbs Tisdale, L.T., 1997, *Preaching as local theology and folk art*, Fortress Press, Minneapolis.
- * Van Ekris, C.M.A., 2018. *Making See: A Grounded Theory on the Prophetic Dimension in Preaching* (Vol. 10). LIT Verlag Münster.
- * De Vos, H 1966. *Inleiding tot de Ethiek*. Nijkerk: GF Callenbach.
- * De Wet, JI, 1969, 'Pastorale Etiek', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* Vol 25, No 1 (1969).
- * Fresh Africa, Mission Shaped Ministry, Course team guide, Local course team's notes, version 5.0.
- * Heyns, JA 1981. Liefde en situasie-etiek. *Verbum et Ecclesia*. Skrif en Kerk: Vol 2, No 1.
- * Meeks, WA 1993. *The Origins of Christian Morality. The First two Centuries*. Yale University Press, New Haven & London.
- * Meeks, WA 1983. *The First Urban Christians. The Social World of the Apostle Paul*. Yale University Press, New Haven & London.
- * NHKA, 2022, *Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, Pretoria.
- * NHKA, 2008, *Diensboek*, Kital, Pretoria.
- * Van Wyk, IWC, 1996. Etiek in die nuwe Suid-Afrika. Hervormde Teologiese Opleiding, Tydelik-deeltydse dosent: Departement Dogmatiek en Christelike Etiek (Afd A), [UP](#).
- * Kemp, N., 2002. *Merciful Release*, Manchester University Press.
- * NHKA AKV, 2022, *Notule AKV 2022*, Kerkargief, Pretoria.
- * Stolberg, M., 2007. 'Active Euthanasia in Pre-Modern Society, 1500–1800: Learned Debates and Popular Practices'. *Social History of Medicine*. **20**(2): 206–07.
- * <https://journals-co-za.uplib.idm.oclc.org/doi/epdf/10.10520/EJC161044> (besigtig Julie 2024).
- * <http://www.worldrtd.net/euthanasia-fact-sheet>.



- * Kilner, J. F. (2015). *Dignity and Destiny: Humanity in the Image of God*. Grand Rapids: Eerdmans.
- * Meilaender, G. (2013). *Bioethics: A Primer for Christians*. Grand Rapids: Eerdmans.
- * Rachels, J. (1986). *The End of Life: Euthanasia and Morality*. Oxford: Oxford University Press.
- * Somerville, M. A. (2001). *Death Talk: The Case Against Euthanasia and Physician-Assisted Suicide*. Montreal: McGill-Queen's University Press.
- * Brueggemann, W., 1983, 'Theodicy in a social dimension', *JSOT* Volume 33, pp. 3-25.
- * De Villiers, D., 2016, 'May Christians request medically assisted suicide and euthanasia?', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 72(4) a3397. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i4.3397>, pp. 1-9.
- * Duckett, S., 2022, 'The role of Abimelech's arms bearer: A biblical acceptance of assisted dying?', *Scandinavian Journal of the Old Testament* 36(1), pp. 93-111.
- * Gericke, J., 2011, 'Ancient Israelite perspective on the meaning of life', *OTE* 24(2), pp. 363-376.
- * Gericke, J., 2012, 'What is it like to be a god? A philosophical clarification of instances of divine suffering in the Psalter', *Verbum et ecclesia* 33(1), pp. 1-6.
- * Kotzé, C. & Roos, J., 2022, 'End-of-life care in South Africa: Important legal developments', *South African journal of Psychiatry*, 28(0) a1748. <https://doi.org/10.4102/sajpsychiatry.v28i0.1748>, pp. 1-3.
- * Lategan, L., 1999, 'Etiese vrae en perspektiewe op die mediese beëindiging van die lewe', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 55(4), pp. 1130-1150.
- * Levinson, H., 2021, *The death wish in the Hebrew Bible: Rhetorical strategies for survival*, Cambridge University Press, Cambridge.
- * Odendal, F. et al., 1994, *HAT - Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, Perskor, Midrand.
- * Prinsloo, G., 2013, 'Suffering bodies - Divine absence: Towards a spatial reading of ancient Near Eastern laments with reference to Psalm 13 and an Assyrian elegy (K890)', *OTE* 26(3), pp. 773-803.
- * Prinsloo, G., 2015, 'Suffering as separation: Towards a spatial reading of Psalm 11', *OTE* 28(3), pp. 777-806.
- * Rheeder, A., 2012, 'Eutanasie as vrywillige keuse deur persone met demensie, met verwysing na die praktyk in Nederland - 'n voorlopige teologies-etiese beoordeling', *In die Skriflig/In luce Verbi* 46(1) Art. #49, 12 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/ids.v46i1.49>.



- * Sutton, L., 2019, 'Darkness as an anthropological space: Perspectives induced by Psalms 88 and 139 on the themes of death, life and the presence of YHWH', *OTE* 32(2), pp. 556-577.
- * Van Zyl, D., 2009, 'Appeased with death: Old Testament insights on life and death, for the church in Africa confronted by HIV/AIDS', *Scriptura* Volume 100, pp. 175-184.
- * Vorster, J., 2002, 'Die reg op lewe', *In die Skriflig* 36(2), pp. 185-206.



Litigasiekomitee



BYAFEN

LITIGASIEKOMITEE

(Opgestel deur oudl Joël Fourie)

Die Litigasiekomitee van die Kommissie van die AKV (die Kommissie) doen graag soos volg verslag:

1. Die besluit wat geneem is na aanleiding van Beskrywingspunt 20 van die 73ste AKV is dat die Kommissie versoek word om amptelike gesprek te voer met die GHG in 'n soeke na oplossings, en dat daar gekyk moet word of 'n skikking moontlik is.
2. Die Kommissie het die soeke na oplossings hanteer. Die Litigasiekomitee het intussen die onvermydelike regsprosesse, wat deur die GHG begin is, namens die Kerk en die betrokke gemeentes hanteer aan die hand van die regsadvies wat ontvang is.
3. Moontlike skikking van die regsgekke:
- 3.1 Drr C Pretorius en DJC van Wyk (jr) is deur die Kommissie versoek om die Kommissie behulpsaam te wees met die gesprekke met die GHG.
- 3.2 Die twee persone het in gesprek getree met die GHG. Hulle het positief aan die Kommissie terugrapporteer oor hulle eerste gesprek. Toe hulle gevra het vir 'n opvolgesprek, is hulle meegedeel dat die GHG regsadvies ontvang het dat dit nie in hulle belang sal wees om met die gesprek voort te gaan nie. Die gesprekke het toe eers doodgeloop. Dit moet miskien gesien word in die lig van die verloop van die litigasie wat hieronder uiteengesit word.
- 3.3 Aan die einde van 2024 is die gesprek egter tog hervat. Op 12 Maart 2025 skryf die Kommissie onder andere aan die GHG: *Wat die litigasie betref stel ons voor dat u, sonder benadeling van beide partye se regte, sê wat u meen 'n billike skikking kan wees – met die klem op wat billik is vir beide partye. Dat elke party hou wat hulle tans het, is nie vir ons 'n billike skikking nie. Die beginsel wat hier ter sprake is, naamlik die vraag of mense wat van die Kerk wegbreek, die reg het om kerklike eiendom te vervreem, is van kardinale belang vir die Hervormde Kerk en vir elke denominasie wat kerkregtelik op die presbiteraale-sinodale stelsel gebaseer is. Indien ons nie hieroor tot 'n vergelyk kan kom nie, gaan 'n skikking van die litigasie baie moeilik wees.*
- 3.4 Op 4 April 2025 skryf die GHG: *Ons eerste voorstel ten opsigte van 'n skikking is op die tafel. Ons gaan uitmekaar elkeen met eiendom soos per besluite, ons staak alle litigasie en elkeen dra eie regskoste tot op datum. U oordeel dat dit nie billik is nie. Ons nooi u daarom uit om met 'n voorstel te kom wat u gunstig sal oorweeg in die gesprek rondom skikking.*
- 3.5 Die Kommissie antwoord op 15 April 2025 soos volg:

GESPREEK EN MOONTLIKE SKIKKING

Dankie vir u skrywe van 4 April 2025 waarvan ons kennis geneem het. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) reageer graag soos volg daarop:



1. *Ons stem saam dat alle gesprekke sonder benadeling van mekaar se regte plaasvind, aangesien ons met mekaar in litigasie betrokke is. Hierdie gesprekke is 'n poging om die litigasie op 'n vredeliewende wyse te beëindig.*
2. *Hier is twee sake ter sprake: Eerstens die teologiese verskille en tweedens die litigasie. Ons sou graag met die Geloofsbond tot 'n vergelyk wou kom oor beide aspekte. Wat ons nie graag sou wou sien nie, is dat ons oor die een saak ooreenkoms bereik, maar nie oor die ander nie. Ons kan die aspekte vir praktiese doeleindes afsonderlik hanteer, maar moet mekaar uiteindelik vind oor beide aspekte. Sou ons mekaar byvoorbeeld vind oor die litigasie, sal dit net gefinaliseer kan word as ons mekaar ook vind oor die teologiese verskille.*
3. *U kan gerus met drr DJC Van Wyk (jr) en C Pretorius hieroor gesprek voer. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA sal enige voorstelle wat uit hierdie gesprek voortspruit oorweeg, soos ons glo die Geloofsbond as geheel dit ook sal doen.*
4. *Toe drr Otto en Botma enkele jare gelede by die NHKA se kerkargief was om dokumente te soek met die oog op die litigasie, is daar 'n spesiale geleentheid geskep dat hulle twee met die Moderamen van die NHKA kon gesprek voer oor 'n moontlike skikking. U sal onthou dat hulle by dié geleentheid reeds u alles of niks-voorstel, soos nou weer in die laaste paragraaf van u skrywe van 4 April 2025 verwoord, voorgestel het, wat toe ook nie vir die NHKA aanvaarbaar was nie.*
5. *Dit is vir die NHKA ononderhandelbaar dat wanneer gemeentede die Kerk verlaat, hulle nie die eiendom van 'n gemeente met hulle kan saamneem nie. Ons sal oor hierdie beginsel moet ooreenkom. Wat hierna volg, is 'n moontlike basis vir skikking slegs indien ons oor hierdie beginsel kan ooreenkom. Hierdie beginsel mag ook vir elke Geloofsbondgemeente in die toekoms van belang wees. Soos die NHKA nooit gedink het mense sal van die Kerk wegbreek nie, kan dieselfde dalk in die toekoms ook by die Geloofsbond se gemeentes gebeur. 'n Mens weet nooit nie, en dus sou hierdie beginsel vorentoe ook in u guns kon werk.*
6. *Die bates is in 'n sekere opsig van minder belang as die beginsels wat ter sprake is, maar tog iets waaroor ons een of ander ooreenkoms sal moet bereik. U moet asseblief ook in gedagte hou dat die bates kragtens die Kerkorde van die NHKA aan die betrokke gemeentes behoort, en dat die Kommissie van die AKV dus hulle instemming sal moet kry oor 'n moontlike skikking.*
7. *Waar staan ons vandag? Die gemeentes van die Geloofsbond het – toe hulle van die NHKA weggebreek het – die grootste deel van die bates van die gemeentes waaruit hulle weggebreek het, roerend en onroerend, saamgeneem. Indien ons dus voluit moet litigeer, gaan die Hervormde Kerk en haar gemeentes aandrang op al die bates. Indien die Geloofsbond die saak verloor, verloor hulle al die bates en loop hulle aansienlike regskoste op die hals. As die Geloofsbond die saak wen, verloor die NHKA die beginsel wat in paragraaf 5 hierbo genoem is, en moontlik bates waaroor die Hervormde Kerk reeds beheer verloor het. Die risiko vir die NHKA is dus net die regskoste. Die risiko*



vir die Geloofsbond is egter sowel die bates as die regskoste. Na ons beskeie mening is die risiko's vir die GHG baie groter as die NHKA se risiko's.

8. *Ons is nou al hoe lank in die hof. Geeneen van ons is seker wat die howe gaan beslis nie, al glo beide die NHKA én die Geloofsbond hulle gaan die saak wen. Dus het elkeen van ons 'n 50% kans om die saak te wen of te verloor. Ons is van mening dat dit die basis is vanwaar daar onderhandel kan word. Ons voorsien dat die NHKA miskien 'n groter deel van die kontant kan terugkry en minder van die geboue. Hierdie is egter besonderhede wat uitgestryk kan word indien die Geloofsbond aanvaar dat hulle nie alles kan behou nie.*

- 3.6 Op 27 Mei 2025 stem die **GHG** in om die gesprek voort te sit en vra ter oorweging dat die gespreksgroep van die NHKA vergroot word om lede van die Kommissie in te sluit. Die Kommissie het intussen vir dr WC van Wyk benoem en aangedui dat die nuwe Kommissie later nog persone kan aanwys.
- 3.7 Die Kommissie het dus die besluit van die vorige AKV uitgevoer.
4. Die Litigasiekomitee gee graag soos volg terugvoering oor die litigasie in die algemeen:
- 4.1 Die Litigasiekomitee staan die Kommissie by ten opsigte van vier verskillende hofsake:
- 4.1.1 Die eerste is die saak tussen die NHKA en die **GHG**. Dit staan algemeen bekend as die Wilge-saak. Dit is die saak wat die onderwerp van die vorige AKV-besluit was. Hieronder word volledig oor die saak terugvoering gegee.
- 4.1.2 Die tweede saak is die saak waar mnr Petrus Harmzen (voorheen predikant) die NHKA meer as R1 miljoen skuld vir inkomstebelasting wat die NHKA namens die gemeente as werkgewer aan die **SAID** verskuldig was. Ons het in die saak gevra vir verpligte mediasie.
- 4.1.3 Die derde saak is die saak van Gemeente Edenvale. Hier het die vorige predikant, mnr Coetzee Ras, en drie van sy vorige gemeentelide drie meenthuise wat in die naam van die NHKA in die Akteskantoor geregistreer is, asook die kerkgebou en pastorie saam met hulle geneem toe hy bedank het as predikant. Die waarde is tussen R8 en R10 miljoen.
- 4.1.4 Die vierde saak is waar lidmate van die **GHG** se gemeente in Roedtan verlede jaar (2024) voorgegee het aan die Registrateur van Aktes dat hulle bevoeg is om namens die NHKA Gemeente Roedtan die kerkgebou en pastorieperseel oor te dra aan hulle vereniging. Hier vra ons dat die *status quo* herstel word en dat die eiendomme dus weer in die naam van die NHKA se gemeente oorgedra word. Hulle beweer dat hulle in 2013 gemagtig was om namens die NHKA Gemeente Roedtan op te tree. Ons meen dit is nie relevant vir die aansoek nie, maar as hulle voortgaan met hulle verweer, sal hulle moet bewys dat hulle in 2013 gemagtig was om namens die NHKA Gemeente Roedtan op te tree, wat ons meen hulle nie sal kan bewys nie. Die verwagting is dat hierdie saak teen die einde van 2025 in die hof mag wees. Die waarde hier ter sprake kan enigiets tussen R3 en R5 miljoen wees.
- 4.2 Die Ring van Krokodilrivier voer in hulle beskrywingspunt aan dat litigasie in 'n



wêreldse hof nie die voorkeur Bybelse weg is nie. Dit is inderdaad so. Hierdie is egter nie geringe sake nie. Die Ring van Krokodilrivier verwys ook net na die Wilge-saak en nie na die ander drie sake nie. Die Kerkorde erken ook dat litigasie op die ou einde in 'n wêreldse hof kan land (Ordinansie 8.1.5). Hierdie aspek van die litigasie is al herhaaldelik by vorige AKV's bespreek.

4.3 Oor die Wilge-saak se uitgawes word soos volg verslag gedoen:

4.3.1 In 2012 is ongeveer R8 miljoen opsy gesit vir die litigasiekoste. Hierdie geld is afkomstig uit 'n delgingsfonds wat in die 1990's geskep is om die NHKA se skuld uit besigheidsbedrywe te delg. In 2007 is die opbrengs van die delgingsfonds uitbetaal en kon al die verpligtinge van die besigheidsbedrywe afgelos word. Wat belangrik is, is dat al die skuld van gemeentes soos op 28 Februarie 2008 ook afgeskryf kon word. Die oorblywende bedrag van ongeveer R8 miljoen is toe as 'n kapitaalfonds belê.

4.3.2 Hierdie fonds het uit die aard van die saak sedert 2008 rente gedra. Die bedrag het verander soos regskoste daaruit betaal is. Die rente oor die 13 jaar het tussen R2 en R3 miljoen beloop. So daar was tussen R10 en R11 miljoen beskikbaar vir litigasie.

4.3.3 Wat baie belangrik is, is dat gemeentes die afgelope 15 jaar niks bygedra het vir die litigasie in die Wilge-saak nie.

4.3.4 Die totale regskoste wat sedert 2012 tot Junie 2025 aan die Wilge-saak en ander hofsake deur gemeentes wat in die Wilge-saak gekonsolideer is, spandeer is, is ongeveer R5 911 000. Dit is nie 'n presiese syfer nie, want soms word die prokureur en advokate vir meer as een saak gesien, maar hulle stuur net een rekening. Vir doeleindes van hierdie verslag moes ons dus 'n beraming maak van die koste vir die Wilge-saak.

4.3.5 Van die R5 911 000 het ons ongeveer R1 180 000 van die GHG verhaal. Ons is tans besig met die opstel van 'n rekening waarkragtens ons nog geld van die GHG gaan verhaal volgens die hofbevel wat ons gekry het. Die NHKA se totale regskoste in die Wilge-saak is dus in die omgewing van R4 750 000. Daar is dus nog meer as R6 000 000 beskikbaar van die aanvanklike geld (2012) vir toekomstige litigasie in die Wilge-saak. Hierdie geld verdien ook rente.

4.4 Die kronologiese verloop van die Wilge-saak sedert die vorige AKV is soos volg:

4.4.1 Die vraag of gemeentelêde die gemeente se eiendom met hulle kan saamneem indien hulle van die gemeente wegbreek, is op die hofrol geplaas vir 18 Januarie 2022.

4.4.2 Op 7 Maart 2022 gee die hof in Pretoria uitspraak dat die geskil bloot van akademiese belang is en dus nie beregbaar is nie (*moot*).

4.4.3 Die NHKA doen aansoek om te appelleer, maar die hof in Pretoria weier dit op 14 April 2022.

4.4.4 Op 22 Oktober 2022 doen die NHKA aansoek by die Hoogste Hof van Appèl om teen die uitspraak van die Hooggeregshof in Pretoria te appelleer.

4.4.5 Op 10 September 2024 word die appèl in Bloemfontein aangehoor.



- 4.4.6 In Oktober 2024 kry ons uitspraak dat die NHKA se appèl suksesvol was. Daarna word tyd spandeer om die koste te bepaal (taksasie).
- 4.4.7 Beide partye stem in dat ons nou voortgaan met die geskeide saak soos saamgevat in paragraaf 4.4.1 hierbo.
- 4.4.8 Volgens die hofproses moet die saak nou op verpligte mediasie gaan. Indien die mediasie nie slaag nie, kan ons 'n spesiale hofdatum aanvra op grond van die geskiedenis van die saak. Die GHG sal weer genader word om te sien of die geskil nie na arbitrasie verwys kan word nie. Dit kan net plaasvind by ooreenkoms tussen die partye.
5. By oorweging of daar voortgegaan moet word met litigasie, word aan die hand gedoen dat die volgende oorwegings in aanmerking geneem word:
- 5.1 Daar is geen aansporing vir die GHG om die saak te skik as die litigasie gestaak word nie. Hulle is in besit van al die roerende en onroerende goed van feitlik al die gemeentes wat weggebreek het, en kan dus niks verloor indien daar nie met die litigasie voortgegaan word nie.
- 5.2 'n Oorgawe sal letterlik beteken dat miljoene rande vermors is in litigasie soos hierbo uiteengesit.
- 5.3 Die NHKA en haar gemeentes sal dan geen kans hê om ten minste 'n deel van die totale waarde van die eiendom wat nou deur die GHG beheer word te verhaal nie. Soos in die verlede aangedui, is hier groot bedrae geld ter sprake. In die geval van een gemeente alleen is die bedrag in die omgewing van R40 miljoen. Ons dra kennis daarvan dat vir een so 'n eiendom in die besit van die GHG 'n aanbieding ter waarde van etlike miljoene gemaak is.
- 5.4 Die Hoogste Hof van Appèl het beslis dat die NHKA 'n belang het in die eiendom van die gemeentes – iets wat voorheen hewig deur die GHG betwis is.
- 5.5 Indien die NHKA nie 'n beslissing deur 'n derde party (hof) kry of die saak kan skik ten opsigte van die vraag wat in paragraaf 4.4.1 saamgevat word nie, gaan feitlik alle kerkgroepe (ook die GHG) met die probleem sit dat 'n klein groepie lidmate deur manipulasie of andersins kerkeiendom vir hulself kan vat.
- 5.6 Om nie voort te gaan nie, verdiskonteer geensins die pyn en lyding wat lidmate van die NHKA in hierdie proses moes ly nie.
- 5.7 Hierdie saak mag oor die lang duur ook 'n bydrae maak tot die strewe om die gemeentes vry te maak van sinodale offergawe.
- 5.8 Die meriete van die NHKA se saak is deur ses senior advokate en drie ander advokate, onafhanklik van mekaar, oorweeg, en hulle was almal positief oor die moontlike sukses van die NHKA se saak. Die lang periode wat hierdie litigasie aanhou het darem hierdie voordeel vir ons ingehou.
- 5.9 Die uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl was in 'n paar opsigte ook baie positief.
- 5.10 Die litigasie, meen ons, het ook daartoe bygedra dat die partye nou bereid is om met mekaar te praat oor 'n oplossing. Dit is 'n reuse stap vorentoe.



- 5.11 Die Litigasiekomitee is baie tevrede met die benadering van ons huidige regsplan.
6. Dit is die aanbeveling van die Litigasiekomitee dat wel voortgegaan word met die litigasie. Daar moet egter deurgaans gepoog word om 'n billike skikking te bereik. Mediasie moet plaasvind volgens die hof in Pretoria. Arbitrasie bly 'n moontlikheid. Die Litigasiekomitee sal voortgaan om die Kommissie in die saak by te staan. Die 74ste AKV word versoek om die optrede van die Kommissie en die Litigasiekomitee oor die afgelope drie jaar te bekragtig.



Tugkomitee



BYAF OF

TUGKOMITEE**(Opgestel deur ds HJ Celliers)**

Die Tugkomitee het in sy afgelope termyn twee sake hanteer. Albei sake is bevredigend afgehandel in ooreenstemming met die Kerkorde en met 'n gelowige gesindheid. Een predikant het bedank en 'n ander se saak kon nie deur die komitee aangehoor word nie. Een lid, oudl Hennie Willemse het afgesterf en oudl Frik Geyser het bedank vanweë gesondheidsredes. Twee lede is deur die Kommissie van die AKV in hulle plek benoem.

Die Tugkomitee versoek dat die komitee so herkies word, met een vakature. Dr JH van Staden het ernstig versoek om nie herkies te word op die Tugkomitee nie. Die huidige samestelling van die Tugkomitee: Di EG Fourie (voorsitter), HJ Celliers (skriba), dr JH van Staden, en regsgeleerdes Herman Kriel (adv), Johan Rossouw (adv), Lizel Schoenfeld (mev) en Clinton Cuthbertson (mnr).



Raad vir Kerkregtelike Advies



BYAFEP

RAAD VIR KERKREGTELIKE ADVIES

(Opgestel deur dr RJ Jones)

Die Raad vir Kerkregtelike Advies het in die genoemde tydperk die volgende sake hanteer en daarvoor advies gelever:

2023

1. Kerkordelike wysigings soos goedgekeur op die 73ste AKV is deur die Raad vir Kerkregtelike Advies gekontroleer. Hierdie wysigings sluit die volgende in:
 - * Kerkwees in die toekoms (AKV Besluit 2).
 - * Wysiging van die AKV se samestelling ten einde diakens in te sluit (AKV Besluit 33).
 - * Diskrepansie in die huidige Kerkorde rakende die samestelling van die Raad van Finansies.
 - * Beroepsdokumente.
2. Tugproses van predikante.
3. Advies aan 'n gemeente rakende die vervreemding van kerklike eiendom.
4. Advies aan die [ORK](#) rakende vaste eiendom.
5. Die posisie van emerituspredikante.
6. Samestelling van die Tugkomitee en die appèlliggaam van die Tugkomitee.
7. Tugprosedure.
8. Gesprek is gevoer met die bestuurskomitee rakende die [NHSV](#) se posisie as regspersoon en die verhouding tussen die [NHSV](#) en [ADV](#).

2025

1. Advies is gelever aan die Kommissie van die AKV rakende samewerkingsooreenkomste tussen gemeentes.
2. 'n Versoek is ontvang vir die hersiening van die Reglement van toelating en opleiding as predikant.
3. Navraag oor verskillende kategorieë van predikante is hanteer.
4. Advies is gelever oor ouderlingslede van die Kommissie van die AKV wat verhuis en die aantal termyne wat 'n ouderling op die Kommissie van die AKV dien.
5. Die Raad vir Kerkregtelike Advies lewer weer advies oor 'n appèlliggaam vir die Tugkomitee.
6. Die situasie waarin die aansoek vir 'n werkspermit predikante soms laat.



7. Gesprek is gevoer met Kluster 3 om 'n voorstel te formuleer vir die wysiging van die Kerkorde sodat gemeentes nie die aanbevelings van die ringskommissie en Raad van Finansies kan ignoreer nie, en sodat die verkoop van bates die langtermynbediening van die Hervormde Kerk kan ondersteun.
8. Gesprek is gevoer oor die tendens van *privaatdoop* wat in die Kerk plaasgevind het.
9. Bewys van lidmaatskap en attestaat.
10. Advies is gelewer oor alternatiewe vorme van kerkwees.
11. Samestelling van die Kommissie van die AKV in die lig van die [ADV](#) se inskakeling by die AKV.

Die Raad vir Kerkregtelike Advies het tydens hierdie termyn bestaan uit drr BJ Van Wyk (voorsitter), RJ Jones (sekretaris), C Pretorius en A Janse van Rensburg. Oudl Joël Fourie is gekoöpteer om gedurende hierdie tydperk op die Raad vir Kerkregtelike Advies te dien.

